

**Universiteit van Pretoria
Fakulteit Teologie**



**University of Pretoria
Faculty of Theology**

**Pastorale Begeleiding van Predikante
van die Nederduitse Gereformeerde Kerk
tydens die Kerklike Tughandeling**

deur

CORNELIS THEODORUS KLEYNHANS

Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die
Fakulteit Teologie
Departement Praktiese Teologie
aan die
Universiteit van Pretoria

**Promotor: Prof. C.J.A. Vos
Medepromotor: Prof. H.J.C. Pieterse**

**PRETORIA
Oktober 2011**

VERKLARING

Ek verklaar hiermee dat die navorsingstudie

Pastorale Begeleiding van Predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die Kerklike Tughandeling

my eie navorsing ten opsigte van bogenoemde tema verwoord en dat ek alle bronne
wat ek gebruik het of aangehaal het deur middel van volledige verwysing aangedui en
erken het.

Geteken te Pretoria op 30 Oktober 2011

C.T.Kleynhans

ERKENNING

Vir die mense wat my die **naaste** aan die hart lê.

Hennie en Bokkie

my ouers

Cicilia

my vrou

Suzanne, Karli en Elaine

my dogters

VOORWOORD EN DANKBETUIGING

My hartlike dank aan **proff. Cas Vos en Hennie Pieterse** vir die professionele hulp en navorsingsvorming, asook versekering van die akademiese gehalte van die studie. Prof. Vos se aanmoediging om die studie te onderneem en deur te voer, word opreg waardeer. So ook die wyse waarop prof. Vos nie alleen die intellektuele vorming voorop stel nie, maar persoonlike wel en weë in ag neem. Prof. Vos weet hoe om menswaardigheid in sy promotorskap as vertrekpunt te neem. Die talle kontakssessies met prof. Pieterse het insig, voortgang en uiteindelik voltooiing van die studie meegebring. Prof. Pieterse se intellektuele fokus word alleen deur sy deurleefde wysheid getroef. Dit sal altyd my voorreg wees om te “spog” met die uitnemende promotors wat my gehelp het om my akademiese ideale te verwesenlik!

My dank aan **Cicilia** vir die taalversorging. Jou ondersteuning is goud werd. Deur al die jare het jy my in my akademiese inspirasie en perspirasie ondersteun. Bo alles het sy my in goeie en krisistye bygestaan.

Dank aan my ouers, **Hennie en Bokkie Kleynhans**, vir liefdevolle ondersteuning gedurende baie jare. Julle het my onder andere gehelp om my akademiese drome te vervul. Ek weet: Dankie, is heeltemal onvoldoende! Hierdie studie bied ek daarom aan as bewys van my liefde en erkenning vir dit wat ek ontvang het.

Waardering en respek vir **ds. Deon en mev. Truna Burgers** wat onvoorwaardelik ondersteun en begelei het in die tyd toe ons gesin dit die meeste nodig gehad het. Sy mentorskap en voorbeeld, preke, woorde van bemoediging, aansporing, gebede en daadwerklike hulpverlening staan as lieflike bewys van ware Christelikheid en Jesusliefde.

Sonder die bereidwilligheid van die **respondente** om deel te neem aan die empiriese deel van die navorsing, sou ek nie hierdie werk kon voltooi nie. Alhoewel hulle anoniem sal bly om konfidensialiteit te verseker, is hulle eintlik die mense waaroor hierdie studie geskryf is. Nogmaals ‘n hartlike woord van dank vir die openlike en reguit wyse waarop julle weereens die emosies van skuld en skande moes deurpraat.

Die studiepadd was ‘n vreugdevolle pad, ‘n moeisame pad, ‘n ontwikkelingspad.

OPSOMMING

Pastorale Begeleiding van Predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die Kerklike Tughandeling.

Hoofstuk 1 is 'n beskrywing van die navorsingsbehoefte- en ontwerp van die studie soos dit fokus op die navorsingstema met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande. Die behoefte aan wetenskaplike besinning van die onderwerp, is verken deur 'n beskrywing van die toepaslike inligting soos gevind in Die Kerkorde (2007), bestaande literatuur, die omvang van die behoefte en die kerklike tughandeling as proses. Hierna is die navorsingsontwerp deur persoonlike ervaring, doel- en vraagstellings, afbakening, navorsingsmetodologie en proses, beskryf.

In hoofstuk 2 is 'n literatuurverkenning van gevoelsbeleving met spesifieke verwysing na die aard en funksie van skuld en skande onderneem. Daar word 'n psigologiese en teologiese beskrywing van skuld, skande en die gevoelens wat daarmee geassosieer word, gegee. In die eerste plek is die begrip gevoelsbeleving of emosie beskryf, waarna die basiese kenmerke en funksies ondersoek is. Die gevoelsbeleving van skuld en skande is deeglik verken wat betref hul oorsprong, aard, indeling en funksie, asook hul verband en samehang. Verwerkingsmeganismes is ook verken.

Hoofstuk 3 is 'n beskrywing van die konteks, teologie en praktyk van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling. Tugpastoraat is teologies begrens en begrond. Verder is die subjek, objek en vereistes van die tugpastoraat beskryf, asook die doel, taak, parameters en maatstawwe vir funksionaliteit, professionaliteit en effektiwiteit.

Die vierde hoofstuk bevat die beskrywing van die empiriese navorsing. Die navorsingsmetodologie, gestruktureerde onderhoude en analise, tematiese analise en die vergelyking van die tematiese informasie en die teoretiese modelle is deeglik bespreek.

'n Verbeterde praktykteorie is in hoofstuk 5 beskryf. Dit volg op die hermeneutiese interaksie tussen die resultate van die empiriese ondersoek en die beskrywing van die literatuurondersoeke. Die insigte wat so bekom is, lei tot nuwe konsepte en dra by tot die

herstel of aanpassing van die bestaande praktyk van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling in die verwerking van skuld en skande.

Hoofstuk 6 is 'n algehele samevatting met bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek. Die bevindings van die verskillende hoofstukke word beskryf en die navorsing word geëvalueer met betrekking tot die navorsingsdoelwitte. Nuwe navorsingsgeleenthede word aangetoon en die bydrae van die studie word verken. Ten slotte word daar sekere aanbevelings gemaak ten opsigte van verdere studietemas.

Sleutelwoorde

Colloquium doctum

Emosionele pyn

Kerklike tughandeling

Nederduitse Gereformeerde Kerk

Pastorale begeleiding

Predikante

Skande

Skuld

Tugartikels

Tugpastoraat

SUMMARY

Pastoral Guidance of Ministers of the Dutch Reformed Church during Ecclesiastical Discipline.

The first chapter describes the need and design for the study as it focuses on the theme with specific reference to the processing of the emotional experience of guilt and shame. The need for scientific study was explored by describing The Church Order, existing literature, the extent of the need and the process of the ecclesiastical discipline. Furthermore the research design is described by setting goals and formulating research questions, setting the boundaries for the study and the research methodology is also explained.

Chapter 2 is a literary study about the nature and function of human emotion. Guilt, shame and the accompanying feelings associated, are described in psychological and theological terms. The focus is on the experience of guilt and shame. A definition of emotion or feeling is described as well as the basic characteristics and function of emotion. Guilt and shame as an emotional state is explored in depth. The two emotions are explored according to their origin, character, classification and function as well as the relationship.

The third chapter describes the context, theology and practice of the pastoral guidance of ministers of the Dutch Reformed Church during ecclesiastical discipline. Pastoral care is circumscribed and defined. The subject and object of the pastoral care is described. The goal of this specific type of pastoral care is defined as well as the parameters and criteria for functionality, professionalism and effectivity.

Chapter 4 is the empirical research that followed the literature studies. The research methodology, the process of the structured interview, and the results of the research is analyzed and processed.

In the fifth chapter the results of a hermeneutical interaction between the empirical research and the theoretical findings are described. The information leads to new insight and the praxis is adjusted or adapted accordingly.

Chapter 6 is a general summary of the literature and empirical study. The findings of the study is discussed and evaluated according to the research goals. New research topics are recommended and the contribution of the study is discussed.

Key words

Articles of ecclesiastical discipline

Colloquium doctum

Dutch Reformed Church

Ecclesiastical discipline

Emotional pain

Guilt

Ministers of the church

Pastoral guidance

Shame

DIE HERE SE ROEPING
TOT SY DIENS
IS ONWEERSTAANBAAR

MISLUKKING EN SONDE
EG MENSLIK

SY VERGIFNIS
IS VOLLEDIG

GEHOORSAAMHEID
IS NIE ONDERHANDELBAAR NIE

TK

INHOUDSOPGAWE

Titelblad.....	1
Verklaring.....	2
Erkenning.....	3
Voorwoord en dankbetuiging.....	4
Opsomming en Sleutelwoorde.....	5
Summary and Keywords.....	7
Inhoudsopgawe.....	10-18

HOOFSTUK 1 NAVORSINGSBEHOEFTE EN ONTWERP

‘n Beskrywing van die navorsingsbehoefte en ontwerp van die studie ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling.	20

1.1. Inleiding.....	20
1.2. Navorsingsbehoefte.....	23
1.2.1. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in 2007.....	26
1.2.1.1. Hoofstuk 1: Die belydenis en orde van die kerk.....	27
1.2.1.2. Hoofstuk 2: Die ampte van die kerk.....	28
1.2.1.3. Hoofstuk 3: Die vergaderinge van die kerk.....	35
1.2.1.4. Hoofstuk 4: Die arbeid van die kerk.....	37
1.2.1.5. Hoofstuk 5: Kerklike opsig en tug.....	40
1.2.1.6. Gevolgtrekking.....	40
1.2.2. Literatuurverkenning met verwysing na “Hoofstuk 5: Kerklike Opsig en Tug (Artikel 59-66) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk”.....	41
1.2.2.1. Gevolgtrekking.....	42
1.2.3. Omvang van die behoefte van die tughandeling.....	42
1.2.3.1. Verlening van ampsbevoegdheid binne die N.G. Kerk te Pretoria vir die tydperk (1981-2008).....	44
1.2.3.2. Gevolgtrekking.....	50

1.2.4. Die kerklike tughandeling as proses (Artikel 59-66).....	51
1.2.4.1. Die eerste proses tydens die tughandeling (Artikel 63-65).....	53
1.2.4.2. Die tweede proses tydens die tughandeling (Artikel 66).....	60
1.2.4.3. Die derde proses tydens die tughandeling (Artikel 66).....	65
1.2.5. Gevolgtrekking.....	68
1.3. Navorsingsontwerp.....	69
1.3.1. Doel en doelstelling.....	70
1.3.2. Vraagstelling.....	71
1.3.2.1. Die sentrale navorsingsvraag en voortvloeiende vrae.....	71
1.3.3. Afbakening van die navorsing.....	73
1.3.4. Navorsingsmetodologie.....	74
1.3.5. Navorsingsproses.....	75
1.4. Samestelling van die studie.....	76
1.5. Samevatting.....	79
1.6. Sleutelstellings.....	80

HOOFSTUK 2 EMOSIETEORIE

‘n Verkenning van emosie met spesifieke verwysing na die aard, oorsprong, indeling en funksie van skuld en skande soos vanuit die psigologie en die teologie verwoord.....	84
2.1. Inleiding.....	84
2.2. Begripsbepaling van gevoelsbeleving.....	86
2.3. Basiese kenmerke van innerlike gevoelsbeleving.....	89
2.3.1. Emosionele kategorieë.....	89
2.3.2. Emosies en verskuilde behoeftes.....	90
2.3.3. Die intensiteitsvlak van emosies.....	91
2.3.4. Kommunikasie en uitdrukking van emosies.....	95
2.3.5. Dimensies van emosionele ervaring.....	96
2.3.6. Ander faktore in die ontwikkeling van emosies.....	97
2.4. Die funksionaliteit van gevoelsbeleving.....	98
2.5. Skuldgevoelens: Oorsprong, indeling, aard en funksie.....	108
2.5.1. Tweeledige indeling.....	109

2.5.1.1. Eksistensiële of egte skuldgevoelens.....	110
2.5.1.2. Neurotiese skuldgevoelens.....	115
2.5.2. Die eiesoortige aard en funksie van skuldgevoelens.....	115
2.5.2.1. Positiewe skuldgevoelens.....	116
2.5.2.2. Destruktiewe skuldgevoelens.....	117
2.6. Skandgevoelens: Oorsprong, indeling, aard en funksie.....	118
2.6.1. Tweeledige indeling.....	118
2.6.1.1. Diskresionêre skandgevoelens.....	119
2.6.1.2. Afbrekende skandgevoelens.....	121
2.6.2. Die eiesoortige aard en funksie van skandgevoelens.....	121
2.6.2.1. Positiewe skandgevoelens.....	122
2.6.2.2. Destruktiewe skandgevoelens.....	122
2.6.2.3. Die dinamiek van skandgevoelens.....	125
2.6.2.3.1. 'n Afkeer van die self.....	125
2.6.2.3.2. 'n Minderwaardigheidsgevoel.....	126
2.6.2.3.3. 'n Vrees vir verlating.....	127
2.6.2.3.4. Oneer.....	129
2.6.2.3.5. 'n Belewing van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek.....	130
2.6.2.3.6. 'n Belewing van besoedeling en smet.....	130
2.6.2.4. Verdedigingsmeganismes tydens die verwerking van destruktiewe skandgevoelens.....	130
2.6.2.4.1. Strewe na perfeksionisme.....	131
2.6.2.4.2. Selfregverdiging.....	131
2.6.2.4.3. Manipulasie.....	131
2.6.2.4.4. Blaamverskuiwing.....	131
2.6.2.4.5. Martelaarkompleks.....	132
2.6.2.4.6. Minagting.....	132
2.6.2.4.7. Ontkenning.....	132
2.6.2.4.8. Humor.....	132
2.6.2.4.9. Onttrekking en isolasie.....	133
2.6.2.4.10. Woede.....	133
2.7. Die ooreenkoms en onderskeid tussen skuld- en skandgevoelens.....	133
2.8. Verbandhoudende emosionele en psigologiese state.....	136
2.9. Die verwerking van skuld en skande.....	137

2.10. Samevatting.....	139
2.11.Sleutelstellings.....	142

HOOFSTUK 3 TUGPASTORAAT: ‘n PASTORALE PERSPEKTIEF

‘n Beskrywing van die konteks, teologie en praktyk van tugpastoraat van die N.G. Kerk met die begeleiding van predikante tydens die tughandeling met die fokus op die verwerking van skuld- en skandgevoelens.....	146

3.1. Inleiding.....	146
3.2. Tugpastoraat: begrensing.....	150
3.2.1. Verkondiging (Kerugma).....	151
3.2.2. Erediens (Leitourgia).....	152
3.2.3. Pastoraat (Paraklese).....	152
3.2.4. Onderrig (Didache).....	152
3.2.5. Getuienis (Marturia).....	152
3.2.6. Diens van Barmhartigheid (Diakonia).....	153
3.2.7. Gemeenskap van gelowiges (Koinonia).....	153
3.2.8. Administrasie (Kubernetiek).....	153
3.3. Tugpastoraat: begronding.....	157
3.3.1. Teologiese antropologie.....	158
3.3.2. Die verbond, doop en God se aanvaarding.....	160
3.3.3. Regverdig deur die geloof.....	163
3.3.4. Die kruis as simbool van die uitwissing van skande en oneer.....	163
3.3.5. Die geloofsgemeenskap is die draer van die boodskap van genade.....	163
3.3.6. Die Herder vir herders.....	164
3.3.7. Die genade van vergifnis.....	164
3.4. Tugpastoraat: subjek en vereistes.....	165
3.4.1. Die gemeente het mekaar waarlik en onvoorwaardelik lief.....	168
3.4.2. Die gemeente dien mekaar.....	169
3.4.3. Die gemeente bid sonder ophou vir mekaar.....	170
3.4.4. Die gemeente gee met ‘n sagmoedige gees ag op mekaar deur te verdra en te vergewe.....	171
3.4.5. Die gemeente leef in liefde met mekaar saam al is dit soms moeilik en volhard in die	

gemeenskap en eenheid.....	174
3.4.6. Die gemeente hou vrede met mekaar	175
3.4.7. Die gemeente bemoedig mekaar.....	176
3.5. Tugpastoraat: objek en vereistes.....	181
3.5.1. Erken skuld en aanvaar verantwoordelikheid.....	182
3.5.2. Toon berou oor die oortreding.....	184
3.5.3. Belydenis van oortreding teenoor God en mense.....	185
3.5.4. Aanvaar die vergifnis van God en mense.....	185
3.5.5. Begin en leef as 'n nuwe mens.....	186
3.5.6. Restorasie.....	187
3.6. Tugpastoraat: Funksie.....	187
3.6.1. Genesing.....	188
3.6.2. Bystand.....	188
3.6.3. Begeleiding tot groei en ontwikkeling.....	189
3.6.4. Versoening.....	190
3.6.5. Vertroeteling.....	190
3.7. Tugpastoraat: parameters.....	191
3.8. Tugpastoraat: maatstawwe vir funksionaliteit, professionaliteit en	
 effektiwiteit.....	192
3.9. Samevatting.....	193
3.10. Sleutelstellings.....	194

HOOFSTUK 4 EMPIRIESE NAVORSING

Navorsingsmetodologie, gestruktureerde onderhoude en analise van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling.....197

4.1. Inleiding.....	197
4.2. Navorsingsmetodologie vir die empiriese ondersoek.....	198
4.2.1. Navorsingsdoel.....	198
4.2.2. Navorsingsvrae.....	198
4.2.3. Kwalitatiewe ondersoek.....	200
4.2.4. Gestruktureerde onderhoudsvoering.....	203
4.2.5. Keuse van respondent.....	204

4.2.6. Die proses van kwalitatiewe navorsing.....	205
4.2.7. Eise aan die kwalitatiewe navorser gestel.....	206
4.2.8. Samestelling van die onderhoudskedule.....	207
4.2.9. Ingeligte toestemming.....	207
4.3. Kontekstualisering van die gesprekke en informasie wat die onderhoude verder toelig.....	208
4.4. Analise van gestruktureerde onderhoude.....	208
4.5. Verdere inligting ingewin tydens die onderhoude.....	254
4.6. Tematiese analise van die empiriese navorsingsresultate.....	256
4.6.1. Geheelbeeld van die informasie soos verkry vanuit die onderhoude.....	256
4.6.1.1. Afdeling A: Die tughandeling as proses.....	256
4.6.1.2. Afdeling B: Die tughandeling en die gevoelsbeleving van skuld en skande.....	258
4.6.1.2.1. Skuldgevoelens.....	258
4.6.1.2.2. Skandgevoelens.....	260
4.6.1.3. Afdeling C: Pastorale begeleiding tydens die tughandeling.....	262
4.6.1.4. Afdeling D: Addisionele informasie.....	264
4.6.2. Tematiese indruk soos gestruktureer op die drie hoofnavorsingsvrae.....	266
4.6.2.1. Navorsingsvraag 1A.....	267
4.6.2.2. Navorsingsvraag 1B.....	268
4.6.2.3. Navorsingsvraag 1C.....	270
4.6.3. Tematiese indruk soos van toepassing op die sentrale navorsingsvraag.....	270
4.7. Tematiese indrukke en die teoretiese modelle.....	271
4.7.1. Emosieteorie.....	271
4.7.2. Tugpastoraat.....	273
4.8. Samevatting.....	276
4.9. Sleutelstellings.....	277

HOOFTUK 5 PRAKTYKTEORIE

Strategiese voorstel vir 'n verbeterde praktykteorie in die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die tughandeling.....

5.1. Inleiding.....	281
5.2. Doelgerigte begeleiding.....	285

5.2.1. Die eer van God.....	286
5.2.2. Die heil van die Kerk.....	286
5.2.3. Die behoud van die sondaar.....	287
5.3. Amptelike begeleiding.....	288
5.3.1. Begeleiding as onderlinge sorg – eerste vlak.....	289
5.3.2. Begeleiding as gemeentebou – tweede vlak.....	292
5.3.3. Begeleiding wat intensioneel en professioneel pastoraal van aard is – derde vlak.....	292
5.4. Funksionele begeleiding.....	296
5.4.1. Genesing.....	296
5.4.2. Bystand.....	296
5.4.3. Begeleiding.....	296
5.4.4. Versoening.....	297
5.4.5. Koestering.....	297
5.5. Kerklike begeleiding.....	298
5.5.1. Begeleiding met ‘n geestelike karakter.....	299
5.5.2. Begeleiding wat pas by ‘n geloofs- en liefdesgemeenskap.....	301
5.5.3. Begeleiding deur die kerklike modi.....	302
5.5.4. Begeleiding met geestelike middele uitgeoefen.....	303
5.6. Holistiese begeleiding.....	305
5.6.1. Fisies.....	306
5.6.2. Psigies-emosioneel.....	306
5.6.3. Geestelik.....	309
5.7. Verantwoordbare begeleiding.....	310
5.7.1. Kerkordelik.....	310
5.7.2. Begeleiding wat billik en regverdig toegepas word.....	310
5.8. Prosesmatige begeleiding.....	313
5.9. Beperkende en verruimende begeleiding.....	317
5.9.1. Beperking van die effek van negatiewe skuld- en skandgevoelens.....	317
5.9.2. Verruiming van die suksesvolle hantering van skuld- en skandgevoelens.....	322
5.10. Samevatting.....	322
5.11. Sleutelstellings.....	323

HOOFSTUK 6 SAMEVATTING

Bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling.....326

6.1. Inleiding.....	326
6.2. Bevinding van die navorsing soos beskryf in die studie.....	326
6.2.1. Hoofstuk 1 Navorsingsbehoefte en ontwerp.....	326
6.2.2. Hoofstuk 2 Emosieteorie.....	327
6.2.3. Hoofstuk 3 Tugpastoraat: 'n Pastorale perspektief.....	327
6.2.4. Hoofstuk 4 Empiriese navorsing.....	327
6.2.5. Hoofstuk 5 Praktykteorie.....	327
6.3. Evaluering van navorsing met betrekking tot die navorsingsmetodologie.....	328
6.4. Nuwe navorsingsgeleenthede.....	329
6.5. Evaluering van die bydrae van die navorsing.....	330
6.6. Aanbevelings.....	330
6.7. Samevatting.....	331
6.8. Sleutelstellings.....	331

BIBLIOGRAFIE.....335

BYLAAG.....351

Bylaag 1: Uitnodiging tot deelname aan onderhoud.....	351
Bylaag 2: Ingeligte toestemmingsvorm.....	354
Bylaag 3: Gestruktureerde onderhoudskedule.....	356

LYS VAN SKEMAS

Skema 1: Skematiese voorstelling van die eerste proses van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk (Artikel 63-65). Die ondersoek na tugwaardige sondes en wangedrag en die toepassing van tugmaatreëls.....59

Skema 2: Skematiese voorstelling van die tweede proses van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk (Artikel 66). Die opheffing van die tugmaatreëls en die terugkeer tot die gemeente of kerklike bediening.....	64
Skema 3: Skematiese voorstelling van die derde proses van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk (Artikel 64,66). Die herstel van ampsbevoegdheid en terugkeer tot die gemeente of kerklike bediening.....	68
Skema 4: Plutchick (1980) se tipologie van primêre en sekondêre emosies.....	90
Skema 5: Die benutting van emosies as katalisator vir gedragsmodifikasie.....	94
Skema 6: Voorstelling van die kettingreaksie van emosionele wekking.....	99
Skema 7: Aangepaste kettingreaksie tydens emosionele wekking.....	104
Skema 8: Taksering en die doelkongruente benadering van emosies.....	107
Skema 9: Die patroon van egte skuldgevoelens.....	112
Skema 10: Die hantering van eksistensiële skuldgevoelens.....	114
Skema 11: Die hantering van eksistensiële skandgevoelens.....	119
Skema 12: Voorstelling van die bedieningsroete wat persone volg om in die N.G. Kerk. predikant te wees en die effek van die tughandeling ten opsigte van ampsbevoegdheid...	316

LYS VAN TABELLE

Tabel 1: Aantal persone gelegitimeer in die N.G. Kerk te Pretoria gedurende die tydperk 1981-2008.....	46
Tabel 2: Manlike persone gelegitimeer te Pretoria gedurende 1981-2008.....	50
Tabel 3: Wilks (1998) se teorie van emosionele teenpole.....	91

LYS VAN GRAFIEKE

Grafiek 1: Grafiese voorstelling van gegewens van Groep 1 en 2 (manlike teenoor vroulike gelegitimeerdes) soos in Tabel 1 opgeneem.....	47
Grafiek 2: Grafiese voorstelling van gegewens van Groep 3 en 4 (manlike teenoor vroulike gelegitimeerdes na colloquium doctum) soos in Tabel 1 opgeneem.....	47
Grafiek 3: Vergelykende voorstelling van die verhouding van Groep 1,2,3 en 4.....	48

GEBRUIK VAN DIE MANLIKE VORM: “HY’ EN “HOM”

Geen vorm van seksisme word deur die gebruik van die manlike vorm van woorde bedoel nie. Dit vergemaklik die skryfstyl maar veronderstel dat vroue ook hierby ingereken word. Gesien ook in die lig van die huidige verhouding van manlike predikante teenoor vroulike predikante wat in die bediening binne die N.G.Kerk staan en deur die tug geraak is in die afgelope 18 jaar, is die gebruik van “hy” en “hom” geskik vir hierdie studie.

**“Moet jou nie oor my verlekter nie,
my vyand,
al het ek tot ‘n val gekom,
ek sal weer opstaan,
al sit ek in die donker,
die Here is my lig.
Ek sal aanvaar dat die Here my straf
in sy toorn,
want ek het teen Hom gesondig.
Wanneer Hy my saak verhoor
en oor my uitspraak lewer,
sal Hy weer lig bring in my lewe,
sal ek ondervind dat Hy
die oorwinning gee”**

Miga 7:8-9 (Nuwe Afrikaanse Vertaling:1983)

HOOFTUK 1

NAVORSINGSBEHOEFTE EN ONTWERP

‘n Beskrywing van die navorsingsbehoefte en ontwerp van die studie ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling.

1.1. Inleiding

Die Kerklike tughandeling is vir predikante en gemeentes ‘n traumatiese gebeurtenis. Praat maar met dié wat dit deurgemaak het. Lees maar die dagblaai! Beide partye beleef afsonderlik en gesamentlik, hewige geestelike spanning en emosionele ongerief. Die gevoelens van skuld en skande is aan die orde van die dag.

Potgieter (1992:4) skryf: “Ek kan my beswaarlik ‘n groter persoonlike krisis voorstel wanneer iemand glo dat hy deur die Here geroep is om predikant te wees, vir ses jaar lank gaan studeer...en dan nie ‘n beroep kry nie. Dit gebeur op die oomblik met proponente – by die twee honderd van hulle.” Dieselfde stelling geld vir hierdie studie. ‘n Mens kan hom beswaarlik die grootte van die persoonlike krisis voorstel wanneer iemand glo dat hy deur die Here geroep is om predikant te wees, vir ses jaar lank gaan studeer en dan deur die tughandeling van sy ampsbevoegdheid gestroop word. Gebeur dit op die oomblik met meer predikante as wat besef word?

‘n Enkele oortreding van ‘n predikant kan lei tot sy skorsing of afsetting uit die amp. So word ‘n loopbaan in die bediening gestuit en ‘n gemeente word sonder ‘n predikant gelaat. Slegte woorde doen die rondte in die gemeenskap oor predikante en die kerk. Eksplisiete beskrywings van die beweerde oortreding en inkriminerende foto’s word deur die media die gemeenskap ingestuur en onberekenbare skade word die betrokkenes aangedoen.

Predikante is nie sondelose mense nie. Dit sal predikante self, gemeentelide, kerkrade en kerkkommissies geredelik erken. Waarom anders sal Die Kerkorde, ook wat predikante betref voorsiening maak vir ‘n tughandeling en tugmaatreëls? (Hoofstuk 5, Kerklike opsig

en tug, 2007:24-30). Tog, maak dit nie regtig voorsiening vir die krisis wanneer ‘n predikant “uitgevang” word in sy menslike swakheid nie.

Vir hierdie foutiewe oordeel en misstap van predikante wag die joernaliste en redakteurs van koerante. Hierdie geleentheid word aangegryp om sensasionele voorbladberigte te skryf en die nuus die wêreld in te stuur. Die tafel word gedek vir die diskreditering van die predikant as persoon, die amp van bedienaar, die gemeenskap van gelowiges en die kerkverband in die breë.

Wanneer gerugte soos ‘n veldbrand versprei of ‘n klagstaat op die tafel van die kerkraad beland, veroorsaak dit ‘n krisis en trauma vir die predikant as mens, as ampsdraer, gesinsman, eggenoot en gemeenskapsleier. Die rimpels van die klippe wat in die tugpoel gegooi word, trek wyd en ver en die gevolge daarvan ontsien niks of niemand nie. Die tughandeling is soos ‘n reuse vloedgolf wat alle lewe in sy pad vernietig. Almal kom armer uit die proses.

Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (N.G. Kerk) met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Junie 2007, beskryf die tughandeling volledig. Die tughandeling is nie ‘n eenmalige gebeure nie maar ‘n proses wat aan die gang gesit word met die eerste bekendmaking van die probleem, wanneer ‘n gerug die rondte begin doen of wanneer ‘n klagstaat soos ‘n emmer koue water in die gesigte van die betrokkenes gegooi word. Soms lees die publiek van die probleem in die koerante nog voordat die gemeente daarvan in kennis gestel word.

In gevalle van ernstige oortreding volg stuiting in die amp en daarna die tugverhoor. Spanningsvolle dae wag op die predikant en die gemeente. Selfs die breër gemeenskap kom gewoonlik hiervan te hore en deel in die onsmaaklike gebeure. Die wêreld van die predikant stort in duie en hy word in ‘n emosionele maalkolk vasgevang.

Wanneer ‘n volledige tugverhoor plaasvind en daar wel besluit word om tugmaatreëls toe te pas omdat die predikant skuldig bevind word aan die klag, is die laaste van die trauma lank nog nie verby nie. Nie vir die predikant nie en ook nie vir die gemeente nie. Die predikant verloor sy bediening, sy invloed en gesag as draer van die evangelieboodskap. Hy verloor sy integriteit en waardigheid, asook die respek en agting wat hy voorheen

ontvang het. Soms verloor hy ook sy eggenote, gesin, sy inkomste en sekuriteit en verbeur hy sy toekomsdeale.

Die gemeente ervaar die verlies van 'n geliefde leraar intens en die skok van die gebeure draai soos 'n stinkende walm oor die gelowiges. Die tughandeling het verder ook massiewe bedienings- en finansiële implikasies. Selfs naburige gemeentes voel die skokgolwe van die tughandeling.

Predikante wat weer wil heraansoek doen om terug te keer tot die bediening bevind hulle in 'n nuwe krisis. 'n Nuwe trauma. Wonde word opnuut oopgekrap. Onverwerkte skuld- en skandgevoelens borrel na die oppervlak en veroorsaak erge wroeging. Sommige getugdigdes sal klaarblyklik net nooit weer vir die kerk aanvaarbaar wees nie. Jare sleep verby voordat ander gelukkig genoeg mag wees om tot 'n colloquium doctum toegelaat te word. Die heel gelukkiges verkry weer ampsbevoegdheid as proponente. Om dan met 'n colloquium doctum op 'n Curriculum Vitae aansoek te doen by gemeentes wat vakante poste adverteer, is moeilik.

Die gevoelens waarmee predikante tydens en na hierdie tugaksie moet worstel, veroorsaak groot persoonlike wroeging. Skuld- en skandgevoelens woeker ywerig in die gemoed en depressie en woede kan na jare steeds simptomaties te voorskyn tree. Mediese en sielkundige rekeninge word deel van die uitgawes.

Dit bring natuurlik mee dat 'n navorser 'n groot aantal vrae kan stel oor die huidige tughandeling ten opsigte van predikante. Elke artikel van die tughandeling roep as't ware vir herbesinning en deeglike studie. Soms wil dit lyk asof die prys van die tughandeling dalk te hoog is! Steier die betrokkenes nie onder die las daarvan nie?

Britz (1991:4) het reeds 'n aantal vrae geformuleer met betrekking tot die tughandeling.

- “Dit is al dadelik 'n vraag of, wanneer die tug sy verloop neem aan die hand van 'n stel reëls, bepalinge en reglemente, daarmee nie alreeds die grens na kerklike regspraak oorgesteek is nie?”
- “Moet ons onself nie afvra of die prosedures met sy stelle bepalinge nie ongemerk (teen ons eie bedoeling in) tussen ons en die Skrif ingeskuif het nie?”

- “Gaan dit hier nie om ‘n aanvulling van die Christus-orde of Christus-heerskappy nie?”
- “Is die bediening van Christus en sy versoening nie dalk omgewerk tot ‘n kerklike straf- en tuguitoefening nie?”

Hy stel voor dat hierdie en ander vrae ten opsigte van die tughandeling deeglik ondersoek word en dat ons dit sal toets aan die Skrif en Belydenisskrifte. Daar is dus reeds sekere leemtes geïdentifiseer in die huidige verstaan en toepassing van die tughandeling wat verdere ondersoek noodsaaklik maak.

1.2. Navorsingsbehoefte

In hierdie studie word soos deur die titel aangedui, gefokus op die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die kerklike tughandeling. Die ondersoek word verder omskryf deur spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande.

Daar is drie hoofvrae.

- **Vraag 1A:** Lewer die tughandeling ‘n bydrae tot die gevoelsbeleving van skuld en skande by predikante?
- **Vraag 1B:** Indien predikante tydens die tughandeling gevoelens van skuld en skande beleef, wat is die aard en funksie van die gevoelens?
- **Vraag 1C:** Is daar pastorale begeleiding vir predikante wat tydens die tughandeling moontlike gevoelens van skuld en skande ervaar, en hoe word hulle gehelp om die gevoelens te verwerk?

Die tughandeling het ‘n plek en funksie binne die kerk, ook wat predikante betref. Dit is nie te ontken nie. Vorster (1997:163) sê: “Die funksionering van die tug is ‘n inherente deel van die aard en funksionering van die kerk. Daarsonder is die kerk nie meer kerk nie.”

Du Plooy (1990:149-150) wys daarop dat die uitdrukking “kerklike tug” nie as sodanig in die Bybel voorkom nie. Die gedagte en begrip funksioneer egter wel in Bybelse tekste. Die duidelikste term wat hiervoor in die Bybel gebruik word is παιδεία in Hebreërs 12:5-11.

Die Vulgaat vertaal die begrip met “disciplina”. Tug het daarom twee basiese elemente naamlik:

- ‘n opvoedende, sondevoorkomende bediening aan die gehoorsame kinders van God en
- ‘n bestraffende, tereg wysende bediening aan sondaars.

Lategan (1992:50) sluit hierby aan deur te sê:

- tug is terapeuties deurdat dit die broer/suster met Christus wil versoen.
- tug is ‘n konstruktiewe poging/optrede om die kwaad teen te gaan.

Hierdie studie bevraagteken dus nie die tughandeling as maatreël in die kerk om met predikante te handel wat hulself skuldig gemaak het aan ‘n sonde en/of oortreding soos deur Die Kerkorde gereël nie. Daar bestaan egter by my geen twyfel dat dit vir al die betrokke partye op ‘n ander wyse, en met groter voordeel gedoen kan word nie. Dáárom hierdie studie. Dat die tughandeling ten opsigte daarvan en op grond van latere vraagstellings onder die vergrootglas geplaas moet word, is eweneens seker.

Om hierdie behoefte, soos deur die tema verwoord, te ondersoek en dit tot ‘n navorsingsontwerp te ontwikkel, verdien die volgende vrae aandag.

- Vraag 1(a) Wat is die omskrywing van die tughandeling van predikante soos in Die Kerkorde van die N.G. Kerk verwoord?
- Vraag 1(b) Watter bydrae lewer die literatuur tot die verstaan van die tughandeling van predikante binne die N.G. Kerk met spesifieke verwysing na die pastorale sorg in die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande?
- Vraag 1(c) Wat is die omvang van die tughandeling van predikante in die N.G. Kerk?
- Vraag 1(d) Wat is die aard van die prosesse of verloop van die tughandeling van predikante in die N.G. Kerk?

Die antwoorde op bogenoemde vrae word in hierdie hoofstuk beskryf. Dit ontsluit dan die volledige behoeftebepaling ten opsigte van die navorsingstema.

- Eerstens word ‘n beskrywing gegee van Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele

Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in 2007, soos wat dit die posisie van predikante en alle ander evangeliedienaars ten opsigte van die studietema aangaan. Die volgende hoofstukke en Reglemente is van toepassing op die tughandeling van predikante. Die eerste vyf hoofstukke word dan verken soos dit ook verder uitgebou of ondersteun word deur die drie Reglemente wat van toepassing is.

- In die tweede plek word die literatuurverkenning ten opsigte van die onderwerp beskryf. Bronne wat toegang verleen tot die onderwerp van die tughandeling met spesifieke verwysing na N.G. Kerk predikante is ter sprake. Pastorale versorging van predikante tydens die tughandeling was die verdere fokus van die aanvanklike literatuurondersoek, en die verwerking van die gevoelens van skuld en skande het die ondersoek begrens.
- In die derde plek word die omvang van die behoefte beskryf. Beskikbare bronne is ontgin.
 - ✓ Die N.G. Kerk Argief & Bestuursdienste (ABID) se databasisse. ABID (<http://www.ngkerk.org.za/abid/default.asp>) lewer gerekenariseerde soektogte van fotodokumente, koerantknipsels, verhandelinge, tydskrifte en ander informasie.
 - ✓ Beskikbare inligting ten opsigte van die verlening van ampsbevoegdheid binne die N.G. Kerk te Pretoria gedurende die tydperk 1981-2008. Hierdie data dui die aantal persone (manlike/vroulik) aan wat gedurende bogenoemde tydperk deur die Kuratorium te Pretoria gelegitimeer is. Dit dui ook die hoeveelheid persone aan wat na 'n colloquium doctum toegelaat is as proponente.
 - ✓ Verkennende gesprekke is met verskeie persone gevoer wat deur die tughandeling geraak is. Dit sluit predikante in wat bedank het voordat die tughandeling voltrek kon word, ander wat die tughandeling deurgegaan het en dan ook die wat as lede van 'n Ringskommissie tugverhore moes hanteer. Proponente, predikante, professore en lidmate van gemeentes is in die gesprekke betrek.
- Vierdens word die prosesse of verloop van die tughandeling van predikante volledig beskryf. Hierdie beskrywing beklemtoon die ingewikkelde en lang proses van die tughandeling en die moontlike effek op die beleving van skuld- en

skandgevoelens. Die uiteensetting van die prosesse van die tughandeling open ook die weg na 'n latere beskrywing van die pastorale taak van die kerk.

1.2.1. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in 2007

Dit is noodsaaklik om die belangrikste begrippe wat in hierdie studie benut word vanuit kerklike bronne te omskryf sodat die navorser en die leser dieselfde betekenis daaraan heg. Die tersaaklike begrippe word vanuit Die Kerkorde (2007) gedefinieer.

Om die tughandeling van predikante van die N.G.Kerk te verstaan, is dit nodig om die breër agtergrond te beskryf. Die tughandeling is 'n proses wat binne die kerk plaasvind, verskeie kerklike liggame betrek en met sekere voorveronderstellings werk.

- Eerstens is die tughandeling gegrond en geanker in die belydenis en orde van die kerk. Hoofstuk 1: Die belydenis en orde van die kerk (Artikel 1 en 2).
- Tweedens is die ampte van die kerk ter sprake, met besondere klem op die funksionering van die amp van die bedienaar van die Woord. Hoofstuk 2: Die ampte van die kerk (Artikel 3-17).
- Derdens vind die tughandeling plaas deur die funksionering van verskeie kerklike liggame en hierdie taak is in die Kerkorde beskryf. Hoofstuk 3: Die vergaderinge van die kerk (Artikel 18-47).
- Vierdens word die tughandeling en die betrokkenheid van die geloofsgemeenskap verder ook deur Die Kerkorde gereël deur die arbeid van die kerk te beskryf. Hoofstuk 4: Die arbeid van die kerk (Artikel 48-58).
- In die vyfde plek word die tughandeling kerkordelik omskryf soos wat dit binne die bogenoemde breë raamwerk en konteks deur die tugartikels gereël word. Hoofstuk 5. Kerklike opsig en tug. (Artikel 59-66).

Om die tughandeling van predikante binne hierdie konteks te verstaan, en seker te wees dat alle artikels noukeurig toegepas word, is daar ook 'n aantal reglemente wat hierop inspeel.

- In die eerste plek is daar die Reglement vir die Reëling vir die Bevoegdheid van Predikante en Proponente, aangesien die tughandeling direk impakteer op die

bedieningsbevoegdheid van predikante en proponente. Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente (Die Kerkorde,2007:39-44).

- Tweedens die Reglement vir die Reëling vir die Opleiding en Legitimasië van Evangeliedienaars, omdat die Eksamenkommissie en Kuratorium direk betrokke is by die aanvanklike toelating en hertoelating van predikante wat hulle ampsbevoegdheid vanweë die tughandeling verloor het. Reglement vir die Reëling van die Opleiding en Legitimasië van Evangeliedienaars (Die Kerkorde,2007:87-96).
- Derdens die Reglement vir die Algemene Taakspan Regte, want hierdie taakspan is direk betrokke by sekere take en aksies soos van toepassing op die tughandeling van predikante. Reglement vir die Algemene Taakspan Regte (Die Kerkorde,2007:103-110).

1.2.1.1. Hoofstuk 1: Die belydenis en orde van die kerk

Dit is belangrik om die grondslag van die N.G. Kerk se belydenis en orde te verstaan. Die kerk se werksaamhede ook wat die tughandeling betref, rus volledig op die belydenis en orde. Dit word verwoord in Die Kerkorde (2007:1).

Artikel 1

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk staan gegrond op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met die Woord van God bely, staan uitgedruk in die Formuliëre van Eenheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die sewe en dertig artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die vyf Dordtse Leerreëls.

Artikel 2

2.1 Waar die Woord van God eis dat in die gemeente van Christus alles welvoeglik en ordelik moet toegaan (1 Kor 14:40), word in die volgende artikels 'n aantal bepalinge gegee vir die lewe en werk van die Kerk met die oog op die volbrenging van sy taak en roeping ooreenkomstig die Heilige Skrif en die Belydenis.

2.2 Hierdie bepalinge handel oor die ampte in die Kerk, die vergaderinge van die Kerk, die werksaamhede van die Kerk, regering en tug van die Kerk en die betrekkings van die Kerk

na buite.

2.3 Die Nederduitse Gereformeerde Kerk reël sy eie interne orde op grond van sy onvervreembare roeping en interne bevoegdheid as Kerk van Jesus Christus en ook op grond van sy reg tot vryheid van godsdiens.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die tughandeling as gehoorsaamheidsgestalte van die Kerk se roeping dat alles ordelik in die gemeente sal toegaan, word gegrond op die Woord en die Belydenisskrifte en die Kerk se onvervreembare roeping om haarself intern te orden.

1.2.1.2. Hoofstuk 2: Die ampte van die kerk

Ten opsigte van die ampte van die N.G. Kerk is die volgende van toepassing op die studietema (Die Kerkorde, 2007:1-11).

Algemene bepalinge

Artikel 3

3.1 Dienswerk is deelname aan die werk wat God die Vader in Christus deur sy Gees in die wêreld doen om Sy koninkryk te vestig.

3.2 Elke lidmaat is deur God tot diens in die gemeente en wêreld geroep.

3.3 Lidmate kan afgesonder word om op 'n besondere wyse in een of meer van die gemeente se bedieninge diensbaar te wees.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Tydens die tughandeling kan ook gereken word dat dit eintlik God is wat primêr betrokke is en bemoeienis maak met die betrokkenes,
- maar Hy doen dit deur Christus en die Heilige Gees wat
- eweneens gelowiges roep en toerus om die noodlydendes by te staan.

Artikel 4

Niemand mag in die kerk van Christus in een van die besondere ampte dien sonder dat hy/sy

- op wettige wyse beroep (of verkies) is,
- die nodige approbasie verkry het, en
- bevestig is nie.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die amptelike bevoegdheid om as predikant in die kerk te kan dien, het bepaalde voorskrifte en vereistes. Wanneer hieraan voldoen word, word toegang tot die kerklike bediening gereël. Die tughandeling impakteer direk op die amptelike bevoegdheid wanneer, stuiting, skorsing en die ontneming van amptelike bevoegdheid as deel van die tughandeling toegepas word.

Die bedienaars van die Woord

Artikel 5

5.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:

5.1.1 'n geskiktheid vir die amp;

5.1.2 'n deeglike teologiese opleiding; en

5.1.3 die ondertekening van die legitimasierverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.

5.2 Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die opleiding, die aard en die toesig daaroor en die plekke waar dit moet geskied.

5.3 Die sorg vir, asook die beheer en toesig oor die opleiding van evangeliedienaars word deur 'n Kuratorium behartig.

5.3.2 Die Kuratorium is verantwoordelik vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van teologiese studente. Hierdie verantwoordelikhede kan namens die Kuratorium deur ('n) kommissie(s) van die Kuratorium behartig word.

5.5 Die Kuratorium benoem 'n Eksamenkommissie wat bestaan uit soveel lede as wat hy nodig ag uit bevoegde persone voorgelê aan die Kuratorium deur die onderskeie Sinodes en wat nie noodwendig lede van die Kuratorium hoef te wees nie.

Die Eksamenkommissie het as opdragte:

5.5.1 Die keuring en aanbeveling by die Kuratorium van kandidate ná voltooiing van hul Teologiese studies.

5.5.2 Die afneem van *colloquium doctum*.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die vereistes vir toelating tot die predikantsbediening is veelvuldig en vind plaas onder die toesig, leiding en keuring van verskillende kerklike rade en vergaderings. Die Algemene Sinode, Kuratoria en Eksamenkommissie is verantwoordelik vir die teologiese vorming, keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating van alle kandidate. Alle persone wat toerekeningsvatbaar is vir die tughandeling deurloop hierdie aanvanklike opleidings- en vormingsproses. Die afneem van 'n colloquium doctum is een van die take van die Eksamenkommissie. Dit impakteer direk op die laaste proses van die tughandeling.

Artikel 6

Die verlening van ampsbevoegdheid as bedienaar van die Woord in al sy gestaltes (KO Art. 9) of die wegneem daarvan geskied deur die Algemene Taakspan Regte namens die Algemene Sinode.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die Algemene Taakspan Regte het die finale besluitnemingsbevoegdheid oor die aanvanklike toekenning van ampsbevoegdheid en oor die wegneem daarvan na byvoorbeeld die tughandeling. Net so is dit weer hulle verantwoordelikheid om met die opheffing van die tugmaatreëls en die suksesvolle voltooiing van 'n colloquium doctum, ampsbevoegdheid aan 'n persoon toe te ken.

Artikel 7

7.1 'n Bedienaar van die Woord vir 'n plaaslike gemeente word deur die Kerkraad van die gemeente met goedkeuring van die gemeente en die Ring, beroep.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Persone wat deur die tughandeling geraak is, kan beswaarlik hoop dat 'n gemeente 'n predikant met 'n negatiewe geskiedenis sal oorweeg. Die gemeente behou die reg voor om die keuse uit te oefen tydens beroeping.

Artikel 8

8.1 Die bevestiging van 'n gemeenteleraar geskied nadat:

8.1.1 die Ring (of sy gevolmagtigde Kommissie) skriftelik bevestig het dat aan al die kerklike vereistes voldoen is.

8.1.2 'n Akte van demissie uit die vorige werkkring of in die geval van evangeliedienaars wat in 'n nie-kerklike betrekking gestaan het, ook 'n getuigskrif van eervolle ontslag en 'n attestaat uit die vorige gemeente aan die Ring of sy gevolmagtigde Kommissie voorgelê en by die beroepende Kerkraad ingedien is.

8.1.3 In die geval van proponente:

8.1.3.1 moet die akte van legitimasie getoon word;

8.1.3.2 moet 'n attestaat by die beroepende Kerkraad ingelewer word; en

8.1.3.3 geskied die bevestiging met oplegging van hande waarna predikantsbevoegdheid verkry word.

8.3 Dit is die verantwoordelikheid van die betrokke Kerkvergadering in wie se diens die leraar/proponent is om onverwyld kennis aan die ATR te gee van enige verandering wat mag intree ten opsigte van standplaas en/of bevoegdheid.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Dit is vir die predikant wat die tughandeling beleef het nie moontlik om 'n akte van demissie, 'n getuigskrif van eervolle ontslag of 'n attestaat in te dien wat tot sy voordeel kan strek nie. Die tughandeling ontnem 'n predikant van sy goeie naam en reputasie.

Artikel 9

9.1 Die fokus van die amp van die predikant is die bediening van die Woord (in al sy gestaltes) en van die sakramente, sowel as die toerusting van gelowiges vir die deelname van die kerk aan die werk van God in sy wêreld.

9.2 Die predikant is geroep om die Woord van God te bestudeer, onderrig daarin te gee en dit oral te verkondig; om die sakramente te bedien en om saam met en vir die gemeente te bid en 'n navolger van Christus te wees op so 'n manier dat ander hom / haar kan navolg.

9.3 Die amp van die predikant funksioneer binne 'n gemeente of as deel van dienswerk van die kerkverband in die wêreld.

9.4 In gemeentes aanvaar die predikant veral verantwoordelikheid vir die prediking en die bediening van die sakramente. Die predikant is, saam met die ander ampte, verantwoordelik vir:

- die diens van die gebede,
- onderrig en toerusting,
- opbou van die gemeente,
- die gemeente se dienswerk in die wêreld,
- leiding en organisering van die gemeente,
- uitoefening van Christelike liefde en tug,
- pastorale versorging

Kerkrade onderskei, saam met die predikant, oor die wyse waarop dié roeping en verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in 'n diensooreenkoms.

9.5 Die predikant neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die bediening van 'n predikant word geraak met die aanvang van die eerste deel van die prosesse van die tughandeling. Die bediening kom tot 'n skielike halt. Die fokus van die amp, naamlik die bediening van die Woord word direk geraak.
- Die predikant wat die navolgingswaardige voorbeeld moet stel, stel teleur.
- Die predikant is verantwoordelik vir die totale geestelike welsyn van die gemeente. Met die ingreep van die tughandeling kan die gemeente vir maande sonder 'n leraar wees, die impak hiervan is byna onberekenbaar. Skade, verlies en ongelukkigheid kan 'n gemeente onherroeplik knou.
- Die predikant vorm deel van die Broederkring (Ringspredikante) wat gesamentlike take en verantwoordelikhede onderneem. Tydens die tughandeling word hierdie Broederkring die onbenydenswaardige taak gegee om 'n medebroeder aan te kla, kerkregtelik te ondersoek en tugmaatreëls toe te pas. Dit plaas bomenslike spanning op al die betrokke predikante. Verhoudings kan hierdeur baie nadelig beïnvloed word.
- Die Ringspredikante kan beswaarlik die taak van die tughandeling en boonop die taak van pastorale begeleiding in een kommissie of persoon versoen.

Artikel 10

'n Bedienaar van die Woord mag geen ampspligte (Artikel 9) uitoefen binne die grense van 'n ander gemeente sonder die toestemming van daardie Kerkraad nie.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Tydens die tughandeling kan dit die voortgang van die geestelike bediening van 'n gemeente ernstig skaad indien 'n ander Ringspredikant om verstaanbare redes nie te betrokke wil raak in die gemeente waar die tughandeling voltrek word nie. Die sensitiwiteit van gemeentegrense wat eerbiedig moet word en werksterreine wat beskerm moet word, is veel meer werklik as wat vermoed word.

Artikel 12

12.1 Predikante word vir die uitvoering van hulle amp of bediening deur 'n Kerkvergadering (Kerkraad, Ring, Sinode, Algemene Sinode) beroep en in diens gestel.

12.2 'n Predikant is, as geroepene van die Here deur Sy kerk, aan die Here én aan die betrokke Kerkvergadering verantwoording verskuldig.

12.3 Die Kerkvergadering gee aan die predikante die respek en ondersteuning wat hulle as geroepenes van die Here en sy kerk in staat kan stel om hulle amp en bediening effektief uit te voer.

12.4 Indiensneming en diensbeëindiging geskied deur die betrokke Kerkvergadering soos bepaal deur Die Kerkorde en ander geldende besluite.

12.5 Slegs persone wat die nodige ampsbevoegdheid het (vergelyk KO Artikel 6) kan in 'n gemeente of in die kerkverband as predikant dien.

12.6 'n Predikant se dienste word met onmiddellike effek beëindig by verlies van ampsbevoegdheid ingevolge die Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente.

12.7 Die betrokke Kerkvergadering, soos bepaal deur Die Kerkorde en ander geldende besluite, kan die dienste van 'n predikant in die volgende gevalle beëindig:

12.7.1 op grond van wangedrag (vergelyk Die Kerkorde, Hoofstuk 5);

12b2.4 Voorsiening

In gevalle van diensbeëindiging geld die volgende reëling met betrekking tot billike voorsiening:

12b2.4.1 Diensbeëindiging weens wangedrag.

12b2.4.1.1 Die uitbetaling van alle uitstaande verlof ingevolge die bepalings van die Reglement vir die Verlof van Predikante en Sinodale Amptenare (Regl. 19).

12b2.4.1.2 In gevalle van summiere ontslag word behuisingsvoordele vir 30 dae na die ontslag voorsien.

12b2.4.1.3 In gevalle van ontslag op 'n datum soos besluit deur die Kerkraad word lewensonderhoud, toelaes en behuisingsvoordele voorsien soos ooreengekom tot op dié datum.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die bevoegdheid van predikante is die verantwoordelikheid van verskeie kerklike rade. Die tughandeling raak dus die hele kerk in al sy vlakke van funksionering.
- 'n Predikant se verantwoordelikheid teenoor die Here en die gemeente/kerk vereis dat hy tydens die tughandeling die volle omvang van sy wangedrag sal opneem en nie daarvoor sal wegstroom nie.
- Gemeentelede vind dit dalk baie makliker om onder normale bedieningsomstandighede, respek en ondersteuning te verleen aan die predikant en sy gesin. Dit word baie moeiliker wanneer die predikant willens en wetens sy goeie naam en navolgingswaardige voorbeeld opgemors het deur ondeurdagte keuses en optredes. Die tughandeling maak dit moeilik om vir die predikant en sy gesin respek en ondersteuning te bewys. Hy is immers aan die verkeerde kant van die kerkordelik reg.
- Onmiddellike diensbeëindiging vanweë die ontneming van ampsbevoegdheid laat die predikant en sy gesin in 'n bestaanskrisis en 'n oorlewingsnood. Die barmhartigheidsorg van die gemeente/kerk uit wie se diens die predikant ontslag gekry het, sal 'n baie groot verantwoordelikheid op hulle skouers neem.

Artikel 13

Die gemeente, kerkverband of instansie in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, moet omsien na sy/haar geestelike, emosionele en fisiese behoeftes en beroepsontwikkeling en is verantwoordelik vir sy/haar lewensonderhoud (of in geval van deeltydse bediening vir die kontraktuele deel van die lewensonderhoud en toelaes).

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die gemeente, kerkverband of instansie in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, moet omsien na sy/haar geestelike, emosionele en fisiese behoeftes en beroepsontwikkeling, veral in tye van die traumatiese tughandeling.

Artikel 16

16.1 Die amp of bediening van die ouderling is gerig op geestelike leiding, bestuur en toesig, en omvat:

16.1.3 die doen van huisbesoek;

16.1.4 die uitoefening van opsig en tug;

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die ouderlinge amp behoort soos verwoord in Die Kerkorde, tydens die tughandeling baie sterk te funksioneer. Al sou hulle slegs getrou wees in die doen van huisbesoek by die betrokkenes op 'n gereelde en intensiewe basis, met die doel om geestelike leiding te verskaf, sou dit 'n groot verskil maak tydens die tughandeling.

Artikel 17

17.1 Die amp of bediening van die diaken is gerig op praktiese dienswerk. Dit begin in die erediens, en gaan vandaar uit na die gemeente en die wêreld waarin die lidmate leef. Die diakenamp omvat:

17.1.2 die opheffing, vertroosting en ondersteuning van almal wat in een of ander opsig barmhartigheidsdiens benodig;

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Dit is eweneens waar van die Diakonie, dat die nakoming van blote eerste vlak barmhartigheidsorg 'n werklike verskil sal kan maak tydens die tughandeling.

1.2.1.3. Hoofstuk 3: Die vergaderinge van die kerk

Die tughandeling kan alleen verstaan word indien die volgende inligting vanuit Hoofstuk 3 verdiskonteer word (Die Kerkorde, 2007:11-20).

Algemene bepalinge

Artikel 18

Daar is vier kerkvergaderinge: Kerkraad, Ring, Sinode en Algemene Sinode.

Artikel 19

Die opsig oor, die regering van en die tug in die kerk word aan hierdie vergaderinge toevertrou.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die verantwoordelikheid van hierdie vier vergaderinge kan nie genoegsaam beklemtoon word wanneer die tughandeling van predikante ter sake is nie. Alle lede van elke vergadering behoort te onthou dat dit die roeping, beroep, die persoonlike lewe van die predikant en sy gesin is wat ter tafel kom. 'n Mens sal 'n uiters sensitiewe aanpak van die lede van hierdie vergadering veronderstel.

Artikel 21

Die kerkvergaderinge behandel sake vanuit kerklike perspektief, in die lig van die Woord van God en op kerklike wyse.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die tughandeling behoort dus die aard en karakter van die kerk, belig deur die Woord van God te vertoon.

Artikel 23

23.1 Die besluite van vergaderinge of hulle gevolmagtigde kommissies is bindend, maar daarvoor kan in appèl na 'n meerdere vergadering of die meerdere vergadering se gevolmagtigde kommissie gegaan word.

23.2 Lidmate, ampsdraers en amptenare van die Nederduitse Gereformeerde Kerk mag hulle nie tot die burgerlike hof wend in hulle beswaar teen 'n kerkvergadering se besluit(e) nie, voordat hulle nie éérs die kerklike middele tot hulle beskikking aangewend en uitgeput het nie.

Die Ring

Artikel 29

As uitdrukking van die kerkverband en met die oog op behoorlike kerklike dissipline, word naburige gemeentes onderling gegroepeer tot Ringe.

Artikel 30

30.1 Die Ring word saamgestel uit die leraar(s) en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die Kerkraad van elke gemeente binne die Ringsgebied.

Artikel 31

Tot die werksaamhede van die Ring behoort:

31.1 kerkvisitasie;

31.2 die opsig oor die gemeentes, om toe te sien dat Kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;

31.3 advies en hulp aan Kerkrade;

31.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf in beroep voor die Ringsvergadering gebring word;

31.6 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die Ring soos telkens deur die Ring bepaal;

31.7 die opsig en tug oor alle ouderlinge, diakens en predikante, wat emeriti en proponente insluit, sonder om die opsig van die Kerkraad oor sy ampsdraers uit te sluit (sien Artikel 62.2).

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die Ring speel 'n groot rol in die tughandeling van predikante. Ringspredikante se insette tydens die tughandeling en hul bydrae tot die prosesse speel 'n beduidende rol in die wyse waarop die tughandeling uiteindelik deur die predikant ervaar sal word.

1.2.1.4 Hoofstuk 4: Die arbeid van die kerk

'n Bestudering van Hoofstuk 4 van die Kerkorde (2007:20-24) is verder ook noodsaaklik

om as agtergrond te dien vir die tema van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk.

Die Herderlike sorg

Artikel 51

Die bedienaars van die Woord, ouderlinge en diakens moet deur die behartiging van getroue huisbesoek die herderlike sorg uitstrek tot alle lidmate van die gemeente, in besonder behoeftiges, siekes en oues van dae. Hulle moet besoek, bemoedig, vertroos en ondersteun word. Voorts moet lidmate voortdurend gewaarsku word teen valse leringe en dwalinge, teen wêreldsgesindheid en goddelose lewenspraktyke.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die herderlike sorg behoort ook uitgebrei te word na die predikant wat die tughandeling deurmaak met besoeke, bemoediging, vertroosting en ondersteuning. Indien waarskuwing deel van die sorg behels, behoort ook dit 'n plek te vind in die tughandeling.

Gemeentebediening

Artikel 52

52.1 Die Kerk rig hom deur middel van gemeentebediening tot die lidmate ten einde die gemeente op te bou tot vervulling van sy dienswerk.

52.3 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die tughandeling is soos die Engelse spreekwoord sê: “part and parcel”, van die kerk se lewe. Wanneer die tughandeling dus plaasvind, behoort die gemeente ook hiervoor voorberei te word en deur die loop van die gebeure ondersteun te word. Hiertoe het die Ring en wyer kerkverband 'n onvervreembare verantwoordelikheid en roeping.

Artikel 54

54.1 Die Kerk moet met priesterlike bewoënheid omsien na die armes en ander sorgbehoewendes deur hulle te help, te troos en geestelik op te hef.

54.2 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, onderneem die gemeentes in kerkverband barmhartigheidsbediening.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die predikant wat sonder inkomste gelaat word, die pastorie moet ontruim en 'n ander heenkome moet vind, is saam met sy gesin uiters behoefte. Die gemeente en kerk in breër verband kan nie hierdie krisis verontagsaam nie.

Die Dienswerk van die gelowiges

Artikel 55

55.1 Dit is noodsaaklik dat die lidmate van die gemeente geaktiveer word om werksaam te wees ten opsigte van die Skriftuurlike opdragte tot opbouing van die liggaam van Christus en die uitbreiding van die Koninkryk van God.

55.2 Hierdie dienswerk van die gelowiges kan ongeorganiseer en spontaan geskied, maar behoort ook ter wille van die groter krag en doeltreffender funksionering daarvan kerklik georganiseer te word. Sodanige organisasie moet egter altyd geskied met toepaslike verantwoording aan die Kerkraad, Ring en Sinode.

55.3 Die Kerk het die onvervreembare reg om sy eie lidmate vir bepaalde werksaamhede te organiseer deur die Kerkraad, Ring óf Sinode óf te laat organiseer deur organisasies wat van die Kerk daartoe opdrag gekry het.

Hieruit word die volgende gevolgtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is.

- Die dienswerk van die gemeente is ten tye van die tughandeling uiters noodsaaklik. Dit kan op ongeorganiseerde en spontane wyse geskied, of deur 'n georganiseerde aksie onder leiding van die Kerkraad of breër kerklike verband. Lidmate het 'n verantwoordelikheid tot basiese onderlinge sorg teenoor die predikant, sy gesin en al die ander betrokkenes.

1.2.1.5. Hoofstuk 5: Kerklike opsig en tug

Die Kerklike opsig en tug word afsonderlik bespreek en daar sal hier slegs verwys word na die kennis wat nodig is, wat hierdie orde reëlins betref, om die tughandeling van predikante te kan begryp. Artikel 59-66 word onder die tughandeling as 'n drieledige proses breedvoerig beskryf.

1.2.1.6. Gevolgtrekking

Die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk word gereël deur Die Kerkorde van die N.G. Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel deur die Sinode in 2007. Die artikels wat die tughandeling beskryf, staan egter nie los van ander reglemente, riglyne en besluite soos wat deur die kerk aanvaar is nie. Artikel 59-66 kan dus alleen binne die verband van die ander artikels, reglemente, bepalinge en besluite wat betrekking het op predikante, vertolk en verstaan word.

Hierdie saaklike oorsig en verwysing na Die Kerkorde (2007), dien dus die doel om aan te toon dat sekere kerklike liggame van die geloofsgemeenskap in die N.G. Kerk getaak is om direk betrokke te wees by die

- opleiding en toelating van predikante tot die bediening
- bestuur van diensverhoudings tussen predikante en die Kerkraad/gemeente
- toepassing van die kerklike tug en die tugmaatreëls
- die arbeidstaak van die kerk waaronder die herderlike sorg, gemeentebediening en die dienswerk van die gelowiges.

Hierdie sake kom almal onder die loep gedurende die ondersoek na die kerk se betrokkenheid by predikante tydens die tughandeling, en die pastorale begeleiding wat aan predikante verskuldig is ook wat betref hulle beleving en verwerking van sekere emosies. Die gevolgtrekkings wat gemaak is deur die loop van die bespreking, sal later in Hoofstuk 5 benut word wanneer die empiriese ondersoek en die teoretiese modelle met mekaar in verband gebring word.

1.2.2. Literatuurverkenning met verwysing na “Hoofstuk 5: Kerklike Opsig en Tug (Artikel 59-66) van die Nederduitse Gereformeerde Kerk”

Die ondersoek na bestaande literatuur het duidelik getoon dat daar ‘n groot leemte bestaan ten opsigte van wetenskaplike besinning oor dié onderwerp naamlik die tughandeling teen predikante van die N.G. Kerk en die pastorale begeleiding van die gevoelsbeleving van skuld en skande. As tweede faset van die behoeftebepaling is gevind dat die werk van Suid-Afrikaanse skrywers oor die tughandeling, gerig is op of die kerkregtelike aspekte daarvan, of op tug soos van toepassing op lidmate. Die volgende word as voorbeelde genoem.

- Smuts (1962) het ‘n kort handleiding saamgestel vir Kommissies en Kerkrade met betrekking tot die toepassing van die tug.
- Sadler (1979) se studie wys op vele leemtes wat bestaan in die toepassing van die tughandeling en bespreek kerkregtelike aspekte daarvan.
- Visser (1982) het ‘n kerkregtelike en kubernetiese studie oor die tug van ampsdraers afgehandel.
- Ondersoeke en publikasies deur navorsers binne die familie van Gereformeerde Kerke het geen vrugte afgewerp ten opsigte van die navorsingstema nie. F.A.H. van Staden het vanuit die Afrikaanse Protestantse Kerk ‘n Beknopte Handleiding vir Kerklike Tug (1996) saamgestel. Dit is egter slegs ‘n prosedure handleiding wat groot ooreenstemming toon met die Kerkorde van die N.G. Kerk.
- Tydskrifartikels met moontlike raakpunte is gesoek, maar geen bronne kon gevind word wat die studietema verder ondersoek nie.
- Verder is ook die Handelinge van die Algemene Sinode en die werksaamhede van die toepaslike kommissies sonder sukses nagelees.
- Die amptelike kerkblad, Die Kerkbode is ook geraadpleeg, maar geen materiaal is gevind nie.
- Wanneer Barnard (1994:10-22) probleemvelde van ampsdraers wat pastorale sorg noodsaak beskryf, word daar nie een keer verwys na die krisis van die tughandeling in die lewe van predikante nie.
- Die proefskrif van Cooke (2007) lewer waardevolle insig in die pastorale versorging van predikante deur die benutting van die pastor pastorum. Daar is egter net verwysing na die tughandeling en die verskillende persone betrokke.

1.2.2.1. Gevolgtrekking

Alles dui daarop dat die tughandeling van predikante met spesifieke verwysing na die pastorale begeleiding en die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande, nie in die literatuur wat oor die wel en weë van die N.G. Kerk handel, aandag geniet het nie. Die veld is braak en vereis dat nuwe insigte ten opsigte van die onderwerp die bestaande leemtes sal aanspreek. Deurgaans was dit opmerklik dat die tema van die emosionele aspekte van die beleving van die tughandeling nie in artikels van teologiese publikasies aandag geniet nie.

Hieruit word die volgende gevogtrekking gemaak wat vir die studietema ter sake is. ‘n Leemte bestaan in die huidige teoretiese besinning wat betref die pastorale begeleiding en emosionele verwerking van skuld en skande wat predikante van die N.G. Kerk tydens die tughandeling ondervind. Hierdie studie onderneem om ook die pastorale begeleiding van predikante te ondersoek en moontlike leemtes deur wetenskaplike studie te beskryf.

1.2.3. Omvang van die behoefte van die tughandeling

Die derde aspek wat ondersoek word om die behoefte van die navorsingstema te bepaal, is ‘n bespreking van die omvang van die tughandeling van predikante binne die N.G.Kerk. Dit is geen geringe taak, om enigsins ‘n aanduiding te kry, van die omvang van die tughandeling teen predikante binne die N.G. Kerk nie. Vanweë verskeie remmende faktore is die inligting moeilik bekombaar. Die volgende probleme duik op.

- Die kerk het geen sentrale datastelsel wat inligting oor die tughandeling bevat nie.
- Sommige predikante “omseil” tugverhore deur bedanking. Die werklike statistiek word daardeur beïnvloed.
- Sommige Ringe pas in ooreenkoms met die predikant, Artikel 12.7.3 (Die Kerkorde, 2007:7) toe, om sodoende die onaangename taak en gevolge van die tughandeling te omseil.
- Kerkliggame soos Kerkrade en Ringe is nie altyd daarop gesteld om dokumentasie na die argief te versend vir veilige bewaring nie. Die dokumentasie is nie beskikbaar vir ondersoek nie.

- Daar is geen datastelsel wat alle aansoeke van persone wat onsuksesvol by hul plaaslike Kerkraad en Ring aansoek gedoen het om die proses vir herstel van ampsbevoegdheid weer te gee nie.
- Die drie Kuratoria het slegs inligting wat verband hou met aansoeke vir die aflê van 'n colloquium doctum. Persone wat 'n colloquium doctum aflê, is nie noodwendig deur die tughandeling geraak nie of het die tug omseil soos voorheen genoem.

Die omvang van die tughandeling van predikante kan slegs gedeeltelik gevind word deur die raadpleging van die volgende bronne.

- Die Register vir legitimasie van die Kuratoria van die N.G. Kerk. Daar is drie sentra vir die werksaamhede, naamlik Pretoria, Bloemfontein en Stellenbosch. Hierdie bron identifiseer alle persone wat vir die eerste keer of na 'n colloquium doctum gelegitimeer is. Predikante wat die hele proses van die tughandeling deurloop het, sal onder hierdie gelegitimeerdes wees.
- Berigging in die Kerkbode. "Die skriba van die Algemene Taakspan Regte gee in die amptelike blad van die N.G. Kerk kennis van elke persoon wat ophou om predikant of proponent te wees." (Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente. Die Kerkorde 2007:59). Soos gemeld, kan hierdie gevalle soms 'n bedanking wees maar eintlik sou dit 'n tugverhoor wees indien die predikant nie die weg van bedanking gekies het nie.
- Persoonlike gesprekke met predikante en ander persone wat op een of ander wyse betrokke was by die tughandeling (indien hulle besonderhede beskikbaar /kenbaar is).
- Kerklike kommissies soos Kerkrade, Ringe, Moderature en Sinodale Kommissies kan inligting besit, maar dit is nie gereedelik beskikbaar nie (Die Kerkorde, 2007:43,45).
- Nuusberigte in sekulêre dagblaaie berig meestal oor "sensasionele sondes" van predikante en vergestalt daarom slegs 'n klein deel van die ware statistiek.
- ATABID. Die N.G. Kerk Argief & Bestuursinligtingsdienste.
- Die Jaarboek van die N.G. Kerk lys alle predikante wat die bediening verlaat het, maar spesifiseer nie die redes vir diensverlating nie.

Alle in aggenome, is die werklike omvang van die tughandeling ietwat onseker omdat inligting moeilik bekombaar en ontoeganklik is. Dit het wel met die voorlopige gesprekke en later met die onderhoude geblyk dat die omvang van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk meer omvangryk is as wat algemeen bekend is.

1.2.3.1. Verlening van ampsbevoegdheid binne die N.G. Kerk te Pretoria vir die tydperk (1981-2008).

‘n Vergelykende studie is gedoen om die omvang van die tughandeling enigsins te verken. Die aantal persone wat deur die Kuratorium te Pretoria gelegitimeer is, is ondersoek. Die register wat onderteken word tydens legitimasie is bestudeer en daarna is met dr. P.R. du Toit ‘n gesprek gevoer. Dr. Du Toit is Predikant vir Teologiese Opleiding by die Kuratorium te Pretoria.

Hierdie register bevat die volgende inligting.

- Alle persone wat vir die eerste keer te Pretoria in die N.G. Kerk gelegitimeer is, gedurende die tydperk 1981-2008, na voltooiing van die voorgeskrewe akademiese studies en nakoming van sekere vereistes.
- Dit sluit ook diegene in wat ‘n colloquium doctum afgelê en weer deur die Algemene Taakspan Regte toegelaat is tot die bediening.

Die keuse om die statistiek van die Kuratorium te Pretoria te ondersoek, is tweeledig.

- Eerstens is dit die Kuratorium wat aan die Universiteit van Pretoria verbind is deur die teologiese studie wat studente daar onderneem en waarvan hierdie studie in Praktiese Teologie ook deel is.
- Tweedens was dit om koste en toeganklikheidsredes moontlik om die register persoonlik te ondersoek.

Die probleem is natuurlik dat hierdie syfers nie onderskei tussen persone wat na die toepassing van die tughandeling weer in die herstelproses opgeneem is en die wat om ander redes weer ampsbevoegdheid verkry nie. Die gegewens is verder ook net vir die Kuratorium van Pretoria en sluit die ander twee sentra naamlik Bloemfontein en Stellenbosch uit. Nietemin is dit wel ‘n aanduiding van hoeveel predikante by die een

Kuratorium hertoegelaat is tot die bediening. Hierdie getal wat na colloquium doctum toegelaat is, moet die volgende insluit:

- persone wat die lang proses van die tughandeling deurgemaak en weer toegelaat is tot die bediening.
- persone wat die tughandeling omseil het deur bedanking en dan later weer toelating gevra en verkry het.

Dit sal dan enigsins 'n aanduiding wees van die omvang van die behoefte. Die register wat ondersoek is, het gegewens vir die tydperk 1981-2008 aangedui en word hier verder ontleed.

Tabel 1 vergelyk die volgende gegewens.


- Manlik teenoor vroulike persone gelegitimeer na die suksesvolle afhandeling van teologiese studies en die nakoming van ander vereistes.
- Manlik teenoor vroulike persone gelegitimeer na 'n colloquium doctum.

Tabel 1.


Aantal persone gelegitimeer in die N.G. Kerk te Pretoria gedurende die tydperk 1981-2008.

Jaartal	Groep 1 Manlike persone gelegitimeer na afhandeling van teologiese studies en ander vereistes	Groep 2 Vroulike persone gelegitimeer na afhandeling van teologiese studies en ander vereistes	Groep 3 Manlike persone gelegitimeer na colloquium doctum	Groep 4 Vroulike persone gelegitimeer na colloquium doctum	Totaal
1981	90	0	0	0	90
1982	94	0	0	0	94
1983	48	0	0	0	48
1984	69	0	0	0	69
1985	49	0	0	0	49
1986	50	0	2	0	52
1987	34	0	3	0	37
1988	87	0	1	0	88
1989	43	0	3	0	46
1990	54	4	3	0	61
1991	56	7	16	0	79
1992	45	2	2	0	49
1993	28	3	4	0	35
1994	27	2	3	0	32
1995	22	3	3	0	28
1996	38	4	6	0	48
1997	14	8	2	0	24
1998	21	2	1	0	24
1999	8	0	4	0	12
2000	12	4	2	0	18
2001	13	2	2	2	19
2002	12	1	3	0	16
2003	9	1	4	0	14
2004	5	1	1	1	8
2005	11	6	2	1	20
2006	5	4	2	0	11
2007	12	3	6	0	21
2008	7	8	6	2	23
Totaal	963	65	81	6	1115


Grafiek 1. Grafiese voorstelling van gegewens van Groep 1 en 2 (manlike teenoor vroulike gelegitimeerdes) soos in Tabel 1 opgeneem.



Grafiek 2. Grafiese voorstelling van gegewens van Groep 3 en 4 (manlike teenoor vroulike gelegitimeerdes na colloquium doctum) soos in Tabel 1 opgeneem.



Grafiek 3.
Vergelykende
voorstelling
van die
verhouding
van Groep
1,2,3 en 4



Hierdie ondersoek na persone wat te Pretoria binne die N.G. Kerk ampsbevoegdheid verkry het, het dus die volgende gegewens opgelewer.

- Altesaam 1115 persone is gedurende die tydperk 1981-2008 (27 jaar) by die Kuratorium te Pretoria gelegitimeer.
- 1028 mans en vroue is na afhandeling van hul teologiese studies en die nakoming van ander vereistes vir die eerste keer gelegitimeer. Dit verteenwoordig 92,2% van al die gelegitimeerdes in hierdie tyd.
- 87 persone is na die suksesvolle aflegging van 'n colloquium doctum gelegitimeer. Dit verteenwoordig 7,8% van al die gelegitimeerdes.
- Gedurende die tydperk (1990-2008) is 'n totaal 471 mans en 71 vroue gelegitimeer. Daarvan was 72 mans en 6 vroue na colloquium doctum gelegitimeer. Dit verteenwoordig onderskeidelik 15,3% van die mans en 8,5% van die vroue wat gelegitimeer is.
- In die verhouding manlike gelegitimeerdes is 8,4% na colloquium doctum toegelaat tot die bediening.

- In die verhouding vroulike gelegitimeerdes is 7,4% na colloquium doctum toegelaat tot die bediening.

Wanneer hierdie gegewens bestudeer word, is dit nodig om die volgende in gedagte te hou.

- Volgens die register is geen persone gelegitimeer na 'n colloquium doctum vir die tydperk 1981-1985 nie. Dit is hoogs onwaarskynlik dat daar geen gevalle van dié aard was nie en moontlik is dit net nie afsonderlik aangetoon nie.
- Vroue het vanaf 1990 toelating tot die bediening verkry en daarom reflekteer dit vanaf dié datum op die tabel.
- Die jaartal 1991 toon 'n buitengewone hoë getal manlike toelatings na colloquium doctum. Die rede hiervoor kan gevind word in die Algemene Sinode se besluit vir die goedkeuring van die Tentmakerbediening.
- In gesprek met dr. P.R. du Toit (2009) is bevestig dat geen een van die vroulike gelegitimeerdes as gevolg van 'n tughandeling aansoek gedoen het om die aflê van 'n colloquium doctum nie.
- Dit is duidelik dat daar vanaf 1991 – 2008 'n afname in die getal manlike gelegitimeerdes by die Kuratorium van Pretoria was. Vir vroulike gelegitimeerdes was daar nooit meer as 'n enkelsyfer vir die tydperk 1990 – 2008 nie.
- Teenoor die eerste groep manlike gelegitimeerdes wat 'n afname toon oor die jare, toon die wat na colloquium doctum gelegitimeer is, vanaf 2002 verhoudingsgewys 'n toename oor dieselfde tydperk. Dit is weliswaar ook 'n wesenlike toename naamlik van 40 tot 85,7%. Vergelyk tabel 2 op die volgende bladsy.

Tabel 2
Manlike persone gelegitimeer te Pretoria gedurende 1981-2008.

Jaartal	Groep 1 Manlik persone gelegitimeer na teologiese studies en nakoming van verdure vereistes	Groep 2 Manlike persone gelegitimeer na colloquium doctum	Verhouding van gelegitimeerdes na colloquium doctum (Groep 3) teenoor Groep 1
1981	90	0	0%
1982	94	0	0%
1983	48	0	0%
1984	69	0	0%
1985	49	0	0%
1986	50	2	4%
1987	34	3	8,8%
1988	87	1	4,6%
1989	43	3	7%
1990	54	3	5,6%
1991	56	16	28,6%
1992	45	2	4,4%
1993	28	4	14,3%
1994	27	3	11,1%
1995	22	3	13,6%
1996	38	6	15,8%
1997	14	2	14,3%
1998	21	1	4,8%
1999	8	4	50%
2000	12	2	16,7%
2001	13	2	15,4%
2002	12	3	25%
2003	9	4	44,4%
2004	5	1	20%
2005	11	2	18,2%
2006	5	2	40%
2007	12	6	50%
2008	7	6	85,7%
Totaal	963	81	-

1.2.3.2. Gevolgtrekking

Die gevolgtrekking is dus dat daar 'n beduidende aantal persone na afhandeling van 'n colloquium doctum toegelaat is tot die bediening binne die N.G. Kerk te Pretoria in die tydperk 1981-2008. Hierdie syfer sal ook deur die toelatings te Bloemfontein en

Stellenbosch vergroot word. Daarmee kom ek tot die slotsom dat die tughandeling 'n beduidende aantal predikante raak, en dat dit dringend nodig geword het om dié saak verder te ondersoek.

1.2.4. Die kerklike tughandeling as proses (Artikel 59-66)

Die vierde aspek ter bespreking van die behoeftebepaling van die studietema kom nou ter sprake. Sadler (1979:2) wys daarop dat daar nie van die tughandeling in die enkelvoud gepraat kan word nie. Hy skryf dat die tughandeling uit 'n reeks handelinge bestaan wat oor 'n tydperk van jare kan strek. Elkeen van hierdie handelinge kan ook weer in verskillende kleiner stappe verdeel word. Die tughandeling is dus 'n reeks samehangende gebeurtenisse. In hierdie studie word gebruik gemaak van die begrip “proses”, om die reeks van groter en kleiner handelinge te beskryf. Dit dui ook op die ontwikkelingsgang en verloop van die tughandeling.

Om hierdie meervoudige proses van die kerklike tughandeling te skematiseer, is 'n drieledige indeling gemaak. Dit bied geleentheid om die impak van die tughandeling dieper te verken, veral soos dit in die kleiner prosesse en stappe moontlik direk verband hou met die gevoelsbeleving by predikante ten opsigte van skuld en skande. Die aard van die kerklike pastoraat tydens hierdie prosesse kan ook so deeglik verken word.

Wanneer die leser hierdie uiters ingewikkelde proses beter verstaan, sal dit 'n verstaansraamwerk skep vir begrip ten opsigte van die emosionele trauma wat predikante tydens die tughandeling kan beleef. Dit sal ook nuwe perspektiewe open op die taak van die kerk ten opsigte van die pastorale begeleiding aangesien dit komplekse en inter-dissiplinêre pastorale aksies veronderstel.

Die drie onderskeibare maar verbandhoudende prosesse word breedvoerig in Artikel 63-66 van Die Kerkorde (2007:25-30) beskryf.

- Die eerste proses begin met die aanmelding van 'n klag, gerug of verslag (Artikel 63.2) ten opsigte van 'n predikant. Hierdie aanmelding word voorlopig ondersoek (Artikel 63.3-63.8) en hanteer en lei tot die verwerping daarvan of dit gaan oor in 'n volledige tugondersoek (Artikel 63.8). Die eerste proses eindig met die toepassing van die tugmaatreëls en moontlikheid tot appèl (Artikel 64.5 en 65).

- Die tweede proses begin met die opheffing al dan nie van die toegepaste tugmaatreëls. Die spesifieke tugmaatreëls wat aanvanklik toegepas is, sal die afloop van die proses bepaal. Daar is uitgebreide bepalinge hieroor in Artikel 66.4 en die verantwoordelike vergaderings of kommissies tree dienooreenkomstig op.
- Derdens is daar die proses van herstel van ampsbevoegdheid en die moontlike terugkeer tot die bediening binne 'n gemeente. Artikel 66 (p.29-30) reël ook hierdie herstelproses. Die verkryging van ampsbevoegdheid en beroep na 'n gemeente sal die laaste deel van die uitgebreide proses insluit en afsluit.

Dit is belangrik om te beseef dat die tughandeling 'n proses is wat op 'n spesifieke tydstip in die amptelike beroepslewe van 'n bedienaar van die Woord plaasvind. Die tughandeling teen 'n predikant kan slegs betrekking hê indien sekere voorafgaande prosesse reeds voltooi en afgehandel is. Hierdie voorafgaande prosesse verseker toerekeningsvatbaarheid vir die toepassing van die tughandeling. Toerekeningsvatbaarheid word bepaal deur die volgende.

- Ten eerste is daar die toelatingsvereistes vir die bediening van die Woord in die N.G. Kerk wat reeds verwoord is. Die Reglement vir die Reëling van die Bevoegdheid van Predikante en Proponente (Die Kerkorde 2007:57-62) moet hiermee saamgelees word. Die tughandeling is alleen toepasbaar op persone wat binne die N.G. Kerk ampsbevoegdheid verkry het. Die Kerkorde (2007:57) beskryf die vereistes tot die verkryging van bevoegdheid.
 - ✓ Die innerlike roeping wat 'n persoon van die Here ontvang het.
 - ✓ Die teologiese opleiding wat volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop is.
 - ✓ Die persoon geskik bevind is om tot die bediening toegelaat te word nadat 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe gedoen is.
 - ✓ Die persoon gelegitimeer en beroepbaar gestel is.
 - ✓ 'n Beroep deur 'n gemeente of kerklike instansie ontvang is.
 - ✓ Die persoon in die amp bevestig is.

Dit beteken in konkrete terme, dat persone na ses jaar van akademiese, teologiese, praktiese vorming en keuring toestemming verkry om binne die kerk beroep te word na die verlening van ampsbevoegdheid. Elke persoon wat graag as predikant binne 'n gemeente

wil dien, moet hierdie pad loop. Nie almal wat ampsbevoegdheid verkry het, kan binne afsienbare tyd 'n beroep na 'n gemeente ontvang nie. Baie faktore dra hiertoe by, waaronder

- aanbod en aanvraag en
- die finansiële posisie van gemeentes.

Toelating tot die bediening verloop dus oor baie jare. Wanneer 'n proponent of predikant dan deur ondeurdagte of doelbewuste optrede, 'n tugwaardige sonde begaan, is hy toerekeningsvatbaar vir die kerklike tughandeling en die toepassing van die tugmaatreëls. Deur die prosesse van die tughandeling kan hy sy ampsbevoegdheid binne enkele maande verloor (Die Kerkorde, 2007:59). Die proses om herstel van ampsbevoegdheid het eweneens 'n lang verloop (Die Kerkorde, 2007:60-62).

Die tughandeling wat in hierdie studie as 'n reeks prosesse beskryf word, is nie ten opsigte van al die prosesse op alle getugde predikante van toepassing nie. Iemand wat slegs vir 'n vasgestelde tyd gekors word, kan na opheffing van die tugmaatreëls weer voortgaan met sy bediening maar 'n ander persoon wat sy ampsbevoegdheid verloor, sal na vele ander prosesse van die tughandeling weer (dalk nie) kan voortgaan.

Wat hier volg, is 'n uiteensetting van hierdie proses(se) van die kerklike tughandeling. Daarmee saam 'n bespreking daarvan, met die doel om lig te werp op die moontlike probleme wat huidiglik ervaar word. Die einddoel is om die studieonderwerp te ontgin.

1.2.4.1. Die eerste proses tydens die tughandeling (Artikels 63-65)

Artikel 59 (Die Kerkorde, 2007:24) bespreek die doel van die tughandeling. Daarmee saam ook die maatstawwe waaraan die tughandeling moet voldoen. Artikel 60 (Die Kerkorde, 2007:24) beskryf die eiesoortige aard van die kerklike tughandeling met Artikel 61 (Die Kerkorde, 2007:25) wat die klem op tugwaardige sondes plaas. Artikel 62 (Die Kerkorde, 2007:25) lys al die persone wat toerekeningsvatbaar is vir die tughandeling.

Hierna volg die eerste proses tydens die tughandeling en die beskrywing daarvan kan in Artikel 63-65 (p.25-29) van Die Kerkorde (2007:25-29) gevind word. Vergelyk die

skematiese uiteensetting op bladsy 59. Hierdie eerste proses kan verder verdeel word in kleiner prosesse. Alles het egter een gemeenskaplike doel naamlik dat al die betrokkenes sal weet of die aangeklaagde skuldig of onskuldig is en dat daar dienooreenkomstig opgetree is volgens die bepalings van die Kerkorde.

Die eerste proses is 'n kerkregtelike ondersoek om vas te stel of die predikant skuldig of onskuldig bevind kan word ten opsigte van die formele klag wat uiteindelik geformuleer is. Indien die predikant skuldig bevind word, word daar dan opgetree volgens die bepalings van die Kerkorde wat betref die spesifieke tugmaatreëls soos voorgeskryf. Fourie (1990:6) stel dit duidelik dat dit die enigste taak van die Ringskommissie is: "Die Ring moet slegs twee dinge doen: maak seker of die aangeklaagde skuldig of onskuldig is. Indien skuldig, pas die tugmaatreël toe wat paslik is." Predikante het die reg tot appèl en kan hul beroep op hoër kerklike liggame om die proses se besluite te kondoneer of af te wys.

Proses 1A Aanmelding en aanvanklike hantering van 'n klag, gerug of verslag. Artikel 63.2-63.3 is van toepassing (Die Kerkorde, 2007:26).

Volgens Die Kerkorde (2007:26) begin die amptelike ondersoek met die aanmelding van 'n klag of nadelige gerug of 'n verslag aan die Kerkraad wat voortvloei uit amptelike werksaamhede wat ter tafel gelê word (Artikel 63.2.1-63.1.3). Voorskrifte vir die aanvanklike hantering van die klag, gerug of verslag is baie duidelik wat ter tafel gelê word en wat voor die Kerkraad moet dien (Die Kerkorde, 2007:26; Artikel 63.3). Voorskrifte vir die aanvanklike hantering van die klag, gerug of verslag (Artikel 63.3) is duidelik en realiseer verskillende uitkomst.

Daar moet besluit word of daar moontlike gronde bestaan waarvolgens die klag, gerug of verslag sal dien as aanklag teen die predikant vir enige tugwaardige sonde in leer en lewe. 'n Voorlopige hantering hiervan is te vind in Artikel 63.3.1.2. (Die Kerkorde, 2007:26).

Proses 1B Die opskrifstelling en besorging van 'n klag, gerug of verslag. Artikel 63.4-63.5 is van toepassing (Die Kerkorde, 2007:26-27).

Tweedens sal die klag, gerug of verslag in 'n formele, amptelike klagstaat volgens Artikel 63.3.1.6 omskep word indien moontlike gronde vir verdere ondersoek gevind is na die

aanvanklike hantering. Na 'n voorlopige hantering waarin bevind word dat daar nie voldoende substans is wat moet dien tot verdere ondersoek nie, sal daar laastens van die klag, gerug of verslag bloot kennis geneem word. Alle partye sal dan ook sodanig in kennis gestel word. Indien daar besluit word om die klag, gerug of verslag verder te ondersoek, sal 'n volledige tugondersoek volg met bevindinge wat daaruit voortvloei (Artikel 63.8).

Proses 1C Stuiting en 'n voorlopige ondersoek. Artikel 63.6-63.3 is van toepassing (Die Kerkorde,2007:27).

By beweerde ergerlike wangedrag deur 'n predikant, mag die ondersoekliggaam die betrokkene in die diens stuit volgens Die Kerkorde (2007:27), soos beskryf in Artikel 63.6.1. Talle vereistes word gestel rondom die uitvoering van hierdie aksie soos in Artikel 63.6.1-63.6.3 in Die Kerkorde (2007:27) beskryf. Die doel daarmee sou die beskerming van die gemeente en/of individu(e) wees wat by die saak betrokke is. Stuiting het betrekking op die verhinderings van die predikant om sy werksaamhede voort te sit.

Die ondersoekliggaam het die reg om 'n voorlopige ondersoek te loods wat vir die tugondersoek feitlike inliging sou kon voorsien. Die vereistes hiervoor word in Die Kerkorde (2007:27) gevind as Artikel 63.6.1-63.6.3.

Proses 1D Die tugondersoek. Artikel 63.8.1-63.8.10 is van toepassing (Die Kerkorde,2007:27-28).

Wanneer die ondersoekliggaam 'n tugverhoor reël, is dit om die betrokke partye, klaer(s) en aangeklaagde(s), geleentheid te gee om hulle saak te stel (Artikel 63.8.3). Die Kerkorde (2007:27-28) laat geen onduidelikheid oor die verloop en vereistes van hierdie ondersoek nie. Ten afloop van die ondersoek word die bevinding en besluite tot tugmaatreëls skriftelik en met opgaaf van redes aan die betrokkenes voorgehou (Artikel 63.8.9).

Proses 1E Tugmaatreëls. Artikel 64.5.1-64.5.4.3 is van toepassing (Die Kerkorde,2007:29).

Teen 'n predikant wat skuldig bevind word, sal daar dan volgens die voorskrifte vir die

toepassing van die tugmaatreëls (Artikel 64.5) opgetree word. Die verskillende tugmaatreëls word weereens deur Die Kerkorde (2007:29) gereël. Die volgende maatreëls kan met skuldigbevinding toegepas word.

- Artikel 64.5.1: 'n Bestraffing in 'n privaatgesprek of ter vergadering van die ondersoekliggaam.
- Artikel 64.5.2 Skorsing vir 'n vasgestelde tydperk met een of meer van die volgende maatreëls.
 - Artikel 64.5.2.1: Opskorting van lidmaatsregte.
 - Artikel 64.5.2.2: Onthouding van die sakramente.
 - Artikel 64.5.2.3: Gedeeltelike of volle weerhouding van lewensonderhoud en toelaes.
- Artikel 64.5.3: Indien die ondersoekliggaam nie oortuig is van die egtheid van die berou nie, kan hierdie skorsing verleng word.
- Artikel 64.5.4: Ontslag met een of meer van die maatreëls: opskorting van lidmaatsregte en/of onthouding van die sakramente.
 - Ontslag kan wees - Artikel 64.5.4.1: Ontslag uit die diens van die gemeente of uit die diens van die kerkverband.
 - Artikel 64.5.4.2: Ontslag uit die diens van die gemeente of uit die diens van die kerkverband met die aanbeveling aan die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde kommissie dat die betrokke leraar se ampsbevoegdheid opgeskort word.
 - Artikel 64.5.4.3: Ontslag uit die diens van die gemeente of uit die diens van die kerkverband met die aanbeveling dat die Algemene Sinode of sy gevolmagtigde kommissie die leraar se ampsbevoegdheid beëindig wat die nietigverklaring van die Akte van Legitimasie insluit.

Proses F Die reg tot appèl. Artikel 65.1-65.3 (Die Kerkorde, 2007:29) is van toepassing.

Die Artikel wat die reg tot appèl beskryf, moet saam met Artikel 23 gelees word (Die Kerkbode, 2007:12-14). Hierna kan die predikant dan sy reg tot appèl (Artikel 65) gebruik om hom na hoër kerklike instansies te wend om die saak weer onder die soeklig te plaas. Die uitspraak van hierdie liggame is finaal.

Met hierdie bespreking is die eerste proses van die tughandeling nou afgehandel.

- Die aanmelding en aanvanklike hantering van die klag is hanteer.
- Die klag, gerug of verslag is as klagstaat gefinaliseer en aan die betrokkenes besorg.
- Indien nodig is die predikant gestuit en 'n voorlopige ondersoek onderneem.
- Die amptelike ondersoek is afgehandel.
- Tugmaatreëls is toegepas.
- Verlof tot appèl is benut indien as gewens beskou.
- Die doel van die proses is bereik naamlik om vas te stel of die aangeklaagde skuldig of onskuldig is betreffende die klag, gerug of verslag en om dienoooreenkomstig volgens die bepalings van die Kerkorde op te tree deur die tugmaatreëls toe te pas.


Daar is 'n hele aantal vrae wat oor die eerste proses van die tughandeling gestel kan word.

- Hoe het die tughandeling verloop en wat is die gevolge? Hier word gedink aan die gevolge van hierdie proses vir die predikant as persoon en sy emosionele beleving daarvan, sowel as die impak daarvan op die breë geloofsgemeenskap.
- Is die doel van die tughandeling bereik indien die proses tot 'n slotsom kom rondom die skuld of onskuld van die predikant?
- Het die proses volgens die Kerkordelike bepalings verloop?
- Het die proses volgens Artikel 60.1 (Die Kerkorde, 2007:24) 'n geestelike karakter gedra en het dit gepas by die kerk as 'n geloofs- en 'n liefdesgemeenskap?
- Is die proses op 'n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen?
- Het die eis volgens die Kerkorde (2007:24) se bepalings in Artikel 60.3 dat amptelike, kerklike tug pastoraal-kerkregtelik van aard is en uit 'n Bybelse en geestelike oogpunt billik en regverdig toegepas moet word, tydens hierdie proses gerealiseer?
- Is alles moontlik gedoen om die proses eers deur herderlike sorg, versoeningsaksie of die hantering daarvan as 'n geskil op te los? Hierdie eis word duidelik geformuleer volgens Artikel 60.3.1.3 (Die Kerkorde, 2007:26).
- Het die Ring toegesien dat die gemeentebediening tydens hierdie uitgebreide proses nie skade ly nie? Met ander woorde: is die proses so bestuur dat dit die minimum

geestelike en emosionele ontwrigting veroorsaak en ook wat die bediening betref sinvolle voortgang verseker? (Die Kerkorde, 2007:29).

Die empiriese ondersoek sal die antwoorde op hierdie vrae eis en daarvan verslag lewer.

Skema 1: Skematiese voorstelling van die eerste proses van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk (Artikel 63-65). Die ondersoek na tugwaardige sondes en wangedrag en die toepassing van tugmaatreëls.



1.2.4.2. Die tweede proses tydens die tughandeling (Artikel 66)

Die tweede groot proses tydens die tughandeling word vervolgens in Die Kerkorde (2007:29-30) deur Artikel 66 gereël. Dit bevat al die informasie vir die opheffing van die tugmaatreëls soos toegepas tydens die eerste proses, nadat die predikant tydens die tugondersoek skuldig bevind is. Vergelyk die skema op bladsy 64.

Die oorhoofse doel van hierdie proses sou beskryf kon word as die vasstelling van die nodige positiewe effek wat bereik is, deur die tugmaatreëls soos gerealiseer in die lewe van die predikant. Daar is met ander woorde 'n vasstelling van die tekens van voldoende berou en inkeer by die getugde tydens die tweede proses. Die opheffing van die tugmaatreëls vind volgens die voorskrifte van Die Kerkorde plaas en bestaan weereens uit 'n aantal kleiner prosesse. Tydens die tweede proses moet die bepaalde tugmaatreëls wat toegepas is tydens die eerste proses in aggeneem word aangesien dit die tweede proses direk raak.

Proses 2A Vasstelling van die egtheid van berou. Artikel 66.4.1 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

Die tweede deel van die prosesse van die tughandeling van predikante binne die N.G. Kerk word begin deur die nakoming van Artikel 66.4.1 (Die Kerkorde, 2007:30). As die Ring of sy gevolmagtigde kommissie as ondersoekliggaam oortuig is van die egtheid van berou, word die sensuur en skorsing as tugmaatreëls opgehef met verslag aan die Algemene Taakspan Regte.

Die opheffing van die tugmaatreëls begin deurdat 'n ondersoekliggaam wat volgens Die Kerkorde bepaal word homself moet vergewis van die berou en inkeer van die getugde. Die proses het soos die eerste proses ook verskillende moontlike uitkomstes. Die doel bly egter om die egtheid van inkeer en berou vas te stel en om die predikant weer beskikbaar te stel vir die bediening.

Proses 2B Opskorting van tydelike sensuur en skorsing en hertoelating tot die bediening. Artikel 66.4.1 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

In die tweede plek kan die sensuur en/of skorsing opgehef word en met verslag aan die

Algemene Regskommissie kan die predikant met sy werksaamhede voortgaan. In hierdie geval het die tugmaatreël net tydelike opskorting van die predikant se ampsbevoegdheid beteken. Na die opheffing van die maatreël is dit herstel.

Proses 2C Herhaling van die vorige prosesse. Artikel 66.4.1 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

Hierdie proses is 'n moontlike proses, en ontstaan wanneer die Ring of gevolmagtigde kommissie nie oortuig is dat die toepassing van die tugmaatreëls suksesvol was nie. Hier kan die tweede proses tot 'n doodloopstraat lei indien die ondersoekliggaam sou bevind dat die predikant nie voldoende bewys kan lewer van berou en inkeer ten opsigte van die aanvanklike openbare sonde waarvoor hy getug is nie. Verdere tugmaatreëls kan gevolg en toegepas word en die proses word weereens herhaal. Uit die aard van die saak is die bedoeling nie om hierdie sikliese gang tot ad infinitum te herhaal nie. Die verbreking van die negatiewe spiraal word beoog. Daarom stel Die Kerkorde dit duidelik dat ter wille van die bediening in die gemeente, die skorsing nie onbepaald moet voortduur nie. Ringe moet toesien dat die gemeentebediening nie skade ly nie (Die Kerkorde, 2007,29).

Proses 2D Herstel van ampsbevoegdheid na toepassing van ontslag as tugmaatreël. Artikel 66.4.2-66.4.3 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

By ontslag volgens Artikel 64.5.4.2 moet die Ring of sy gevolmagtigde kommissie, as ondersoekliggaam, die sensuur ophef voor die Algemene Taakspan Regte die ampsbevoegdheid kan herstel. Volgens Artikel 66.4.3 kan herstel in diens van die gemeente alleen deur 'n beroep geskied of na 'n suksesvolle appèl teen die ontslag-tugmaatreëls genoem in Artikel 64.5.4.1 - 64.5.4.3. In hierdie geval het die predikant sy bevoegdheid verloor om in 'n gemeente te werk omdat hy uit diens ontslaan is, waar hy voorheen in die gemeente gewerk het. Sy ampsbevoegdheid was egter net tydelik opgeskort. Na die kommissie bevind het dat die predikant voldoende deur die tugmaatreël hervorm is, kan sy ampsbevoegdheid herstel word en kan hy weer aansoek doen om onder andere as gemeentepredikant te kan werk. Hy moet egter weer beroep word.

Proses 2E Herstel van ampsbevoegdheid na colloquium doctum. Artikel 66.4.4 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

Dit is die taak van die Ring of ondersoekliggaam om 'n predikant wat alle ampsbevoegdheid verloor het se leer en lewe te ondersoek en om 'n aanbeveling te maak tot moontlike herstel daarvan. Die Ring lewer volledige verslag aan die Ringsvergadering wat besluit oor die aanbeveling om hertoelating. Hierna word die persoon se saak na die Sinode verwys (of die Sinodale Kommissie), en word daar na goedkeuring 'n toestemming tot die aflê van 'n akademiese eksamen verkry. Indien die kandidaat die colloquium doctum slaag, word die Algemene Taakspan Regte getaak om die legitimasie te voltrek, waarna ampsbevoegdheid weer aan die persoon verleen word. Hierdie persoon kan dan weer beroep word na 'n gemeente aangesien sy ampsbevoegdheid herstel is.

Met hierdie bespreking is die tweede proses van die tughandeling nou afgehandel.


- Die proses wil die positiewe effek van die toepassing van die tugmaatreëls (proses 1) bevestig.
- Verder beoog dit om die voortgang van die ampsbediening te verseker deur die hantering van die proses van die opheffing van tydelike sensuur, skorsing, ontslag en die verlies van ampsbevoegdheid.
- Proses 1 en 2 kan herhaal indien die eerste proses nie na wense verloop nie en die uitkomst onsuksesvol bereik is.
- Die doel van die tweede proses is met die voltooiing daarvan bereik naamlik om die uitkomst van proses 1 te evalueer en om die nodige regstellende aksies te neem vir die suksesvolle voorgang van die bediening van die Woord.

Sekere vrae kan na aanleiding van die tweede proses gevra word.

- Watter bewyse kan 'n predikant aanbied om te toon dat hy waarlik berou het oor die sonde of wangedrag waarvoor hy getug is?
- Het die Ring of gevolmagtigde kommissie enige objektiewe standarde of meetinstrument om te bepaal of die berou en inkeer opreg en eerlik bedoel word?
- Was daar enige kerklike betrokkenheid of begeleiding vir die predikant om te verseker dat die uitkomst van berou en inkeer bereik sal word?
- Raak predikante nie soms moedeloos met die uitgerekte proses sodat hulle maar uiteindelik hul bedanking indien nie, of deur die kerk gevra word om ander moontlikhede te ondersoek nie?

- Watter begeleiding is daar vir die predikant wanneer sy ampsbevoegdheid na tydelike opskorting herstel is, om suksesvol binne die gemeente voort te gaan met sy bediening?
- Wat is die volle impak wat die verlies van die bevoegdheid tot die bediening van die Woord op die predikant uitoefen?
- Kan die kerk nie ander weë vind om predikante se ampsbevoegdheid te beskerm sodat die proses van die colloquium doctum tot die minimum beperk kan word nie?

Skema 2: Skematiese voorstelling van die tweede proses van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk (Artikel 66). Die opheffing van die tugmaatreëls en die terugkeer tot die gemeente of kerklike bediening.



1.2.4.3. Die derde proses tydens die tughandeling (Artikel 66)

Na die eerste en tweede begin daar dan 'n derde en laaste proses wat ook in Artikel 66 beskryf word (Die Kerkorde, 2007:30) Soos by die ander twee prosesse is daar ook tydens die derde proses ander kleiner prosesse aanwesig. Vergelyk die skema op bladsy 68.

Die oorkoepelende doel vir hierdie proses word beskryf as herstel van ampsbevoegdheid en terugkeer tot diens in 'n/die gemeente. Weereens is dit belangrik om te onthou dat die tipe tugmaatreël wat in die eerste proses toegepas is en in die tweede proses opgehef is, hier in die derde proses die voortgang sal bepaal.

Proses 3A Herstel in diens van die gemeente. Artikel 66.4.3 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

Herstel in diens van die gemeente kan alleen deur 'n beroep geskied of na 'n suksesvolle appèl teen die ontslag-tugmaatreëls genoem in Artikel 64.5.4.1 - 64.5.4.3. So sal die predikant wat suksesvol appèlleer teen toegepaste tugmaatreëls dadelik in sy amp herstel word en kan hy voortgaan met sy bediening binne die gemeente.

Proses 3B Herstel in diens van 'n gemeente. Artikel 66.4.3 (Die Kerkorde,2007:30) is van toepassing.

Indien 'n predikant ontslaan is en tydelik of permanent van sy ampsbevoegdheid gestroop is, kan hy na die herstelproses soos beskryf in die tweede proses hierbo, slegs tot diens van byvoorbeeld 'n gemeente toetree nadat hy deur die gemeente beroep is (Artikel 66.4.3). Wanneer sy ampsbevoegdheid permanent ontnem is, kan hy alleen weer deur die moeisame pad soos in Proses 2E beskryf is, toetree tot die bediening.

Met hierdie bespreking is die derde proses van die tughandeling nou afgehandel.

- 'n Predikant word herstel tot sy vorige posisie naamlik om sy bediening voort te sit binne 'n gemeente of breë kerklike verband na beroeping of afhandeling van suksesvolle appèl.

- Die volledige, drieledige proses van die tughandeling word deurloop om weer tot die bediening toegelaat te word. Die eis van ‘n beroep wat ontvang moet word vir hertoetreding tot gemeentewerk, word hiervoor gestel.
- Die doel van die derde proses is bereik naamlik om binne ‘n gemeente die taak as bedienaar van die Woord te verrig na die toepassing van die tughandeling.

Vrae wat ter sprake kom na die bespreking van die derde proses is die volgende.


- Die weg van appèl voeg nog tyd by die proses van die tughandeling. Dit open ook die moontlik persepsie dat die predikant nie insiklik is met die verloop van die proses nie. Dit alles dra by tot die vergroting van die aanvanklike trauma. Hoe kan hierdie uiters stresvolle en verhoudingsnadelige situasie deur die predikant en die kerk hanteer word sodat die doel van die tug werklik behoue bly?
- Hoe kan die kerk, die geloofsgemeenskap en die predikant self ook, die weg na transformasie bewandel wat die verwerking en herstel van die tughandeling se gevolge betref?
- Hoe kan Kerkrade hulle vooroordeel besweer wanneer ‘n aansoek van ‘n voorheen getugde predikant, hulle tafel bereik vir die gemeentepos wat geadverteer word?

Enkele verdere opmerkings oor die derde proses van die tughandeling.

- Daar moet egter baie deeglik rekening gehou word met die krisis van die derde proses. Ek het reeds in die inleiding hiervan melding gemaak. Watter gemeentes is bereid om ‘n predikant met ‘n “negatiewe rekord” te beroep? Inteendeel, daar is ‘n geval waar ‘n gemeente 7 predikante se aansoeke nie eens oorweeg het nie omdat hulle geskeide persone was. Sewe van die elf aansoeke is summier eenkant geplaas omdat die predikante volgens Die Kerkorde (2007:30) skuldig bevind is aan “ergerlike sondes” (Artikel 66.4.5). “In die geval van ontneming van bevoegdheid deur die tughandeling as gevolg van ergerlike sondes soos owerspel, onsedelikheid, egskeiding, moord, meened, diefstal of na afsetting as gevolg van leerdwaling, mag toestemming tot legitimasie alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is, deur die ASM op aanbeveling van die ATR, verleen word.”

- Die herstel van ampsbevoegdheid hef nie die gevolge van die tughandeling op nie, want die klad op die naam en die bediening van die predikant is blywend. Vergete is die feit dat hulle almal die prys betaal het deur die tugmaatreëls wat toegepas is, en na jare se worsteling en stryd weer ampsbevoegdheid verkry het. Die skandvlek bly. Klaarblyklik vir altyd. Hierdie laaste proses is uiteindelik meer traumaties as die eerste twee prosesse. Uiteindelik kan die persoon weer beroepbaar wees, maar sonder beroep bly.
- Daar kan ten slotte die opmerking gemaak word dat die drieledige proses van die tughandeling 'n massiewe krisis en trauma vir al die betrokkenes veroorsaak. Met die fokus op die gevoelsbeleving van die predikant in hierdie studie sal die skuld- en skandgevoelens soos deur hulle beleef tydens elke proses in die positiewe en destruktiewe effek bestudeer word. Hopelik sal die teoretiese navorsing en empiriese werk inligting verskaf sodat 'n beter praktykteorie geformuleer kan word.

Skema 3: Skematiese voorstelling van die derde proses van die tughandeling van predikante van die N.G. Kerk (Artikel 64,66). Die herstel van ampsbevoegdheid en terugkeer tot die gemeente of kerklike bediening.



1.2.5. Gevolgtrekking

Enkele opmerkings oor die prosesse van die tughandeling soos dit in Die Kerkorde Artikel 64,66 beskryf word en diagrammaties uiteengesit is.

- Dit is sekerlik voor die handliggend dat die wyse waarop hierdie drie prosesse hanteer word 'n verskil kan maak nie alleen in elkeen van die prosesse nie maar in die uiteindelijke uitkoms. Die predikant, kommissie, gemeente en ander betrokkenes se hantering van die prosesse kan grootliks bydra tot destruktiewe gevoelsbelewings van skuld en skande.
- Hierdie prosesse verander 'n mens se lewe onherroeplik. Die kerk is verantwoordelik om hierdie prosesse te bestuur sodat die grootste voordeel daarin gevind kan word. Predikante en gemeentes moet saam hierdeur worstel op soek na die eer van God, die heil van die kerk en die behoud van die sondaar.

- Die teologie en praxis wat by elkeen van hierdie kleiner en groter prosesse ‘n rol speel, sal uiteindelik die kleiner en groter sukses en effektiwiteit van die tughandeling bepaal. Dit sal daarom vir die kerk nodig wees om elkeen van hierdie prosesse opnuut te verken en die rol te verreken wat elke proses speel.
- Die wyse waarop die menswaardigheid en die gevoelsbelewing van die betrokkenes – veral die predikant – deur die prosesse geraak word, is afhanklik van deursigtige, regverdige, empatiese en Goddelike liefdesoptrede.
- Elkeen van hierdie prosesse moet gefokus bly op die verhewe doel (Artikel 59) van die tughandeling en tot die berou en inkeer van die predikant lei en daarna tot die voortsetting van die bediening.
- Die prosesse behoort deure te wees wat lei tot nuwe insig in die self, geleentheid tot voller oorgawe aan God en beplanning vir ‘n heilige lewe in diens aan God en Sy gemeente. Die bediening behoort te kan voortgaan (verstaanbaar dat daar gevalle sal wees waar voortgang nie ‘n opsie kan wees nie) deur fasilitering van die genade van God.
- Die voorafgaande bespreking laat reeds baie ruimte vir indringende vrae. Van die antwoorde op hierdie vrae is voor die handliggend. Ander is nie so duidelik nie. Sommige vrae wek groot kommer oor die moontlike antwoorde wat daarop gegee kan word. Ander laat ‘n vonk van hoop. Mag die vonk ‘n vuur aansteek in die kerk. Die vuur van God se passie, wat sondaars Sy kinders maak.
- Dit is duidelik dat ‘n studie van sekere van hierdie probleemgebiede ‘n vrugbare navorsingsterrein bied met die verwagting dat dit ‘n positiewe bydrae kan lewer tot die huidige toepassing van die kerklike tughandeling.
- Dit kan dalk slegs ‘n taakgerigte kerkregtelike aksie word, waartydens die pastoraat agterweë gelaat word.

1.3. Navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp wat hieronder beskryf word, het ten doel om een aspek van die huidige komplekse tughandeling te ondersoek naamlik die innerlike gevoelsbelewing van die predikant tydens die tughandeling van die kerk met klem op skuld en skande en die kerk se versorgingstaak van predikante tydens die tughandeling.

Die navorsingsontwerp word vervolgens bespreek deur te verwys

- die doel van die studie
- die sentrale vraagstelling en voortvloeiende vrae
- afbakening van die studie
- en die navorsingsmetodologie.

Om hierdie sake te ondersoek, is die volgende vrae geformuleer.

- Vraag 1(e) Wat is die doelstelling van hierdie studie?
- Vraag 1(f) Wat is die sentrale vraagstelling en voortvloeiende vrae wat aan die studie gestel word?
- Vraag 1(g) Hoe word hierdie studie afgebaken?
- Vraag 1(h) Watter navorsingsmetodologie word gevolg?
- Vraag 1(i) Hoe verloop die navorsingsproses?

1.3.1. Doel en doelstelling

Vraag 1(e) is van toepassing. Wat is die doelstelling van hierdie studie? Na aanleiding van 'n deeglike bestudering van die voorafgaande wat betref kerklike dokumente, literatuur, databasisse en gesprekke met predikante kan die navorsingsbehoefte verwoord word in 'n aantal stellings.

- Stelling 1

Die kerklike tughandeling van predikante vereis deeglike besinning en wetenskaplike studie aangesien die emosionele beleving van predikante na aanleiding van die tughandeling nog nie ondersoek en beskryf is nie.

- Stelling 2

Die behoefte bestaan om die funksionering van die gevoelsbeleving van skuld en skande by predikante tydens die tughandeling teoreties en empiries te ondersoek indien die kerk tydens hierdie handeling ook pastoraal betrokke wil wees.

- Stelling 3

Die rol van die kerk in die pastorale begeleiding en herderlike sorg van predikante in die verwerking van die emosies van skuld en skande tydens die tughandeling moet nagevors en beskryf word. Daar is 'n groot behoefte en leemte in die huidige kennis en praktiese toepassing.

Die oogmerk en strewe (HAT,2005:170) van hierdie navorsing word hierna noukeurig beskryf sodat dit fokus en rigting bring aan die behoefte wat ondersoek word. Die doel van hierdie fenomenologiese studie, is om die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die kerklike tughandeling te beskryf, met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande.

Na aanleiding van dié doel is die doelstelling drieledig van aard.

- Doelstelling 1: Om die prosesse van die tughandeling en die gevoelsbeleving van skuld en skande by predikante te ondersoek en te beskryf.
- Doelstelling 2: Om die funksionering van die gevoelsbeleving van skuld en skande by predikante tydens die tughandeling teoreties en empiries te ondersoek en te beskryf.
- Doelstelling 3: Om die rol van die kerk in die pastorale begeleiding van predikante en die verwerking van die emosies van skuld en skande tydens die tughandeling te ondersoek en te beskryf.

1.3.2. Vraagstelling

Vraag 1(f) word bespreek. Wat is die sentrale vraagstelling en voortvloeiende vrae wat aan die studie gestel word? Creswell (2007:107) wys op die interverweefdheid van 'n navorsingsbehoefte, doelstelling en navorsingsvrae. Vir hierdie ondersoek word die drie duidelik onderskei maar ook geïntegreer. Na aanleiding van die voorafgaande behoefteverkenning en doelstelling onderneem ek om die sentrale navorsingsvraag en voortvloeiende vrae te ondersoek.

1.3.2.1. Die sentrale navorsingsvraag en voortvloeiende vrae

Die sentrale navorsingsvraag word as volg verwoord. Hoe kan die pastorale taak van die N.G. Kerk beskryf word ten opsigte van die begeleiding van predikante wat die kerklike tughandeling ondergaan, met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande?

Die voortvloeiende vrae ondersoek die sentrale vraag deur dit uit te bou na subtemas vir ondersoek. Hierdie vrae is reeds vroeg in die navorsingsbeskrywing genoem.

- Vraag 1A: Lewer die tughandeling ‘n bydrae tot die gevoelsbeleving van skuld en skande by predikante?
- Vraag 1B: Indien predikante tydens die tughandeling gevoelens van skuld en skande beleef, wat is die aard en funksie daarvan?
- Vraag 1C: Hoedanig is die pastorale begeleiding vir predikante wat tydens die tughandeling moontlike gevoelens van skuld en skande ervaar en hoe word hulle gehelp om dit te verwerk?

Elkeen van hierdie voortvloeiende vrae veronderstel weer ‘n aantal subvrae. In die beskrywing van die navorsing sal die spesifieke subvrae verder beskryf en ondersoek word. Wat die teoretiese en empiriese ondersoek betref, sal die volgende vrae ongetwyfeld beantwoord moet word om die doelstelling van die studie suksesvol te bereik.

- Watter deel van die proses van die tughandeling is van toepassing op die predikante wat as respondente aan die ondersoek deelneem?
- Het die persoon gevoelens van skuld en skande ervaar en wat was die intensiteit van die beleving?
- Wat was die fisiese en kognitiewe beleving van die gevoel van skuld?
- In watter mate en met watter middele of ondersteuning het die persoon die skuldemosie verwerk?
- In watter mate het die predikant gevoelens van skande beleef en wat was die intensiteit daarvan?
- Watter verdedigingsmeganismes het die persoon moontlik gebruik om die intensiteit van die skandgevoelens te hanteer?
- In watter mate en met watter middele of ondersteuning het die persoon die skandemosie verwerk?
- Watter teoretiese raamwerk sal help om die begeleiding van die kerk tydens die tughandeling van predikante beter te verstaan?
- Wat is die begroning en funksies van tugpastoraat en hoe ervaar predikante dit?
- Hoe funksioneer die geloofsgemeenskap tydens die tughandeling?
- Het die kerk tydens die tughandeling amptelik die taak van pastorale begeleier vervul?

- Watter vereistes word gestel aan die persone wat die pastorale versorging tydens die tughandeling hanteer?
- Wat kan alles van die predikant verwag word tydens die tughandeling?
- Het die predikant enige professionele persone gekonsulteer tydens en na die tughandeling?
- Dink predikante dat die tughandeling voldoen aan die doel volgens Artikel 59?
- Wat beskou predikante as leemtes in die huidige tughandeling?
- Watter aanbevelings kan predikante voorstel vir die verbetering van die tughandeling?

1.3.3. Afbakening van die navorsing

Vraag 1(g) is ter sprake. Hoe word hierdie studie afgebaken? Om die navorsingsbehoefte, doel en doelstellings, sentrale vraagstelling en voortvloeiende vrae wat gestel is, te ondersoek en te beskryf, is dit nodig om die afbakening van die navorsing duidelik af te baken.

- Ten eerste is hierdie navorsing 'n Prakties-Teologiese ondersoek wat binne die Departement Praktiese Teologie van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria uitgevoer word. Praktiese Teologie is 'n dissipline wat op die twee gelyke bene staan, naamlik die teologiese teorie en praktyk. Geen een van hierdie teologiese dissipline behoort daarom voorrang te geniet bo die ander in die aanbieding van hierdie navorsing nie. Teologiese teorie en praktyk beïnvloed mekaar wedersyds en daarom sal albei geïntegreerd in die studie aangewend en aangebied word met 'n kritiese interaksie tussen teorie en praktyk (Heitink 1993). Die teoretiese navorsing is wel eerste gedoen en daarna die empiriese studie.
- Tweedens is die navorsingsfokus op die studie van evangeliedienaars wat deur Artikel 59-66 van Die Kerkorde van die N.G. Kerk geraak word.
- Derdens is die studie gerig op die ondersoek na die belewing van die emosie van skuld en skande tydens die tughandeling.
- Vierdens is die pastorale sorg van die kerk die laaste grensafbakening.

1.3.4. Navorsingsmetodologie

Vraag 1(h) is ter bespreking. Watter navorsingsmetodologie word gevolg? 'n Bepaalde metodologie gaan navorsing vooraf en rig dit ook tydens die ondersoek. Aansluiting word by die navorsingsmetode in die Praktiese Teologie van Heitink (1993:174-230), Pieterse (1993:169-190) en De Wet (2009:227-250), gevind.

Heitink (1993) formuleer drie dimensies of fases waarbinne die Praktiese Teologie, metodologies posisioneer.

- Eerstens word die ondersoek gerig deur die teologiese teorie te formuleer. Vanuit die bestaande literatuur oor die veld van ondersoek of spesifieke probleem word die teorie beskryf.
- Tweedens volg die empiriese ondersoek.
- Derdens word daar vanuit die hermeneutiese interaksie tussen die teologiese teorie en die empiriese ondersoek, 'n strategiese voorstel of aangepaste model vir 'n verbeterde praktyk ontwikkel.

Pieterse (1993) sluit by Heitink aan en verwys ook na die drieledige metode binne die Praktiese Teologie. Nel (2001:3) beweer dat Pieterse se werk grootliks daartoe bygedra het om eenstemmigheid te verkry oor die metodologiese benadering in en tot die vakgebied van die Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Metateoreties is die benadering van Pieterse ook in aansluiting by Habermas se teorie van kommunikatiewe handelinge (Vos en Pieterse, 1997:19). God handel met en deur mense. Hierdie handeling is kommunikatief in wese en vorm. Mense word ingeskakel in die werk van God.

De Wet sluit aan by die bogenoemde drie fases (De Wet 2009:238). Volgens hom is die teologiese literatuurondersoek van 'n studie die eerste deel van 'n prakties-teologiese studie. Dit loop uit op 'n teorie waarvan die insigte in logiese orde of skema geplaas word. Tweedens volg die beskrywende fase wat die empiriese ondersoek vergestalt en laastens volg die ontwikkeling van veranderingstrategieë. Dit is 'n nuwe praktykteorie of verbeterde model. Hiervolgens word die metodologiese oriëntasie van dié studie aldus beskryf as Prakties-teologiese metode van literatuurondersoek en 'n kwalitatiewe empiriese ondersoek.

Eerstens word twee gelykstaande literatuurstudies onderneem ten opsigte van die probleem wat geïdentifiseer is.

- Die menslike gevoelsbeewing van skuld en skande word breedvoerig ondersoek. Dit lei tot 'n beskrywing van emosieteorie.
- Die pastorale begeleiding van predikante met spesifieke verwysing na die gevoelsbeewing van skuld en skande word vanuit die pastoraat ondersoek en beskryf. Hierdie ondersoek lei tot 'n raamwerk vir die verstaan van die eise van die pastoraat tydens die tughandeling van predikante. Dit lei tot 'n beskrywing van tugpastoraat.

Tweedens sal 'n empiriese ondersoek gedoen word na predikante se gevoelsbeewing van skuld en skande tydens die tughandeling. Met behulp van 'n gestruktureerde onderhoudskedule sal predikante se gevoelsbeewing van skuld en skande na aanleiding van die teoretiese bevindings ondersoek word. Die inligting sal verwerk en geïnterpreteer word teen die raamwerk van die teorie.

In die derde plek sal daar tydens hierdie hermeneutiese interaksie 'n verbeterde praktykteorie ontwikkel word, met die doel om predikante pastoraal te ontmoet binne die probleem van die gevoelsbeewing van skuld en skande tydens die tughandeling.

1.3.5. Navorsingsproses

Vraag 1(i) word ondersoek. Hoe verloop die navorsingsproses? Met die aanvang van die studie, is die breë onderwerp van die kerklike tughandeling van predikante as studie-onderwerp gekies. Vinnig is besef dat die tughandeling soveel fasette bevat dat fokus dringend noodsaaklik was.

Die voorlopige literatuuronderseke het bevestig dat daar nog geen navorsing gedoen is oor die emosionele beewing van predikante tydens die tughandeling nie. Skuld en skande as twee kragtige emosies is geïdentifiseer en 'n diepte ondersoek in die bestaande literatuur het gevolg.

Telkemale is die teologiese swye oor die eg menslike probleem van skuld- en

skandgevoelens van predikante tydens die tughandeling opgemerk. Die kerk se onvermoë om predikante pastoraal by te staan, het uit die voorlopige ondersoek en gesprekke met predikante geblyk. Die navorsing sal voldoende teoretiese en empiriese ruimte afstaan vir hierdie onderwerp.

Hierna volg die empiriese ondersoek wat gesprekke met predikante insluit wat deur die tughandeling geraak is. Die analise en sleutelstellings sal hieruit voortvloei. Die navorsing word ten slotte afgerond met 'n verbeterde praktykteorie en aanbevelings.

1.4. Samestelling van die studie

Die beskrywing van die navorsing word as volg aangebied.

HOOFSTUK 1: NAVORSINGSBEHOEFTE EN ONTWERP

'n Beskrywing van die navorsingsbehoefte en ontwerp van die studie ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling met spesifieke verwysing na die verwerking van skuld en skande. Die navorsingsbehoefte word bespreek deur

- die toepaslike aspekte van Die Kerkorde (2007)
- die bestaande literatuur
- die omvang van die behoefte
- en die kerklike tughandeling as proses te verken.

Die navorsingsontwerp van die studie word verken deur

- die doel en doelstellings van die studie te omlyn
- die sentrale navorsingsvraag en voortvloeiende vrae te stel
- die afbakening van die navorsing te bespreek
- die navorsingsmetodologie wat ek volg voor te hou
- en om die navorsingsproses te beskryf.

HOOFSTUK 2: EMOSIETEORIE

'n Literatuurverkenning van gevoelsbeleving met spesifieke verwysing na die aard en funksie van skuld en skande. In hierdie hoofstuk word

- die begippe emosie en gevoelsbeleving verken
- basiese kenmerke van emosies bespreek
- die funksie van emosies ondersoek
- skuld- en skandgevoelens ontleed volgens hul indeling, aard, funksie, ooreenkomste en andersheid
- en verwerkingsmeganismes vir die emosies voorgestel.

HOOFTUK 3: TUGPASTORAAT: 'n PASTORALE PERSPEKTIEF

'n Beskrywing van die konteks, teologie en praktyk van tugpastoraat as die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk, tydens die tughandeling met die fokus op die verwerking van skuld- en skandgevoelens. In hierdie hoofstuk word die

- begrensing van tugpastoraat te beskryf
- die begroding van tugpastoraat te verken
- die identifisering van die subjek van tugpastoraat, sowel as die vereistes wat dit meebring te bespreek
- die identifisering van die objek van tugpastoraat en die vereistes wat dit meebring te verken
- die doel en taak van tugpastoraat te verduidelik
- die parameters van tugpastoraat vas te stel
- en die maatstawwe van funksionaliteit, professionaliteit en effektiwiteit te verken soos dit op tugpastoraat van toepassing is.

HOOFTUK 4: EMPIRIESE NAVORSING

'n Beskrywing van die navorsingsmetodologie, gestruktureerde onderhoude en analise van die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk, tydens die tughandeling met fokus op die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande. Die hoofstuk het ten doel om

- die navorsingsmetodologie vir die empiriese deel van die ondersoek volledig te beskryf
- die onderhoude en die informasie wat bekom is te kontekstualiseer

- 'n volledige en gedetailleerde analise van die gestruktureerde onderhoude te voorsien
- verdere inligting deur die onderhoude bekom, uit te lig
- 'n tematiese analise van die empiriese navorsingsresultate saam te stel
- die tematiese indrukke en die teoretiese model soos in Hoofstuk 2 en 3 bespreek met mekaar te vergelyk.

HOOFSTUK 5: PRAKTYKTEORIE

'n Strategiese voorstel vir 'n verbeterde praktykteorie in die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die tughandeling in die verwerking van skuld en skande word onderneem. Hierdie hoofstuk fokus op die kerk se taak tot 'n verbeterde begeleiding van predikante tydens die tughandeling, soos wat dit deur die teoretiese en empiriese ondersoek uitgewys is. Die volgende aspekte van begeleiding word bespreek

- doelgerigte begeleiding
- amptelike begeleiding
- funksionele begeleiding
- kerklike begeleiding
- holistiese begeleiding
- verantwoordbare begeleiding
- prosesmatige begeleiding
- beperkende en verruimende begeleiding.

HOOFSTUK 6: SAMEVATTING

Bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die tughandeling met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande. Hierdie hoofstuk beoog die volgende

- om tien stellings te formuleer na aanleiding van die studie
- die bevindings van die navorsing in hoofstukverband te bespreek
- die empiriese navorsing te evalueer

- nuwe navorsingsgeleenthede te identifiseer
- 'n evaluering te maak van die bydrae van hierdie studie
- aanbevelings te maak ten opsigte van die studieuitkomste.

1.5. Samevatting

Hierdie hoofstuk is 'n beskrywing van die navorsingsbehoefte en ontwerp van die studie ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die kerklike tughandeling, met spesifieke verwysing na die verwerking van skuld en skande.

Die navorsingsbehoefte is bespreek deur

- die toepaslike aspekte van Die Kerkorde (2007)
- die bestaande literatuur
- die omvang van die behoefte
- en die kerklike tughandeling as proses te verken.

Bogenoemde sake beklemtoon dat die kerklike tughandeling 'n massiewe ingreep is in die lewe van 'n predikant. Die tughandeling word deur Die Kerkorde (2007) gereël en die verloop van die proses(se) is duidelik uitgespel. Hierdie studie vul 'n leemte binne die bestaande literatuur oor predikante van die N.G. Kerk, aangesien hierdie tema nog nie nagevors is nie. Meer predikante word deur die tughandeling geraak as wat algemeen besef word, omdat die statistiek hieroor nie altyd beskikbaar en toeganklik is nie. Die verkenning van die kerklike tughandeling soos in Die Kerkorde (2007) gevind, dui op die groot verantwoordelikheid wat die kerk in gemeentelike en breër verband het ten opsigte van die predikant wat die tughandeling ondergaan.

Die navorsingsontwerp van die studie is verken deur

- die doel en doelstellings van die studie te omlyn
- die sentrale navorsingsvraag en voortvloeiende vrae te stel
- die afbakening van die navorsing te bespreek
- die navorsingsmetodologie wat ek volg voor te hou
- en om die navorsingsproses te beskryf.

Hierdie studie het ontstaan deurdat die navorser die tughandeling eerstehands beleef het. Vinnig is ontdek dat daar nog baie ander predikante is wat dieselfde ervaring deurgemaak het en nog elke dag deurmaak. Dit het as motivering gedien om oor die spesifieke tema van die pastorale begeleiding van die predikante van die N.G. Kerk wat die tughandeling beleef, navorsing te doen. Twee spesifieke emosies wat moontlik tydens die tughandeling ervaar kan word, naamlik skuld en skande, is as fokus gekies. Dit het tot die sentrale navorsingsvraag gelei wat eweneens as tema van die studie geformuleer is.

Hierdie is 'n prakties-teologiese studie wat die driedelige navorsingsmetodologie van Heitink (1993:174-230) benut. Die empiriese ondersoek volg op die teoretiese begronding en word ten slotte hermeneuties verken deur die interaksie tussen die teoretiese en empiriese te ondersoek om sodoende te kom tot 'n strategiese voorstel of aangepaste model vir 'n verbeterde praktyk. Die navorsingsproses verloop eerstens deur die verkenning van die teoretiese model van emosie en pastoraat en daarna volg in die tweede plek die empiriese ondersoek.

1.6. Sleutelstellings

Die sleutelstellings wat aan die einde van hierdie hoofstuk gemaak word, hou verband met die vrae wat vooraf gestel is. Elke vraag en sleutelstelling word beskryf.

Vraag 1(a) Wat is die basiese aspekte van die tughandeling van predikante soos omskryf in Die Kerkorde van die N.G. Kerk?

Sleutelstelling 1(a)

Die tughandeling ten opsigte van predikante word duidelik beskryf in die Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in 2008. Hoofstuk 5: Kerklike opsig en tug, Artikel 59-66. Die tughandeling is 'n kerkregtelike proses om vas te stel of 'n evangeliedienaar skuldig of onskuldig is aan 'n klag, gerug of verslag wat aan die Kerkraad bekend raak en tugmaatreëls word daarna dienooreenkomstig toegepas.

Vraag 1(b) Watter bydrae lewer die literatuur tot die verstaan van die tughandeling van predikante met spesifieke verwysing na die pastorale sorg in die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande?

Sleutelstelling 1(b)

Die bestaande literatuur lewer geen bydrae tot die verryking van die studieonderwerp nie.

Vraag 1(c) Wat is die omvang van die tughandeling van predikante in die N.G. Kerk?

Sleutelstelling 1(c)

Die omvang van die kerklike tughandeling van predikante is nie presies bepaalbaar nie vanweë verskeie remmende faktore. Die vermoede bestaan dat dit meer omvangryk is as wat algemeen vermoed word.

Vraag 1(d) Hoedanig is die prosesse of verloop van die tughandeling van predikante?

Sleutelstelling 1(d)

Die tughandeling van predikante is 'n langdurige proses en kan vir studiedoeleindes in drie kleiner prosesse verdeel word. Die eerste proses behels 'n ondersoek om vas te stel of die predikant skuldig of onskuldig bevind kan word ten opsigte van die formele klag wat uiteindelik geformuleer is. Indien die predikant skuldig bevind word, word daar met tugmaatreëls opgetree volgens die bepalings van Die Kerkorde. Die tweede proses het die opheffing van die tugmaatreëls ten doel. Die derde proses beskryf die herstel van ampsbevoegdheid en terugkeer tot diens in 'n (die) gemeente.

Vraag 1(e) Wat is die doelstelling van hierdie studie?

Sleutelstelling 1(e)

Die doel van hierdie studie is om die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die kerklike tughandeling te beskryf met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande.

Vraag 1(f) Wat is die sentrale vraag wat in die studie gestel word?

Sleutelstelling 1(f)

Hoe kan die pastorale taak van die N.G. Kerk beskryf word ten opsigte van die begeleiding van predikante wat die kerklike tughandeling ondergaan met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande?

Vraag 1(g) Hoe word hierdie studie afgebaken?

Sleutelstelling 1(g)

Dit is 'n Prakties-Teologiese studie wat die tughandeling teen predikante bestudeer en staan op die twee gelyke navorsingsbene van die teoretiese en die empiriese.

Vraag 1(h) Watter navorsingsmetodologie word gevolg en wat is die motivering vir die keuse?

Sleutelstelling 1(h)

Skrywer vind aansluiting by die navorsingsmetode in die Praktiese Teologie van Heitink (1993:174-230), Pieterse (1993:169-190) en De Wet (2009:227-250). Hierdie metode onderneem om in drie dimensies of fases die volgende te bereik.

- Die ondersoek formuleer 'n teologiese teorie vanuit die bestaande literatuur of spesifieke behoefte.
- Tweedens volg die empiriese ondersoek.
- Derdens word daar vanuit die hermeneutiese interaksie tussen die teologiese teorie en die empiriese ondersoek, 'n strategiese voorstel of aangepasde model vir 'n verbeterde praktyk ontwikkel.

Vraag 1(i) Hoe verloop die navorsingsproses?

Sleutelstelling 1(i)

Die navorsingsproses verloop as volg.

- Die navorsingsbehoefte en -ontwerp word ondersoek en beskryf.
- 'n Teorie van emosies word ondersoek en beskryf.
- Tugpastoraat word ondersoek en beskryf.
- Die empiriese been van die navorsing word deur kwalitatiewe navorsing afgehandel en beskryf.
- Die hermeneutiese interaksie tussen teorie en empiriese navorsing ondersoek en beskryf word.
- 'n Verbeterde praktykmodel word ontwikkel.

HOOFSTUK 2

EMOSIETEORIE

‘n Verkenning van emosie met spesifieke verwysing na die aard, oorsprong, indeling en funksie van skuld en skande soos vanuit die psigologie en die teologie verwoord.

2.1 Inleiding

Hierdie hoofstuk bied ‘n sleutel vir die verstaan van gevoelsbelewing met spesifieke verwysing na die aard en funksie van skuld en skande. In die voorwoord van hulle werk, skryf (Calhoun & Solomon 1984:v) dat dit belangrik is om te beklemtoon dat emosies vanuit verskeie dissiplines bestudeer kan word. Hierdie ryke verskeidenheid van studie lewer natuurlik ‘n wye verskeidenheid perspektiewe (Borod 2000:137-156). Vandat William James meer as ‘n 100 jaar gelede die vraag gestel het oor die aard van emosies, word daar wyd uiteenlopende teorieë gestel (Hanin 2000:4). Die emosionele is nie ‘n moderne vraagstuk nie want Plato en Aristoteles het reeds eeue gelede die aard en funksie daarvan ondersoek (Cheshire & Solomon 1984:13).

Dit word beoog om in die loop van hierdie hoofstuk ‘n tweekantige beskrywing van skuld en skande te gee. Die insigte en bydrae van die psigologie en die teologie word benut om tot ‘n geïntegreerde teorie ten opsigte van skuld en skande en die gevoelsbelewing wat daarmee geassosieer word, te kom. Hierdie twee dissiplines sal dus nie teenoor mekaar gestel word nie, maar daar sal gemeenskaplike raakpunte gesoek word. Die doel daarmee sal wees om verhoogde insig in die oorsprong, aard, funksie en klassifikasie van skuld en skande te bekom sodat hierdie inligting benut kan word in ‘n pastorale model vir die begeleiding van predikante tydens die tughandeling.

Volgens Calhoun & Solomon (1984:5-22) is daar binne die psigologie deur ‘n mate van vereenvoudiging toe te pas, vyf modelle van emosieteorie wat onderskei kan word. Emosies kan verstaan word vanuit die “..sensation, physiological, behavioral, evaluative, and cognitive” invalshoeke. Elke teorie plaas n eiesoortige klem op ‘n sekere aspek van emosies wat die oorsprong, aard en funksie daarvan betref. Die verskillende modelle verteenwoordig op hul eie ‘n hele aantal idees, perspektiewe, navorsers en modelle.

- Sensasieteorieë fokus op die belewing van die gevoel. Dié groep teorieë se uitgangspunt is dat die oorsprong, aard en funksie van emosie psigologies bepaal word (Young 1975:57-58).
- Fisiologiese teorieë sluit baie nou aan by bogemelde en beklemtoon eweneens die belewing van emosies maar hul vertrekpunt is die fisiologiese wat betref die ontstaan van gevoelsbelewing (Young 1975:50-52; Papanicolaou 1989).
- 'n Derde groep word gedragsteorieë genoem en plaas die fokus op die gedragseffek van emosies. Gevoelsbelewing dra by tot 'n spesifieke gedrag en is dus funksioneel van aard. Binne hierdie groep is daar ook twee verskillende standpunte. Sommige navorsers meen dat gedrag die oorsaak van emosies is en ander wat emosies bloot as primêre patrone van gedrag beskou (Young 1975:52-55).
- In evaluasieteorieë word die objek van die emosie sentraal geplaas. Teoretici vergelyk die pro- en anti-emosionele houdings wat betref die rol wat dit speel om positiewe of negatiewe waarde teweeg te bring.
- Laastens wys kognitiewe teorieë op die verhouding tussen emosies en die houdings en idees wat mense van die wêreld, ander en hulself koester. Hiervolgens is emosies afhanklik van dit wat jy glo.

Bogenoemde modelle laat 'n mens dan enigsins voor 'n keuse en die inligting lei tot die volgende vraag: Hoe kies 'n navorser tussen die verskillende invalshoeke? Ek beantwoord die vraag deur daarop te wys dat dit beteken dat hierdie studie die verskillende fokuspeunte beskou as 'n verryking van die ondersoek na emosies en daarom sal daar met 'n holistiese benadering gepoog word om die insigte van die verskillende teorieë te benut (Borod 2000:150-152). Uiteindelik bied die verskillende 'n geleentheid om die verskillende aspekte van emosies beter te begryp asook die ingewikkelde aard daarvan deeglik te verken. Die gedrags-, evaluasie- en kognitiewe teorieë speel wel 'n belangriker rol in die verklaring van die oorsprong, aard en funksie van emosie soos in hierdie ondersoek benut. 'n Navorser besef ook weereens dat die laaste woord nog nie oor hierdie onderwerp gespreek is nie.

Die verloop van die hoofstuk het ten doel om gevoelsbelewing te verken en 'n werkbare basisteorie te stel waarvolgens die studie gerig word. Dit behels 'n ondersoek na die

volgende vrae.

- **Vraag 2(a)** Hoe kan gevoelsbeleving of emosie gedefinieer word?
- **Vraag 2(b)** Wat is die basiese kenmerke van emosie?
- **Vraag 2(c)** Wat is die algemene funksie van emosie?
- **Vraag 2(d)** Wat is die eiesoortige oorsprong, indeling, aard en funksie van die emosie van skuld?
- **Vraag 2(e)** Wat is die eiesoortige oorsprong, indeling, aard en funksie van die gevoelsbeleving van skande?
- **Vraag 2(f)** Is daar enige verband tussen die emosie van skuld en die van skande?
- **Vraag 2(g)** Is daar enige ander emosie of psigologiese staat wat direk verband hou met die gevoel van skuld en/of skande?
- **Vraag 2(h)** Hoe kan die emosies van skuld en die van skande verwerk word?

2.2. Begripsbepaling van gevoelsbeleving

Die eerste vraag is ter sprake. Hoe kan gevoelsbeleving of emosie gedefinieer word? Louw (1982:435) stel dit duidelik dat mense *per se*, emosionele wesens is. Menslike handeling gaan met emosie gepaard. “Trouens, daar is benewens slaap baie min menslike gedrag wat nie emosies of gevoelens insluit nie – ‘n mens reageer met emosie of ‘n gevoel op byna alles wat met hom gebeur.”

Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT 2005:300-301) stel die betekenis van die begrip “gevoel”, wanneer dit as selfstandige naamwoord gebruik word, as volg voor.

- ‘n “geestelike gewaarwording”. Met ander woorde, ‘n innerlike gevoel van positiewe en negatiewe gewaarwording. Voorbeelde van sulke gevoelens is eensaamheid, vernedering, vrees, ang, opgewondenheid en berou. In terme van hierdie studie sal die gewaarwording van skuld en skande hierby gevoeg word.
- Verder is gevoelens ook die “emosionele sy van ‘n mens se karakter; gemoed, emosie”. Daarom word daar byvoorbeeld gesê dat iemand se gevoelens seergemaak is. Gevoelens is dus ‘n gewaarwording wat ‘n persoon op ‘n diep innerlike vlak raak. Gevoelsbeleving is dus nie losstaande van die mens self nie, maar inherent deel van sy geaardheid, karakter en persoon. Dit sou

impliseer dat mense emosies op verskillende wyses beleef wat uniek is aan hulleself. Emosies kan positief of negatief beleef word. Dit kan 'n mens gelukkig maak of tot die uiterste bedroef.

- Nog 'n aspek is die “openbaring, uiting van emosie”. Daar is dus uitdrukking en kommunikasie van die persoonlike en innerlike emosies. Die gedragsteorieë sluit hierby aan wanneer dit gedrag beskryf as 'n primêre funksie van emosie. Fisiologiese teorieë beklemtoon eweneens die fisiologiese basis van emosie asook die fisiologiese uitings daarvan. Emosies kom dus tot uiting en is funksioneel van aard.
- Ander begrippe wat as sinonieme gebruik word, is: “gevoelstemming, gevoelservaring, gevoelsopwekking en gevoelsuiting”. Die meer gebruiklike begrip emosie is ook daarmee vervangbaar. Die HAT (2005:215) noem byvoorbeeld vrees, smart, woede ensameer as “gemoedstoestand”, en wys op die Latynse oorsprong van die woord (*movere*) wat “beweging” beteken. Emosie is dus 'n kragbron en motiveerder in 'n spesifieke situasie en konteks.

Hierdie studie sal die ryke verskeidenheid woorde benut waarmee die menslike gevoelsbeleving beskryf kan word en sal die verskillende woorde afwisselend gebruik en met die afwisseling van terme, dieselfde betekenis daaraan heg.

Met hierdie kort verduideliking kan ons dus reeds sê dat die begrip gevoelsbeleving en emosie, die volgende betekenis dra.

- 'n Innerlike bewuswording
- van 'n bepaalde gevoelstemming
- wat tot uiting kom
- en gekommunikeer word
- en wat 'n positiewe
- en/of negatiewe gevoelservaring insluit en
- waarby ander mense betrokke is.

Oatley en Jenkins (1996:96) verduidelik dat 'n definisie van emosie nie so eenvoudig is as wat 'n mens sou verwag nie. Hulle definisie wat gebaseer is op die werk van Frijda (1986), word deur hulself aangebied as 'n werksdefinisie wat aan verandering onderworpe is. Daar

word later weer hierna in die bespreking van die funksie van gevoelsbelewing verwys (2.4. Die funksionaliteit van gevoelsbelewing).

- “1. An emotion is usually caused by a person consciously or unconsciously evaluating an event as relevant to a concern (a goal) that is important; the emotion is felt as positive when a concern is advanced and negative when a concern is impeded.
2. The core of an emotion is readiness to act and the prompting of plans; an emotion gives priority for one or a few kinds of action to which it gives a sense of urgency – so it can interrupt, or compete with, alternative mental processes or actions. Different types of readiness create different outline relationships with others.
3. An emotion is usually experienced as a distinctive type of mental state, sometimes accompanied or followed by bodily changes, expressions, actions.” (Oatley en Jenkins, 1996:96).

Hulle bydrae tot ‘n begripsverklaring van emosie voeg ook die volgende aspekte by die bogenoemde definisie en word in skuisedrukte lettertipe aangedui.

- ‘n Innerlike bewuswording (*onbewuste of bewuste kognitiewe evaluering van die belang van die gebeure in verhouding tot die doel waarna gestreef word*)
- van ‘n bepaalde gevoelstemming (*spesifieke psigiese staat*)
- wat tot uiting kom (*die gereedheid om op te tree en die aansporing om planne te maak volgens die aard van die spesifieke emosie en met ‘n gevoel van dringendheid*)
- en gekommunikeer word (*deur uitdrukkings en optredes*)
- en wat ‘n positiewe (*wanneer die doel bevorder word*)
- en/of negatiewe gevoelservaring (*wanneer die doel benadeel word*) insluit
- waarby ander mense betrokke is (*verskillende emosies en state van gereedheid bring verskillende verhoudings tot stand*)
- en wat dikwels die gevoel ook op liggaamlike vlak ervaar.

Die onderskeid tussen skuldgevoelens en die werklikheid van skuld en skande sal by 2.5. en 2.6. van hierdie hoofstuk verder verwoord word.

2.3. Basiese kenmerke van innerlike gevoelsbelewing

Vraag 2(b) is ter sprake. Wat is die basiese kenmerke van emosie? Die basiese kenmerke van gevoelens kan op verskillende maniere beskryf word. Een van die wyses is om dit soos Plutchik (1980) en Wilks (1998) in verskillende tipes of kategorieë te verdeel. 'n Ander invalshoek is die aanduiding van die verskillende intensiteitsvlakke van gevoelstemming.

2.3.1. Emosionele kategorieë


Plutchik (1980) het tussen agt primêre en agt sekondêre gemoedstoestande onderskei (Critelli 1987:151-152). Die sekondêre gevoelens is 'n samestelling van twee primêre emosies (Lewis 1992:17-20). Hy het die primêre gevoelens binne 'n wiel geplaas wat in agt sektore verdeel is, en die sekondêre gevoelenservarings aan die buitekant. Hiermee het hy die resultaat van die gekombineerde gevoelsopwekking aangedui. Volgens hierdie model kan emosies in twee groot kategorieë verdeel word (Grasha & Kirschenbaum 1980:198-199).

- Eerstens is daar die emosies wat as aangename (positiewe) gevoelens beskryf kan word en
- tweedens die wat as onaangenaam (negatief) beskou kan word (Pauw 1998:58).

Die aard van die emosies is funksioneel. Die aangename gevoelens se funksie is 'n motivering tot nadering en die onaangename gevoelsopwekking lei tot 'n vermyding van die gebeure of persoon wat as oorsaak geïdentifiseer is. Vergelyk die volgende skematiese voorstelling.

Skema 4

Plutchik (1980) se tipologie van primêre en sekondêre emosies



Wanneer die gevoelsopwekking van skuld en skande binne 'n aangename-onaangename raamwerk ingepas word, is die aanvoeling reeds daar dat dit by die negatiewe ervaring sou inpas. Hierdie aspek van skuld en skande word later verken en sal binne hierdie tipologiese raamwerk beskryf word.

2.3.2. Emosies en verskuilde behoeftes

Wilks (1998:29-30) se ondersoek wys ook op die tweesydige aspek van emosies. Hier gaan dit egter nie om teenoorgestelde emosies nie, maar dat emosionele belewing 'n teenoorgestelde en verwante behoefte veronderstel wat dikwels verskuild wag om erken te word. Die volgende tabel is 'n voorbeeld van die behoeftes wat verskuild aanwesig is tydens 'n spesifieke gemoedstoestand.

Tabel 3

Wilks (1998:29) se teorie van emosionele teenpole


Emosie	Emosionele teenpool (verskuild)
Aggressie	Behoefte aan teerheid en intimiteit
Woede	Behoefte aan selfwaarde en persoonlike mag
Angs	Behoefte aan betekenis en doel
Verveling	Behoefte aan toewyding, egte waardes
Depressie	Behoefte aan verdringing van vrees en woede
Jaloesie	Behoefte aan selfverbetering en goeie selfbeeld
Vrees	Behoefte aan waagmoed en opwinding
Skuld	Behoefte aan 'n egte selfbeeld sonder valsheid
Smart	Behoefte aan transformasie groter as die verlies
Haat	Behoefte aan integrasie met die skadubeeld van die self
Hoop	Behoefte aan ontsnapping van wanhoop
Eensaamheid	Behoefte aan verhouding en intimiteit
Liefde	Behoefte aan selfkennis en transendering van die self
Trots	Behoefte aan egte nederigheid
Verwerping	Behoefte aan die aanvaarding van die lewe en om vry te wees

Die belewing van skuldgevoelens het hiervolgens die onderliggende behoefte aan 'n egte selfbeeld sonder valsheid. Die gevoel van skande word nie in hierdie tabel weergegee nie maar sal die behoefte aan respek, aanvaarding as mens en menswaardigheid as verskuilde teenpool veronderstel (2.6.2.3:128-133). Die emosies van aggressie, woede, angs, depressie, eensaamheid en verwerping is ook ter sake. Vergelyk 2.6.2.4 (133-136 en 2.8:138-139).

2.3.3. Die intensiteitsvlak van emosies

Uit eie ervaring weet 'n mens reeds dat emosies nie ten alle tye op dieselfde intensiteitsvlak beleef word nie.

Gevoelsbeleving lê op 'n kontinuum wat wissel van die mees intense tot geen wekking.



Droomlose slaap (neutraal-geen gevoelservaring)

Intense, onbeheersde en uitermate
ontwrigtende gevoelsopwekking

Droomlose slaap sal waarskynlik die afwesigheid van emosionele wekking verteenwoordig terwyl sekere traumatiese en ontwrigtende situasies die mees intense, onbeheersde en emosioneel ontwrigtende gevoelsuitings kan voortbring. Dit beklemtoon die feit dat menslike aktiwiteit gekleur word deur die innerlike gevoelslewe. Soos later bespreek word, vervul hierdie gevoelstemmings op die kontinuum 'n uiters belangrike funksie. Geen wekking vereis geen optrede nie, terwyl 'n sterk wekking optrede sal noodsaak. Oormatige wekking sal eweneens kontrafunksioneel wees aangesien die persoon nie in staat sal wees om effektief op te tree en besluite te kan neem nie.

Die bespreking tot dusver het aangetoon dat emosie 'n bepaalde uitwerking op gedrag het. Daarom is dit verstaanbaar dat gevoelens wat intens beleef word soms 'n ontwrigtende invloed op gedrag kan uitoefen (Critelli 1987:152). Dit kan daartoe lei dat 'n persoon nie konstruktiewe of probleemoplossende gedrag kan vertoon nie. Hierdie situasie vergroot dan die aanvanklike stimulusgebeure of –objek se invloed en 'n negatiewe spiraal van destruktiewe denke, emosies en gedrag volg.

Die gevolgtrekking word weereens gemaak dat daar altyd die element van kompleksiteit bestaan wat verdiskonteer moet word in die mate waarin emosionele wekking akkuraat gekommunikeer, uitgedruk en verstaan word. Wanneer die stimulusgebeure en die intensiteit van die emosies nie in verhouding of balans is nie, is die gedrag nie meer aanpassend van aard nie, maar eerder ontwrigtend of disorganiserend. Dit is selfs destruktief van aard en dien nie meer die aanpassingsdoel nie. Daarom sou ons kon sê dat emosies gedrag fasiliteer of disorganiseer. Hierdie verskynsel is deur die Yerkes-Dodson-wet (Louw ed 1982:151-152) as volg geformuleer: “Hoe meer kompleks die taak is wat uitgevoer moet word, hoe laer is die vlak van emosionele wekking wat verdra kan word sonder dat die taakprestasie benadeel word.”

Hierdie wet veronderstel dus dat prestasie en emosionele wekking 'n positiewe en negatiewe verhouding toon. Minimale emosionele wekking sal minimale gedragsaanpassing veroorsaak. Net so sal maksimale gevoelswekking 'n teenoorgestelde funksie verrig naamlik afbrekende en destruktiewe gedrag. Daar is met ander woorde 'n ideale vlak van gevoelswekking of intensiteit waarteen maksimale, suksesvol aanpasbare gedrag vertoon word. Nadat die optimum vlak oorskry is, sal die toename in emosie die taakprestasie benadeel en taakprestasiegedrag disorganiseer. Mense beleef dikwels momente wat kroniese oorlading van die gedragsaanpassing veroorsaak en wat langtermyn skadelike effek teweegbring.

Ontwrigtende emosionele belewing is herkenbaar in die mate dat dit die mens se gedrag so beïnvloed dat effektiewe interaksie met die omgewing tot 'n stilstand kom. Die mens wat emosies intens beleef, is nou selfgesentreerd en alle gedrag draai om die self.

Emosies oefen 'n groot invloed uit op die innerlike houding. 'n Positiewe emosionele ervaring sal ook 'n meer positiewe en gunstige houding teenoor die gebeure of objek van stimulus teweegbring (De Bono 2004:137). 'n Mens sou sekerlik ook kon aflei dat die teenoorgestelde ook waar is. 'n Meer gunstige houding kan 'n meer gunstige gevoelsopwekking verseker wat weereens sal lei tot groter fasiliteringspotensiaal van die gedragsuiting.


Die innerlike gevoelsbelewing kan as 'n siklus beskou word, waarbinne die moontlikheid van groei en verandering nuwe geleenthede oopmaak vir

- veranderde emosies (meer funksioneel), en
- veranderde houdings (meer positief), wat lei tot
- veranderde gedrag (meer effektief), met betrekking tot die uitdaging wat gestel is.

Emosies bied dus die geleentheid om lewensituasies telkens op 'n hoër vlak aan te pak. Vyf stadiums kan in hierdie proses onderskei word. Vergelyk die voorstelling van die proses op die volgende bladsy en die bespreking daarvan.

Skema 5

Die benutting van emosies as katalisator vir gedragsmodifikasie



- 'n Bespreking van hierdie model bevestig die alombekende feit dat daar gereeld nuwe stimulusgebeure of -objekte op die lewenspad gevind word (Stadium 1). Afhangende van die interpretasie van die belang van hierdie gebeurtenis kan dit uiters traumaties wees of byna van geen belang nie.
- Wanneer dit die nodige belang veronderstel, vereis dit aandag en hierop word op emosionele wyse gereageer (Stadium 2). Die intensiteit van die gevoelsbeleving kan wissel asook die ervaring van positiewe of negatiewe gevolge.
- Die funksie van gevoelservaring in hierdie situasie is 'n geleentheid om aangeleerde negatiewe emosies en gedrag te verander (Stadium 3). Dit gebeur wanneer 'n mens 'n herwaardering doen van die houdings en aannames waarmee aanvanklik begin is.
- Slegs dan kan nuwe geleenthede van positiewe funksionele emosies en gedrag ontstaan (Stadium 4) en
- kan die negatiewe, disfunksionele sirkelgang van destruktiewe emosies verbreek word (Stadium 5). Indien dit nie suksesvol bereik word nie, is die alternatief 'n voortgaande sirkelgang van negatiewe houdings, emosies en gedrag. Daar is dus 'n sterk appèl op die individu om uitdagende geleenthede die hoof te bied deur te kies vir 'n innerlike gevoelsbeleving wat positiewe gedrag na vore roep.

Die fisiologiese prosesse wat deel vorm van die intensiteitsgraad van die emosionele wekking is weereens kompleks en moet ten volle verdiskonteer word (Young 1975;159-163). Die fisiologiese sal slegs as belangrike komponent van die gevoelens van skuld en skande gereken word sonder om dit verder te verken. Die fisiologie effek van skuld- en skandgevoelens word wel bespreek.

2.3.4. Kommunikasie en uitdrukking van emosies

Gevoelsbeleving word op twee vlakke gekommunikeer. Beide vlakke van kommunikasie en uitdrukking kom gelyktydig voor.

- Eerstens op die nie-verbale vlak.
- Tweedens op die verbale vlak.

Die nie-verbale wyses van uitdrukking en kommunikasie van gevoelens word sigbaar in gesigsuitdrukkings, liggaamshouding, stembuigings tydens spraak en sekere liggaamsbewegings. Sekere emosies word makliker deur nie-verbale gedrag gekommunikeer as ander. Hieronder is die gevoelstemming van liefde, vrees, determinasie en geluk. Minagting, walging en lyding word moeiliker gekommunikeer (Thompson & Meltzer 1964:68;129-135;Grasha & Kirschenbaum 1980:193-195).

Sommige gesigsuitdrukkings as kommunikasie van 'n bepaalde emosie is universeel, terwyl ander kultureel gebonde en persoonlik van aard is. Groter sowel as kleiner liggaamsbewegings is die sleutel tot die verstaan van die betrokke emosie wat gekommunikeer word. Dit is egter nie altyd kongruent nie en maak beoordeling moeilik (Rosenthal 1977:64-88). Die nie-verbale uitdrukkingswyse van gevoelservering sal nie tydens hierdie studie benut word nie aangesien die kongruensie tussen die ervaring en die kommunikasie nie altyd verseker is nie.

Die kommunikatiewe en ekspressionistiese aspekte van emosies laat ons weereens die komplekse aard daarvan besef. Dit is egter reeds in studies bevind dat alhoewel die betekenisnuanserings van gevoelsbelewing verskil, daar wel grootliks ooreenstemming is by mense ten opsigte van die fisiese gewaarwordings, waarnemings, gedragsvorme, self-ekspressie en duur van 'n bepaalde gevoel. Davits (1969) se studies waarby 12 000 mense betrokke was, het die algemene ooreenstemming met betrekking tot emosionele belewing getoon.

2.3.5. Dimensies van emosionele ervarings.

Die dimensionele aspek van gevoelsopwekking maak dit moontlik om emosie te omskryf, te tipeer en sekere algemene gevolgtrekkings daaroor te maak wat vir die meeste mense waar sou wees.

Vier dimensies wat algemeen voorkom by alle emosionele ervarings is die volgende.

- **Aktivering**

Dit verwys na die neiging om op 'n spesifieke wyse op te tree in ooreenstemming met die emosie wat ervaar word. Oatley en Jenkins (1966:96) verwys hierna in hul

definisie van emosie deur te sê dat “an emotion gives priority for one or a few kinds of action”.

- **Verwantskap tot die omgewing**

Hiervolgens word emosies direk in verband gebring met die “omgewing” waarbinne dit voorkom. Dit is dus kontekstueel verklaarbaar.

- **Hedoniese toon**

Die gemak, ongemak en spanning wat tydens emosionele wekking ervaar word, is spesifiek vir elke emosie. Gemoedstoestande word negatief of positief beleef en beoordeel (Young 1975:72-73; Davitz 2000:140).

- **Bevoegdheid**

Hierdie universele dimensie van gevoelsbeleving verwys na die mate waarin die persoon se ervaring van spesifieke gevoelens tot bevrediging of toereikendheid lei.

2.3.6. Ander faktore in die ontwikkeling van emosies

Dit behoort voor die handliggend te wees dat die innerlike gevoelsbeleving net soos ander psigologiese prosesse, nie eensklaps manifesteer nie. Dit het ‘n geneties-fisiologiese grondslag, en ontwikkel as gevolg van ryping, leer en die interaksie tussen die persoon en die omgewing (Engler 1985:194-196; Du Toit et al 1986:9; Critelli 1987:16-17). Verder is dit ook ‘n universele, menslike kenmerk. Gellhorn en Miller (1961) het reeds getoon dat ‘n bepaalde persoonlike sensitiwiteit van die outonome senuweestelsel ten grondslag van aangebore individuele verskille in emosionele reaktiwiteit lê. Dit beteken dat ‘n persoon wat as volwassene ‘n sekere stimulusgebeure beleef, dit waarskynlik vir die soveelste keer beleef en dan met al die bogenoemde bydraende faktore, daarvolgens emosioneel reageer, en dit is dan die krag wat ‘n bepaalde optrede rig (Young 1975:93-94; Kaufman & Raphael 1991:xv).

Bridges (1932:324-334) sluit hierby aan en toon dat daar ‘n bepaalde ryppwordings- en leerproses plaasvind by die mens. Hierdie prosesse begin reeds vanaf geboorte en ontwikkel dan as gevolg van ‘n kombinasie van faktore (Morris ed 1971:54-57). Die eerste emosie is klaarblyklik “opwinding”, en die ander emosies vertak daaruit op verskillende ouderdomme. Op 24 maande is die emosies van ontsteltenis, verheugdheid, woede, afkeur, vrees, opgetoëndheid, affeksie, jaloesie en vreugde, stewig gevestig.

Kondisionering as bewuste en toevallige handeling, veroorsaak dat kinders en later volwassenes op sekere maniere affektief en handelend optree. Terselftertyd vind leer ook plaas in die herkenning van emosies by ander mense en leer ons die verbale en nie-verbale taal wat as uitdrukking van die gevoelsbeleving dien.

2.4. Die funksionaliteit van gevoelsbeleving


Vraag 2(c) is ter sprake. Wat is die algemene funksie van emosie? Die innerlike gevoelsbeleving is kompleks. Die studie daarvan openbaar verskillende uitgangspunte en skrywers verwys telkens na die groot aantal funksies en die ingewikkelde samestelling van gemoedstemminge. Grasha & Kirsschenbaum 1980:195-198 wys daarop dat emosie 'n hele magdom funksies vir die mens vervul. Funksies wat volgens hom in die vorm van 'n kettingreaksie plaasvind. 'n Enkele emosie kan daarom nie in isolasie bestudeer word nie maar moet in die groter geheel en binne konteks verstaan word.

'n Stimulus begin die kettingreaksie (Thorpe & Schmuller 1958:68). Hierdie stimulus word kognitief beoordeel en geïnterpreteer, teen vorige ervarings geëvalueer, fisiologies ervaar en as emosie beleef. Dit lei tot bepaalde gedrag met die doel om aanpassing by die stimulus te verseker.

Die skematiese voorstelling op die volgende bladsy en die bespreking daarna dien as verheldering.

Skema 6

Voorstelling van die kettingreaksie van emosionele wekking



Konteks

Volgens hierdie model is daar dus 'n duidelike verloop te bespeur tydens die wekking van emosie. Daar is 'n begin en voortgang wat op 'n doel afstuur. Die begin kan die sneller- of stimulusgebeure genoem word. Hierna volg daar 'n opeenvolgende reeks van innerlike en uiterlike optrede wat funksioneel van aard is (kognisie-gevoel-gedrag). Die orde van die optrede kan onderskei word, maar terselfertyd is dit 'n eenheidsgebeure wat inmekaar pas soos die skakels van 'n ketting. 'n Beter beeld is dalk die van vyf domino's wat regop staan. Een daarvan word omgestamp en dit raak aan die volgende wat 'n kettingreaksie aan die gang sit en uiteindelik tuimel al vyf om.

Wanneer hierdie model toegepas word op 'n Suid-Afrikaanse situasie, sal dit die volgende teoretiese raamwerk geskep word vir die verstaan van emosies.

- Eerstens is daar die stimulusgebeure wat die sneller is vir die ontstaan van 'n emosie. 'n Persoon, objek of gebeure kan as die stimulus dien. 'n "Alledaagse" gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse konteks, is die van 'n gewapende roof. Iemand se lewe word bedreig en sy besittings opgeëis. Met 'n pistool teen die kop en die gevreesde woorde: "Gee jou sleutels of jy sterf!", moes baie mense al kennis maak.
- Hierdie persoon – wat die slagoffer is van die misdaad - interpreteer nou die situasie in die tweede plek op kognitiewe vlak. Die interpretasie kan bewustelik of onbewustelik plaasvind en dikwels ook in breukdele van 'n sekonde. Hy beleef dit as lewensbedreigend en verstaan die gevaar van die gebeure. Daar is dus 'n vertolking van die stimulus, met ander woorde kognisie van wat besig is om te gebeur. Die gebeurtenis word vertolk en geïnterpreteer.
- Derdens lei die interpretasie tot 'n bepaalde emosie. 'n Gevoel wat dikwels in hierdie situasie beleef word, is die gevoel van vrees. Sommige mense reageer weer eerder met woede. Omdat mense en situasies verskil, verskil die reaksie en die emosie.
- Die gevolge van die gevoelsuiting is egter belangrik. Die aard van die emosie gaan die meegaande gedrag direk bepaal. Daarom is die vierde stap in die kettingreaksie die optrede wat deur die emosie bepaal word. Indien die persoon deur vrees oorval word, kan dit meebring dat hy "vries", en geen verdere optrede sal volg nie. Hy interpreteer die situasie as lewensbedreigend en stel alles in werking vir oorlewing. Vrees kan ook 'n vlugreaksie ontlok en alle

pogings om uit die situasie te ontsnap kan aangewend word. 'n Gevoelsbeleving van woede daarteenoor sal moontlik fisiese betrokkenheid met die aanvaller meebring, soos verdediging of aanval.

- In die vyfde plek is die gevoelsopwekking dus funksioneel. Die doel is die beskerming van lewe en persoonlike eiendom. Emosies vervul dus 'n uiters noodsaaklike rol in die lewe van elke mens. In hierdie geval kan dit behoud van lewe en eiendom beteken. 'n Gevoelsbeleving is dus 'n noodsaaklike deel van 'n sinvolle bestaan.

Ons sien dus dat 'n emosie nie in 'n vakuum ontstaan of maar net te voorskyn kom nie. Dit moet binne konteks verstaan word. Die emosie volg altyd op 'n gebeurtenis of objek wat as stimulus dien. Die gevoel is egter nie die direkte gevolg van die snellergebeurtenis nie. Dit is die direkte gevolg van die interpretasie van die snellergebeure. Die objek of gebeure moet eers kognitief, intellektueel en rasioneel verwerk word, en betekenis daaraan toegeken word. Daarom is 'n gevoelsbeleving die gevolg van die kognitiewe interpretasie van die stimulus. Hierdie kennis kan binne oomblikke verwerk word. Dit is belangrik om te beseft dat emosies nie altyd noodwendig 'n bewustelike taksering van 'n reeks feite is nie maar soms 'n onmiddellike, onbewuste waardering van die situasie (Epstein 1998:190-192).

In hierdie kettingreaksie van gebeure is die emosie definitief nie die einddoel nie. Dit is eerder die krag wat momentum verleen aan reaksie en optrede tot die gebeure of objek. Die gevoel vervul dus 'n funksie. Die funksie is om aan te pas en effektief die gebeurtenis of objek te ontmoet. Met hierdie model word emosie die sentrale krag van optrede, en verklaar dit die belangrike funksie van gevoelsuiting by die mens. Dit sluit daarom direk aan by die modelle wat emosie as gedragsfunksie verklaar.

Wanneer normale omstandighede die kettingreaksie veroorsaak, is die funksie van die gevoel grootliks suksesvolle aanpassing by die stimulus. Trauma of 'n krisis kan egter die mens se vermoë om aan te pas ernstig benadeel. Die persoon wat tydens 'n kaping geen weerstand bied nie omdat hy vanweë vrees nie tot handeling in staat is nie, kan juis as gevolg van sy passiwiteit later groot emosionele wroeginge beleef, soos skaamte of selfverwyrt (Engler 1985:280). Die destruktiewe emosies dra dan verder by tot die negatiewe beleving van die aanvanklike trauma.

‘n Verdere opmerking sal die ingewikkelde aspek van emosies onderstreep. Die bepaalde interpretasie van ‘n stimulusgebeure of –objek gee nie alleen aanleiding tot emosionele wekking nie maar ook tot fisiologiese wekking. Soms bring dit ‘n verhoging in fisiologiese belewings en ander kere weer ‘n afname. Dit hang ten nouste saam met die tipe emosie wat gewek word en wat die situasie is wat hanteer moet word. Verskeie ander faktore is ook ter sprake. Die fisiologiese modelle van emosie is hier ter sprake.

Volgens Louw (1982:437-438) kan fisiologiese wekking tydens die vorming van emosies op twee vlakke plaasvind.

- Eerstens is daar die waarneembare liggaamlike veranderings soos die verandering in asemhalingstempo, bloeddruk, hartklop, spierspanning, pupilgrootte, sweetafskeiding, bloedsuikervlak, bloedstollingsfaktor, tempo van die ingewandsbeweging en bloedvate. Die simpatiese en parasimpatiese afdelings van die outonome senuweestelsel en die endokriene kliere beheer hierdie funksies.
- Tweedens is daar die elektro-chemiese breinfunksies wat deur die outonome senuweestelsel beheer word en wat weer onder die hipotalamus en die limbiese sisteem beheer word.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat die fisiologiese wekking groot gevolge inhou. Persoonlike gesondheid en die daarmee gepaardgaande finansiële koste vir mediese behandeling wanneer die fisiologiese teenproduktief funksioneer, kan groot afmetings aanneem (Young 1975:109-110).

Die verhouding tussen kognitiewe interpretasie en fisiologiese wekking is moeilik bepaalbaar en verskeie teorieë is daarvoor geformuleer (Young 1975:50-63). LeDoux (1998:42-53) se bespreking van die ontwikkeling van emosieteorie sluit hierby aan. Hy wys op vyf verskillende teorieë wat poog om die interaksie tussen die stimulusgebeure, die fisiologiese reaksie en die gepaardgaande gevoelsopwekking te verduidelik. Dit is die James-Lange teorie (1880), die Cannon-Bard teorie (1927), die Arnold teorie (1960), die Schachter-Singer teorie (1962) en die Bem teorie (1970). Die laaste drie teorieë integreer die komplekse aard van emosies beter en kan dit bydra tot die groter verstaan van innerlike

gevoelsbeleving vanuit die fisiologiese perspektief (Strongman 1978:14-17; Papanicolaou 1989:47-68).

Lazarus (1968) werk ook vanuit die kognitiewe aspekte. Volgens sy model is emosies die waardering van inligting wat uit verskillende bronne ontstaan. Hierdie waardering sluit kennis sowel as prosessering van die inligting in. Die bronne vir inligting is drieledig naamlik

- die omgewing
- die liggaam
- en die geheue.


Die inligting in die geheue word gebruik as verwysingsraamwerk en die inligting vanuit die omgewing en die fisiologiese wekking word daarteen beoordeel. Die inligting word selfs verder geëvalueer teen die moontlike gevolge van gedrag wat uit 'n bepaalde emosie mag spruit. Die gekose emosie is dan die resultaat van die geïnterpreteerde en verwerkte inligting.

'n Belangrike aspek van hierdie model is dat die inligting herwaardeer kan word en ander gevolgtrekkings daaruit geformuleer kan word. Dit kan die innerlike gevoelsbeleving verander en die gevolglike optrede! Hierdie teorie bied deure na herinterpretasie, herbeoordeling en aanpassing. Dit open voorwaar moontlikhede vir begeleiding van persone wat onder emosionele oorlading gebuk gaan. Hierdie perspektief sluit nou aan by die kennis teorieë en lewer vrugbare kennis vir aanwending in hierdie studie.

Die volgende skematiese uiteensetting toon die belangrike wisselwerking tussen kennis en fisiologiese wekking in die kettingreaksie van die emosionele proses.

Skema 7

Aangepaste kettingreaksie tydens emosionele wekking



Hierdie aspek van herinterpretasie hou een van die sleutels vir die verwerking van negatiewe gevoelsbelewings. Indien die interpretasie van die stimulus op ander wyses verstaan kan word, kan die belewing daarvan verander omdat die emosie verander en sal die gevolge minder traumaties wees.

Oatley en Jenkins (1996:96) se definisie van emosie sluit hierby aan. Daar word verwys na die vroeëre bespreking daarvan (2.2:89-91). Om hierdie definisie verder te ontgin, kan verskeie ander navorsers aangehaal word. Elkeen lewer 'n bydrae op 'n besondere faset van die model van Oatley en Jenkinson. Wat die taksering of evaluering van 'n gebeurte of stimulus betref, is die waarde van die belangrikheid van die gebeurtenis ter sake. Dit is dan gewoonlik die eerste stap in die kettingreaksie en proses vir die ontstaan van emosies. Verskillende benaderings is deur navorsers gevolg in verband met taksering. Ellsworth en Smith (1988) gebruik nege verskillende komponente, Roseman (1991) vyf, terwyl Scherer (1993) met vyftien probeer om volledig te wees.

Een van die benaderings ten opsigte van taksering wat in hierdie studie bespreek word, is die "goal-relevance" benadering (Grasha & Kirschenbaum 1980:225 verder; Engler 1985:280). Hulle beskryf die intensionele aard van emosies. 'n Gevoelsbeleving word veroorsaak. 'n Gebeure of persoon is daarby betrokke. Die emosie is ook gerig en gefokus op 'n saak of persoon.

Emosies is die resultaat van die evaluering van die konteks volgens Beck et al (1979). Dit is natuurlik gebou op die gedagte van Aristoteles dat emosies op evaluering gegrond is en mense daarom tot 'n mate hul emosies kan verander. Wiener en Graham (1989) het bevind dat kinders wat gevoel het dat hulle op een of ander mate beheer gehad het oor 'n situasie wat verkeerd geloop het, meer skuldig sou voel as kinders wat die situasie as 'n ongeluk beskou het.

Navorsers soos Frijda (1987) beklemtoon aksiegereedheid as 'n uiters belangrike aspek van emosies. Ander navorsers (Stein et al, 1992) het ook gevind dat emosies 'n duidelik rol speel in die maak van planne. Hulle navorsing toon dat kinders reeds vanaf die ouderdom van drie jaar besef dat 'n emosie 'n aanduiding is van 'n saak wat hanteer moet word. Wanneer daar iets belangrik gebeur (taksering) en 'n mens voel dat hy daarvoor

verantwoordelik is (konteks evaluasie) is die emosie wat beleef word deel van die proses om ons te help om te fokus en met planne die probleem te probeer oplos.

Die doel van die emosie is die hantering van die situasie en die korreksie van 'n fout wat gemaak is. Daarom het emosies 'n positiewe en negatiewe funksie wat later bepsreek sal word. In 'n lesing oor emosies soos aangebied deur die Fisioterapie Departement van die Pretoria Akademiese Hospitaal (2009) word die funksie daarvan so gestel: "We are supposed to understand what they (*emosies*) are telling us, and then we are supposed to do something about it."


Stein & Oatley (1992) sê die proses van emosies kan eintlik in drie stappe aangebied word naamlik.

- Stap 1: "Wat het gebeur?"
- Stap 2: Wat kan ek daaromtrent doen?"
- Stap 3: Wat is dalk die volgende stap?"

Die verskillende fokuspunte is vergestalt in 'n skematiese voorstelling op die volgende bladsy. Dit sluit ten nouste aan by die kettingreaksiemodel en is 'n uitbreiding en verfyning daarvan.

Skema: 8

Taksering en die doelkongruente benadering van emosies



2.5. Skuldgevoelens: Oorsprong, indeling, aard en funksie

Vraag 2(d) is ter sprake. Wat is die eiesoortige oorsprong, indeling, aard en funksie van die emosie van skuld? Hierdie navorsing onderneem 'n studie ten opsigte van predikante wat as gevolg van die tughandeling die gevoel van skuld en skande beleef. Soos vroeër genoem, is daar 'n onderskeid wat getref moet word tussen skuld en skuldgevoelens, asook tussen skande en skandgevoelens. Om die twee begrippe beter teen mekaar af te speel, is dit nodig om die volgende woordbetekenisse (HAT,2005:1031) te ken. Die betekenisse word in die teologiese konteks verklaar.

- **Skuld**

Skuld is 'n oortreding, 'n tekortkoming, 'n verkeerde daad. Skuld is sonde. Daarom word in Matteus 6:12 die gebed tot God gerig, dat Hy die mens se skuld / oortreding sal vergewe.

- **Skuldbesef**

Die bewussyn van skuld. 'n Rationele greep op die feit dat daar 'n oortreding begaan, sonde gepleeg, 'n verkeerde woord gesprek of daad verrig is. Sonder 'n skuldbewussyn is geen skuldgevoelens moontlik nie. Louw (1999:472) sê daarom tereg dat skuldgevoelens 'n aanduiding is van die kwaliteit en omvang van die skuldbewussyn. Skuldlas sal 'n sinonieme begrip wees om die besef van die skuld aan te dui. 'n Mens sal dus skuldig voel wanneer jy besef dat jy skuld het aan 'n ongeoorloofde daad. Skuldbesef is dus die resultaat van sondebef en wel in die lig van 'n duidelike Godsbef.

- **Skuldenaar**

Iemand wat vanweë 'n oortreding (veral in die teologiese konteks 'n moreel-sedelike oortreding), aan ander – ook aan God – skuldig is.

- **Skuldbekentenis**

Die belydenis van skuld. 'n Erkenning van die sonde. Skuldbekentenis en skuldbelydenis is sinonieme begrippe. 'n Ware skuldbesef is vereiste vir die verwoording van skuldbelydenis.

- **Skuldlas**

Alhoewel skuldbesef en skuldlas sinonieme begrippe is, wil dit tog in teologiese konteks die las van die skuld en skuldgevoel verder beklemtoon. Die

wete dat die mens gesondig het en die besef daarvan, plaas hom onder 'n enorme skuldlas wat hanteer moet word.

- **Skuldgevoel**

Die innerlike geestelike ervaring dat 'n mens skuld het aan iets.

- **Skuldbelydenis**

Om die skuld, dit waaraan jy skuldig is, te erken en te bely. Dit is dus die berouvolle erkenning van sonde. Skuldbelydenis is 'n erkenning van skuld teenoor die instansie of persoon wat as gevolg van die oortreding benadeel is. Louw (1999:471) sê, teologies gesproke beteken skuldbelydenis dat God se eer beskadig is omdat die mens in sy bestemmingsfunksie gefaal het. Egte skuldbelydenis is die optrede waardeur die verband gelê word tussen die oorsaak en insig van die sonde. In die pastoraat beteken skuldbelydenis dat die persoon altyd die "ek het..." formule sal gebruik. Daarmee word die oorsaak en bewussyn van die verantwoordelikheid vir die sonde verwoord. Hierdie belydenis vind altyd in die teenwoordigheid van God in die eerste plek plaas, maar ook in die teenwoordigheid van die mens(e) wat te na gekom is. Daar is natuurlik voorbehoude en ander faktore wat in aggeneem moet word by die belydenis teenoor mense.

- **Skuldvergifnis**

Om iemand wat skuldig is, kwyt te skel van die skuld wat hy opgehoop het vanweë sy oortreding en sonde.

2.5.1. Tweeledige indeling

Twee invalshoeke open die verstaan van die ontwikkeling van skuldgevoelens en die effek daarvan op dié wat daardeur geraak word (Wilks 1998:168-173).

- Eerstens is daar eksistensiële of egte skuldgevoelens (Morris ed 1971:63) wat deel is van die normale daaglikse bestaan. Iemand doen of sê iets verkeerd en dit veroorsaak binne die spesifieke konteks die gevoel van skuld. Die hantering en verwerking van hierdie gevoel bepaal die optrede en gevolge daarna.
- Tweedens word neurotiese skuldgevoelens geïdentifiseer, wat 'n verdedigingsmeganisme teen ang en vrees is, en is die gevolg van die onsuksesvolle verwerking van skuld. Wanneer iemand nie in staat is om sy

skuldgevoelens suksesvol te hanteer en te verwerk nie, ontstaan neurotiese skuldgevoelens (Morris ed 1971:82-94).

2.5.1.1. Eksistensiële of egte skuldgevoelens

Eksistensiële gevoelens van skuld word van tyd tot tyd deur alle mense beleef. Daar is reeds vroeër gewys op die universaliteit van gevoelens sowel as op die deurlopende groei en ontwikkeling van emosionele gevoelsbelewing. Hierdie bespreking sluit daarby aan.

Wanneer ons dus na eksistensiële of egte skuldemosie kyk wat deur die oortreding van 'n morele kode of wetlike reël teweeg gebring is, noem ons dit werklike of egte skuldbelewing omdat die oortreding en die gevoel verband hou (Grasha & Kirschenbaum 1980:178). Reymert (1950:353) en Wilks (1998:168,169) stel dit duidelik dat egte skuldgevoelens verband hou met 'n pynvolle emosionele staat en is die gevolg van morele selfbeoordeling.

Skuldegevoelens is uiters pynlik aangesien die persoon besef dat daar 'n diskrepans bestaan tussen sy eie optrede en die morele of etiese standaard wat hy of 'n instansie vir homself gestel het. Dit is dus 'n innerlike en persoonlike beoordeling van die self en 'n besef dat daar groot tekorte in die optrede is. Hierdie pynlike gevoel vanweë die bewuswording van morele oortreding is saam met skandgevoelens die fokus van hierdie navorsing.

Skuldgevoelens is nie die kognitiewe bewuswees van skuld alleen nie. Soms kan iemand intellektueel besef dat hy 'n morele wet oortree het sonder om die gevoelens van skuld te ervaar. Hierdie mense het om een of ander rede nie die vermoë ontwikkel om skuldig te voel en berou te toon oor verkeerde dade nie. Massamoordenaars en geweldenaars toon dikwels hierdie tipe gedrag. Dit kan dan as psigotiese gedrag beskryf word. Psigotiese gedrag word nie deur hierdie studie ondersoek nie.

Egte skuldgevoelens vanweë die oortreding van 'n ooreengekome kode moet nie verwar word met gevoelens van minderwaardigheid wanneer 'n persoon besef dat hy tekort skiet ten opsigte van 'n sekere saak nie. Gevoelens van verleentheid moet ook nie met skuldgevoelens verwar word nie. Wanneer die oordeel of veronderstelde oordeel van ander


‘n pynlike gevoel veroorsaak, is dit nie skuldgevoelens nie. Dit is dan slegs verleentheid. Dit is duidelik dat skuldgevoelens en verleentheid ‘n verband toon, maar dit is egter nie dieselfde nie.

Die eis waaraan egte skuldgevoelens moet voldoen, is duidelik. Skuldgevoelens is ‘n pynlike, innerlike gevoel wat veroorsaak word deur die selfbewuswording van konflik tussen eie optrede en die voorafooreengekome morele en sedelike kode. Barnard (1994:280-281) stel dit duidelik dat egte skuldgevoelens ontstaan as gevolg van sonde wanneer ‘n mens homself meet aan die maatstaf van God se Woord. Die funksie van skuldgevoelens hou daarom direk verband met die optrede van die persoon. Die skuldgevoel wil die persoon weer op koers bring sodat hy harmonieus optree ten opsigte van die morele en etiese gedragskode. Skuldgevoelens help dus ‘n persoon om beter optrede vir die toekoms te beplan. Skema 10:120, Die patroon van egte skuldgevoelens, verduidelik dié spesifieke gevoelsbeewing.

Wanneer hierdie vereenvoudigde skema benut word om skuldgevoelens te beskryf, word die positiewe funksie van skuldemosie skerp teenoor die destruktiewe gestel. Egte skuldbeewing is die gevolg van die kennis dat ‘n bepaalde optrede nie met die ooreengekome en aanvaarde normes en waardes rekening hou nie. Die skuldgevoelens oortuig die persoon om die feite in die oë te kyk en verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar. Dit open die weg vir erkenning en/of belydenis van skuld en daarop kan vryspraak/vergifnis volg. Die teendeel is natuurlik die weiering om verantwoordelikheid vir gedrag te aanvaar, met die gevolg dat skuldgevoelens ophoop. Neurotiese en psigotiese skuldgevoelens word dan destruktiewe magte in die lewe van die mens. Vergelyk die voorstelling op die volgende bladsy.

Skema 9

Die patroon van egte skuldgevoelens



Die voorstelling van eksistensiële skuldgevoelens (Skema 10:117) toon die wyse waarop hierdie emosies daaglik deur alle mense ervaar word, en hoe suksesvol of onsuksesvol verwerking daarvan plaasvind. Twee van die hanteringsmeganismes is onsuksesvol en lei tot ernstige psigiese ongemak en ontoereikende optrede.

Hierdie voorstelling begin met die veronderstelling dat daar in die daaglikse lewe sekere emosionele snellersituasies voorkom wat tot skuldgevoelens aanleiding gee. Alle mense

deel een of ander tyd hierin en niemand kom daarvan vry nie. Hierdie situasies kan deur die persoon self of deur ander veroorsaak word. Die kognitiewe interpretasie van hierdie stimulus veroorsaak 'n gevoel van skuld.

Daar is drie wyses waarop hierdie gemoedstemming hanteer kan word.

- In die eerste plek kan die skuldgevoelens bloot geïgnoreer word, en as toeskouer daarvan word die skuldgevoelens verwerp. Die langtermyngevolge kan egter negatiewe resultate lewer aangesien dit dan onverwerkte skuldgevoelens word.
- Tweedens kan die gevoel toegeëien word, en die self kan so daarmee belas word, dat die las te veel raak. Dit veroorsaak dan 'n negatiewe skuldkompleks wat neuroties van aard is.


Dit is duidelik dat daar in die eerste geval geen verantwoordelikheid geneem word vir die daad en die gepaardgaande emosie nie. In die tweede geval word die daad en gevoel so aangetrek tot die self dat dit te veel word vir die persoon en hy dan psigies knak onder dié las.

- Derdens kan die verantwoordelikheid vir die daad en skuldgevoel aanvaar word (mede-aanvaar word, indien daar van kollektiewe skuld sprake is), en die krag van die emosie as 'n groeigeleentheid benut word. Dit beteken dat die situasie op 'n positiewe en funksionele wyse benader word en met 'n herinterpretasie en ander middele tot die beskikking, nuwe weë gevind word om die saak reg te stel. Dit bring ons weer by die moontlikheid van 'n nuwe uitdagende ervaring wat op 'n hoër emosionele vlak verwerk kan word en gee aanleiding tot 'n positiewe gedragsspiraal.

Die skematiese voorstelling op die volgende bladsy dien as 'n verdere verheldering.

Skema 10

Die hantering van eksistensiële skuldgevoelens



2.5.1.2. Neurotiese skuldgevoelens

Neurotiese skuldgevoelens vloei voort uit die onsuksesvolle hantering en verwerking van eksistensiële- of egte skuldemosie, maar is ook die gevolg van die toeëiening van skuld wanneer daar geen gronde daarvoor bestaan nie. Daar is baie groot ooreenkoms tussen neurotiese skuldgevoelens en egte skuldemosie, maar die verskil lê in die fokus en die hanteringsmeganismes (Engler 1985:37; Wilks 1998:170-172).

Persone wat gebuk gaan onder neurotiese skuldgevoelens kan nie altyd direk aantoon wat die oorsaak van die skuldgevoelens is nie, omdat alles vir hulle in 'n wolk van vaagheid gehul is. Dit blyk dat die gevoel meer te doen het met die omstandighede wat die persoon ondervind, as wat dit iets met enige morele of ander oortreding te maak het. Mense wat neurotiese skuldgevoelens openbaar, het gewoonlik 'n lae selfbeeld en eiewaarde. Hulle blameer hulself vir alles wat verkeerd loop, en ly gewoonlik aan depressie. Hierdie persone het gewoonlik 'n geskiedenis van onsuksesvolle hantering van angs, vrees en woede. Hierdie tipe reaksie op die gevoelsbeleving van skuld is nie ter sprake in hierdie studie nie. Die tughandeling het betrekking op 'n werklike oortreding van 'n morele kode of ander sonde en of wangedrag.

2.5.2. Die eiesoortige aard en funksie van skuldgevoelens

Skuldgevoelens word as 'n bitter en deurdringende gevoel ervaar. Uiterlik word dit gekommunikeer deur die wringing van die hande, die kop wat hang en die vermyding van oogkontak. Skuldgevoelens word ook fisiologies beleef as pyn in die abdomen en voel soos angstigheid. 'n Kenmerk van skuldgevoelens is die herhalende visualisering van die oortreding. Die persoon "speel" die gebeure oor en oor in die verbeelding en verander telkens sekere elemente van die gebeure (Wilks 1998:167-168; Davitz 2000:62-63).

Gedurende hierdie herleef van gebeure word die verwyte herhaal: "as ek maar net", dit of dat gedoen/nie gedoen het nie. Tog is skuldgevoelens nie bedoel om te pynig nie, maar om te oortuig dat verandering noodsaaklik is. Indien die prikkel gehoorsaam word en deur die krag wat die emosie verskaf 'n transformasie van die self plaasvind, lei dit tot hernude geluk en vreugde op 'n hoër vlak van lewe.

2.5.2.1. Positiewe skuldgevoelens

Egte skuldgevoelens is die normale reaksie op die oortreding van dit wat as 'n gegewe norm beskou word. Wanneer iemand geen skuldgevoel openbaar vir negatiewe gedrag nie word dit geklassifiseer as 'n psigopatiese afwyking. Egte skuldbeleving het ten doel om gedragmodifikasie in die hand te werk of om die normes en waardes waarteen gedrag gemeet word, te herevalueer. Dit het met ander woorde 'n kontrolerende en regstellende funksie. Om hierdie rede kan die gevoel as positief beskryf word (Wilks 1998:172-173; Louw 1999:471).

Verder het dit ook die doel om regstellende aksie na vore te roep waardeur dit wat verkeerd geloop het, omskep kan word. Dit is baie belangrik om te besef dat selfs skuldgevoelens positiewe uitkomst kan lewer. Om die positiewe aspek van skuldgevoelens te verwesenlik, is daar vyf vrae wat die persoon homself kan afvra.

- **Vraag 1**

Is ek verantwoordelik vir hierdie situasie? Indien wel, hoekom is ek verantwoordelik?

- **Vraag 2**

Wat het ek oortree ('n morele of etiese gedragskode of dalk 'n wet) sodat ek skuldig voel?

- **Vraag 3**

Wat is daar wat ek kan verander?

- **Vraag 4**

Hoe kan ek my gedrag in die toekoms rig om soortgelyke skuldgevoelens te voorkom?

- **Vraag 5**

Hoe kan ek dit wat ek verkeerd gedoen het, regstel sonder om enige verdere skade te berokken?

Die positiewe funksie van skuldgevoelens lei die persoon na 'n beter ontwikkelde gewete, positiewe regstellende aksie en 'n persoonlike rotsvaste integriteit. Louw (1999:471)

bevestig met 'n aanhaling van Aden (1989:107-115) dat daar konstruktiewe waarde in skuldgevoelens te vind is. Skuldgevoelens gee 'n aanduiding van

- 'n gevoel van skending
- ontrou en dislojaliteit ten opsigte van lewensbeginsel
- insig in die pyn van bedrog
- die angel van selfverwyt
- selfveroordeling
- wanhoop as gevolg van 'n verlies aan bestemmingsverantwoordelikheid wat uiteindelik kan lei tot depressie.

Die waarde van skuldgevoelens is dus dat dit die mens bewus maak van die realiteit van hulle gedrag en die impak wat dit op hulself, die mense en die gemeenskap of samelewing het. Met hierdie besef kan heling volg indien die skuldgevoelens lei tot skulderkenning, skuldbelydenis en skuldvergifnis.

2.5.2.2. Destruktiewe skuldgevoelens

Daar is egter ook die donker kant van skuldemosie. Die negatiewe en destruktiewe effek soos dit in die lewens van mense geopenbaar word. Wanneer skuldemosie geen bydrae lewer tot suksesvolle aanpassing by die snellergebeure nie, maar slegs skuld op skuld ophoop, flikker die gevaarligte. 'n Mens moet begryp dat jy verantwoordelik is vir slegs dit waaroor jy beheer het en niks meer nie. Daar moet die bewuswording wees dat sekere sake buite persoonlike beheer lê en dat dit nie nodig is om daaroor skuldig te voel nie (Socarides ed 1977:544).

Vier vrae kan hierdie negatiewe hantering van skuldemosie opklaar:

- **Vraag 1**

Kan ek sien dat my skuldgevoelens verband hou met my belewing van my eie menswees eerder as dat dit iets is wat ek gedoen het?

- **Vraag 2**

Wat is dit in die situasie wat gevoelens van vrees, ang of woede veroorsaak?

- **Vraag 3**

Watter dieperliggende gevoelens is dit wat deur die skuldgevoelens weggesteek en onderdruk word?

- **Vraag 4**

Is ek bereid om verantwoordelikheid te aanvaar vir dit waaraan ek werklik skuldig is?

Die negatiewe aspek van skuldgevoelens kan mense noop om hulle onaktiwiteit te regverdig en om vas te val in die emosionele situasie.

2.6. Skandgevoelens: Die eiesoortige oorsprong, indeling, aard en funksie

Vraag 2(e) het betrekking. Wat is die eiesoortige oorsprong, indeling, aard en funksie van die gevoelsbeleving van skande?


2.6.1. Tweeledige indeling

Wat die beleving van skande betref, moet daar aanvanklik 'n onderskeid gemaak word tussen diskresionêre skande en skande as uitvloeisel van 'n traumatiese gebeurtenis (Morris ed 1971:159; Goldberg ed 1992:51). Die dialektiese aard van skande en oneer moet deeglik verreken word. Skande kan 'n positiewe en opbouende emosie wees, maar aan die ander kant kan skande 'n negatiewe en afbrekende gevoel word. Skema 11 is 'n voorstelling van die hantering van eksistensiële skandgevoelens.

Net soos by die bespreking oor skuldgevoelens word die kognitiewe interpretasie wat aan die snellergebeure toegeken word emosioneel beleef. Destruktiewe skandgevoelens is egter 'n onsuksesvolle hantering van die gebeure terwyl diskresionêre skandgevoelens 'n positiewe verwerking daarvan is. Wanneer skandgevoelens suksesvol hanteer word, open dit deure na regstellende optrede en nuwe lewensmoontlikhede (Mollon 2003:47-49). Die skematiese voorstelling verduidelik dit verder.

Skema 11

Die hantering van eksistensiële skandgevoelens



2.6.1.1. Diskresionêre skandgevoelens

Eersgenoemde gevoelens word diskresionêre skande en oneer genoem (Albers 1995:13; Vos et al 2007:117). Dit is onder andere skandgevoelens wat die individu verhoed en ontmoedig om byvoorbeeld betrokke te raak by die volgende openbare situasies:

- seksuele aktiwiteit in die openbaar
- onweloweglike ontbloting
- seksuele teistering

Hierdie voorbeelde bring dadelik die voorkomende aspek van skandgevoelens in spel en daarom is dit vir die persoon en gemeenskap voordelig om soortgelyke gevoelens van skande te kan beleef. Die positiewe in diskresionêre skande en oneer is ook die beskerming wat dit in die volgende omstandighede bied:

- privaatheid wat betref sekere liggaamsfunksies
- die ervaring van die dood
- trauma en tragedie

Dit is duidelik dat hierdie tipe skande en oneer 'n positiewe waarde en karakter dra. Die funksie daarvan is 'n klein bydrae tot die algehele fatsoenlikheid, privaatheid, eiendomlike reg en weldeurdagte handeling van die menslike gemeenskap. Hierdie skande wil regmatige grense stel om indringing van die private wêreld van mense te beskerm. Diskresionêre skande en oneer is dus 'n integrale deel van 'n geestesgesonde persoon se bestaan en wese.

Daarom sê Albers (1995:13) wanneer hy afbrekende skandgevoelens, “disgrace shame” (so ook Lindhardt in Vos et al 2007:117), en diskresionêre skande teen mekaar opweeg die volgende. “If one is to deal effectively with disgrace shame, the balance between the two must be kept in tension and the two always need to be considered in juxtaposition.”

Voordat ons na die aard en karakter van skande en oneer kyk, moet daar onthou word dat diskresionêre skande selfs in die geloofsgemeenskap funksioneer (Broucek 1991:3). Dit is 'n gegewene en moet met versigtigheid hanteer word. Geloof is 'n baie persoonlike en innige saak en lê aan die kern van gelowige menswees. Diskresionêre skande beskerm ook die persoonlike geloofslawe. In alle verhoudings behoort die privaatheid van die persoon met groot versigtigheid benader te word. Diskresionêre skande en oneer beskerm die persoon se lefwêreld van disintegrasie. Albers (1995:12) stel dit so: “Human beings cannot exist devoid of those defenses which protect them from the invasion of others, even when the other person may mean no harm.”

2.6.1.2. Afbrekende skandgevoelens

Skande en skaamte moet kontekstueel beskou word. Elke persoon, gesin, gemeenskap, kultuurgroep en samelewing heg 'n sekere waarde aan hierdie begrip. Daarmee saam is daar binne hierdie groeperinge ook nog verdere nuanseringe van die begrip wat deur 'n verskeidenheid faktore bepaal word.

Skande is die gevoel dat jy totaal ontoereikend is as persoon. 'n Mens oordeel dus oor homself en die oordeel is baie negatief. Die gevoel ontstaan dat jy onwaardig, fundamenteel sleg, defektief en verwerplik is.

Lindhardt (Vos et al 2007:122) verwoord dit so: "In seeing myself in the eyes of others I also sense a judgement, or evaluation, directed at me. And I agree in the judgement or evaluation, I accept it. If I did not agree, there would be no shame."

Verskillende benaminge word in die literatuur vir die begrip skande, skaamte en oneer gegee. David Augsburger (1986:117) noem dit "guilty shame", vanweë die interverweeftheid met skuld en skuldgevoelens. Bradshaw (1988:10) gebruik die begrip "toxic shame", omdat die persoon wat deur hierdie gevoelens geraak word, heeltyd voel dat hy gekontamineer is en defektief is. Albers (1995:13) noem dit weer "disgrace shame" en Socarides et al (1977:544) "shame anxiety".

Daar is dus die twee aspekte wat deur die gebruik van hierdie woorde beklemtoon word.

- Aan die eenkant is daar die ontbloting van die persoon self
- en tweedens die bewussyn van negatiewe vergelyking met ander mense wat nie dieselfde oorgekom het nie.

Beide hierdie aspekte resulteer in 'n negatiewe en destruktiewe self-evaluering. Hierdie tipe skandemosie is die ondersoekfokus vir die studie.

2.6.2. Die eiesoortige aard en funksie van skandgevoelens

Die oorsake van gevoelens van skaamte en skande verskil van gemeenskap tot gemeenskap en van individu tot individu. Die determinante word bepaal deur die milieu en die sedes wat normatief is vir die gemeenskap en individu.

Daar is duidelike vlakke van die beleving van skaamte. Dit kan 'n oppervlakkige ervaring wees wat sommer weer gou verbygaan of dit kan 'n aardskuddende ervaring wees wat lewenslange negatiewe gevolge dra. Hoe sterker die gemeenskap se sedes en norme – des te groter die effek van negatiewe skande en oneer in die lewens van die betrokkenes.

Die onderskeid tussen skande en skandgevoelens kan ook die beste verduidelik word deur die volgende begrippe te verwoord, die verband met mekaar aan te toon en die betekenis daarvan te bepaal. Alhoewel die begrippe eers suiwer vanuit die HAT (2005:1010) geformuleer word, word die teologiese konteks vir hierdie studie veronderstel.

- **Skande**

Skande is 'n staat van vernedering. Dit is 'n posisie van oneer. In die openbare oog lei 'n daad van skande tot 'n skandalige toestand wat aanstoot gee en opspraak verwek omdat dit teen die fatsoenlikheid, moraliteit of sedes indruis. Sulke optrede word as skandelik beskou. Dit is iets waaroor 'n mens hom moet skaam.

- **Skandgevoel**

Die innerlike, geestelike beleving van vernedering, skaamte en oneer.

2.6.2.1. Positiewe skandgevoelens

Die term positiewe skandgevoelens klink na 'n weerspreking aangesien skande deur niemand as positief beskou sou word nie (Socarides ed 1977:535). Almal ken die gevoel van skande en skaamte en oneer en niemand het dit as positief beleef nie. Met hierdie term moet ons egter die verwerking van die gevoel van skande aandui wanneer die persoon wat daarmee worstel, uiteindelik positiewe resultate verkry. Hy besef dat die skandgevoel hom motiveer om weer opnuut na sy eie optrede te kyk. Die gevoel het dus 'n positiewe doel naamlik om die persoon te help om die negatiewe spiraal van optrede en skandgevoelens te verbreek en om op 'n nuwe wyse te leef.

2.6.2.2. Destruktiewe skandgevoelens

Destruktiewe skande en oneer kan ook tydensgewys onderskei word wat die verlede, hede en toekomstige aspek daarvan betref (Wurmser 1981).

- “Shame anxiety”, verwys na die verlede maar veroorsaak spanning oor die

toekoms. Alle mense het reeds van kleins af die ervaring dat hulle optrede deur ander veroordeel en afgekeur word. Dit skep later 'n identiteit ten opsigte van die saak. Wanneer daar dan die moontlikheid bestaan dat daar 'n situasie kan wees waar daar op hierdie sensitiewe aspek in die persoon se identiteit gemik word, is daar baie angs wat ter sprake kom. 'n Mens is angstig dat die negatiewe gevoelens van skaamte en skande weereens gedupliseer sal word. Mense is juis binne die vermoë om te projekteer oor dit wat moontlik kan gebeur. Dit veroorsaak angstigheid en spanning oor die toekoms.

- “Shame reaction”, is die prosessering van die gebeure van skande en oneer soos dit ondervind word tydens die krisis. Waar “shame anxiety” verwys na dit wat kan gebeur – is “shame reaction” die beleving van die gebeure self. In die geval van die tughandeling is die predikant se sonde(s) bekendgemaak deurdat 'n gerug of klagte ondersoek word. Dit sluit ook die hele tugproses in tot en met die toepassing van die tugmaatreëls.
- Laastens is die “shame attitude”, die geakkumuleerde skande en skaamte ervarings wat oor 'n leeftyd ontwikkel en opgebou is. Dit lei tot 'n bepaalde houding van skaamte en skande. Die lewe word deur hierdie bril bekyk en daar word volgens hierdie gevoelens geleef. Die persepsies en interpretasie van alle lewensgebeure word nou deur hierdie ontwikkelende identiteit geraak. Uiteindelik is dit 'n maalkolk van sentripitale magte wat die lewe van die persoon oorheers en ernstige ontwrigting veroorsaak.

Negatiewe, afbrekende skande hou verband met bekendmaking en etikettering. Die bekendmaking behels die vrees dat iets baie persoonlik en negatief bekend sal word en dit sal uitloop op een of ander vorm van verwerping. Daarom sal die persoon alles in sy vermoë doen om die bekendmaking van die negatiewe te vermy. Daarom is skande en skaamte verbind aan die behoefte om dit te bedek wat geopenbaar word (Jacoby 1996:6-9).

'n Mens se oë, die gesig en houding as uitdrukking van die innerlike wese word algemeen aanvaar. Wanneer 'n mens wegkyk, jou oë grondwaarts rig of oogkontak vermy en wanneer die liggaamshouding neergeboë is, is dit dikwels 'n teken van skande en skaamtegevoelens wat 'n houvas het op die persoon.

Etikettering behels twee aspekte.

- Eerstens kan dit die persoon self wees wat vanuit sy eie selfpersepsie sekere negatiewe gevoelens projekteer.
- Tweedens kan dit die gemeenskap wees wat sekere verwagtings koester en dit word 'n etikettering wat lei tot skande en skaamte. Meestal sal dit 'n kombinasie wees van beide die aspekte.

Wanneer die skande en oneer wat iemand ervaar destruktiewe negatiewe gevoelens veroorsaak, word die term “disgrace shame” gebruik. Teenoor diskresionêre skande en oneer staan hierdie gevoelens as uiters pynlik, werk verlamrend in op die gemoed en is 'n aftakelende ervaring (Kaufman & Raphael 1991:xiii). Schneider (1977:22) beskryf die werking daarvan: “If discretion shame sustains the personal and social ordering of the world, disgrace shame is a painful experience of the disintegration of one's world. A break occurs in the self's relationship with itself and/or others. An awkward, uncomfortable space opens up in the world. The self is no longer whole, but divided. It feels less than it wants to be, less at its best it knows to be”.

Hierdie skande en oneer het 'n kragtige negatiewe impak in die lewe van mense. Sommige skrywers het al selfs na dit as 'n “onsigbare draak” verwys. Daarmee wou hulle die emosionele bedreiging van die skande en oneer verbeeld. Nie alleen kan dit fisiese gesondheidsprobleme veroorsaak nie, maar ook spirituele groei skaad.

Die negatiewe elemente van “disgrace shame” moet konstruktief aangespreek word. Daar is veral drie sake wat belangrik is in die hantering van hierdie spesifieke gevoelens en die beskerming van die persoon.

- Eerstens die “wondbaarheid” of kwesbaarheid van die persoon in hierdie situasie.
- Tweedens die blootlegging, onthulling of openbaring van uiters persoonlike aspekte.
- Derdens die onthulling, ontmaskering en sigbaarmaking van die diepste geheime betreffende die saak.

Diskresionêre skande en oneer beskerm die persoon van die openbare ondersoek wat private en persoonlike sake betref. Negatiewe skande en oneer is aan die anderkant gevul met vrees vir die ontmaskering van die beeld wat die ander van die persoon sal ontwikkel

na aanleiding van die blootlegging van die “ware self” met al sy onaanvaarbare optredes, tekortkominge en gebreke. Daar is met ander woorde die spanning tussen onthulling en verskuiling.

Ons kan konkludeer dat diskresionêre skande en oneer die meganisme is waarmee mense hulself en ander beskerm en wat as norme en waardesisteem funksioneer voordat hulle handelend optree. Daarteenoor is die afbrekende skande en oneer die pynlike disintegrasie wat volg op ‘n swak deurdagte optrede.

2.6.2.3. Die dinamiek van skandgevoelens

Destruktiewe skande en oneer kom op die volgende wyses tot uitdrukking en het ‘n verlammeende effek op die wat dit ervaar. Verskillende teksgedeeltes wat op die dinamiek van skande dui, word aangetoon.

2.6.2.3.1. ‘n Afkeer van die self

Dit is ‘n universele ervaring om soms verleë te staan oor iets wat gebeur het. Dit kan iets wees waaroor ‘n mens beheer gehad het of selfs dinge wees wat sonder voorbedagte rade plaasvind. Die gevolg is egter dat jy daarvoor skaam kry en teleurgesteld voel in jouself. Jy kan selfs ontnugter voel omdat jy nie die voorval kon voorsien en die gevolge daarvan kon afweer nie. Die volgende Nuwe Testamentiese gedeeltes verwys na dié tipe vernedering wat gely word as gevolg van ‘n sosiale fout of “oortreding” (Kaufman 1989:106-107).

Johannes 2:1-12 vertel van die gebeure tydens die bruilof wat in Kana te Galilea gehou is (Van der Watt 2000; Gnilka 1983). Die bruidegom se verleentheid het daarin bestaan dat die wyn opgebraak het terwyl die bruilofviering nog aan die gang was. Die voorsiening wat hy gemaak het was nie voldoende nie. Jesus se moeder het daarvan te hore gekom en dit aan Hom vertel. Hierdie bruidegom se krisis was die vernedering wat hy sou moes deurstaan in die oë van die gaste. Hulle sou weet dat sy voorbereiding en beplanning nie voldoende was nie. Sy bruid, skoonouers en familie sou almal deur hierdie situasie in die verleentheid kom. Almal sou verleë wees en teleurgesteld dat hierdie swak beplanning die huweliksonthaal van sy glans ontnem.

In **Lukas 14:7-11** word die gelykenis van die vernedering van die aanstellerige gas vertel (Popp in Zimmermann ed 2007:586-592). Die man wat uitgenooi is na 'n bruilof was voorbarig deur by die tafel te gaan aansit wat vir iemand spesiaal gereserveer was. Die gasheer moes hom toe gaan vra om op 'n ander plek te gaan sit. Dit het die man tot groot oneer gestrek en hy was baie skaam hieroor. Hy moes eerder gewag het totdat die gasheer die tafelaanwysings bekendgemaak het. Dit was vir hom 'n groot skande gewees (v.9). Die persoon het soos 'n gek gevoel en uiters verleë oor die oneer wat dit gebring het.

Lukas 14:28-30 vertel 'n ander gelykenis van 'n man wat 'n bouprojek onderneem het (Sellin in Zimmermann ed 2007: 604-609). Groot was die teleurstelling egter toe hy nie in staat was om die projek te voltooi nie. Die reaksie van die mense naamlik dat hulle spot en sê dat hy nie eers behoorlik kon beplan en die koste reg kon bereken nie het tot sy vernedering gedien. In die oë van die gemeenskap is hy beoordeel as iemand wat nie in staat is om te voltooi waarmee hy begin nie. Die man se onvermoë is die oorsaak van die gemeenskap se verkleinerings en sy gevoel van verleentheid en oneer spruit daaruit voort.

Hierdie voorbeelde kan ook in ons lewe gedupliseer word en telkens op verskillende lewensterreine herhaal word. In die oë van die persoon en in dié van die gemeenskap lei dit tot skaamte en verleentheid. Die gevoel van afkeer, teleurstelling en ontnugtering met die self staan voorop. Wanneer 'n mens 'n fout of 'n oortreding begaan, is die vernedering soms so groot dat mens byna probeer om weg te kruip.

2.6.2.3.2. 'n Minderwaardigheidsgevoel

Om skaam te voel omdat jy nie dieselfde vermoëns, talente, vaardighede of aangebore eienskappe besit as ander mense nie, is weereens nie 'n ongewone gevoel vir mense nie (Kaufman 1989:107). Almal het al by geleentheid skaam gevoel omdat hulle nie in staat was om 'n taak uit te voer soos wat ander dit van hulle verwag het nie. 'n Mens kan ook soms nie aan jou eie verwagtings voldoen nie en dit veroorsaak negatiewe gevoelens van skaamte.

Talle Bybelfigure het vanweë skaamte as gevolg van een of ander werklike of perseptuele defek in hulself nie kans gesien om hulle Goddelike roeping op te neem of te voltooi nie. Moses (Eksodus 3:31), Gideon (Rigters 6:7-32), Salomo (1 Konings 3:7,9) en Timotheüs

(1 Timotheüs 4:12) dien as voorbeelde. Moses het ontoereikend gevoel om die leier van die Israeliete te wees. Gideon was onseker oor sy aanstelling as Rigter en die sukses daarvan. Salomo was bewus van die groot taak om 'n koning te wees vir die volk en wys te regeer en moes van God die wysheid afbid. Timotheüs se onervarendheid as jong man het gesagsprobleme voor sy geestesoog opgeroep.

Hierdie gevoel van persoonlike defek is deur Adler die minderwaardigheidskompleks genoem. Wanneer jy jouself teen iemand anders meet en die verskil negatief in jou guns is, word 'n skaamtegevoel in jou gebore. Dit kan selfs later lei tot 'n persoonlikheid wat skaamte en skande aantrek en waar die geakkumuleerde effek daarvan ernstige persoonlike probleme tot gevolg het. Die gevoel dat daar gebreke en onvolkomendheid in die self bestaan, lei tot verdere gevoelens van skaamte wat sneeubal en 'n bese negatiewe kringloop vorm.

2.6.2.3.3. 'n Vrees vir verlating

Psalm 22:2a eggo die noodkreet van iemand wat leef in vrees dat God hom doelbewus verlaat het (Hossfeld & Zenger Hgs 1993; Seybold 2003). "My God, my God, waarom het U my verlaat...?". Duidelik word die vrees verwoord dat God met hom opgegee en Sy rug op hom gedraai het. Die vrees word dikwels in die lewe van gelowiges gevind wanneer hulle as gevolg van sonde en oortredings van die liefdesgebod struikel. Die moontlikheid dat God Hom sal onttrek as straf vir die sonde is egter nie ongegrond nie.

In die Ou Testament is daar voorbeelde waar God dreig om die verhouding wat bestaan te beëindig (Farmer 1988). In 2 Konings 21:14-15a sê God: "Wat oor is van die volk wat aan My behoort, gaan Ek verwerp en hulle oorgee in die mag van hulle vyande...Dit sal gebeur omdat hulle gedoen het wat verkeerd is in my oë...". God se verhouding met Sy volk en die gelowige bestaan in die verbond wat Hy met hulle gesluit het om hulle God te wees. Gehoorsaamheid van die volk aan die Here bring seën maar ongehoorsaamheid verbreek die verbond. Die verhouding word deur sonde bedreig en die vrees vir verlating word 'n moontlikheid. Sowel die geloofsgemeenskap as geheel maar ook die individu beleef dit intens. Sonde bring skeiding van die verhouding met God. Daarom hoor ons die versugting van die persoon wat in Psalm 27:9b smeek: "Moet my tog nie verstoot en verlaat nie" (Hossfeld & Zenger Hgs 1993). Die Psalmdigter erken verder dat gebroke verhoudings in

die lewe dikwels voorkom. Selfs ouers en kinders beleef verwerping en gaan gebuk onder die pyn van verlating (v.10). Hierdie gebroke verhoudings veroorsaak intense pyn en die gevolg is eensaamheid omdat die verhoudings tot niet is. Die persoon wat dit ervaar, interpreteer dit dat daar niemand is wat omgee en hom liefhet nie. Hy voel afgesny van die bron van sy liefde en aanvaarding.

Psigoloë verwys na die eerste belewing van skeidingsvrees wanneer 'n baba gebore word en elke keer daarna wanneer hy alleen gelaat word. Die vrees vir skeiding en verlating word verhoog deur die interpretasie dat die persoon nie goed genoeg is vir die aandag van ander nie. Dit het 'n kragtige negatiewe uitwerking op 'n mens se eiewaarde en selfevaluering. Die boodskap wat die self ontvang, is verwerping en onwaardigheid en daarom is die innerlike selfbeoordeling negatief (Louw ed 1982:199; Morris 1979:97).

Die skande en oneer van verwerping word op baie verskillende maniere in die samelewing beleef en gebruik.

- Ouers gebruik dit soms in 'n poging om hulle kinders te straf en te dissiplineer.
- In die adolessente jare is maats se grootste vrees dat die groep hulle sal verwerp. Dit beteken dat hulle feitlik enige iets sal doen om binne die groep aanvaar te word en om die aanvaarding blywend te ervaar.
- Mans intimideer hulle vroue met die vrees van verwerping en verlating indien hulle sou optree teenoor mishandeling in die huwelik.
- Eensame opsluiting word as strafmaatreeël gebruik vir persone wat nie hulle samewerking in die gevangenis gee nie.
- Godsdientige groepe het verwerping nog altyd gebruik om te mense te ekskommuniseer en te ban. Almal wat nie konformeer met die ooreengekome teologie, lewenswyse of watter ander norm ookal nie, word geban en afgesny van die gemeenskap.
- Die doel van laasgenoemde voorbeelde van eensame opsluiting en ekskommunikasie is om die persoon te dwing om homself weer in lyn te bring met die aanvaarde en aanvaarbare norme en standaarde van die gemeenskap. Dit word benut om die persoon te verander en te hervorm. Die boodskap is egter duidelik: dit is 'n skande om deur ander mense verlaat of uitgestoot te word.

2.6.2.3.4. Oneer

Oneer is die gevoel dat jy geheel gestroop is van jou waardigheid en integriteit (Neyrey 1998). Die gevolg is 'n diep gevoel van vernedering. In die Skrif is talle voorbeelde van hierdie aspek van skande. Dit hou dikwels verband met militêre oorwinnings en nederlae. Individue en groepe bid ook vir die beskerming van hul eie eer maar die vernedering van die vyand. Vergelyk die volgende verwysings: Psalm 25:2,3; 35:4,26; 40:14-15 (Miller 1986; Hossfeld & Zenger Hgs 1993); 53:5; 57:3; 70:2-3; 71:13,24; 78:66; 79:12; 83:16-17; 89:45 (Hossfeld & Zenger Hgs 2000); 119:78; 129:5; 132:18 (Hossfeld & Zenger Hgs 2008).

Saul (2 Samuel 1) was so oorweldig deur die moontlike gevolge van vernedering indien hy gevange geneem sou word dat hy eerder selfmoord gepleeg het (1Samuel 31), of soos die ander berig vermeld, 'n verbygaande Amalekiet versoek het om hom om die lewe te bring (Born, Grossouw & Van der Ploeg 1963; Farmer 1988). Eerder dood as die intense beleving van oneer as gevolg van die gevoelens van skande!

Daar is verskeie situasies in die alledaagse lewe wat op 'n nederlaag uitloop. Wat ookal die oorsake, die gevolg is altyd 'n gevoel van oneer wat spruit uit die gemeenskap se onverdraagsaamheid teenoor “verloorders”. Die normale optrede wanneer hierdie gevoelens van oneer beleef word, is om te probeer wegkruip of om in totale moedeloosheid te verval. 'n Nederlaag laat die persoon waardeloos voel en sy selfagting word aangetas.

Wanneer die nederlaag in die publieke arena aan die lig gebring word, is die gevoelens des te sterker. Die liggaamshouding van die persoon verrai sy gevoelens. Die kop hang, gesigte word weggesteek en hulle probeer om die publieke oog te vermy. Hulle beweeg asof alle krag hulle verlaat het. In alle aspekte van hulle menswees vertoon hulle 'n swakheid.

Predikante wat “uitgevang” is dat hulle nie in staat was om suksesvol hulle ampswerk te verrig nie omdat hulle 'n “sonde nederlaag” gely het, se gevoel is dat hulle integriteit in twyfel getrek word en dat hulle waardigheid (menswaardigheid) op die spel is. Hulle voel diep vernederd en te swak om die situasie te hanteer. Aanmoedigings om “in die geloof te volhard”, of om “sterk te wees”, doen niks vir die verbetering van die gevoel nie.

2.6.2.3.5. 'n Belewning van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek

Een van die kragtige gevoelens van skande en skaamte is die gevoel van gebrekkig wees, onvolkomendheid en vol foute (Davitz 1969:51; Kowalski 1993:43,53-55). Daar is 'n aantal dimensies hierby betrokke waaronder fisiese onvolkomendheid (wat nie deel van hierdie studie uitmaak nie), emosionele-, sosiale en spirituele gebrekkigheid.

2.6.2.3.6. 'n Belewning van besoedeling en smet

Een van die Bybelse gedeeltes wat skande en skaamte direk aanspreek, is die verhaal van Tamar se gewelddadige verkragting deur haar halfbroer Ammon soos vertel in 2 Samuel 13 (Zenger 1980: 538-539; Zenger 2008:230-238). Beide het skaamtegevoelens na die gebeurtenis geopenbaar. Tamar was onskuldig aan die daad en het ernstig gely onder die sosiale gevolge daarvan. Sy was skaam en gevoelens van oneer het haar oorweldig. Ammon was skuldig aan die oortreding en het skande en skaamtegevoelens beleef. Omdat hy nie sy skuld bely het en die proses van vergifnis deurloop het nie, het hy met woede gereageer (woede is dikwels 'n verdedigingstegniek om skande en skaamte te verwerk). Hy het haar weggestuur sodat hy nie aanhoudend herinner is aan sy skuld of skande nie. Tamar het besoedel, besmet en vuil gevoel.

2.6.2.4. Verdedigingsmeganismes tydens die verwerking van destruktiewe skandgevoelens

Die negatiewe en destruktiewe mag van skaamte, skande en oneer veroorsaak onhoudbare ongemak in die persoon wat dit beleef. Die krisis wat dit innerlik veroorsaak, verskil egter van persoon tot persoon en groep tot groep. Verdedigingsmeganismes is aangeleerde gedrag wat ontwikkel en verfyning met die jare ondergaan (McKay & Fanning 1992:57-82). Uitwendige faktore wat verdedigingsmeganismes beïnvloed, is die kulturele opset van die samelewing waarbinne die persoon woon, die konteks van sy bestaan en kondisionering. Persoonlikheid en temperament is die inwendige faktore wat die eiesoortige aard van die meganismes bepaal.

Verdedigingsmeganismes is die manier waarop mense hulle waardigheid probeer behou of handhaaf ten tye van die belewning van gevoelens van skaamte en skande. Alle energie

word gebruik en gekanaliseer in die verdedigingsproses met die doel om die impak van die skande te versag. Verskeie meganismes word deur Kaufman (1989:100-104) en Rathus & Nevid (1980:166-173) geïdentifiseer.

2.6.4.1.Strewe na perfeksionisme

Die strewe na perfeksionisme is 'n poging om alle moontlike smet en skande uit te wis (Critelli 1987:161-164; Kaufman 1998:101). Die persoon moet in alle moontlike aktiwiteite uitblink en tog is niks ooit goed genoeg nie. Perfeksionisme is die meganisme om te kompenseer vir die innerlike gevoel van mislukking en defek. Dit het egter die negatiewe spiraaleffek. Alles wat gedoen word, is nie goed genoeg nie en daarom val die persoon telkens nog dieper in die skande- en skaamtegevoel. Perfeksionisme is dus selfbeperkend.

2.6.4.2.Selfregverdiging

Selfregverdiging vind plaas wanneer die persoon wat deur skandgevoelens oorweldig word nie suksesvol is in die positiewe verwerking daarvan nie. Hy probeer dan om op alle moontlike maniere die skandgevoel te vermy deur die situasie wat daartoe gelei het goed te praat en te verdedig. Hy neem egter nie verantwoordelikheid vir die situasie nie (Rathus & Nevid 1980:170; Hanin ed 2000:58).

2.6.4.3.Manipulasie

Wanneer 'n persoon die situasie, mense en feite manipuleer om die destruktiewe skandgevoel te verberg, is dit 'n onsuksesvolle hantering van die emosie Kaufman 1998:101; McKay & Fanning 1992:63-64).

2.6.4.4.Blaamverskuiwing

Blaamverskuiwing is 'n meganisme vir die persoon wat intense skandgevoelens ervaar om die skuld op 'n ander party te fokus (vergelyk Girard oor die sondebokmeganisme, 1986; Heitink 2011). Die element van woede is teenwoordig maar dan in 'n beskuldigende foutsoekery met die oog om skotvry uit te stap. Wanneer iemand anders verantwoordelik is

vir die skande en daarvoor te blameer is, voel die persoon selfgeregverdig. Hierdie verdedigingsmeganisme neutraliseer skande omdat dit die gevoelens van die self weg kanaliseer (Kaufman 1998:101; Wilks 1998:53-56).

2.6.2.4.5.Martelaarkompleks

Die martelaarskompleks kom dikwels voor en is 'n aanduiding van die onsuksesvolle verwerking van skandgevoelens. Die persoon beskou homself as die lydende party en sy optrede het ten doel dat ander mense hom sal bejammer as die martelaar wat te na gekom is. Hy neem nie verantwoordelikheid vir sy optrede en emosie nie.

2.6.2.4.6.Minagting

Deur die tegniek van minagting distansieer die persoon hom van ander. Deur arrogansie, meerderwaardige houding, veroordeling en vernederende optredes teenoor ander probeer die persoon negatiewe skandgevoelens elimineer (Kaufman 1989:100; McKay & Fanning 1992:61).

2.6.2.4.7.Ontkenning

Wanneer alle maniere om skandgevoelens te vermy geblokkeer word, is ontkenning dikwels die enigste verdediging. Die doel is selfbeskerming teen die vyandige omgewing. Ontkenning verban skandgevoelens van die bewuste en bring so verligting (Rathus & Nevid 1980:170; Kaufman 1989:103).

2.6.2.4.8.Humor

Met hierdie strategie probeer mense die skrikwekkende pyn van skandgevoelens versag deur die momentele gebruik van lag en humor. Selfs die belangrikste sake word op lighartige wyse hanteer en potensiele bronne van skande word geminimaliseer (Socarides 1977:391-402; Kaufman 1989:103). Sarkasme, sinisme en selfvernederende humor is variante in die poging om skandgevoelens te troef. Patalogiese humor en lag is die abnormale reaksie wat natuurlike humor en lag naboots maar verskil wat betref

“abnormalities of motor patterns, emotional experience, or appropriateness of social contact” (McGhee & Goldstein 1983:91-92).

2.6.2.4.9. Onttrekking en isolasie

Innerlike onttrekking en isolasie in die self is ‘n ander verdedigingstrategie teen skandgevoelens. Hiermee word blootstelling en volgehoue skandgevoelens verhoed (Rathus & Nevid 1980: 169-170). Die selfs kruip weg vir die skandgevoelens deur dieper in die self weg te kruip. Die sosiale masker waarmee die wêreld gekonfronteer word, verbloem die innerlike gevoelens (Kaufman 1989:102).

2.6.2.4.10. Woede

Woede-aanvalle beskerm die persoon teen skandgevoelens (Kaufman 1989:100). Dit kan verskeie vorms aanneem soos ‘n algemene vyandiggesindheid, bitterheid, kroniese haatdraendheid of eksplosiewe manifestasie van woede. Op hierdie wyse word die self beskerm en ander mense op ‘n afstand gehou (Davitz 1969:35-36; Rathus & Nevid 1980:266 verder; Hann ed 2000:55). Vraag 2(f) is ook hier ter sprake. Is daar enige ander emosie of psigologiese staat wat direk verband hou met die gevoel van skuld en/of skande?

2.7. Die ooreenkoms en onderskeid tussen skuld- en skandgevoelens

Vraag 2(f) is ter sprake. Is daar enige verband tussen die emosie van skuld en die van skande? Dit is noodsaaklik om vas te stel wat die verband tussen skuld en skande is. Albers (1995:22) verduidelik die onderskeid as volg: “Whereas guilt may be characterized phenomenologically as a behavioral violation of one’s value system, shame is an ontological violation of one’s essentiality or identity as a person.” Morris ed (1971:147-154) sluit hierby aan.

Bons-Storm (1989:40) definieer skuld en skande: “Schuldgevoel is de ervaring, een regel overtreden te hebben van een autoriteit, die men erkent. Schaamte is de ervaring, er eigenlijk niet te mogen zijn, omdat men zichzelf te kort weet schieten.” Socarides (1977:533); Bybee (1998:5-9) en Lewis (1992:33-35) sluit hierby aan.

Ons kan hieruit die volgende gevolgtrekkings maak.

- Die oorsaak vir beide skuld- en skandgevoelens het as bron die verbreking of oortreding van 'n norm, reël of wet.
- Skuld is egter 'n fenomenologiese saak en het te maak met 'n gedragsoortreding van 'n eie waardesisteem. Anders gestel: skuldgevoelens betrek ons gedagtes, gedrag en handeling.
- Skande, skaamte en oneer daarenteen is 'n ontologiese saak en het te make met die persoon se identiteit en menswees. Saaklik gestel: skandgevoelens betrek ons persoon en identiteit.
- Daarom kan ons sê dat skuld gefokus is op die negatiewe gedrag. Skuldgevoelens oortuig ons dus van ons slegte gedrag.
- Gevoelens van skande fokus op die negatiewe van die persoon. Skandgevoelens oortuig ons dus van ons slegte self want die fokus is op die mens self.

Hieruit is dit dus alreeds duidelik waarom skuld- en skandgevoelens nie deur dieselfde proses gefasiliteer kan word vir die suksesvolle hantering daarvan nie. Die verskil is te groot vanweë die fokus wat verskil (Mollon 2003:28-30). Lewis (Many faces of shame, 1987:107 in Albers 1995:26-27) se onderskeid tussen skuld en skande is so volledig en ter sake dat dit in die geheel aangehaal word. "Shame is the product of a complex set of cognitive activities: the evaluation of an individual's actions in regard to her standards, rules, and goals, and her global evaluation of the self. The phenomenological experience of the person having shame is that of a wish to hide, disappear, or die. Shame is a highly negative and painful state that also results in the disruption of ongoing behaviour, confusion in thought, and an inability to speak. The physical action in accompanying shame includes a shrinking of the body, as though to disappear from the eye of the self or the other. This emotional state is so intense and has such a devastating effect on the self system that individuals presented with such a state must attempt to rid themselves of it. *However, since shame represents a global attack on the self, people have great difficulty in dissipating this emotion...*

The emotional state of guilt or regret is produced when individuals evaluate their behaviour as failure but focus on the specific features of the self or on the self's action that

led to the failure. Unlike shame, in which the focus is on the global self, with guilt the individual focuses on the self's actions and behaviors that are likely to repair the failure. *From a phenomenological point of view, individuals are pained by their failure, but this pained feeling is directed to the cause of the failure or to the harmed object.* Because the cognitive attributional process focuses on the action of the self rather than on the totality of the self, the feeling that is produced is not as intensely negative as shame and does not lead to confusion and to the loss of action. In fact, the emotion of guilt always has an associated corrective action, something that the individual can do – but does not necessarily actually do – to repair the failure. Rectification of the failure and preventing it from happening again are the two possible corrective paths.” (My beklemtoning)

Skuld en skaamte staan dus in ‘n jukstaposisie. Dit is nie dieselfde gevoelens nie en kan nie op dieselfde wyse hanteer word nie. Alhoewel beide die gevoelens verweef is (Lyll 1995:93) en ingewikkeld – byna onskeibaar en ononderskeibaar - moet daar wel die onderskeid gehandhaaf word. Dit is belangrik dat daar aan die skuld- en skandgevoelens gesamentlike en afsonderlik aandag gegee word in die herstelproses omdat belydenis, vergifnis en vrypraak nie die skandgevoelens tot niet maak nie, slegs positief impakteer op skuldgevoelens. Die verwerking van skandgevoelens vereis ander intervensie.

Donald Nathanson sê: “Experience teaches us that wrongdoing may be punished by guilt; while unwarranted opinions about the self, when exposed, will be punished by shame.” (Albers 1995:24).

Dit is uiters belangrik om te onthou dat die grense tussen skuld en skande soms uiters vaag is. ‘n Persoon kan ook baie maklik tussen hierdie twee posisies beweeg. Omdat hulle sekere ooreenkomstige elemente deel, is dit moeilik om altyd die onderskeid te handhaaf. Daarom moet hulle in samehang met mekaar hanteer word. Dit laat ‘n mens met die besef van die erns van beide hierdie gevoelens.

Positiewe skuldgevoelens oortuig ‘n mens om nie weer so op te tree nie. Dit dien as afskrikmiddel en as waarskuwing. Dit laat ‘n mens dink oor die daad. Dit is soos iemand wat uitroep: “Stop! Kyk wat het jy gedoen! Gee aandag aan jou gedrag! Verander jou optrede!” Skuld laat die persoon met ander woorde bewus word dat hy ‘n reël oortree het

en dat hy sy gedrag dienooreenkomstig moet aanpas. Dit vereis ook van die persoon om met alternatiewe gedragspatrone sy vorige aksies reg te stel.

Tydens skaamte is die gevoel eerder: “Stop! Jy is ‘n skande en verleentheid vir jouself en vir ander! Jy is sleg en bring skande en oneer! ” Omdat dit nie hier oor dade gaan nie maar oor die persoon self, is daar nie aksies wat hieruit volg om die saak reg te stel nie. Daar kan geen aksies wees nie omdat die persoon wat veronderstel is om dit uit te voer onbekwaam is tot enige goed. Die proses van heling en herstel het dus ander vereistes (Kaufman & Raphael 1991:xvii).

2.8. Verbandhoudende emosionele en psigologiese state

Vraag 2(g) hou verband met die bespreking. Talle emosies hou verband met skuld- en skandgevoelens (Socarides ed 1977:295 verder,355 verder; Rathus & Nevid 1980:155-158,166-172; Wilks 1998:63-73). Voorbeelde hiervan is:

- frustrasie
- eensaamheid
- wanhoop
- hulpeloosheid
- hopeloosheid
- aggressie
- magteloosheid
- onrustigheid
- senuweeagtigheid
- vyandigheid
- bitterheid.

Die een emosie wat egter baie nader staan en ook intens beleef word wanneer gevoelens van skuld- en skande ter sprake is, is die gevoel van woede. Woede ontstaan weens onvervulde wense, met ‘n begeerte om die situasie te verander, bestry of te vernietig. Dit gaan hand aan hand met ‘n verlies aan selfbeheersing en negatiewe gedrag (Socarides ed 1977:537). Daar is ook weer tussen woede en frustrasie ‘n verband (Strongman 1974:121)

en tussen skande en woede (Mollon 2003:45-47). Veral wanneer 'n gevoel van magteloosheid 'n mens se lewe oorheers (Lindhardt in Vos et al 2007:120-121).

Die probleem is dat daar 'n oordrewe behoefte aan selferkenning, -handhawing en mag die psigologiese basis skep vir die ervaring van die emosie van woede. Terselfertyd is die hantering van die lewenseis negatief deur beide die onderdrukking van en onbeheersde ventilasie van woede (Louw 1999:489).

Depressiewe gevoelens en die moontlike psigologiese staat van depressie is die gevolg van 'n verlies aan bestemmingsbeantwoording (Louw 1999:471) en gewetenskaplike konflikte (Critelli 1978:164-170; Barnard 1994:281). Lyall (1995:85,86) voeg die psigologiese konflik van angs hierby. Die angs van betekenisloosheid en van veroordeling en die ervaring van skande (Mollon 2003:42-44).

2.9. Die verwerking van skuld en skande

Louw (1999:472) beklemtoon dat dit van wesenlike belang is dat die skuldgevoelens wat gepaard gaan met 'n realistiese, ewewigtige en toepaslike skuldbesef, in die pastoraat geïdentifiseer moet word. Skuldgevoelens is die barometer vir die skuldbesef in 'n mens. Indien die skuldgevoelens noukeurig vasgestel word, kan die toepaslike optrede in die pastorale begeleiding groot trefkrag hê. Dieselfde sal dan ook vir die ervaring van skandgevoelens as aanduiding van die bewussyn van skande, van toepassing wees (Kaufman & Raphael 1991:29; Hughes, Thompson & Terrell eds 2009:6). Dit is dus die pastoraat se verantwoordelikheid om akkurate waarnemings te doen van die skuld- en skandgevoelens van die persone wat pastoraal versorg moet word, omdat dit die effektiwiteit van die begeleiding sal bepaal (Kaufman 1989:215 verder; Malouff & Schutte 1998:3).

Louw (1999:472,473) sê verder dat skuldpastoraat die taak het om tussen ewewigtige en realistiese (toepaslike) skuld en skuldgevoelens, teenoor onewewigtige en ontoepaslike skuldgevoelens te onderskei. Weereens is dit ook van skande en skandgevoelens nodig. Daar moet seker gemaak word dat 'n patologie nie betrokke is deurdat die skuld- en skandbewussyn geen verband toon met die skuld- en skandgevoelens nie.

‘n Duidelike verband tussen die aanleidende oorsaak en die gevoel is noodsaaklik. Alleen wanneer die skuld- en skandgevoelens ewewigtig en toepaslik is met die oortreding of sonde begaan, kan dit lei tot oplossende en konstruktiewe gedrag, omdat dit eg berouvol is vanweë die skuld- en skandbewussyn. Andersins is onewewigtige skuld- en skandgevoelens ontoepaslik omdat dit oordrewe gekonsentreer is op die gevoelswêreld wat angstoestande verhoog en ‘n aanleidende faktor is in die ontwikkeling van ‘n negatiewe selfbeeld en persepsie van die omgewing. Hierdie tipe van gevoelsbeleding kan dikwels met negatiewe en selfdestruktiewe gedrag gepaard gaan. Dit lei ook tot die verlies aan kontak met die realiteit.

Tydens die hantering en verwerking van skuld- en skandgevoelens sal die persoon (in die geval van die studie – die predikant), en die pastorale begeleier seker maak van die toepaslikheid en die ewewigtige beleding van die verskillende emosies wat ervaar word.

Wanneer die ewewigtige aanpak van die ervaring van skuld, skande en die emosies daaraan verbonde ondersoek word, moet deeglik rekening gehou word met die komplekse aard van die menslike psige en gewete. Peterson (1982:5) verwys hierna deur die volgende funksies te beklemtoon.

- **Die beoordelende en aanklaende (beskuldigende) funksie**

Die gewete is die faktor wat ‘n mens na afloop van ‘n bepaalde gebeure tot selfondersoek dwing. Skuld- en skandgevoelens volg op die selfondersoekende en –beskuldigende funksie van die gewete.

- **Die morele funksie**

Die gewete dien as daaglikse gids en wegwyser vir lewenskeuses en gedrag. Morele en sedelike gedrag en konstruktiewe besluitneming is die gevolg.

- **Die gewete as geïntensifiseerde selfbewussyn**

‘n Mens se selfstruktuur en identiteit word deur die gewete mede bepaal. Die insig in eie uniekheid en fundamentele waardes word deur die gewete gevorm.

- **Die gewete as reflekteerder van die sosiale omgewing**

Die gewete is ‘n kopie vir die sosiale norme en waardes. Gewenste gedrag soos deur die gemeenskap bepaal, word deur die gewete geïnternaliseer.

- **Die gewete as dryfkrag vir verantwoordelike gedrag**

Wanneer die mens deur sy gewete sy ware identiteit ontdek, vorm dit deel van

die totstandkoming van 'n geestelik volwasse persoon wat verantwoordelikheid aanvaar vir sy gedrag en optrede.

- **Die gewete as geïnternaliseerde Godskennis of ook wysheid**

Die Heilige Gees werk deur die gewete van die mens. Die menslike gewete kan daarom sensitief word vir die inwerking van die Gees en die verlossingswerk van Christus.

Die menslike gewete dra dus by tot 'n verskerpte bewussynsvlak van skuld- en skandgevoelens. Dit bevestig ook God se teenwoordigheid in die praktyk van elke dag. Verder dra dit by tot die maak van gesonde keuses en die regstel van verkeerde optredes. Deur die gewete kan die konstruktiewe optrede van erkenning en belydenis tot stand kom en die negatiewe en destruktiewe optrede van ontkenning of onderdrukking aangespreek word. Die gewete is dus die dryfkrag wat reik na die krag van versoening en vergifnis, na die triomf van die goeie oor die kwaad. Die gewete word die dryfkrag na 'n nuwe lewe en lewenservaring. Dit soek 'n oplossing in die spanning tussen die negatiewe (kwaad) en die positiewe (goed) in die menslike lewe. So word die mens uitgedaag om nuut te leef en die vrugte te dra wat by die bekering pas en die gevolg is van die inwerking van die Heilige Gees.

Louw (1999:471) verduidelik dat daar in die hantering en verwerking van skuld- en skuldgevoelens, 'n onderskeid gemaak moet word tussen skuld enersyds en skuldgevoelens andersyds. Skuld as die besef van sonde in die lig van 'n duidelike norm wat oortree is, teenoor skuldgevoelens as subjektiewe reaksie rakende teleurstelling, skaamte, gevoelens van mislukking en selfveragting. Skuld raak dus die area van 'n normbesef en gewete (verantwoordelikheid), terwyl skuldgevoelens te doen het met selfbeeld en menslike emosie wat spyt en berou aandui. Skande en skandgevoelens moet in dieselfde mate van mekaar onderskei word, maar terselfertyd moet die verband deeglik in berekening gebring word.

2.10. Samevatting

Hierdie hoofstuk het die ontsluiting van die aard en funksie van die innerlike gevoelsbeleving van die mens nagegaan met die klem op die gevoelsbeleving van skuld en skande.

Anderson (1989:54) stel dit onomwonde dat 'n teologie van emosies byna geheel ontbreek in die Sistematiese Teologie. Nie die Soteriologie, Christologie of Pneumatologie reken voldoende (indien enigsins) met die emosionele aard van die mens, wat geskape is na die beeld van God nie. Die verwysing na emosie binne die Hamartologie is negatief, aangesien dit beskou word as deel van die "ou mens". Maar waarom word emosies verwaarloos in die sistematiese nadenke oor God en mens? Thomas Oden (1987:330) het hierdie vraag beantwoord deur bloot te sê dat die teologie geen belangstelling het in die gevoelslewe en emosionele response van gelowiges nie, maar dit eerder oorlaat aan die psigologie. "The empirical inquiry into religious feelings and the emotive life that proceeds from religious experience is a quite different subject area called psychology of religion (an important study, but it is not theology), the study of affective experience that emerges when persons are psychologically and interpersonally impacted by God or by religious symbols and communities."

Daar was nog altyd die dichotomie in die teologie tussen geloof as 'n intellektuele, verstandelike en rasonale greep van die objektiewe Woord van God, en die affektiewe elemente van geloof as 'n ervaring van God en die self. Dit het tot 'n verwringing van die verstaan van God gelei en 'n onderdrukking van die emosionele beleving van geloof.

Pannenberg (1985:259) vra vir die erkenning van die emosionele gevoelslewe en die rol wat dit speel in die geloofslawe van 'n mens. "...on the journey to God the affects are the feet that either leads us closer to God or carry us further from him; but without them we cannot travel the way at all."

Daarom is dit uiters noodsaaklik dat die hand in kerklike boesem gesteek word sodat die volle implikasies van die gevoelsbeleving van predikante ten opsigte van die tughandelinge, stawend op die tafel kan lê. Navorsing oor hierdie uiters sensitiewe onderwerp kan nie langer vermy word nie. Die pastorale begeleiding van predikante wat gebuk gaan onder die las van skuld en skande moet op die agenda geplaas word. Die Kerk sal verantwoordelikheid moet neem van haar pastorale taak en verantwoordelikheid teenoor die getugde predikant. Saam sal die wa deur die drif getrek moet word.

In die eerste plek is die basiese kenmerke van die menslike gevoelsbeleving verken. As werksdefinisie is gevoelsbeleving omskryf as 'n innerlike bewuswording van 'n bepaalde

gevoelstemming wat tot uiting kom en gekommunikeer word en wat 'n positiewe of negatiewe gevoelservaring insluit en waarby ander mense betrokke is.

Hierna is die ontwikkelingsgang van emosieteorie aangeteken en die spesifieke aard en funksie daarvan bespreek. Plutchik (1980) se model waar 'n emosie as 'n kettingreaksie gesien word en waarbinne dit dan 'n rol vervul, is gekies om die teoretiese raamwerk te verskaf vir die studie. Hierdie teorie is aangepas vanaf Lazarus (1968) en uitgebrei deur Oatley en Jenkins (1996). Hiervolgens is die doelrelevante benadering tot emosies ontwikkel. Die doel van 'n emosie is die hantering van die situasie wat as snellermeganisme gedien het en poog om 'n korreksie van die situasie. Die doelrelevante benadering tot emosie verduidelik daarom ook die positiewe en negatiewe funksie van die gevoelsbeleving.

Verder is die basiese kenmerke van emosies bespreek en 'n tipologie is voorgedra om die positiewe en negatiewe emosies te onderskei. Wilks (1998) se ondersoek wys op die tweesydige aspek van emosies. Hiervolgens is skuld 'n gevoel wat gegrond is op die behoefte aan 'n egte selfbeeld sonder valsheid. Emosies funksioneer op 'n kontinuum van intensiteit en kan verbaal en nie-verbaal uitgedruk en gekommunikeer word.

Emosies is die katalisator vir gedragsmodifikasie en lei tot positiewe transformasie wanneer die persoon positief reageer op die gevoelsbeleving (Louw, 1982:435-438). Alle emosies – ook die aan die negatiewe kant van die spektrum – is aangeleer en is bedoel om 'n mens te help om beter te funksioneer en om sosiaal gemaklik in en aan te pas.

Die gevoelsbeleving van skuld is deeglik verken. Skuld word tweeledig verken as eksistensiële of egte skuld en neurotiese skuld. Eersgenoemdes is 'n suksesvolle verwerkings van skuld en laasgenoemde 'n negatiewe gedragsuiting. Skuldgevoelens het 'n positiewe en negatiewe aard en funksie. Positiewe skuldbeleving lei tot 'n regstelling van die verkeerde daad. Destruktiewe skuldbeleving daarenteen lei tot uiterste negatiewe gevolge.

Skande as gevoelsbeleving is ook deeglik bespreek. Skande word tweeledig verduidelik as diskresionêre skande en afbrekende skande. Skande, skaamte en oneer kan eweneens positief of negatief beoordeel word en die effek ook as sodanig. Skande het 'n dinamiek

waarmee deeglik rekening gehou moet word soos byvoorbeeld 'n afkeer van die self, minderwaardigheidsgevoelens, vrees vir verlating, oneer, 'n belewing van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek en laastens 'n belewing van besoedeling en smet.

Verder is daar verskeie verdedigingsmeganismes wat werksaam kan wees tydens erge belewing van skande naamlik die strewe na perfeksjonisme, selfregverdiging, manipulasie, blaamverskuiwing, martelaarskompleks, minagting, ontkenning, humor, onttrekking en isolasie en woede. Nie een van hierdie meganismes dra by tot die positiewe hantering van skandgevoelens nie.

Laastens is daarop gewys dat skuld en skande die twee kante van dieselfde muntstuk is. Lewis (1987) se beskouing plaas skuld en skande in 'n jukstaposisie. Hierdie emosies is verweef en ineengestrengel en tog kan hulle nie op dieselfde wyse hanteer en verwerk word nie.

Mense is per se emosionele wesens. Skuld en skande funksioneer positief en destruktief in talle lewens. Predikante is nie hiervan uitgesonder nie en tydens die tughandelinge kan die destruktiewe hantering van hierdie skuldgevoelens 'n pad van verwoesting agterlaat (Magai & Mc Fadden 1996:311-312).

2.11. Sleutelstellings

Na aanleiding van die vrae soos gestel aan die begin van hierdie hoofstuk en die ondersoek daarna, word die volgende sleutelstellings gemaak:

Vraag 2(a) Hoe kan gevoelsbelewing of emosie gedefinieer word?

Sleutelstelling 2(a)

Emosie is die innerlike bewuswording van 'n bepaalde gevoelstemming wat tot uiting kom en gekommunikeer word en wat 'n positiewe en/of negatiewe gevoelservaring insluit waarby ander mense betrokke is.

Vraag 2(b) Wat is die basiese kenmerke van emosie?

Sleutelstelling 2(b)

Emosies is kompleks en moet in konteks verstaan word. Daar is verskillende tipe emosie en die intensiteitsvlak van belewing kan binne elke konteks en persoon verskil. Emosies word as negatief of positief beskou en daar is 'n verskuilde teenpool in elkeen aanwesig. Emosies word verbaal en nie-verbaal gekommunikeer en funksioneer as sneller vir gedragsmodifikasie.

Vraag 2(c) Wat is die algemene funksie van emosie?

Sleutelstelling 2(c)

'n Mens ervaar emosies wanneer 'n stimulusgebeure kognitief geïnterpreteer word. Hierdie gevoelsreaksie wat ontlok word, dien as sneller vir gedragsmodifikasie en het dus funksionele kwaliteite.

Vraag 2 (d) Wat is die eiesoortige oorsprong, indeling, aard en funksie van die emosie van skuld.

Sleutelstelling 2(d)

Skuldgevoelens is 'n pynlike, innerlike gevoel wat veroorsaak word deur die selfbewuswording van konflik tussen eie optrede en die voorafooreengekome morele en sedelike kode. Egte skuldgevoelens is 'n bitter en deurdringende gevoel wat 'n kontrolerende en regstellende funksie ten doel het.

Vraag 2(e) Wat is die eiesoortige oorsprong, indeling, aard en funksie van die gevoelsbelewing van skuld?

Sleutelstelling 2(e)

Skande is 'n innerlike bewuswording van minderwaardigheid as persoon wanneer gemeet aan ander. Dit is die belewing dat 'n mens nie voldoen aan die standaard wat gestel is nie.

‘n Mens kan voel dat jy van jou integriteit en waardigheid beroof is. Jy voel sleg, onaanvaarbaar, defek en verwerp. Diskresionêre skande en oneer is die gevoelsmeganisme waarmee mense hulself en ander beskerm en wat as norme en waardesisteem funksioneer voordat hulle handelend optree. Daarteenoor is afbrekende skande en oneer die pynlike disintegrasie wat volg op ‘n swak deurdagte optrede.

Vraag 2(f) Is daar enige verband tussen die emosie van skuld en die van skande?

Sleutelstelling 2(f)

Skuld en skande is onlosmaaklik aan mekaar verbind. Die oorsaak vir beide skuld- en skandgevoelens het as bron, die verbreking of oortreding van ‘n norm, reël of wet. Skuld is egter ‘n fenomenologiese saak en het te maak met ‘n gedragsoortreding van ‘n eie waardesisteem. Anders gestel: skuldgevoelens betrek ons gedagtes, gedrag en handeling. Skande, skaamte en oneer daarenteen is ‘n ontologiese saak en het te make met die persoon se identiteit en menswees. Saaklik gestel: skandgevoelens betrek ons persoon en identiteit. Daarom kan ons sê dat skuld gefokus is op die negatiewe gedrag. Skuldgevoelens oortuig ons dus van ons slegte gedrag. Gevoelens van skande fokus op die negatiewe van die persoon.

Vraag 2(g) Is daar enige ander emosie of psigologiese beleving wat direk verband hou met die gevoel van skuld en/of skande?

Sleutelstelling 2(g)

- Woede is ‘n direkte uitvloeisel van die emosie van skuld en veral van die gevoel van skande. Woede kom op verskillende maniere tot uiting en wissel in intensiteit. Dit kan as:
 - ‘n algemene vyandiggesindheid beleef word,
 - as ‘n bitterheid wat deурdringend is, ervaar word,
 - as kroniese haatdraendheid beleef word,
 - of as eksplosiewe woede manifesteer.

Wanneer skuld, skande en woede oor 'n lang tyd ervaar word, is depressiewe gevoelens of 'n volskaalse depressie onafwendbaar.

Vraag 2(h) Hoe kan die emosies van skuld en skande verwerk word?

Sleutelstelling 2(h)

- In die eerste plek moet deeglik rekening gehou word met die verskil in die oorsprong, aard en funksie van die gevoelens van skuld en skande.
- Tweedens moet gepoog word om die negatiewe, destruktiewe en afbrekende aspekte van hierdie twee gevoelens te hanteer en te verwerk sodat die funksie 'n suksesvolle aanpassing sal wees wat uitloop op positiewe gedragsmodifikasie.
- Derdens sal daar reeds by die kognitiewe interpretasie van die belang van die gebeure wat aanleiding gee tot die gevoelens, die nodige begeleiding veronderstel word sodat die persoon nie in 'n onsuksesvolle, negatiewe spiraal verval tydens die hantering en verwerking van die emosies nie.
- Vierdens sal gefokus word op die gedrag wat 'n uitvloeisel is van die emosie en wat deur gedragsmodifikasie en kognitiewe begeleidingsinsette positief gestruktureer word.
- Vyfdens sal moontlike verdedigingsmeganismes vroegtydig geïdentifiseer word sodat dit nie 'n suksesvolle hantering van die emosies in die wiele sal ry nie.

HOOFTUK 3

TUGPASTORAAT: 'n PASTORALE PERSPEKTIEF

'n Beskrywing van die konteks, teologie en praktyk van tugpastoraat van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met die begeleiding van predikante tydens die tughandeling met die fokus op die verwerking van skuld- en skandgevoelens.

3.1. Inleiding

Soos reeds vermeld, is hierdie 'n ondersoek na die tughandeling ten opsigte van predikante. Wanneer die geheime sonde van 'n predikant bekend word en dit op die tafel van die Kerkraad beland as 'n klag, gerug of verslag, lei die misstap gewoonlik tot pynlike gevolge. Hierdie gevolge wat persoonlik en kollektief beleef word, veroorsaak onder andere hewige emosionele trauma, waaronder die gevoelens van skuld en skande.

Wanneer die persoonlike en amptelike wêreld van 'n predikant inplof, veroorsaak dit hewige skokgolwe wat sy lewensfondamente skud. Dit is 'n onhoudbare situasie vir almal betrokke. Rolle word omgeruil. Die aankondiger van God se oordeel en genade, moet nou self die aankondiging téén hom aanhoor en hoop op genade. Die predikant wat die tekens van brood en wyn uitgedeel het, word nou daarvan weerhou deur die toepassing van die tugmaatreëls. Sy regering saam met die ouderlinge, organisasie, leiding en bestuur word tot halt geroep. Sy lewe word onder die vergrootglas geplaas en ondersoek. Die skrif is aan die muur. Meestal word hy soos koning Belsasar geweeg en te lig bevind. Die uitspraak word gelewer. "Mene, mene, tekkel, ufarsin." (Daniël 5:25). Die tugmaatreëls word toegepas. Die lewe van die predikant word onherroeplik verander.

Dit is hier by die tughandeling, dat predikante ervaar wat dit beteken om die ander kant van die pastorale versorging van die kerk te beleef. Die pastor word nou die objek van die pastoraat. Hy wat eens aan ander, met pastorale bewoëndheid, die Here se genade bemiddel het, moet nou self ontvanger word van hierdie heilsbemiddeling. Wanneer diepe innerlike wroeging en selfkastyding, vanweë die ervaring van skuld en skande openlik seëvier in menslike gemoed, is die taak van die geloofsgemeenskap en kerk voorhande.

Nou het die pastoraat van die kerk 'n nuwe uitdaging. 'n Uitdaging om die predikant tydens die proses van die tughandeling pastoraal te begelei. Die begeleiding veronderstel 'n katarsis. Die deurwerk en verwerking hiervan lei hopelik tot genesing, herstel en die heropbou van die predikant se persoonlike en amptelike lewe. Begeleiding in die verwerking van die emosies van skuld en skande is hoog op die kerk se prioriteitslys.

In hierdie hoofstuk gaan die sentrale vraag van die navorsing gevra, en vanuit bestaande literatuur daarvoor beantwoord word: Hoedanig is die aard en praktyk van die pastorale begeleiding van predikante wat tydens die tughandeling gevoelens van skuld en skande ervaar en dit moet verwerk? Waarna gesoek word, is 'n motivering en 'n model vir pastoraat in hierdie besondere situasie.

Skrywer vind aansluiting by Heitink (1977 en 1998) se pastorale model en wel om die volgende redes.

- Heitink word allerweë beskou as “een kundig en bewogen wetenschapper” binne die gebied van die praktiese teologie en met besonder van die pastoraat (Lanser et al 2003:Omslag).
- Verder het hy reeds met sy proefskrif, *Pastoraat as hulpverlening. Inleiding in de pastorale theologie en psychologie.*, baanbrekerswerk gedoen rondom die grensgebied van die teologie en die psigologie (Heitink 1977:5). Hierdie tema word verder ontgin en op voortgebou in later werke, waaronder *Pastorale Zorg. Theologie – Differentiatie – Praktijk* (Heitink 1998).

Hierdie teologiese teorie soos deur Heitink aangebied, is 'n geïntegreerde model aangesien hy nie in een, die teorie of die praktyk afsonderlik opgaan nie, maar bruê slaan en verbindings maak. Hy vind 'n verband tussen die leefwêreld van die mens in nood aan die een kant, en die teologiese teorie aan die ander kant.

Die twee aspekte, naamlik die konkrete werklikheid van die ingreep van die tughandeling, en die teologiese model wat verening moet word, vind ek 'n vaste koers binne hierdie raamwerk van Heitink. Hy wys daarop (Heitink 1977:18) dat die balans wat tussen die praktyk en die teologie gevind moet word, 'n groot uitdaging meebring. Die onderskeid tussen 'n prakties-teologiese studie en 'n Bybelse of sistematiese studie, is te vind in die

praxis as lokus van die teologie. Die begrip “praxis”, het mettertyd ‘n verbreding ondergaan en die fokus is “dat zij het menselijk handelen willen zien in het perspectief van het handelen Gods” (Heitink 1977:18).

Ten diepste is dit God wat handelend besig is. Dit is die voortsetting van die heilswerk van Jesus Christus. Praktiese teologie is ‘n refleksie van God-wat-praktyk-word, en dit kan alleen as die werk van die Heilige Gees erken word. Daarom is die Christologie en die Pneumatologie altyd binne die praktiese teologie inbegrepe.

God se aktief-ingrypende handeling met die mens word volgens Heitink (1977:21-22) van drie invalshoeke voorsien.

- Eerstens is daar die fokus op die bedroefde en verdwaasde mens wat deur die gebeure ervaar dat daar ‘n nuwe en bevrydende oomblik ontstaan binne die belewing van hulle eie situasie en gevoel.
- Tweedens is daar die oomblik van bevryding omdat iemand (die pastor) bereid was om geduldig te luister, sorgsame leiding te gee en fyngevoelig ingestem is op die mens in nood.
- In die derde plek is hierdie bevrydende lewensmoment toe te skryf aan die toetrede van die lewende Christus.

Ten opsigte van hierdie studie is die toepassing van hierdie model as volg.

- Ten eerste is daar die werklike trauma en nood, die lewensontwrigtende krisis van die predikant te midde van die tughandeling.
- Tweedens kom die kerk deur sy pastors na die predikant om te luister, te begelei en fyngevoelig ingestem te wees op die aktuele geestelike en emosionele nood.
- Derdens is dit deur die werk van die God self, die Vader, Seun en Heilige Gees, as aktiewe medewerkers waardeur die bevrydingsproses moontlik word.

Hiermee konkludeer skrywer saam met Heitink (1977:21): “Zo komen vanuit de mens en zijn situatie, de handelende Heer en de aktuele ervaring, de verschillende lijnen bij elkaar onder het gezichtspunt van de ‘Praxis Gottes’”.

Dit is verder ook 'n beproefde model vir die beskrywing van die gevoelsbeleving van mense. Aangesien die fokus op die ervaring en verwerking van skuld- en skandgevoelens is, kan skrywer binne die pastorale teologie hierdie navorsing as prakties-teologiese ondersoek afhandel, sonder om dit 'n kwasi-psigologiese studie te maak. Heitink se model is 'n bi-polêre teorie met die pastoraat aan die een kant, en die ander dissiplines soos die psigologie, en maatskaplike werk aan die ander kant. Die bi-polêre aspek van die gedeelde en eiesoortige eienskappe van die pastoraat en ander hulpverlenende dissiplines, funksioneer selfs as 'n "hermeneutisch principe". Heitink meen dat dit God se bemoeienis met die mens is, wat die sleutel gee tot ons verstaan dat "In een pastorale ontmoeting worden momentum van openbaring in menselijke ervaring zichtbaar" (Heitink 1977:15). Pastorale teologie is dus die teologiese deurdrenking en besinning van die pastorale handeling(e) in 'n wisselwerking tussen teorie en praktyk (Heitink 1977:70).

Verder is ook gebruik gemaak van die insigte van die praktiese werk van Van Iersel en Eerbeek (2009:9) binne die justisiepastoraat. Hierdie redakteurs se kompilasiewerk "*HANDBOEK. Justitiepastoraat. Context, Theologie en Praktijk van het Protestants en Rooms-Katholiek Justitiepastoraat.*", beoog om die kundigheidsvlakke en deskundigheid van pastorale begeleiers te vergroot, om die agtergrond, inhoud en werkswyse van pastoraat te verwoord en laastens om in praktiese sin 'n bydra te lewer tot die kwaliteit van pastorale sorg.

Die volgende aanhaling (Van Iersel et al 2009:156) toon die noue band tussen die situasie binne die justisiepastoraat en die pastorale sorg wat aan predikante gegee behoort te word: "kapotte mense, stukgemaakte relasies, een toekomst zonder opening." Wanneer dan ook hierdie insigte benut word, sal dit wees om die aspekte wat van toepassing is te beskryf tot voordeel van die pastoraat aan predikante tydens die tughandeling.

Die volgende vrae word in die loop van Hoofstuk 3 beantwoord.

- **Vraag 3(a):** Wat is tugpastoraat?
- **Vraag 3(b):** Wat is die diepste motivering en begroning van tugpastoraat? Met ander woorde: wat is die pastorale uitgangspunte?
- **Vraag 3(c):** Wie is verantwoordelik vir die handeling van amptelike pastorale sorg aan die predikant tydens die tughandeling? Hiermee saam ook die volgende vraag:

Wat is die verwagting en vereistes wat aan die pastorale sorggewers gestel word in die uitvoering van tugpastoraat?

- **Vraag 3(d):** Wie is die objek van die pastorale sorg tydens die tughandeling van predikante? Hiermee saam ook die opvolgvraag naamlik: Watter eise en verantwoordelikhede en verwagtings word aan die predikant gestel in die tugpastoraat?
- **Vraag 3(e):** Wat is die doel en taak van tugpastoraat? Die antwoord op hierdie vraag poog om duidelike uitkomst te stel vir tugpastoraat.
- **Vraag 3(f):** Wat is die parameters van tugpastoraat ten opsigte van tydsduur?
- **Vraag 3(g):** Watter maatstawwe word aangelê om tugpastoraat te meet wat betref funksionaliteit, professionaliteit en effektiwiteit?

Bogenoemde vrae word nou aan die orde gestel en die beskrywing wat volg, is gebaseer op 'n literatuurstudie van die verskillende aspekte soos in die vrae gestel.

3.2. Tugpastoraat: begrening

Die eerste vraag wat gestel word, is: Wat is tugpastoraat? Om die vraag te antwoord is dit nodig om pastoraat te definieer. Capps (1979:9) wys daarop dat die teoretiese begrening 'n voorvereiste is vir die praktyk: "Pastoral care is most effective when it is based on a strong theoretical foundation."

Poimeniek is die wetenskap wat die pastoraat as bepaalde gestalte van die kerklike handeling bestudeer (Dreyer 1981:Inleiding), en word beoefen vanuit verskillende uitgangspunte. Hierdie uitgangspunte word teoreties begreng. Dit is daarom nodig om die spesifieke benadering tot pastoraat wat hierdie studie betref te verwoord.

Die breë noemer is die handelingswetenskaplike benadering. Daar is reeds in Hoofstuk 1 ten opsigte van die metodologie (1.3.5. Navorsingsmetodologie) verwys na Heitink, Pieterse en De Wet se kommunikatiewe handelingsteorie. Wat hierdie studie betref, sluit ek daarby aan. Bons-Storm (1989:9) se omskrywing van die pastoraat verwoord hierdie uitgangspunt verder: "pastoraat is toewending naar en kommunikasie met mense in het perspektief van Gods toewending naar en kommunikasie met mense in deze wêreld."

Konkreet beteken dit dat mense handelend besig is om in diens van die Evangelie op te tree. Hierdie optrede kommunikeer die bevryding waaraan hulle deel kry, omdat God aktief bemoeienis maak. Pastoraat is één van die geloofshandeling van die Kerk van Jesus Christus. Dit is 'n bepaalde manier om van Christus te getuig. Fiset (1977:56 en verder) stel die primêre bediening van die kerk, as die marturia van Jesus Christus. Die Evangelies verhaal in besonder die getuienis aangaande die Persoon en werk van Jesus. Hiervan was die eerste dissiples getuie en hulle getuienis word die getuienis van die vroeë kerk. 'n Getuienis wat ook deur die N.G. Kerk, gelowig aanvaar word. Die pastoraat is gespreksmatige handeling gerig op die persoon in sy konkrete lewensituasie. Die inhoud van hierdie handeling is ook 'n oproep tot geloof in Jesus Christus. Hierdie gesprek bevat die elemente van vermaning, bestraffing, vertroosting en bemoediging, maar word gekenmerk en gedra deur die gees van liefde.

Nel (2001:81,84) verwys na sewe wyses waarop God se bemoeienis met mense, en deur die diens van mense, onderskei kan word. Hy voeg dan hierby 'n agste wyse. Hierdie bedieningsmodi dien tot die verheerliking van die Vader, Seun en Gees, deur die kommunikasie van die evangelie en handeling in diens van die evangelie. Dit is interessant om te sien hoe die doel van die tughandeling (Artikel 59, 24) in 'n groot mate met die diensgerigtheid van die bedieningsmodi saamval. Wanneer die geloofsgemeenskap pastoraal uitreik na die predikant tydens die tughandeling, sal die kommunikasie van die evangelie van Jesus Christus in al sy gestaltes, die koms van God deur Sy Gees en Woord, moet vergestalt.

3.2.1. Verkondiging (Kerugma)

Deur die kerugma as sentrale modus van die prediking (Nel:2001:88), kom God na die gemeente. Deur die prediking word vertroos, versterk, vermaan. Prediking roep al die gelowiges op tot 'n nuwe bestaanswyse. Hierdie modus behoort in alle tye en omstandighede van gelowiges se lewe, en die geloofsgemeenskap as geheel, 'n primêre rol te vertolk. Wanneer die gemeentelêre en lewens gedestabiliseer is, behoort die verkondiging van die Woord die sentrale plek in te neem.

3.2.2. Erediens (Leitourgia)

Tydens eredienste is die gemeente bymekaar, en beleef hulle afsonderlik en gesamentlik die teenwoordigheid van God op 'n unieke manier. Dit is ook die geleentheid waar die Woord verkondig en die sakramente bedien word. Vir die gelowiges is dit in bedroewende tye, die veilige ruimte waar die genade van God bemiddel word.

3.2.3. Pastoraat (Paraklese)

Nel (2001:91) skryf dat die pastoraat se boodskap altyd is dat God onder alle omstandighede by ons is. In alle situasies is Hy by mense in nood. In ang, leed, sonde, vertwyfeling, dwaling, ontoereikendheid en alleenheid. Wanneer God by ons is, bevry Hy ons van die dwang van die gebrokenheid wat ons altyd en oral bedreig. Firet (1982:109) beskryf pastorale sorg as 'n leiding na 'n lewe wat uit die heil geleef word ten spyte van en te midde van die gebrokenheid. Louw (1983:100) sê in die gedagte van die paraklese sit daar reeds die gedagte van troos en ontferming. In die Nuwe Testament word die term paraklese vir die werk van Christus en die Heilige Gees gebruik en daarom open dit verrassende perspektiewe vir die pastoraat.

3.2.4. Onderrig (Didache)

Dat gelowiges vanuit die Woord onderrig moet word, is 'n gegewene. Die eis geld onveranderd, ook wanneer die gemeente en gelowiges deur krisis gaan wat die lewensfondamente skud.

3.2.5. Getuienis (Marturia)

Kerkwees, gemeentewees en gelowige wees, veronderstel die *missio ecclesia* soos gegrond in die *missio Dei*, en is selfs voorwaarde daarvan. Daarom moet die getuienis van die kerk ook in tye van die tughandeling ver en wyd kring om die boodskap van Goddelike genade, vergifnis en herstel te bring.

3.2.6. Diens van Barmhartigheid (Diakonia)

Diakonia kan in enger en breër sin verstaan word. As diens van barmhartigheid sou die lewensnood van 'n noodlydende op die voorgrond staan. Wie anders as die gemeente behoort hulle oor hierdie naastes van hulle te ontferm? In die breër sin beteken dit ook dat die liefde vir God ten behoeve van die naaste in nood, as liefdesaktiwiteit sal plaasvind. Tydens traumatiese ontwrigting het al die betrokkenes en die gemeente self, aktiewe liefdesdade nodig om God se teenwoordigheid en heil te realiseer.

3.2.7. Gemeenskap van gelowiges (Koinonia)

Die gemeenskap van gelowiges verwoord die God-mens-mens verhouding ten diepste. Ons word medemens vir mekaar omdat ons mense van God is. Die onderlinge sorg en omgee van die gemeente is die barometer van die geestelike volwassenheid en ware Christelike karakter van die gemeente en alle betrokkenes. Die gemeente is primêr 'n geloofsgemeenskap, te voorskyn geroep, onderhou en opgebou deur die verkondigde Woord. Die gemeente is verder 'n gemeenskap van gelowiges wat deur Jesus Christus, die Hoof van die kerk, rondom Woord en sakrament bymekaargebring is en by mekaar gehou word. Dit beteken dan ook sondermeer dat die gemeente se grense as geloofsgemeenskap aangedui en die inhoud daarvan bepaal word deur die belydenisskrifte van die kerk.

3.2.8. Administrasie (Kubernetiek)

Nel (2001:94-95) wys op die baie ou betekenis van kubernetiek, soos dit in die vroeë kerk voorgekom het. Daar het dit verwys na die stuurman van 'n skip en met name Jesus Christus self, wat sy kerk deur leiers stuur (Romeine 12 en I Korinthiërs 12:28). Hierdie modus sluit ten nouste aan by die herderlike aksie van sorg en omgee. Dit gaan in hierdie bediening om 'n sorgsame begeleiding, in die Naam van die Here, na 'n veilige bestemming. Daar is orde en gepastheid nodig vir hierdie taak (1 Korinthiërs 14).

Hierdie modus is krities belangrik in die sorg wat aan veral die predikant tydens die tughandeling voorsien behoort te word. Hy word ontvanger van sorgsame begeleiding in die tyd waar hyself nie in staat is om as leier op te tree nie.

Du Preez (1981:83-85) se bespreking van die leiers van die kerk open pastorale perspektiewe. Die funksie van die ampsdraers word volgens 1 Tessalonisense 5:12 aangedui as

- κοπιώντας (mense wat hard werk). Die woord dui op mense wat hulle moeite getroos, hulle inspan, hulle afmat en hulle met groot inspanning tot diens van die ander stel.
- προϊστάμενους (die gemeente lei) beteken om leiding te gee. Dit kan ook beteken om oor ander besorgd of bekommerd te wees. Die begrip kan dus beteken “sorgsame leiding” of leidinggewende sorg”. Ander plaasverwysings is 1 Timotheus 3:4,12 en 5:17 asook Titus 3:8 en 14.
- νοουθετούντας (om tereg te wys). Dit is om te waarsku, te vermaan.

Daar is nie noodsaak in die afgrensing van pastoraat en begeleiding nie, aangesien die doel van elkeen oorvleuel wanneer dit in geloofsperspektief beskou word. Van Iersel et al (2009:21-22) beskryf die volgende vyf doelstellings van geestelike begeleiding.

- Ten eerste die begeleiding na persoonlike geloofsidentiteit. Dit is selfverheldering as ‘n gelowige.
- Tweedens begeleiding tot persoonlike heiliging met die fokus op ‘n beter religieuse en morele lewenstyl. Persoonlike heiliging is ‘n roeping vir gelowiges en daarom is dit die kerk se taak om mense te begelei om nuwe weë te vind om Christus na te volg. Dit impliseer ook die stapsgewyse geestelike leiding om mense in hierdie weg te ondersteun. Hierdie leiding is veral vir mense wat hulle lewe van nuuts af aan moet (her)ontwerp.
- In die derde plek is daar begeleiding van mense om hulle in staat te stel om die leiding van die Heilige Gees te ontdek. Dit hou ook in die (her)ontdekking van persoonlike charismata, die persoonlike roeping en taak in die lewe en die besondere bydrae wat die mens kan lewer tot die kerk en samelewing.
- Vierdens is die begeleiding gemik op die verdieping van geloofsinsig in die trou (getrouheid) van God soos wat hy dit aan mense bewys. Dit is dus ‘n meer kategetiese taak. Begeleiding sluit in die volle leiding tot kennis van Christus en Sy boodskap van verlossing. Die doop as geskenk wat reeds in die kindertyd ontvang is, word opnuut belig en die toegang wat die persoon as gevolg daarvan het tot bronne van die geloof.

- Laastens is geestelike leiding ingestem om nuwe eenheid te bring in die gefragmenteerde lewe van mense. Die begeleiding fokus op die ontwikkeling van 'n vriendskap met Christus. Hierdeur ontdek die mens dat God getrou bly selfs in krisissituasies. Hierdie ontdekking kan tot 'n aansienlike geloofsverdieping lei.

Die term “tugpastoraat”, word vanuit die bogenoemde beskrywing van pastoraat en geestelike begeleiding geformuleer. Tugpastoraat is dus 'n aanduiding van die aard en funksie van die pastoraat in die konteks van die sorg wat predikante behoort te ontvang, tydens die tughandeling. Dit dui ook baie spesifiek die subjek en objek van die pastoraat aan, naamlik die predikant en die geloofsgemeenskap.

Dreyer (1981:40) omskryf tug as toegespitste herderlike bearbeiding van die enkeling. Alhoewel tug op die enkeling toegepas word, dien dit ter wille van die geestelike welsyn van die gemeente as geheel. Die enkeling word nie verindividualiseer nie maar ook nie opgelos in die massa nie. Rossouw (1988:300) het reeds vroeër dieselfde definisie aan pastoraat gegee, maar bygevoeg dat dit deur middel van die gesprek gefasiliteer word.

Tugpastoraat word as volg gedefinieer. Tugpastoraat is die amptelike begeleiding (hulpverlening) tot genesing, bystand, begeleiding, versoening en koestering wat die geloofsgemeenskap aan predikante verskuldig is tydens die tughandeling deur die kommunikasie (in al sy modusse) van die evangelie van Jesus Christus en ten doel het om die betrokkenes se geloofsidentiteit te bevestig, tot persoonlike heiliging aan te spoor, deur die (her)ontdekking van persoonlike charismata 'n nuwe diensbaarheid te vind, verdieping van persoonlike geloofsinsig te bewerk en herstel van die eenheid van die persoon te verseker.

Enkele opmerkings ten opsigte van die beskrywing van tugpastoraat.

- Eerstens word die begrip “tugberading” nie gebruik nie, aangesien daar binne die pastoraat 'n ontwikkeling is om weg te beweeg van berading na geestelike (bege)leiding. “De laatste jaren zien we dat christelijk pastoraat, sowel in katholieke als in protestantse varianten, wereldwijd meer elementen opneemt van geestelijke leiding” (Van Iersel et al 2009:21). Dit is dus die kerk wat haar taak heropneem, en meer direk te werk gaan om mense wat hulp benodig, na innerlike

herstel en rehabilitasie te begelei. Wat die pastoraat betref, is dit die kerk se uitdaging om vanuit eie spirituele en teologiese tradisies die sorg aan noodlydendes te inisieer, en dit nie oor te laat aan byvoorbeeld die “psychologie met haar eenzijdige accent op zelfverwerkelijking van cliënte en haar diffuse taal over zingeving in plaas van geloof” (Van Iersel et al 2009:20). Pastorale begeleiding beweeg dus nader aan die kerklike, teologiese tradisie en praktyk van ondersteuning en hulp, met die bronne van geloof. Alhoewel berading nie daarteenoor gestel word nie, lê dit dalk ietwat nader aan die bronne van die psigologie. Die hulpverlening van pastorale begeleiding en berading word nie as vyandiggesind teenoor mekaar beskou nie, maar as eiesoortig. Daar is ander vertrekpunte en doelstellings. Andersoortige werkswyses en hulpverleningstegnieke. Vir die doel van hierdie studie sal die begrip pastorale begeleiding verkies word en sal die term tugpastoraat dus aangebied word om die hulpverlening van die kerk aan predikante tydens die tughandeling te beskryf.

- Tweedens, in die groter perspektief gesien, is tugpastoraat omvattend en die taak van die kerk baie groot. Indien ek in hierdie studie maar ‘n enkele faset van die effek van die tughandeling kan belig, is dit nodig om te besef dat die ontwrigting van hierdie gebeure baie mense raak en dat dit ingewikkeld en vervleg is. Die kerk se besinning oor die geestelike begeleiding van sy predikante wat die krisis van die tughandeling deurgaen, sal met groot toewyding nagevors en die resultate daarvan toegepas behoort te word. Hierdie bydra word spesifiek met die oog op die gevoelsbeleving van skuld en skande gelewer.
- In die derde plek is tugpastoraat ‘n begrensende term aangesien dit ten aansien van ander vorme van pastoraat soos onder andere huwelikspastoraat (Louw 1983:99-116) en roumartpastoraat (De Klerk 1985:165-241), slegs binne die konteks van die tughandeling funksioneer en dan spesifiek wanneer predikante die voorwerp van die tughandeling is.
- Vierdens is Heitink (1977:75) se definisie van pastoraat as hulpverlening “dat een pastor een helpende relatie aangaat met mensen om –in het licht van het evangelie en in verbondenheid met de gemeente van Christus- met hen een weg te zoeken in geloofs- en levensvragen” hier van toepassing. In ‘n latere werk van Heitink “*Pastorale Zorg. Theologie-differentiatie-praktijk*”(1998:14) word “hulpverlening” met “zorg” vervang, omdat dit die eie verantwoordelikheid van die mens in nood en

sy selfstandigheid erken. Skrywer sou graag die positiewe elemente van die term, “begeleiding” verkies, en dui daarmee die meer resente inhoud van pastorale sorg aan. Hulpverlening, sou ewe geskik wees wanneer in gedagte gehou word dat die trauma en krisis van die tughandeling, grootskaalse ontwrigting veroorsaak en dat die noodlydende die aktiewe hulp van medegelowiges benodig. Daar word dus nie weggeskram van die gedagte dat daar soms tye is wanneer pastorale sorg sou beteken dat ‘n persoon juis vanweë sy situasie uiters afhanklik sou wees van ander se hulp nie. Hier behoort egter nie ‘n spanning te wees in die gebruik van die begrippe nie.

- In die vyfde plek word met die begrip “geloofsgemeenskap”, verwys na Heitink (1977:76) se onderskeiding van die onderlinge pastoraat, pastoraat as gemeentebou en pastoraat as hulpverlening. Elkeen van hierdie pastorale vorme speel ‘n krities belangrike rol in die tugpastoraat. Die basis van alle pastoraat is die onderlinge pastoraat of sorg. Die gemeentebou groei vanuit die onderlinge sorg en bou daarop voort. Die laaste vlak van pastorale sorg groei uit die eerste en tweede, en dra ‘n professionele karakter wat teologiese en ander kundigheid veronderstel. Ek gebruik hierdie onderskeiding later om die rolspelers tydens die tughandeling te omskryf.
- Sedens vind die tugpastoraat binne die kerklike konteks plaas en daarom is die fokus op die pastorale hulpverlening, met die klem op die taak van die pastor/predikant. Die ander velde van hulpverlening, naamlik die mediese (dokter/geneesheer), die sosiale (maatskaplike werker) en die psigoterapeutiese (sielkundige) is nie die hooffokus nie. Daar word wel deeglik met hierdie velde rekening gehou en dat daar van dié hulpverlening gebruik gemaak kan word, is heel moontlik deur ‘n interdisiplinêre aanpak van die behoefte. Hierdie studie fokus heel eerstens op die pastorale begeleiding as primêre sorg.
- In die sewende plek is hulpverlening en begeleiding heel eerstens ‘n gespreksmatige wyse van sorg. Hieruit sal daar voortvloeiende aksies kan voortkom.

3.3. Tugpastoraat: begroning

Die tweede vraag wat beantwoording vra is: Wat is die diepste motivering en begroning van tugpastoraat? Die vertrekpunt word soos La Haye (1990:169) gevind in die volgende

teksverse: Galasiërs 6:1 en 2. “Liewe broers en susters, wanneer iemand iets doen wat verkeerd is, moet julle wat deur die Gees gelei word, daardie persoon nederig reghelp. Wees baie versigtig dat jy nie ook versoek word nie. Help ander gelowiges wat swaarkry en gee só uitvoering aan Christus se liefdeswet” (NLV).

Om die begronding van tugpastoraat te ondersoek sal die volgende teologiese kerntemas bespreek word.

3.3.1. Teologiese antropologie

Albers (1995:91-108) stel ‘n teologiese antropologie voor wat die intrinsieke waarde van elke mens beklemtoon. Mense het waarde op grond van hulle geskapedheid as mense. Waarde lê nie in die handeling van die mens nie, maar in sy Godgeskape menswees. Die feit dat God elke mens se persoonlike Skepper is, voeg waarde toe aan elke lewe. Dit is nie ons goeie gedrag en mooi persoonlikhede wat bepaal of ons vir God belangrik is nie.

Dreyer (1981:29) sê dat ‘n Bybelse antropologie noodsaaklik is omdat die mens die objek van pastoraat is. Daar moet deeglik kennis geneem word van die mensheid van elke mens. Menslike swakheid is ‘n wesenlike karaktertrek en moet altyd verdiskonteer word. Die idee dat ‘n mens se waarde bepaal word deur jou volgehoue nakoming van ‘n stel reëls en gedragskodes, veroorsaak baie spanning. Perfeksionisme lê aan die wortel van hierdie gedagte. Die verwagting bestaan dat daar sonder beperkings opgetree kan word. Dat die sonde nie ‘n houvas op predikante behoort te kry nie. Dit is nie waar nie.

Menslikheid is nie ‘n vloek nie. Dit is bevrydend om te weet dat ons nie God hoef te probeer wees nie. Ons kan alleen maar uit dankbaarheid as Sy aangenome kinders leef. Wanneer ons wel oortree, sal die Vader ons nooit verlaat of verwerp nie! Waarom is dit dan nodig dat ons binne die geloofsgemeenskap verwagtings van perfeksionisme van mekaar koester, wat geen Bybelse gronde besit nie.

Persoonlike waarde en die behoefte om waardig behandel te word gaan hand aan hand. Omdat die tugpastoraat met gebroke mense in ‘n gebroke wêreld werk, is die eis om die waardigheid van al die betrokkenes te beklemtoon baie belangrik. Van Iersel et al

(2009:173) gebruik die begrip onvervreembare waardigheid, wanneer hulle teologiese kernbegrippe oor pastorale begeleiding bespreek.

Waardigheid is 'n Ou Testamentiese begrip (Genesis 1:27) wat ook in die Nuwe Testament opgeneem word (Mattheus 5:44-46) vergelyk (Born 1963:40; Van Selms 1967:34-38; Westermann 1984:144-161). Die mens word geskape na die beeld van God en daarom is daar 'n gegewe waardigheid eie aan die mens. Die Christelike tradisie bely hierdie waardigheid vir alle mense, en dit kan nie verwerp word deur deugsame gedrag, morele voortreflikheid, of ongedaan gemaak word deur ontoepaslike optrede nie. Die mens is altyd meer as wat hy reg of verkeerd doen. Die gelowige mens is 'n kind van God en daarom het hy waardigheid, omdat hy in 'n onverbreekbare verhouding met God staan. Hierdie mens staan weer met ander in 'n verhouding wat menswaardig is.

Dit alles beteken nie dat 'n mens se waardigheid nie geskend kan word nie. Verskillende omstandighede soos byvoorbeeld die tughandeling, kan 'n geweldige verlies aan menswaardigheid vir die predikant meebring. Die manier waarop die tugproses verloop, die wyse waarop dit in die gemeente bekendgemaak en hanteer word, die uitslag van die tugverhoor en die toepassing van die tugmaatreëls, dra by tot die waardigheidsgevoel van die predikant. 'n Mens sou hier van geskende waardigheid praat.

Dit is dan die taak van die pastorale begeleiding, om die predikant te help om sy waardigheid te handhaaf of indien nodig, om dit opnuut te ontdek. Daar is talle alledaagse en kleiner ooglopend onbelangrike dinge, soos die voorkoms van die persoon, sy optrede teenoor ander en sy vermoë om belangstelling te toon in die lewe, wat as 'n goeie aanduiding dien van sy menswaardige gevoel, al dan nie.

Van Iersel et al (2009:175) wys ook op die groter stappe na die herstel van menswaardigheid.

- Die waardigheid waarmee 'n persoon na homself kyk.
- Die waardigheid van die erkenning van eie skuld en verantwoordelikheid.
- Die waardigheid om die ander persoon(e) se beleving te veronderstel.
- Die waardigheid van die verlange na vergewing.
- Die waardigheid van die wil om die eie lewe te vernuwe.

- Die waardigheid om ‘n mens te wees wat kan glo, hoop en liefhê.

3.3.2. Die verbond, doop en God se aanvaarding

Die pastoraat is ‘n binnekerklike verkondigingsgestalte en daarom in die eerste plek gerig tot hulle wat deur doop en belydenis deel is van die gemeenskap van gelowiges (Dreyer 1981:29). Die verbond van God met die mens gee identiteitgewende krag in elke gelowige se lewe (Vos 1996:96-100). Dit is God se handeling van buite wat die mens sy identiteit gee. Identiteit as kind van God. Die bewys van hierdie verhouding tussen God en mense is in die Ou- en Nuwe Testament deur ‘n spesiale teken vergesel. Eers deur die besnydenis en later deur die doop. Saam met hierdie teken gaan die onverdiende genade van God as vrye geskenk sonder verdienste.

Albers (1995:94) verwoord die betekenis van die doop as volg: “...the baptized member of the faith community has her or his whole past, present, and future inextricably bound up with Christ Jesus. This would suggest that we do not find our identity, but rather our identity has been given to us and is found in the gracious work of God.”

Christene kan verseker wees dat ook hulle sondige optrede nie hulle identiteit as kind van God vernietig nie. God gee genade. God gee hoop. Hy bring nuwe lewe. Hy spreek vandag vry en gee hoop vir die dag van môre. Die doop is die teken van God se onherroeplike genade.

Saam behoort alle gelowiges aan God en vorm hulle deel van God se gesin. Lede van hierdie gesin behoort vir mekaar om te gee soos wat God vir hulle omgee. Binne hierdie gemeenskap behoort die feit dat hulle aan God behoort en nie aan hulleself nie, hulle te verseker dat ook geen oortreding, hulle van God of mekaar kan skei nie.

Die doop se betekenis lê onder andere opgesluit in die begrippe identiteit, insluiting, aanvaarding en reiniging. Dit alles het betekenis vir die wyse waarop die geloofsgemeenskap met die werklikheid van sonde (ook die sonde van die predikant) behoort om te gaan. Die mens wat deur skande en skaamte oorval word, moet weet dat die genade van God onvoorwaardelik is. Die enigste vereiste is om dit persoonlik te aanvaar. Hy moet ook weet dat God en mense hom aanvaar net soos hy is. Hy moet homself ook

kan aanvaar met sy eie foute en swakhede. Paul Tillich (1963:223-228) stel dit so: “Accept that you are accepted”. Dit is die evangeliese boodskap van God se genade.

God se verbondsliefde het deur alle eeue standgehou, ten spyte van individue of die groter gemeenskap (Israel) se sonde. Al was daar selfs net ‘n paar mense wat uit die volk as oorblyfsel, deur die genade van God bewaar was, was dit die teken dat God nie Sy verbondsverhouding verbreek nie. Jesaja 10:20-22; 11:10-16; Jeremia 23:3; 31:7 en Romeine 11:15 getuig hiervan. Heyns (1981:218) stel die belofte van die verbond duidelik: “Daarom weet ons ook, dat ons sonde vergewe is, en dat die verbroke verhouding met God, vir tyd en ewigheid herstel is.”

Louw sê ook dat die parakletiese pastoraat oorwinningsorg is. Dit is ‘n verbondsmatige ontmoeting in Christus met die oog op geloofsopbou en lewensverantwoordelikheid binne die konteks van die gemeente (Louw 1983:102).

Twee fasette van die aanvaarding van genade, is die kern vir die aftakeling van skande en oneer naamlik,

- aanvaarding as mens en
- die wete dat jy nie verstoot en verlaat sal word nie.

Geloofsgenote moet hierdie versekering met mekaar deel. God sal jou nooit begeef of verlaat nie en so ook niemand binne die geloofsgemeenskap nie. In Heb.15:5 staan daar: “God self het gesê: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.” Daarom kan ons met vertroue sê: “Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan ‘n mens aan my doen ?” (NLV).

Alhoewel hierdie vers binne die konteks van die daaglikse geldelike sorge gebed is, is die boodskap duidelik. God help. God verlaat nie Sy kinders nie. Hy laat hulle nie in die steek nie. Ook nie as hulle moedswillig of onnadenkend oortree het nie. Elke predikant wat deur die tugproses gaan, moet dit onthou en as sy eie aanvaar. Terselfertyd moet almal binne die geloofsgemeenskap ook aanvaar dat God die sondaar aanvaar. Daarmee saam ook verder die aanvaarding van mekaar as mede-delers in die genade van God.

Daarom jubel Paulus in Romeine 8:38-39 dat niemand wat aan God behoort ooit enige twyfel hoef te ervaar dat God hom sal verlaat nie. Hy noem ‘n reeks moontlike gebeure

wat die gedagte sou laat ontstaan dat God nie meer omgee nie. Dit sou verkeerde denke wees, konkludeer hy. Nee in alle situasies – ook die traumatiese tugproses - is daar niks wat ons van die liefde van Jesus Christus kan skei nie. Inteendeel, ons moet eintlik selfs verder as dit gaan. Ook in hierdie situasie is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet. Ons kan ook die destruktiewe skande en oneer wat deur die tugproses veroorsaak word, aftakel met die blye ervaring van God se genade. Elke gelowige behoort te ervaar dat ander hom aanvaar vir wie hy is, en nie vir wie hy behoort te wees, of wat hy behoort te doen nie. Ons weet dat God ons aanvaar het toe ons nog sondaars was, sê Paulus in Romeine 5:8-11, en dat Hy ons sal verander om al meer soos Hy te wees. Maar dit is ‘n lewenslange proses en nie ‘n afgehandelde kitsresep nie. Daarom moet ons geduld en genade met mekaar binne die geloofsgemeenskap betoon. Dit is tot eer van God !

Om hierdie feite kognitief te aanvaar, is slegs een deel van die aftakelingsproses van destruktiewe skaamte en skande. Dit moet ook deur die persoon ervaar word. Daar moet ‘n beleving wees van aanvaarding en liefde.

- In die eerste plek moet die persoon dit in sy persoonlike verhouding met God beleef. Paulus sê: “Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie;” (1 Korintheërs 15:10).
- In die tweede plek moet hy dit binne die liefdes- en geloofsgemeenskap beleef.

Albers (1995:99-110) beskryf die genadewerking van God in die lewe van die persoon wat deur skande en oneer oorval is so treffend: “The humiliation of disgrace shame is transformed into a victorious revelation of God’s grace that enables the person not only to accept her or his unacceptability as disgustingly human and weak, but even to boast and revel in this weakness as a further witness to the power of God’s grace.”

Paulus se lewensverhaal is deurspek met talle negatiewe situasies wat skande en oneer meebring. Hy meld dan ook dat hy sy swakhede deeglik ken. Maar die transformasie daarvan was die genade van die Here soos beskryf in 2 Korintheërs 12:9. “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.”

3.3.3. Regverdig deur die geloof

Die regverdigmaking deur die geloof moet beklemtoon word. Dit gebeur sonder enige verdienste van die mens se kant. Die Protestantse geloof is gegrond op die Pauliniese verklaring dat “regverdigmaking deur die geloof” die vertrekpunt van die Christelike lewe is (Bart 1964; Berkhof 1973). Dit sluit onder andere belydenis, vergifnis, vryspraak en versoening in.

Persone wat deur die skuldproses gaan, gebruik ook verdedigingsmeganismes. Gelowiges wat deur skuld verteer word vir die sonde waarvoor hulle gestraf word, kan dikwels probeer “betaal”, vir die skuldgevoelens. Hiermee probeer hulle “opmaak” vir die breuk wat deur hulle optrede veroorsaak is. Die breuk bestaan in die verhouding met God en die naaste. ‘n Tipe “werkgeregtigheid” ontstaan waardeur die skuldgevoelens hanteer word. Dit is ‘n selfgemaakte pad na verlossing en herstel. Dit kan nie toegelaat word nie. Vergifnis buite Jesus Christus is onmoontlik. Werkheiligheid bestaan nie.

3.3.4. Die kruis as simbool van die uitwissing van skande en oneer

Laat niemand dit ooit vergeet nie. Die kruis is God se simbool van die uitwissing van skande en oneer. Romeine 8:1 verder verklaar sonder twyfel die Bybelse boodskap dat die heil by die kruis gevind word (Käsemann 1974; Wilckens 1980; Pesch 1983). Jesus Christus se plaasvervangende soendood is die uitwissing van sonde en die gevolge van sonde. “Hy het die dokumente met voorskrifte wat as klagstaat gedien het, uitgevee en en dit van ons af weggevat deur dit aan die kruis vas te spyker.” (Kolossense 2:14, NLV) Die smart van die tughandeling kan alleen opgevang word in die troos van die kruis (Farmer 1988).

3.3.5. Die geloofsgemeenskap is die draer van die boodskap van genade

Die geloofsgemeenskap is die draer van die boodskap van genade. Onvoorwaardelike genade. God se genade. Die tugproses moet as getuienis dien van God se herskeppende genade, Sy vergifnis en opdrag tot nuwe gehoorsaamheid en toewyding. Die predikant en gemeente is dit aan God verskuldig om soos nuwe mense ‘n nuwe lewe te lei.

Lewensoffers van geloofsgehoorsaamheid en dankbaarheid is die enigste aanvaarbare reaksie op God se genade en vergifnis. Hierdie getuienis moet tot versterking van die geloof wees en tot getuienis van die wat binne en buite die gemeente staan. Dit behoort mense aan te trek en die eer van God te herstel. Die predikant en gemeente stel die lewende Christus teenwoordig. Sonde is nooit die einde nie, maar slegs die begin van 'n nuwe bekering en toewyding aan God. Genade spreek die laaste woord.

Alle praktykprosesse, prosedures en tegnieke moet beantwoord aan die eise van deursigtigheid, objektiwiteit en eerlikheid. Verskuilde agendas en versteekte motiewe kan geensins geduld word nie. Voor God lê predikante en gemeentelede se hele lewe oop en bloot.

3.3.6. Die Herder vir herders

Poimeniek of pastorale sorg is 'n samestelling van die Griekse woorde “poimano” en “techne”. Dit beteken, “die kuns van herder wees” (Dreyer,1981:14). In die tugpastoraat sal dit verwys na die begeleiding van herders wat deur die tughandeling geraak word. Herders wat herders begelei. Die kuns van waarlik herder te wees vir die herder wat self nie meer herder kan wees nie. Volgens Dreyer (1981:23) vind die pastoraat sy oorsprong en motivering in die herderbeeld van die Bybel met Christus wat voorgehou word as die Goeie Herder (Johannes 10:1-21).

Dit gaan oor die Groot Herder wat Sy kudde en Sy herders oppas. Soos aan Petrus (Joh. 21:15-17) lank gelede, het Hy ook hierdie opdrag toevertrou aan Sy kerk.

So pas God Sy mense op deur die sorg van ander mense. Maar Hy is die Inisiator. Van Hom gaan die herderlike omgee uit. Christus is die Goeie Herder, maar in die afgeleide sin is dit ook opdrag aan die kerk en meer in besonder, opdrag aan die ampsdraers van die kerk.

3.3.7. Die genade van vergifnis

In sy bespreking van die teksverse van Lukas.15:18 en 21 sê Joosten (2004:33) “The point of comparison is forgiveness. As the son encounters his father’s grace, so does the

sinner find forgiveness with God.” Die tugpastoraat vind sy diepste begronding in God se genade van vergifnis.

3.4 Tugpastoraat: subjek en vereistes

Die vraag wat hier ondersoek word, is die volgende: Wie is verantwoordelik vir die amptelike pastorale sorg aan die predikant tydens die tughandeling? Hiermee saam ook die volgende vraag: Wat is die verwagtinge en vereistes wat aan die pastorale sorggewer(s) gestel word in die uitvoering van hierdie taak?

In aansluiting by ‘n vroeëre verwysing na die vorme van pastoraat soos deur Heitink (1977:76) beskryf is, wys ek in die volgende paragrawe daarop dat die geloofsgemeenskap verantwoordelik is vir die individuele en soms ongeorganiseerde onderlinge sorg en dat die besondere ampte verantwoordelik is vir die pastorale sorg as gemeentebou en as hulpverlening/begeleiding.

Binne die geloofsgemeenskap is die gemeentede afsonderlik en gesamentlik verantwoordelik om as die primêre sorggewers op te tree wanneer iemand noodlydend is. Geloofsgenote het die taak om na mekaar om te sien en om mekaar lief te hê. Heitink motiveer hierdie onderlinge sorg deur daarop te wys dat

- die mens as mens in die eerste plek ‘n verantwoordelikheid het teenoor mekaar (Genesis 4:9).
- die algemene priesterskap van alle gelowiges ter sprake kom (1 Petrus 2:9).
- die gemeente ‘n taak het teenoor mekaar omdat hulle die liggaam van Christus is (Romeine 12 en 1 Korinthiërs 12).
- die Apostoliese geloofsbelydenis die kerk as gemeenskap van heiliges tipeer
- die Heidelbergse Kategismus (Sondag 21, Vraag en antwoord 54), dit duidelik formuleer dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend.
- lidmate die opdrag het tot die uitoefening van die onderlinge paranese (Mattheus 18:15 en 1 Tessaloniërs 5:11).

Die stelling kan dus gemaak word dat daar van die gemeente verwag word dat hulle in die

geval van die tughandeling van 'n predikant (hulle predikant), die onderlinge sorg van die gelowiges sou betoon.

Die Kerkraad (ouderlinge en diakens) het die taak om op georganiseerde en amptelike wyse die tweede vlak van pastorale sorg binne die gemeente te orden en te lei. Die fokus is hier op die opbou en die toerusting van die gemeente (Efesiërs 4:12). Nel (1982:18,19) stel dat niemand dit sal betwyfel dat die ampte met die oog op die gemeente ingestel is nie. Hulle taak is om die eer van God te handhaaf en te dien, maar doen dit juis deur die gemeente te dien. Hy sê “Ampte wat hierin faal, verheerlik nie die God van die gemeente nie.” Verder is die verhouding tussen die gelowiges en die besondere ampte 'n afhanklikheidsverhouding. In hierdie verhouding moet aan die een kant die selfstandige opdrag (diens) van die besondere ampte in en teenoor die gemeente ten volle vasgehou word. Aan die ander kant moet die volwassenheid van die lidmate as mense met gawes in diens van die gemeente eweseer gehandhaaf word. Ridderbos (1978:489-499) het reeds vroeër daarop gewys dat op grond van 1 Korinthiërs 12:1-11 en Efesiërs 4:1-16, die besondere ampte 'n gawe aan die gemeente is, in dieselfde mate as wat al die ander gawes tot stigting van die gemeente gegee is. Huisbesoek is onder andere een van die formeel gestruktureerde verantwoordelikhede wat binne die opbou van die gemeente ontwikkel het. Die stelling kan dus gemaak word dat daar van die besondere ampte verwag word dat hulle in die geval van die tughandeling van 'n predikant (hulle predikant), die besondere sorg soos onder andere deur huisbesoek, aan die predikant sou betoon.

Daar is egter ook 'n derde vlak van pastorale hulpverlening wat op 'n intensiewe pastorale begeleiding dui. Dit gaan hier oor predikante wat vanweë hulle beroep, opleiding, kennis, vaardigheid, houding en ingesteldheid, in staat is en bereid is om die persoon wat noodlydend is te begelei, geestelik te versorg en tot volle herstel te lei. Ten opsigte van predikante wat tydens die tughandeling gebuk gaan onder die las van die proses, is daar dus 'n eis en verwagting dat ander predikante binne die gemeente of binne Ringsverband hulle gespesialiseerde hulp sou beskikbaar stel. Hierdie hulp sou weereens spontaan as individue of georganiseerd aangebied kon word. 'n Interdissiplinêre aksie wat saam met ander hulpverleningsdissiplines aangebied word, sou nie buite die normale gereken word nie. Dit is eerstens die taak van die geordende predikante binne die kerk om professionele begeleiding aan die noodlydende te voorsien.

Die stelling kan dus gemaak word dat daar van predikante verwag word dat hulle in die geval van die tughandeling van 'n ander/mede predikant amptelike, professionele sorg sou betoon. Fourie (1990:6) skryf egter oor die taak van die Ringskommissie ten opsigte van die tughandeling dat daar slegs twee sake is wat ter sprake is, naamlik

- om seker te maak of die aangeklaagde predikant skuldig of onskuldig is en
- indien hy skuldig is, om die tugmaatreëls wat paslik is, toe te pas.

Hy waarsku dan ook dat 'n Ringskommissie nie as deel van die uitspraak kan aanbeveel dat 'n predikant na 'n sielkundige vir waarneming of behandeling verwys moet word nie. Volgens Fourie sal so 'n verwysing 'n afwyking wees van die tugprosedure en het dit negatiewe juridiese gevolge vir die Ring. Met hierdie uitspraak val die predikant dus deur die versorgende arms van die kerk!

Al die voorlopige inligting dui daarop dat predikante tydens die tughandeling alleen staan. Die kerk neem die rol van die subjek van die tughandeling aan. Die predikant is die objek van die tughandeling. Die kerk moet dus 'n dubbele taak vervul indien verwag word dat die kerkregtelike en pastorale aksies tydens die tughandeling sou plaasvind. Helaas kan die twee rolle tans moeilik met mekaar versoen word. Aangesien die taak van tugmeester vervul moet word volgens Kerkordelike voorskrifte sal dié van vertrooster moontlik grootliks of geheel nagelaat word. Hierdie aspek sal verder tydens die empiriese ondersoek nagevors word.

Die beginsel van verantwoordelikheid en bewoëndheid sluit ten nouste aan by die begrip van gemeenskap soos deur die Christelike geloofsgenote ervaar word. Wanneer Heyns (1977:86) die kerk uit 'n drieërlei verhoudingsperspektief beskryf, is een daarvan die kerk in verhouding tot die self. Die verlossingswerk van Jees Christus skep gemeenskap tussen God en geregverdigde sondears. Terselfertyd ontstaan daar ook gemeenskap tussen dié gelowiges onderling. Dit is die werk van die Heilige Gees. Die Gees snoer mense op grond van wat hulle gemeenskaplik in Christus het, en gemeenskaplik doen, saam tot 'n intieme gemeenskapsbeleving.

Die *congregatio fidelium* is aan mekaar verbind met Christus, deur die Heilige Gees en daarom volgens die liggaamsbeeld van Paulus (1 Kor.12:21,25 en Rom.15:2), op mekaar aangewese. Gelowiges is daarom medeverantwoordelik vir mekaar en die liggaam waaraan

hulle behoort Greyvensteyn 1973:314-315). Daarom is hulle ook gevul met bewoëndheid teenoor mekaar se nood en lyding. Ruef (1977:136) sê daarom: “ Paul envisages a community in which everyone cares about the other person.”

Heyns (1977:90-91) gee enkele voorbeelde van die konkrete betekenis van ‘n opbouende en uitsuiwerende geloofsgemeenskap. Hierdie voorbeelde versterk die beginsel van verantwoording en omgee in die diepste sin van die woord. Die geloofsgemeenskap is dus primêr verantwoordelik vir die onderlinge sorg. Die betekenis daarvan word in die volgende kenmerke van die gemeente gevind en het direkte toepassing tydens die tughandeling van predikante.

3.4.1. Die gemeente het mekaar waarlik en onvoorwaardelik lief

“ Niemand het God nog ooit gesien nie; as ons egter aanhou om mekaar werklik lief te hê, leef God in ons optrede en het sy liefde in ons optrede ten volle tot verwesenliking gekom” (1 Joh.4:12, NLV). Volgens Stott (1981: 164) is die rede vir dié oproep tot mede-liefde drieërlei van aard.

- Eerstens moet gelowiges mekaar liefhê omdat God liefde is (v.8-9).
- Tweedens omdat God ook vir die gelowiges lief is (v. 10,11) en
- laastens omdat God in die gelowiges woon wanneer onderlinge liefde betoon word en sy liefde dan volmaak is.

Du Plessis (1978:108) sê: “In die mate waarin ons meer en meer in gehoorsaamheid aan sy gebod vir sy liefde toeganklik word, bereik God sy doel met ons.” In Hebreërs 13:1 (NLV) staan “Julle moet mekaar steeds met ware Christenliefde liefhê.” (Hebr.13:1, NLV). Die briefskrywer was nie so seker dat dit steeds die toedrag van sake was nie en daarom word die gelowiges herinner aan die Christelike beginsel van liefde en gemaan om mekaar steeds lief te hê. (Fensham,1981:134). Booyens (1979:87) wys daarop dat broederliefde gou verdwyn wanneer verslapping ingetree het of alreeds daar is.

De Klerk (1951:252) sê dat die broederliefde van die veronderstelling uitgaan dat alle kinders van God een groot huisgesin vorm. As kinders van God is gelowiges broers en susters van mekaar. Daarom is dit nie vreemd dat Rom.12:10 die volgende opdrag gee nie:

“As broers en susters in God se huisgesin moet julle mekaar in liefde koester...” (NLV). Petrus onderstreep dit óók met die woorde: “Julle moet al die lede van die huisgesin van God liefhê.” (1 Petr. 2:17, NLV). Hy motiveer sy oproep in 1 Petr. 1:22: “Julle is van julle sondes gereinig toe julle die waarheid van die Goeie Nuus aanvaar het. Julle kan mekaar dus as medegelowiges regtig liefhê. Daarom moet julle sorg dat julle mekaar van harte liefhet, al vra dit inspanning.”(NLV).

Kelly (1982:113) reken dat die oproep tot gemeenskaplike liefde gegrond is in die feit dat gelowiges broers (en susters) in Christus is. De Klerk (1978:22-24) en Van Iersel et al (2009:182) bevestig dat die herderlike sorg altyd in die vorm van liefde moet geskied. Dit is ‘n liefde wat steeds ook verbonde is aan geloof en hoop soos wat dit die klawerblad van die genadevrug in sy drievuldigheid voltooi. Konkreet beteken dit:

- ‘n liefde wat aanvaar

Die ander persoon moet ervaar dat die sorggewer hom op dieselfde platvorm as hy wat in nood is, stel.

- ‘n liefde wat dring

Liefde is die motivering wat soek na die redding, die vertroosting, die ondersteuning en bystand van die ander.

- ‘n liefde wat offer

Die sorggewer kom onder die juk in van die las wat gedra word deur die ander.

- ‘n liefde wat respekteer

Die sorggewer eerbiedig die medemens in sy geheimenis voor God.

3.4.2. Die gemeente dien mekaar

Die gemeente dien mekaar in nederige en ware liefde. Hulle voorbeeld word in die Leermeester self gevind. Jesus het self sy dissipels se voete gewas. Daardeur het hy die voorbeeld van diens aan hulle gestel. Hy kan nou ook dieselfde van hulle verwag in hulle optrede teenoor mekaar. “As ek dan, wat julle Here en Leermeester is, julle voete gewas het, moet julle ook mekaar se voete was. Ek het vir julle ‘n voorbeeld gestel, en soos ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen.” (Joh.13:14-15,NLV). Barrett (1978:443) wys op die betekenis van die woord *ὑπόδειγμα*. Jesus het ‘n patroon of voorbeeld van optrede geskep

wat deur sy volgelinge gevolg en gekopieer moet word. In sy optrede vind hulle die patroonmatige vir alle toekomstige situasies en optrede.

Schnackenburg (1982:7) beklemtoon die nederige aard van Jesus se optrede. Alhoewel hy Here en Leermeester is, verhinder dit hom nie om die werk van 'n slaaf te verrig nie. Sy posisie en gesag is nie 'n struikelblok vir liefdevolle, nederige dienslewering nie. God het self voorsiening gemaak vir hierdie diens wat aan mekaar verskuldig is. "...God het aan elkeen van julle 'n genadegawe gegee. Met hierdie gawes moet julle mekaar dien sodat God se ryk en onverdiende goedheid deur julle na mekaar toe kan vloei." (1 Petr. 4:10, NLV). Daarom spoor Paulus die gelowiges aan om hulle gawe van diensbaarheid te gebruik. "Terwyl ons die kans het, moet ons dus goed doen aan alle mense, maar veral aan medegelowiges." (Gal.6:10, NLV). Hierdie diens moet nie sleepvoet gedoen word nie (Rom.12:12, NLV) maar "...doen dit met oorgawe." sê Paulus (Rom.12:7, NLV).

Hierdie opdrag tot diens is baie persoonlik en word aan elke gelowige gerig. "As medegelowiges in nood verkeer, wees jy die een om 'n helpende hand na hulle toe uit te steek. (Rom.12:13a, NLV). Alhoewel die gawes wat aan elkeen gegee word verskil, stel dit niemand vry om ander nie in diensbetoon te ondersteun wanneer nodig nie. Cranfield (1985:307) wys egter daarop dat sekere mense wat besonders tot 'n sekere gawe (onder andere diensbetoon) begiftig is, spesiale take en funksies binne die kerk moet verkry. Hulle moet deur die kerk daartoe aangestel word en spesifiek daarop fokus.

Jonker (1983: 170) skryf dat die liefde betoon word in diensbetoon wanneer ander vreugde of leed ervaar. Dit kan alleen geskied in selflose oorgawe aan die diens en beswil van die naaste, wanneer die mens homself en sy eie omstandighede op die agtergrond stel.

3.4.3. Die gemeente bid sonder ophou vir mekaar

Jakobus gee die volgende opdrag aan die gelowiges: "Daarom moet julle julle sondes teenoor mekaar bely en vir mekaar bid sodat julle kan gesond word (5:16, NLV). Sonder om op die verband van v.16 met v.15 in te gaan en sonder om die saak van siekte (liggaamlik) verder te bespreek, word verwys na Grosheide (1955:414) se opsomming van v.16 nl. "Het gaat om *gebed*, het moet gebed van een *rechtvaardige* zijn, dat wil weer

zeggen van iemand, die in de rechte verhouding tot God staat...krachtig gemaakt door geloof.”

Johannes meld die sekerheid waarmee gelowiges moet bid en die vertroue dat God hul gebede sal verhoor. “Dit is die vrymoedigheid wat ons voor God het, dat wat ons ookal volgens sy wil vra, Hy na ons luister. As ons dan met die wete leef dat Hy na ons luister, na wat ons ookal vra, weet ons ook dat Hy die die versoek wat ons gevra het, sal toestaan.” (1 Joh.5:14-15, NLV). Om hierdie rede vra Paulus die medegelowiges in Rome: “Worstel saam met my op julle knieë voor God...” (Rom.15:31a, NLV).

3.4.4. Die gemeente gee met ‘n sagmoedige gees ag op mekaar deur te verdra en te vergewe

“Liewe broers en susters, ons druk julle dit op die hart: Wys die leeglêers tereg, praat die depressiewes moed in, ondersteun die swakkes, wees geduldig met almal.” (1 Thes.5:14, NLV, vergelyk Merklein 1999; Malherbe 2000). Paulus druk dit op die gemeente (leiers en alle lidmate) se hart om ag te gee op mekaar. Drie verskillende groepe word in sy skrywe genoem naamlik die ἀτάκτους, die ὀλιγοψυχους en die ἁσθενων. Best (1979:230-231) en Hendriksen (1983:135-136) sê dat die groepering nie presies definieerbaar is nie en selfs oorvleuel. Laasgenoemde groep verwys byvoorbeeld moontlik na mense met fisiese gebrek of mense met morele en spirituele behoefte en kan ook mense insluit wat op seksuele gebied die moreel-sedelike vereistes van die geloof oortree.

Wat wel ter sake is, is dat hierdie oproep om op mekaar ag te gee aan al die lede van die gemeente gerig word (Du Preez 1981:86). Leiers en gemeentelede is betrokke. Alle gemeentelede (uitgesluit die groep wat toerekeningsvatbaar gehou word) is aan mekaar hulp verskuldig soos wat die behoefte dit dikteer. Spesifieke hulp vir spesifieke mense in spesifieke omstandighede.

Leiers en gemeentelede deel in die verantwoordelikheid. Geduld moet ten opsigte van al die mense getoon word en hulle moet bygestaan word deur spirituele en morele ondersteuning te gee. Die houding van op mekaar ag te gee word gedoen vanuit ‘n liefdes- en lojaliteitsprinsiep. Dit is nie net emosionele en geestelike ondersteuning nie, maar

werklik fisies hulp ingereken. Die Hebreërskrywer moedig die gelowiges aan en sê: “...Beywer julle om ‘n toegewyde lewe te voer, ...” (Hebr.12:14,NLV).

Dit beteken ‘n geheiligde en moreel suiwer lewe (Wigram 1980:3). Aangesien daar ‘n verslapping in hulle geloofslawe voorkom (v.11), moet die gemeente hulleself daarop toelê om in toewyding te leef. Elkeen is afsonderlik daarvoor verantwoordelik en ook gesamentlik teenoor mekaar. Die gemeente word opgeroep om hulle heiligmaking wat die werk van Christus deur die Heilige Gees is, te respekteer. Deur die vernuwende werksaamheid van die Heilige Gees word die geregtigheid van Christus langamerhand ons persoonlike besit. Bavinck (1930:232) beklemtoon dat “...Christus in denzelfde zin onze heiligheid is, als waarin Hij onze gerechtigheid is. Hij is een volkomen en algenoegzaam Zaligmaker;” Gelowiges is aan mekaar toerekeningsvatbaarheid verskuldig wat hul geloofslawe betref.

Paulus versoek ook in Gal.6:1,2 gelowiges om op mekaar ag te gee. “Liewe broers en susters, wanneer iemand iets doen wat verkeerd is, moet julle wat deur die Gees gelei word, daardie persoon nederig reghelp. Wees baie versigtig dat jy nie ook versoek word nie. Help ander gelowiges wat swaarkry en gee só uitvoering aan Christus se liefdeswet (NLV). Soos vroeër aangedui, is hierdie teks sekerlik ‘n sentrale teks vir die tugpastoraat. Die volgende bespreking sal verder lig werp op die betekenis hiervan.

Martin Bucer het reeds eeue gelede hierdie teks gebruik om aan te dui “Hoe de zieke en gewonde schapen verbonden en weer genezen moeten worden. Onder de christenen beschouwt de één het gebrek en de zonde van de ander als dat van hemzelf en doet er alles aan om dat te bestrijden, maar dan wel in alle liefde en zachtmoedigheid” (Selderhuis 1991:77).

In navolging van Arichnea en Nida (1976:144-147) is dit definitief die geloofsgemeenskap wat versoek word om op iemand ag te gee wat verkeerd gedoen het. Daarom is die NLV-vertaling (2008) korrek wanneer die versoek gerig word aan “broeders en susters”. Paulus werk hier met ‘n hipototetiese geval wanneer hy die voorbeeld gebruik van iemand wat in sonde val. Sy gebruik van die woorde “εάν και προλημφοθη ανθρωπος εν τίνι παραπτώματι” bevestig dit. Twee interpretasie moontlikhede bestaan vir bogenoemde aanhaling.

- In die eerste plek kan dit beteken dat iemand wat iets verkeerd doen, uitgevang word.
- Tweedens kan dit beteken dat iemand skielik, impulsief, iets verkeerd doen.

Al twee moontlikhede word deur Paulus se werkwoordgebruik toegelaat. Aan die een kant kan 'n persoon wat sondig, “ontdek” of “betrap” word en aan die ander kant kan so 'n mens eweskielik “oorval” word deur impulsiwiteit. 'n Vertaling en verklaring sal dus met altwee betekenismoontlikhede rekening moet hou. Wat die verkeerde dinge is (sonde) wat die persoon gedoen het toe hy impulsief opgetree of betrap is, is nie gedefinieer nie. Dit sluit daarom letterlik enige oortreding in wat deur die geloofsgemeenskap as sodanig beskou sou word. Natuurlik gemeet aan die Woord en eis van God.

Klaarblyklik maak Paulus nie 'n ironiese stelling wanneer hy verwys na die mense wat deur die Gees gelei word nie, maar bedoel hy saaklik dat almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, hierdie verantwoordelikeid het om op mekaar ag te gee. Hierdie mense se verantwoordelikeid is om die persoon wat verkeerd doen te help om dadelik daarmee op te hou. Die gesindheid waarmee hulle dit doen, is een van nederige sagmoedigheid. (Letterlik: 'n gees van sagmoedigheid).

Paulus rig hom hierna persoonlik tot elke gelowige. Hy waarsku dat niemand met 'n hoogmoedige gesindheid 'n ander wat verkeerd gedoen het, moet reghelp nie. Hy waarsku juis dat die gevaar daarin lê dat elkeen soortgelyke kans staan om ook te oortree. Elke gelowige kan aan die versoeking toegee om verkeerd te doen. Die waarskuwig word gerig omdat huberis kan lei tot oorgawe aan die versoeking. Elkeen wat hom in hierdie situasie bevind, behoort eerder gebede te bid soos verwoord in Mat.6:14; 26:41; Mark.14:38 en Luk.22:40.

Vers 2 se “swaarkry” verwys na enige iets waarmee 'n ander gelowige sou worstel. Paulus se oproep tot wedersydse hulpverlening verwys na die gemeenskaplike (koinonia) band wat bestaan en waaraan uitvoering gegee moet word. Die las wat gedra (βασταδζω) word, is dus nie die onderhouding van die wet nie (Gal.5:10), maar die hulp aan medegelowiges in tye van krisis. Sulke optrede is waarlik die vervulling van die liefdeswet van God. Gehoorsaamheid aan die wet beteken om uit te reik na ander wat deur die sonde ingehaal is.

Jesus Christus het die volkome voorbeeld gestel. Hy het dit nie alleen verkondig nie, maar self toegepas. Hy het teenoor die vrou (Luk.7:36-50), die dief (Lu.23:43), Simon Petrus (Luk.22:61v; Joh.21:15-17), die invalide (Joh.5:14) en die vrou wat in owerspel betrap is, (Joh.8:11) opgetree in 'n nederige en sagmoedige g(G)ees. Die voorbeeld van die ontvangs van die verlore seun moet ook in gedagte gehou word. Paulus hou telkens aan die gelowiges die voorbeeld van Christus voor (Rom.15:3-8; 2 Kor.8:9 en Fil.2:5-8). Müller (1977:39) sê: “Die beste voorbeeld van so 'n verloënende omsien na die belange van ander word nou voorgehou, en wel in die neerbuiging van Christus by sy menswording.”

Hendriksen (1983:232) wys daarop dat die wyse waarop 'n persoon reggehelp word eintlik beteken dat hy weer herstel word na sy vorige posisie van heelheid en ongeskondenheid. Hy sê die hoofgedagte is dus: “Follow a positive, not a negative course with respect to the trespasser. Do not hurt him but help him. Treat him as you yourselves would wish to be treated if you were in his place.” Om hierdie redes is die oproep in Handeling 20:28 uiters belangrik: “Pas julleself op en die hele kudde oor wie die Heilige Gees julle as ouderlinge aangestel het. Julle moet as herders die kerk van God versorg, dié kerk wat Hy vir Hom verkry het deurdat sy eie Seun gesterf het.” (NLV).

3.4.5. Die gemeente leef in liefde met mekaar saam al is dit soms moeilik en volhard in die gemeenskap en eenheid

Romeine 12:15 (NLV) stel dit so: “As ander blydschap ervaar, juig saam met hulle. As hulle hartseer is, deel dit met hulle.” Cranfield (1985:313) wys op die reserwelose manier waarop gelowiges hulle met ander (hier dalk ook nie-gelowiges) en met ander se lewensomstandighede behoort te vereenselwig. Jonker (1983:170) sê dat egte Christelike liefde homself openbaar in 'n hartlikheid teenoor mekaar, wat spruit uit 'n opregte toegeneentheid. Dit geskied in selflose oorgawe aan die diens en beswil van die naaste, wanneer 'n mens homself en sy eie omstandighede op die agtergrond stel. Käsemann (1982:347) stel dit nog sterker as hy sê dat hierdie solidariteit nie alleen deelname met die ander impliseer nie, maar praktiese broederskap.

Paulus volg op deur te sê dat die een rekening wat gelowiges altyd verskuldig sal bly, is om mekaar lief te hê (Romeine 13:8). Om hierdie rede is gelowiges se lewensomstandighede en selfs hulle emosionele belewing nie van mekaar te weerhou nie,

maar deel hulle dit. So sê hy byvoorbeeld ten opsigte van sy eie vreugde: “Laat my vreugde ook julle vreugde wees!” (Filippense.2:18, NLV).

Dit is daarom nie vreemd as die skrywer van die Hebreërbrief ook aan die anderkant die volgende sê nie: “Moenie hulle wat in die tronk is, vergeet nie. Ly saam met hulle asof julle self daar sit. Deel in die seer van hulle wat mishandel word asof dit met julle eie liggame gebeur.” (Hebreërs 13:3, NLV). Christene leef saam met mekaar en met mekaar in so ‘n nou verband (liggaam) dat alles wat met die een gebeur, ook die ander raak.

(1 Korintiërs 12:12).

Jesus het reeds volgens Mattheus, dieselfde gedagte by sy volgelinge gelaat naamlik dat sommige gelowiges deur hulle betrokkenheid by die wat ly, eintlik aan Homself liefde betoon het (Matteus 25:40) en die wat dit nie doen nie, nalaat om dit aan Homself te betoon (Matteus 25:45). Dus is dit in die Christelike geloofslewe een vir almal en almal vir een! “As een lid swaarkry, kry al die lede saam swaar, en as een lid vereer word, juig al die lede saam (1 Korintiërs 12:26, NLV).

3.4.6. Die gemeente hou vrede met mekaar

Onvrede versteur die eenheid van die gelowiges. Gewoonlik is dit in moeilike tye en omstandighede juis die onvrede tussen gelowiges wat sake verder versuur. Daar is geen onsekerheid oor die opdrag dat alle gelowiges met mekaar in vrede moet saamleef nie.

1 Tessalonisense 5:13b sê: “Leef in vrede met mekaar.” Ter wille van die taak wat gelowiges het teenoor mekaar en teenoor die wêreld, is die eis van vrede nie onderhandelbaar nie.

Vrede is ‘n gevolg op ‘n geestelike band wat die Heilige Gees onder gelowiges bewerk. Hierdie vredesband moet ten alle koste deur die gelowiges bewaar word (Efesiërs 4:3). Gelowiges word tot onderlinge vrede geroep omdat Christus deur die Heilige Gees die staat en gesindheid onder gelowiges bewerk. Dit is reeds ‘n gegewene. Gelowiges moet dit slegs leef en beleef. Daarom die oproep: “Kom ons strewe dus na harmonie onder mekaar en na dit wat ons onderlinge geestelike opbou sal bevorder (Romeine 14:19, NLV).

3.4.7. Die gemeente bemoedig mekaar

Die NLV vertaal 1 Tessalonisense 5:11 so: “Daarom, soos julle reeds doen, moet julle aanhou om mekaar moed in te praat en geestelik op te bou.” 1 Timoteus.4:13 eggo dit ook met die woorde: “...die gelowiges te bemoedig en hulle te onderrig.” Die woorde van 2 Timoteus 4:2 neem die opdrag verder: “Verkondig die Woord van God. Hou daarmee vol, of die tyd daarvoor geleë is of nie. Jy moet jou mense met geduld reghelp, weerlê en bemoedig met gesonde onderrig (NLV).

Daar is ‘n onderskeid wat getref moet word tussen die onderlinge sorg wat die geloofsgemeenskap verskuldig is aan iemand in nood en die pastorale sorg. Pastorale sorg vorm deel van die amptelike opbou en versorging van die gemeente en word deur persone wat tot die besondere ampte verkies is, gedoen. Daar is dus ander vereistes wat gestel word. Dit impliseer ook dat daar ‘n kleiner groep betrokke is. Daar is ook ‘n groter element van organisasie as wat die spontane hulpverlening deur die gemeenskap van gelowiges se hulpverlening sou wees.

Vanuit die onderlinge sorg wat hoop aan die persoon (predikant) bemiddel, kom die pastorale sorg na vore. Wanneer ons dus na die eise van die pastoraat kyk soos dit van toepassing is op die individuele pastor of groep pastore, is die volgende opmerkings ter sake.

Strydom (2011:178) verwys na sekere kenmerke waaroor mense sou beskik wat hulle geskik sou maak vir pastorale sorggewers:

- Liefdevolheid
- Empatie
- Egtheid
- Betroubaarheid
- Emosioneel en geestelik volwasse
- Toeganklik en beskikbaar
- ‘n Omgee geaardheid

Faber en Van Der Schoot (MCMLXII:142) voeg daarby:

- Aanvaarding van die noodlydendes
- Geduld
- Vertroue
- Eerbied vir die ander

Campbell (1981:37-46) bring egter ook 'n ander perspektief. Hy ontwikkel die konsep van die “Wounded Healer” met betrekking tot pastoraat. Sy argument is dat pastorale intervensie gewoonlik beteken dat aan 'n persoon op professionele wyse hulp verleen word. Dit veronderstel 'n sekere kennis, vaardigheid en reeks tegnieke.

De Klerk (1978:24) sê wanneer die ware Christelike liefde ontbreek as grondhouding in die pastoraat, vind ons 'n kunsmatige professionalisme wat met allerlei vaardighede en deskundige grepe die groot armoede en leegte soek te verberg. Faber en Van Der Schoot (MCMLXII:232-233) voeg hulle stemme hierby deur te sê dat “Liefde is niet genoeg – ‘Techniek’ is niet genoeg.” Die pastorale relasie vereis dus 'n sekere menslikheid en liefde, maar ook professionaliteit en tegniek.

Pastorale begeleiding vind plaas vanuit 'n verhouding van integriteit. Daarmee bedoel De Klerk (1978:37) dat die pastor 'n mens is wat self deur sekere lewensprobleme geworstel het en dit oorwin het. “Rather it depends upon a caring attitude towards others which comes from our own experience of pain, fear and loss and our own release from their deadening grip.” Die hoogste voorbeeld word in Jesus Christus se lyding en kruisdood gesien. Kolossense 1:19,20 sê “God het dit goedgevind...om deur die Seun sy goeie verhouding met alles in die hemel en op aarde te herstel. Hierdie vrede is bewerk deur die bloed wat aan die kruis gevloei het.” (NLV).

Jesus se wonde is die uitdrukking van sy bereidheid om te ly. Sy lyding was egter nie ter wille van Homself nie, maar om die stukkende verhouding tussen God en mens te herstel. Jesus is die “Verwonde Heler”. Hy het gely omdat Hy liefgehad het. Daarom sê Campbell (1981:38) “Such wounded love has healing power because it is enfleshed love, entering into human weakness, feeling our pain, standing beside us in our dereliction.”

Paulus neem die tema op in 2 Korintiërs 1:6,7: “As ons dus swaarkry, is dit ter wille van julle bemoediging en verlossing. Want as ons God se bystand beleef, is dit sodat ons julle weer kan bemoedig. So kan julle met volharding die ontberings trotseer wat ons ook moet deurstaan. En ons verwagting wat julle betref, staan op vaste bene: Ons weet dat net soos julle deel het aan die ontberings, julle ook só deel het aan die bemoediging.” (NLV).

Dit beteken egter nie dat ‘n mens eers deur soortgelyke omstandighede as ander moes worstel voordat jy geskik is om as pastor hulp te verleen en te bemoedig nie. Dit impliseer ook nie dat ‘n pastor moet kan sê: “Ek weet hoe jy voel nie”. Niemand kan ooit waarlik in iemand anders se skoene staan nie. ‘n Mens se lyding is uniek en baie persoonlik en daar is baie bydraende faktore wat dit beïnvloed.

Die gedagte is eerder dat ‘n pastor wat reeds selfs gely het in staat is “to convey, as much by his presence as by the words he uses, both an awareness and a transcendence of loss” (Campbell 1981:42). In die dieptes van die ervaring van verlies het die verwonde pastor hoop gevind. Daarom is die doel van pastorale sorg nie in die eerste plek om pyn te verlig nie, maar om dit te verdiep sodat die pyn gedeel word en nuwe hoop gebore kan word.

Pastorale sorg is dus ook konfronterend van aard. Dit laat mense nie toe om met illusies te leef nie, maar daag hulle om te ervaar dat herstel en genesing begin wanneer pyn en smart hulle wil oorrompel.

Dit herinner onwillekeurig aan die tweede hoofstuk van Jona waar hy in die ingewande van die vis tot die Here bid en sê:

“In my groot nood
het ek die Here aangeroop
en Hy het my geantwoord.
Ek het uit die doderyk geroep
en U het my gehoor!
In die diepte van die oseaan
het u my gegooi.
Ek het tot in die hart van die see gesink.
Strome het rondom my gekolk.

U het golf na golf oor my laat spoel.
Ek het gesê:
‘Uit U teenwoordigheid het U my verdryf.
Hoe sal ek ooit weer
U heilige tempel sien?’

Water het my verswelg,
die diepwaters het my omring.
Seegrass was om my kop gedraai.
Ek het afgesak tot waar die berge begin.
Ek was afgesluit van die lewe,
vasgevang in die land van die dooies.
Maar U, HERE my God, het my gered
uit die oop kake van die dood!
Toe ek alle hoop verloor het,
het ek weer aan die HERE gedink.
In u heilige tempel
het u my gebed gehoor.
Wie vals gode aanbid,
minag God se goedheid.
Ek sal met lofliedere
vir U ‘n offer bring.
Ek sal doen
wat ek beloof het.
Net die Here bring verlossing!”

Toe het die HERE die vis beveel en hy het Jona op die strand uitgespoeg.” (Jona 2:2-10, NLV). Vergelyk Human in Vos & Human (2011:134-151).

Die benadering van Campbell is ‘n aksent wat die pastoraat binne die kader van die “priesterlike vereenselwiging” plaas, soos beskryf deur De Klerk (1978:18-20). Hy wys daarop dat die herderlike sorg nie sonder die profetiese taak naamlik die verkondiging van die Woord kan geskied nie. “Die Woord van die koninkryk, die Wet en Evangelie moet deurlink in herderlike sorg.”

Van Iersel et al (2009:193-205) verryk die tema pastorale begeleiding en die eise wat aan die amptelike pastoraat gestel word. Hulle het die persoon wat as sorggewer optree hier in gedagte wanneer die eise beskryf word. Dit word kortliks genoem.

- **Pastorale attitude**

Die taak en identiteit van die pastor hou direk verband. Die twee saam vorm sy pastorale identiteit. “En in die pastorale is de attitude, de persoonlijke instelling, zeer belangrijk.” (Van Iersel et al 2009:193). Die pastorale houding word gekenmerk deur geloof, hoop en liefde (1 Korintiërs 13:13).

- **Prudentie / Vooruitziendheid**

“De prudentie is de vermogen om schattingsoordelen te vellen op basis van kennis van het verleden, analyse van het heden, en schatting van de gevolgen van een bepaalde handeling. (Van Iersel et al 2009:194). Dit is dus die kognitiewe vermoë tot pastorale diagnostiek en begeleiding.

- **Pastoraat en die gesindheid van Jesus**

Die pastor streef na ‘n lewe van toewyding en navolging van Jesus in gesindheid en in optrede. Hierdie voorwaarde geld nie alleen wat die persoon van die pastor betref nie, maar is ‘n voorwaarde vir die geloofwaardigheid van die ampsbeoefening. “Hij heeft als representant ...een voorbeeldfunctie in het voorleven van de weg die hij verkondigt en waarop hij mensen begeleidt.” (Van Iersel et al 2009:199). Hierdie navolging van Christus sluit ook die diakonie en deugsamheid in en die dra van die vrugte van die Gees van God (Galasiërs 5:22 verder).

- **Die pastor as medegelowige**

Die pastor ontmoet die noodlydende ook as medegelowige en dit hou sekere gevolgtrekkings en konsekwensies in. Alle vorme van religieuse of morele superioriteit word hiermee afgewys. Lukas 18:9-14 is ‘n kernteks ter stawing van die nederigheid waarmee die pastor sy taak van amptelike geestelike begeleiding aanpak en afhandel. Hierdie aspek bring vertroue in die verhouding. “Hij kent het landschap van het geloofsleven van binnenuit, omdat hij het bewandelt en hij kan mede daardoor deze laag in de existentiële communicatie bij de pastorant to zijn recht laten komen.” (Van Iersel et al 2009:200).

- **Die pastor as draer van amp en funksie**

Die kenmerk van alle ampte is dat dit binne die werksfeer van die Heilige Gees tot

stand kom en daarom vrugbaar funksioneer. “Daarmee is gezegt dat elk ambt ten diepste gave van de Geest aan de Kerk en via de kerk als gave aan de wereldt wordt beschouwd.” (Van Iersel et al 2009:202). Die pastoraat vind dus vanuit die kerk plaas as ‘n amptelike bediening wat deur die gawes van die Gees gevoed en gerig word.

- **Pastoraat as leierskap**

Dit word veronderstel dat die pastor vanuit ‘n binneperspektief in staat is om leiding te gee aan die kerk en die individu ten opsigte van die ontwikkeling, konsolidering en versterking van geloofsidentiteit. Die spirituele ontwikkeling van die individu wat begelei word, staan sentraal.

3.5. Tugpastoraat: objek en vereistes

Wie is die objek van die pastorale sorg tydens die tughandeling van predikante? Hiermee saam ook die opvolgvraag naamlik: Watter eise en verantwoordelikhede en verwagtings word aan die predikant gestel in die tugpastoraat?

Die volgende bespreking wys daarop dat die predikant in die heel eerste plek die voorwerp van die tugpastoraat is wanneer dit die tughandeling teen predikante raak. Maar soos reeds vroeër beklemtoon, is dit nie net die predikant wat tydens die tughandeling ly nie. Daar is ook sy gesin, die gemeente, die party(e) wat die klag geformuleer het en ander betrokkenes. Pastoraat sal dus oor ‘n wye front beskikbaar moet wees. In hierdie studie sal die klem spesifiek op die pastoraat aan die predikant wees.

Dit moet sekerlik ‘n gegewene wees dat ‘n kerkkommissie geen wens of begeerte koester om die predikant wat weens een of ander vergryp of oortreding deur die tugproses gaan, te na te kom nie. Die belewing van die tugproses deur die predikant lewer vanweë die indringing van sy privaatheid reeds op sy eie ‘n bydra tot die ervaring van traumatiese skande en oneer. Hier is dus ‘n enorme taak wat op die skouers van die kommissie rus. Hulle moet die saak op die tafel so hanteer dat reg en geregtigheid geskied sonder om op die gebied van diskresionêre skande en oneer te oortree en daardeur by te dra tot die traumatiese belewing van skande en oneer by die predikant.

Hier is met ander woorde ‘n fyn lyn wat met koersvastheid geloop moet word. Die wyse waarop dit gedoen moet word, is deel van die praktiese komponent van hierdie studie. Die praktiese vraag bly vra om ‘n antwoord: Hoe kan die kommissie die saak deeglik ondersoek sonder om ‘n tipe emosionele loervink te word wat die privaatheid van die predikant skend deur “prodding, pushing, probing, prying and pillaging”? (Albers,1995:13).

Die eis van die beskerming van privaatheid van die predikant staan voorop tydens die tugverhoor indien die algemene eis van diskresionêre skande en oneer gehandhaaf word. Daar moet gewaak word teen die oortreding van persoonlike grense deur ondeurdagte optrede en blootstelling. Die gevoel van gewelddadige inbraak op die persoonlike psige moet ten alle tye uit die tugproses geweer word.

Persoonlike werk wat die predikant moet doen om die tugpastoraat sinvol te laat verloop behels onder meer die volgende.

- Erkenning van die skuld en aanvaarding van verantwoordelikheid
- Berou oor die oortreding
- Belydenis van die oortreding
- Vergifnis aanvaarding
- Nuwe lewe
- Restorasie

3.5.1. Erken skuld en aanvaar verantwoordelikheid

‘n Teologiese verstaansraamwerk van skuld verklaar die oorsprong daarvan as ‘n oortreding van die ooreengekome en aanvaarde wyses van optrede teenoor God en die geloofsgemeenskap. Die verbreking van die morele of etiese fatsoenbaarheid bring objektief gesproke die bevinding van “skuldig” en subjektief die belewing van “skuldgevoelens”. Hierdie gevoelens kan as gevolg van ‘n oortreding wees wat binne die groter sisteme soos die geloofsgemeenskap gebeur het en ook situasies wat in ‘n meer persoonlike en intieme opset plaasvind.

- Eerstens kan 'n predikant vanweë swak menseverhoudings en interpersoonlike vaardighede die geloofsgemeenskap sistemies bedreig deur die onhoudbare verslegting van verhoudings.
- Tweedens kan predikante in hul persoonlike en private lewe die norme van die predikantsamp oorskry en sodoende 'n krisis teweeg bring vir homself en die geloofsgemeenskap. Geen mens is geïsoleer wat betref die effek van die oortreding van God se geloofsreëls nie. In beide gevalle is die predikant objektief skuldig aan die oortreding en in beide word ernstige skuldgevoelens ervaar.

In die Ou- en Nuwe Testament is daar verskeie voorbeelde van die sistemiese of gemeenskaplike beleving van skuld en skuldgevoelens. Dit staan skerp teenoor die moderne individualisme. Josua 7:1-26 beskryf die oortreding van een persoon naamlik Agan en beskryf dan die gevolge vir hom, sy gesin en familie asook die hele Israelitiese gemeenskap. Handeling 5:1-10 is die verhaal van Annanias en Saffira wat deur hulle terughouding van persoonlike fondse met die dood gestraf is.

Die skuldige moet toerekeningsvatbaarheid vir die wangedrag erken, verantwoordelikheid aanvaar vir sy optrede sowel as vir die konsekwensies en straf van die oortreding en laastens ook verantwoordelikheid vir toekomstige optrede. Die verlede, hede en toekoms word hier saam betrek. Die wandade van die verlede moet opgeskryf staan op die klagstaat teen die predikant. Daarvoor moet hy eerlik en ten volle toerekeningsvatbaar wees. Sy aanvaarding van die oortreding in die verlede beteken sy erkenning van objektiewe skuld en sy persoonlike subjektiewe skuldbeleving.

Lategan (1992:52) is korrek wanneer hy sê dat die gesindheid van sagmoedigheid wat teenoor so 'n persoon bewys moet word nie toleransie teen die sonde openbaar nie, maar wel teenoor die sondaar. Engelbrecht (1988:399) stel dit omonwonde: "Niemand mag die indruk kry dat die oortreder se optrede goedgekeur word nie." MacDonald (1988:18) stel dat dit begin met die veronderstelling dat individue wat misstappe begaan het, hulself voor God moet stel en die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir hulle dade moet erken.

Die predikant sal in die hede die konsekwensies van hierdie skuld manmoedig dra en met die straf daarvoor moet saamleef. Maar dit is nie die laaste woord wat gespreek word nie.

Die toekoms lê voor en die predikant sal ook daarvoor verantwoordelikheid aanvaar. Selfs nog meer as ooit tevore. ‘n Nuwe ooreenkoms teenoor God en mense sal die sleutel wees tot ‘n beheersde en Godvrugtige lewe. Hiertoe sal die predikant en die geloofsgemeenskap saamwerk. Gesamentlike verantwoordelikheid in al drie tydsvakke van al die partye is nodig om die angel van destruktiewe skuld, skande en oneer uit die tugproses te verwyder. In die regswetenskap is die aard van skuld duidelik te sien. Wanneer die wet oortree of verbreek word en die oortreder uitgewys word, kry daardie persoon die geleentheid om skuld vir die daad te aanvaar en te erken. Hy word skuldig bevind vir die oortreding en gestraf. Straf kan die vorm van ‘n boete aanneem, gevangenisstraf of ‘n ander restitusie soos gemeenskapsdiens. Nadat die persoon sy straf uitgedien het, kan hy weer met sy normale rol in die samelewing voortgaan.

Vrae wat ‘n persoon kan lei tot insig in skuldgevoelens:

- Watter “het ek maar / het ek maar nie” situasies, visualiseer hy ten opsigte van die oortreding?
- Is die prosesse die sneller vir egte, neurotiese of eksistensiële skuldgevoelens?
- Is daar sekere dinge wat hy vermy in die selfondersoek en hou dit dalk verband met die ontkenning van skuld?
- Is daar enige negatiewe boodskappe uit die verlede (in verband met homself) wat dit moeilik maak om op die boodskap van die skuldgevoel te konsentreer?
- Wat kan hy doen om egte skuldgevoelens te hanteer? Dit moet nie ander mense negatief beïnvloed nie.
- Hoe kan hy sy skuldgevoel transformeer tot ‘n nuwe lewensvisie?

3.5.2. Toon berou oor die oortreding

Binne die Gereformeerde teologie was berou as gevolg van sonde nog nooit onderhandelbaar nie. Dit was juis een van die negatiewe tekens in Adam en Eva se siening oor hulle situasie. Daar was geen aanvaarding van verantwoordelikheid vir woorde en daade teen God se wil nie, en ook geen tekens van berou nie. Slegs maar skaamte en skande as destruktiewe gevoelsbeleving.

Bavinck (1930, Deel 4:146) sê dan tereg dat opregte en hartgrondige berou oor sonde die weg is wat "...God met ons inslaat, om ons innerlik van die zonde vrij te maken." Hy voeg dan by dat berou onderskei moet word van spyt. Spyt is slegs die vrees vir die gevolge van die sonde.

Louw (1999:471) voeg by dat berou saamhang met die mens se verantwoordelike besef voor God. Berou beteken om getref te wees deur skuld op persoonlike vlak, met die behoefte aan verandering en herstel. Wroeging is 'n persoonlike aanduiding van die intensiteitsvlak van die beleving van die oortreding. 'n Behoeftige aan herstel mond uit in skuldbelydenis.

3.5.3. Belydenis van oortreding teenoor God en mense

Daar is voldoende Bybelse getuigenis dat daar 'n proses is waardeur die skuld wat as gevolg van die sonde ontstaan positief en effektief gehandel kan word. Die skuld en skuldgevoelens is hanteer deurdat daar skuldbelydenis gedoen is teenoor die persone teenoor wie oortree is. Dit was soms teenoor mense en ander kere teenoor God. Die proses het daaruit bestaan dat daar 'n versoek was tot vergifnis. Dit is gevolg deur apologie aan te teken en dikwels is restitusie gedoen vir die skade wat aangerig is.

Wanneer hierdie proses voltooi is, kon die skuldige persoon vergifnis, vryheid van skuld en versoening beleef. Die proses het die moontlikheid gehad dat die persoon weer tot die verbondsverhouding met God herstel is en weer opgeneem is in die sosiale netwerk van die gemeenskap. In die Ou Testament was die offer en in die Nuwe Testament die kruisdood van Jesus Christus die manier waarop die verhoudings horisontaal en vertikaal herstel is.

3.5.4. Aanvaar die vergifnis van God en mense

Iemand wat gesondig het teen God, teen ander, of teen die self, ervaar die gevolge van die gebroke verhoudings wat deur die oortreding veroorsaak is. Behalwe dat die persoon objektief skuldig is, word subjektiewe skuldgevoelens ervaar. Hierdie persoon se belydenis van skuld en sy versoek om genade en vergifnis kan lei tot die herstel van die verhoudings deur absolusie (kwytskelding).

Indien dit nodig en/of moontlik is, kan restitusie vereis word. Restitusie is nie 'n tipe strafmaatreeël nie, maar wel 'n bewys van dankbaarheid en welwillendheid van die kant van die oortreder. Wanneer 'n oortreder so bevry is van die oordeel en gevolge van die skuld, is hy versoen met God, ander mense, die skepping en met homself. Hy word herstel en sy gemeenskap met die verbande waarbinne hy leef, word herstel. In die Gereformeerde skuldpastoraat word egter nie met 'n strafmodel gewerk nie, maar met 'n versoeningsmodel. Die versoeningsmodel verkondig die onvoorwaardelike karakter van God se genade met herstel, kompensasie, restitusie en enige vergoeding as 'n etiese konsekwensie van die vryspraak in Christus.

Albers (1995:21) maak die opmerking dat hierdie model van versoening, teologies, liturgies en pastoraal, die normale *modus operandi* van die geloofsgemeenskap was. Die feit dat mense ly as gevolg van skuld en skuldgevoelens het die proses van vergifnis en herstel as 'n geskenk aan die skuldige gebied. Daarom sê hy: "The genius of the process...is that it provides a way back into the life of the community. The slate is cleared as it were and resumption of life is once again possible." Die grondbeginsel is dat volledigheid en afgehandeldheid van die onvoorwaardelike kwytskelding.

"'n Predikant moet homself ook kan vergewe. Die vergifnis van God en mense moet aanvaar word en daardeur moet die genade vir die self ook gegee word. Hierin speel die Heilige Gees 'n krities belangrike rol. Vos (1984:378) skryf dan ook dat die Heilige Gees se "besondere werk is op die heilseffektuering ten opsigte van die skepsel gerig". Vergifnis is 'n gawe van God self. Verder is dit ook 'n gawe wat die mens aan ander en aan homself moet gee. Hy moet eers vergifnis ontvang sodat hy dit weer op sy beurt kan aangee.

Louw (1999:475) skryf dat vergifnis eerstens as 'n teologiese saak gesien moet word wat onlosmaaklik gekoppel is aan die gebeure van die versoening in Jesus Christus soos dit in Sy kruisdood vergestalt is. Vergifnis verwys na die feit van die vryspraak as algehele kwytskelding van skuld.

3.5.5. Begin en leef as 'n nuwe mens

Die argument van hierdie studie is juis dat die huidige tugproses 'n negatiewe en destruktiewe resultaat oplewer. Die tugproses lewer die teendeel van die Bybelse doelwit. Op 'n ander manier gestel: in plaas van herstel en heropname tot aktiewe diens in die

geloofsgemeenskap, word die skuldige predikant afgesny en uit die gemeenskap verwyder. Die tughandeling bedreig die toekomsvisie. Tugpastoraat moet die hoop bemiddel dat 'n nuwe, helder toekoms wink.

3.5.6. Restorasie

Persoonlike werk wat die predikant moet doen om sy skandgevoelens te hanteer is restorasie. Die probleem met skaamte en oneer is juis dat dit ongelooflike negatiewe gevoelens wek. 'n Persoon wat dit beleef, voel waardeloos, hulpeloos en hopeloos. Hy beoordeel homself as van geen waarde, doel, verdienstelikheid of betekenis nie. Vanuit die self word die self beoordeel vanuit 'n skaamte perspektief. Hierdie perspektief groei soos 'n kanker wat vernietig en doodmaak. Dit affekteer die hele persoon. Fisies, emosioneel, sosiaal en spiritueel oefen dit destruktiewe kragte uit.

Dit het verder die neiging om ook ander mense wat op een of ander wyse aan die persoon verbind is, negatief by die gevoelens te betrek. Daar moet ook daarop gewys word dat daar nie by hierdie persoon die persepsie bestaan dat daar geen hoop bestaan dat hy weer opgeneem kan word en aanvaar kan word in die gemeenskap vir wie hy is nie. Hierdie persoon voel vasgevang in die spinnerakke van skande, skaamte en oneer gevoelens. Dit lyk vir hierdie persoon asof daar geen manier is waarop hy kan terugkeer nie. Daar is nie 'n ritueel of proses waardeur hierdie gevoelens weggeneem kan word nie.

Die tipiese reaksie van 'n persoon wat deur gevoelens van skande en oneer vasgevang is, is om te vrees en om weg te kruip. Hierdie persoon moet sy skande en skaamte probeer wegsteek vir die gemeenskap waarbinne hy met vrees leef. Omdat 'n mens se totale identiteit hier ter sprake is, neem dit ontsaglik baie geestesenergie. In so 'n mate dat dit naderhand te veel kan word en die persoon allerhande destruktiewe wyses vind om met hierdie vrees en angs te handel.

3.6. Tugpastoraat: Funksie

Wat is die doel en taak van tugpastoraat? Die antwoord op hierdie vraag poog om duidelike uitkomst te stel vir tugpastoraat.

Die funksies van tugpastoraat kan in aansluiting by Heitink (1998:127-147) en Strydom (2011:188-195), onder die volgende vyf noemers verwoord word naamlik genesing, bystand, begeleiding, versoening en vertroeteling. Hierdie funksies verteenwoordig die spesifieke uitkomst van die gespreksmatige pastorale handeling.

3.6.1. Genesing

Genesing moet verstaan word in die ruimste betekenismoontlikheid van die woord. Dit gaan oor die uitkoms van gesondheid en algemene welsyn van die totale mens. Dreyer (1981:32) praat van die mens in sy totaliteit as psigosomatiese eenheid. In die konkrete situasie van die tughandeling waarin die predikant hom bevind, sal die uitkoms van genesing dan ook die emosionele gevoelsbeleving insluit met verwysing na skuld en skande.

Heitink (1998:131) omskryf die genesingsfunksie van die pastoraat as die moontlike positiewe effek wat die pastorale verhouding met betrekking tot die heelwording of integrasie van die mens in nood, soos dit op sy geestelike gesondheid en welwese in die ruimste sin van die woord 'n invloed uitoefen.

'n Dimensie wat deur Strydom (2011:189) bygevoeg word, is die herstel tot 'n vlak wat die vorige sal verbysteek tot 'n herstel tot heelheid.

Veel meer as net genesing, is hier ook 'n verwagting van groei en ontwikkeling. Ek waag dit selfs om die begrip transformasie te gebruik. Indien ons die herstellende genade in Jesus Christus deur die bemiddeling van die Heilige Gees ernstig neem, kan 'n verwagte uitkoms van nuwe mense realiseer. Die uiters negatiewe gebeure van die tughandeling moet funksioneel deur pastorale begeleiding in die lig van die Evangelie nuut geïnterpreteer word en in die lewe van die persoon geïntegreer word sodat hy gesond sal wees. Emosionele herstel en genesing word as einddoel gestel.

3.6.2. Bystand

Bystand word deur Heitink (1998:135) beskryf as 'n verhouding met 'n noodlydende persoon (met die ervaring van verlies, verdriet, pyn en lyding), met die doel om te troos, te

bemoedig en te ondersteun. Dit gaan nie slegs maar om 'n simpatiese of selfs empatiese meelewing nie, maar veel meer. God self word as naby ervaar deur die bystand van die ander. Hierdie bystand word verleen sodat die mens wat midde in die lyding is weereens geleentheid sal vind om geestelik en emosioneel te groei.

Hierdie funksie van pastoraat is sonder twyfel noodsaaklik vir predikante wat getug word. Die krisis van eensaamheid en die gevoel van verwerping kan gekonfronteer word deur bystand van die wat waarlik omgee. Predikante behoort te ervaar dat God naby is en dit deur die bystand wat aan hulle en hulle gesinne verleen word.

3.6.3. Begeleiding tot groei en ontwikkeling

Met begeleiding val die klem op positiewe groei en ontwikkeling. 'n Uitreik en strewe na meer. Alle aspekte van die menswees word deur hierdie funksie van die pastoraat geraak. Begeleiding om gepaste keuses te maak in tye van onsekerheid. Begeleiding om alternatiewe roetes van gedagtevoering en aksie te ondersoek en te onderneem. Begeleiding om die vryheid wat in Christus Jesus te vind is, te ontdek en op te neem as 'n eie selfstandige vryheid.

Pastorale begeleiding stel mense in staat om vrye keuses te maak sodat hulle lewenskwaliteit daardeur verbeter. Noodlydendes word begelei om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul keuses en om selfstandig die toekoms binne te gaan. Die toekoms met verwagting binne te gaan! (Segal 1997:235-236).

Predikante wat tydens die tughandeling begelei word, word binne die gemeenskap van die gelowiges ondersteun. Die ruimte van die Christelike gemeente en die Woord van God bepaal die aard van begeleiding. Daarom is groei altyd ook groei na God toe. Daar is 'n geestelike dimensie aan die groei en begeleiding. Heitink (1998:138) se definisie word volledig aangehaal aangesien die tema van hierdie navorsing, die pastorale begeleiding van predikante ondersoek. "Onder begeleiden als funksie van pastorale zorg verstaan we die leiding die van een pastorale relasie uitgaan, waardoor mense zich gesteund wete om op grond van hun lewensovertuigings keuses te maken en beslissingen te nemen en zo te groeien in zelfstandig geestelik functionering."

3.6.4. Versoening

Wat die funksie van versoening betref, gaan dit om die herstel van gebroke verhoudings. Die verhouding met God en die omgang met mense en groeperinge van mense. Die toepassing hiervan tydens die tughandeling is voor die handliggend. Predikante beleef ernstige verhoudingsbreuke met die persone wat deur hulle te nagekom is as gevolg van die oortreding. So ook met gemeentede, die Kerkraad, medeleraars en selfs lede van die gemeenskap. Die behoefte aan versoening verwoord die beleving van vervreemding by predikante. Die behoefte aan vergifnis verwoord die bewuswees van sonde en oortreding.

Versoening en herstel het dus horisontale en vertikale dimensies. Heyns (1981:128) verwys na ses verhoudings waarin die mens staan naamlik tot God, tot sy medemens, tot homself, tot die natuur, tot die kultuur en tot die strukture. Die gronde vir versoening is te vind in die oorwinnings- en versoeningswerk van Jesus Christus. Dit sê Heyns (1981:282) "...is inderdaad 'n diepe misterie...". Die effek is te vind in die herstel van al die verskillende verhoudings.

Versoening sal uiteraard 'n krities belangrike funksie van die pastoraat wees aan die predikant tydens die tughandeling. Ernstige verhoudingsversteurings kom in hierdie tyd van trauma voor en dit is van uiterste belang dat al die betrokkenes die gekommunikeerde Woord van versoening hoor, verstaan en vir hulself toeëien.

3.6.5. Vertroeteling

Die laaste funksie is die van vertroeteling. Die Engelse term "nurturing" word hier vertaal met vertroeteling. Ek gebruik ook koestering as sinonieme begrip. Dit dui op sensitiewe omgee. Die Bybelse gedagte van 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid vind as resultaat van die omgee verduidelik die begrip ten beste. Wanneer iemand op tere en versigtige wyse sorg vir 'n ander wat noodlydend is, word die funksie van vertroeteling korrek verstaan. Deur die liefdesdiens word pastoraal omgesien na die persoon wat weer sy Godgegewe roeping moet opneem.

Predikante en hul gesinne het oorfloedige vertroeteling nodig tydens die tughandeling. Wanneer die tughandeling die verhoudings soos 'n wig binnedring, sal slegs omgee en

vertoeteling weer herstel en nuwe hoop bring. In hierdie studie val die klem egter op die begeleidende uitkoms. Dit beteken egter nie dat die ander uitkomst nie ter sake is nie. Al vyf uitkomst is onderskeibaar, maar ook interverweef. My invalshoek is egter die begeleidende ondersteuning aan die predikant wat ook deur terminologie en konsepte binne die sakesektor gebruik word, naamlik mentorskap en afrigting (Stone 1999).

Joncheere (2008, ongepubliseerde ondersoekprogram: Vrijgeleide in gebrokenheid en kwaad. Reflectie op context en betekenis van justitiepastoraat.) se aanduiding van die doel en taak van justisiepastoraat word volledig deur Van Iersel et al (2009:156) aangehaal. Die volgende kernbegrippe word aangebied as verdere verfyning van die taak en doel van tugpastoraat.

- Die pastoraat stel ten doel om as 'n heilsdaad die mens wat homself in die konteks van gebrokenheid en kwaad bevind, te begelei tot bevryding en heelwording.
- Die ontmoeting tussen pastor en pastorant word 'n bevrydende, herskeppende en herstellende lewenservaring.
- Die pastoraat het nie ten doel om die persoon bloot te herstel tot sy vorige lewensposisie nie, maar veral om hom te begelei tot die ontdekking van 'n nuwe en beter lewensposisie as voorheen.
- Die pastoraat het nie ten doel om die tughandeling te omseil of die tugmaatreëls te ontsnap nie, maar om die omstandighede te transendeer en die vryheid waartoe die mens geroep is te ontdek.
- Die pastoraat het die volgende tot gevolg: dit beskerm, is rigtinggewend, leidend, bekragtig en verlewendig die ontvanger.

3.7. Tugpastoraat: parameters

Wat is die parameters van tugpastoraat ten opsigte van tydsduur?

Pastoraat begin met die aanvang van die eerste proses van die tughandeling. Dit is gewoonlik in die geval van predikante wanneer die eerste gerug, klag of verslag op die tafel van die Kerkraad beland. Die pastoraat sal formeel afsluit met die beëindiging van die derde en laaste proses van die tughandeling. Voorheen is dit reeds genoem dat die ervaring van die emosie van skuld en skande reeds lank voor die tughandeling en baie lank daarna ervaar kan word. Uit die aard van die saak het niemand die taak tot pastorale versorging

indien daar nie 'n definitiewe beginhandeling ten opsigte van die tughandeling is nie. Die kerk sal egter moet let op die langtermyn pastorale versorging van die predikant na die afhandeling van die prosesse van die tughandeling. Dit kan begeleiding beteken wat oor 'n aantal jare strek.

3.8. Tugpastoraat: Maatstawwe vir funksionaliteit, professionaliteit en effektiwiteit

Watter maatstawwe word aangelê om tugpastoraat te meet wat betref funksionaliteit, professionaliteit en effektiwiteit? Wanneer predikante gedurende die tweede proses van die tughandeling rekenskap moet gee van hulle berou en bekering, kan dit uiters moeilik wees vir die predikant om dit te bewys. Net so veel vir die kommissie wat moet oordeel oor die egtheid van berou en hartgrondige bekering.

Persoonlik meen ek dat dit een van die groot leemtes is in die huidige tughandeling van predikante. Daar is nie geldige meetinstrumente om die predikant se reaksie op die tughandeling te meet nie. Die assesseringskriteria ontbreek algeheel. Daar is min objektiwiteit en deursigtigheid in die prosesse.

Predikante en tugkommissies sal baat vind tydens tugpastoraat indien die volgende sake aangespreek word.

- **Begeleiding tydens die driedelige tughandeling**

Deurlopende, amptelike en persoonlike begeleiding deur 'n persoon of kommissie tydens die amptelike tughandeling.

- **Aksieplan vir behoud en herstel van ampsbevoegdheid**

'n Aksieplan wat saam met al die betrokkenes geformuleer en uitgevoer word vir die behoud van die predikant en herstel van sy dienswerk en ampsbevoegdheid.

- **Beplan die uitkomst**

Elke faset van die aksieplan vir behoud en herstel moet deeglik beplan word en die uitvoerbaarheid daarvan gekontroleer word. Die beplanning sluit ook die stel van uitkomst en tydsgrense in (Nelson-Jones 1991:92).

- **Assesseer**

Geen plan se uitkomst kan geëvalueer word sonder 'n geldige stel assesseringsstandaarde en -instrumente nie.

- **Moniteer**

Assessering gaan hand aan hand met monitering. Die uitkomste gestel in die beplanning moet gemeet en geëvalueer word aan die hand van vooraf gekose standarde. Die vordering of afwyking daarvan word deurlopend geëvalueer.

- **Korrigeer**

Enige afwyking of koerswysiging van die vooraf ooreengekome uitkomste word dadelik aangeteken met die doel om die rede(s) daarvoor te bepaal en om 'n korrektiewe plan van aksie te neem.

- **Rekordeer**

Besonderhede van die vordering en verloop en latere bereiking van die uitkomste moet gereeld en volledig gerekordeer word. Die rekordering voorsien 'n objektiewe en geldige staat van die suksesvolle behaling, al dan nie van die uitkomste.

- **Verslaggewing**

'n Skriftelike verslag van die pastorale sorggewer(s) en predikant is ononderhandelbaar.

Na aanleiding van die rekordering deur die loop van tyd, is die samestelling van 'n verslag baie maklik en dien dit as getuienis van die bereiking van die uitkomste gestel.

3.9. Samevatting

Hoofstuk 3 is 'n beskrywing van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling met die fokus op die verwerking van skuld- en skandgevoelens. Wanneer die persoonlike wêreld van die predikant inplof vanweë die tughandeling, is daar dringende nood vir die amptelike begeleiding tot die verwerking van die gebeure en dit sluit die verwerking van die emosie van skuld en skande in. Die term tugpastoraat word gebruik om nie alleen die subjek, objek en doel van die besondere tipe pastoraat te beklemtoon nie, maar ook die begrensing en konteks waarbinne dit funksioneer, aan te dui.

Tugpastoraat funksioneer as een van die geloofshandelinge van die kerk en die geloofsgemeenskap, besondere ampte en die predikant is direk hierby betrokke. Die diepste Skrifbegroning van die tugpastoraat word gevind in Galasiërs 6:1 en 2 en die pastorale betekenis daarvan is volledig uitgespel. Die taak van die geloofsgemeenskap ten opsigte van die tughandeling word deeglik verreken en so ook die amptelike begeleiding deur die kerk. Die take en vereistes wat aan die predikant gestel word, is duidelik omly.

Die doel van die tugpastoraat kan in vyf woorde vasgevang word naamlik: genesing, bystand, begeleiding, versoening en vertroeteling. Tugpastoraat funksioneer binne die maatstawwe van funksionaliteit, professionaliteit en effektiwiteit.

3.10. Sleutelstellings

Na aanleiding van die vrae soos gestel aan die begin van hierdie hoofstuk en die ondersoek daarna, word die volgende sleutelstellings gemaak:

Vraag 3(a) Wat is tugpastoraat en hoe word dit onderskei van ander vorme van pastorale sorg soos berading?

Sleutelstelling 3(a)

Tugpastoraat is dus die amptelike en geestelike begeleiding van die kerk aan predikante wat die tughandeling beleef. Dit sluit die geloofsgemeenskap (gemeente, Kerkraad, Ring en breë kerkverband) se betrokkenheid in.

Die doelstellings van tugpastoraat kan verwoord word as

- die ontwikkeling van 'n persoonlike geloofsidentiteit
- heiligmaking
- die ontdekking van die inwerking van die Heilige Gees en ontdekking van persoonlike charismata
- die verdieping van die bronne van geloof
- die skep van eenheid in 'n gefragmenteerde lewe

Vraag 3(b) Wat is die diepste motivering en begroning van tugpastoraat?

Sleutelstelling 3(b)

Galasiërs 6:1 en 2 is die vertrekpunt vir die Skrifbegronding van die tugpastoraat. “Liewe broers en susters, wanneer iemand iets doen wat verkeerd is, moet julle wat deur die Gees gelei word, daardie persoon nederig reghelp. Wees baie versigtig dat jy nie ook versoek

word nie. Help ander gelowiges wat swaarkry en gee só uitvoering aan Christus se liefdeswet (NLV).

Vraag 3(c) Wie is verantwoordelik vir die handeling van amptelike pastorale sorg aan die predikant tydens die tughandeling? Hiermee saam ook die volgende vraag: Wat is die verwagting en vereistes wat aan die pastorale sorggewers gestel word in die uitvoering van tugpastoraat?

Sleutelstelling 3(c)

Die geloofsgemeenskap en die besondere ampte is in die heel eerste plek verantwoordelik vir die tugpastoraat vanweë elkeen se taak en funksie binne die kerk. Dit sluit nie 'n enkeling of kommissie uit wat besonderlik die amptelike funksie van die begeleiding van die predikant tydens die tughandeling moet waarneem nie. Die vereistes wat aan elke groep gestel word, is uitdagend en groot, maar is uiteindelik in die woorde van die teksvers niks anders as nederige liefdeshulp nie.

Vraag 3(d) Wie is die objek van die pastorale sorg tydens die tughandeling van predikante? Hiermee saam ook die opvolgvraag naamlik: Watter eise en verantwoordelikhede en verwagtings word aan die predikant gestel in die tugpastoraat?

Sleutelstelling 3(d)

Die predikant is die objek van die tugpastoraat. Sy gesin, die gemeente en gemeenskap moet egter nie vergeet word nie. Daar is gewoonlik baie mense betrokke tydens die tughandeling van predikante.

Die eise aan die predikant tydens die tugpastoraat is duidelik en ononderhandelbaar. Dit sluit die volgende in: erkenning van die skuld en aanvaarding van verantwoordelikheid, berou oor die oortreding, belydenis van die oortreding, aanvaarding van die vergifnis en die opneem van 'n nuwe lewe met restorasie as einddoel.

Vraag 3(e) Wat is die doel en taak van tugpastoraat? Die antwoord op hierdie vraag poog om duidelike uitkomst te stel vir tugpastoraat.

Sleutelstelling 3(e)

Die doel en taak van tugpastoraat kan onder die volgende vyf noemers verwoord word: genesing, bystand, begeleiding, versoening en vertroeteling.

Vraag 3(f) Wat is die parameters van tugpastoraat ten opsigte van tydsduur?

Sleutelstelling 3(f)

Die tugpastoraat begin amptelik met die bewuswording van die probleem soos verwoord in 'n klag, gerug of verslag aan die Kerkraad. Dit eindig wanneer die predikant die derde en laaste deel van die tugproses voltooi. Die tugpastoraat sal daarna voortgaan op 'n ander wyse aangesien die predikant vir lank na die voltooiing van die tughandeling steeds pastorale begeleiding benodig.

Vraag 3(g) Watter maatstawwe word aangelê om tugpastoraat te meet wat betref funksionaliteit, professionaliteit en effektiwiteit?

Sleutelstelling 3(g)

Vir die tugpastoraat om funksioneel, professioneel en effektief te funksioneer is dit nodig om vanuit die wollerige – glo maar, bid maar, sê maar as ons kan help – modus te tree. Die volgende take sal onderneem word: deurlopende amptelike begeleiding en bystand soos benodig, 'n aksieplan word saamgestel met volledige uitkomst, monitering en assessering van die deurlopende bereiking van die uitkomst word gerekordeer, afwykings van die uitkomst word betyds gekorrigeer en die finale bereiking word skriftelik verslag van gegee.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE NAVORSING

Navorsingsmetodologie, gestruktureerde onderhoude en analise van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, tydens die tughandeling met fokus op die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande.

4.1 Inleiding

Hoofstuk 2 en 3 was literatuurondersoeke.

- Eerstens is 'n teorie van emosies in Hoofstuk 2 beskryf met die klem op die gevoelsbeleving van skuld en skande.
- Daarna is pastoraat in Hoofstuk 3 omskryf soos dit spesifiek met die verwerking van skuld en skande verband hou.

Indien hierdie studie egter volledig wil wees, moet daar ook 'n empiriese gedeelte van die navorsing ingesluit word. Hoofstuk 4 beskryf die kwalitatiewe ondersoek wat gevolg het op die teoretiese verkenning in Hoofstukke 2 en 3. Vanuit hierdie hoofstukke is detailinformatie bekom vir die verstaan van die navorsingsprobleem en die navorsingsdoel. Hierdie teoretiese ondersoek word nou opgevolg met 'n gestruktureerde onderhoudskedule en onderhoude met predikante wat deur die tugproses geraak is. Dit is eintlik voor die handliggend. As ons waarlik meer wil verstaan van predikante se gevoelsbeleving van die tughandeling moet ons met hulle daaroor gesels.

Skrywer onderneem om die volgende vrae in die loop van Hoofstuk 4 te beantwoord.

- **Vraag 4(a):** Wat is die navorsingsmetodologie wat vir die empiriese deel van die studie gebruik word? Dit sluit die navorsingsdoel, navorsingsvrae, navorsingsmetode, tegnieke en deelnemers aan die navorsing in.
- **Vraag 4(b):** Wat is die proses wat die empiriese navorsing vir hierdie studie kenmerk?
- **Vraag 4(c):** Hoe word die onderhoudskedule gestruktureer en saamgestel?

- **Vraag 4(d):** Wat is die kontekstuele faktore van elke onderhoud?
- **Vraag 4(e):** Watter inligting is tydens die onderhoude verkry?
- **Vraag 4(f):** Wat is die temas wat na vore kom wanneer die inligting van die onderhoude geanaliseer word?

Bogenoemde vrae word nou bespreek.

4.2. Navorsingsmetodologie

‘n Wetenskaplike studie volg altyd ‘n wetenskaplike werkswyse en metodologie. Die instrumente wat gebruik word, voldoen ook aan sekere wetenskaplike kriteria. Die navorsingsdoel is die vertrekpunt en gee ‘n volledige beskrywing van die empiriese proses wat volg.

4.2.1. Navorsingsdoel

Die navorsingsdoel is duidelik verwoord tydens die navorsingsontwerp (Hoofstuk 1:74) en is vervat in die titel van hierdie studie:

Om die pastorale begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die kerklike tughandeling te beskryf. Die doel is verder gefokus op die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande.

4.2.2. Navorsingsvrae

Beide die literatuur- en empiriese studie, stel ten doel om die sentrale navorsingsvraag te beantwoord:

Op watter wyse begelei die Nederduitse Gereformeerde Kerk, predikante wat die kerklike tughandeling ondergaan, om die gevoelens van skuld en skande wat daarmee gepaard gaan te verwerk?

Die drie hoofvrae wat die sentrale vraag verder ontwikkel, is as volg geformuleer:

- **Vraag 1A:** Lewer die tughandeling ‘n bydrae tot die gevoelsbeleving van skuld en

skande by predikante?

- **Vraag 1B:** Indien predikante tydens die tughandeling gevoelens van skuld en skande beleef, wat is die aard en funksie daarvan?
- **Vraag 1C:** Is daar pastorale begeleiding vir predikante wat tydens die tughandeling moontlike gevoelens van skuld en skande ervaar en hoe word hulle gehelp om dit te verwerk?

Bogenoemde navorsingsvrae is deurlopend verder ontwikkel en geformuleer (Hoofstuk 1:20-83; Hoofstuk 2, p.84-145; Hoofstuk 3, p.146-196). Die antwoorde van sommige vrae is vanuit die literatuurstudie beskryf. Sommige vrae vereis verdere empiriese ondersoek.

Die vrae wat tydens die empiriese ondersoek aan respondente gestel word, sluit dus aan by die vorige bespreking soos beskryf in Hoofstukke 1-3. Die volgende vrae sal verwerk word tot 'n gestruktureerde onderhoudskedule wat tydens 'n onderhoud deur die navorser in gesprek met die respondente voltooi word.

- **Vraag 1**

Watter deel van die proses van die tughandeling is van toepassing ten opsigte van die individuele respondent?

- **Vraag 2**

Het die respondent tydens die tughandeling gevoelens van skuld en skande ervaar en wat was die intensiteit van die belewing?

- **Vraag 3**

Wat was die fisiese en kognitiewe belewing van die gevoel van skuld?

- **Vraag 4**

In watter mate het die respondent die skuldemosie verwerk?

- **Vraag 5**

Hoe het die respondent die moontlike gevoelens van skande beleef?

- **Vraag 6**

Het die respondent enige verdedigingsmeganismes gebruik om die intensiteit van die skandgevoelens te verwerk?

- **Vraag 7**

Het die respondent enige positiewe belewing en verwerking van skande as emosie ervaar?

- **Vraag 8**

Watter teoretiese raamwerk sal help om die begeleiding van die kerk tydens die tughandeling beter te verstaan?

- **Vraag 9**

Hoe beoordeel respondente die verskillende funksies van tugpastoraat?

- **Vraag 10**

Hoe het die respondent die sorg van die geloofsgemeenskap tydens die tughandeling ervaar?

- **Vraag 11**

Het die kerk amptelik, die taak van pastorale begeleier vervul tydens die tughandeling?

- **Vraag 12**

Watter vereistes oordeel die respondent behoort gestel te word aan die persone wat die pastorale versorging tydens die tughandeling hanteer?

- **Vraag 13**

Wat kan alles van die predikant verwag word tydens die tughandeling?

- **Vraag 14**

Het die respondent enige professionele persone gekonsulteer tydens en na die tughandeling?

- **Vraag 15**

Dink respondente dat die tughandeling voldoen aan die doel volgens Artikel 59?

- **Vraag 16**

Wat beskou respondente as leemtes tydens die tughandeling?

- **Vraag 17**

Watter aanbevelings kan respondente voorstel vir die verbetering van die tughandeling?

- **Vraag 18**

Ken die respondent enige ander predikante wat ook deur die tughandeling geraak is?

4.2.3 Kwalitatiewe ondersoek

Die sosiale wetenskappe word deur kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes gedien. Hierdie metodes moet nie teenoor mekaar gestel word nie, maar ten opsigte van hul funksie slegs onderskei word en moet die mees toepaslike metode vir die navorsing gekies word. Pieterse (1993:186) sê: “Die kwantitatiewe metode se belangrikste bydrae is geleë in

die geldigheidsbetroubaarheid en die reikwydte van die resultate wat noukeurig vasgestel kan word. Terwyl kwalitatiewe analyses dieper grawe om die sosiale werklikheid en die verskynsels daarin, in al sy kompleksiteit na te gaan en so tot 'n beter begrip daarvan te kom.”

In die studie van Barnard (2009:304) word die eienskappe van kwalitatiewe navorsing aangedui. Dit is besonder interessant om daarop te let dat emosies en die egtheid van respondente se antwoorde deur die kwalitatiewe metode geïdentifiseer en geëvalueer kan word. Dit belooft om hierdie studie soos 'n handskoen te pas aangesien predikante se beleving van skuld en skande ondersoek word. Eienskappe van die kwalitatiewe metode wat verder sal bydrae tot die sukses van die ondersoek is

- die individuele gerigtheid daarvan
- die kontekstualiteit daarvan
- dat dit beskrywende van aard is
- die verkennende aard daarvan
- dit is sistematies
- en induktief.

Creswell (2007:36-52) se bespreking van die volgende twee vrae ten opsigte van kwalitatiewe navorsing, word nagevolg en benut in hierdie studie. Die eerste vraag wat hy stel: Wat is die sleutelkenmerke van kwalitatiewe navorsing? Sy definisie is volledig en dui nie alleen op die tradisionele aspekte van kwalitatiewe navorsing nie, maar toon ook die ontwerp van die navorsing sowel as spesifieke wyses van die insameling van informasie.

“Qualitative research begins with assumptions, a worldview, the possible use of a theoretical lens, and the study of research problems inquiring into the meaning individuals or groups ascribe to a social or human problem. To study this problem, qualitative researchers use an emerging qualitative approach to inquiry, the collection of data in a natural setting sensitive to the people and places under study, and data analysis that is inductive and establishes patterns or themes. The final written report or presentation includes the voices of participants, the reflexivity of the researcher, and a complex

description and interpretation of the problem, and it extends the literature or signals a call for action.” (Creswell 2007:37).

Hierdie definisie beklemtoon die proses van navorsing en die kenmerke van ‘n kwalitatiewe studie.

- Die navorser speel ‘n sleutelrol in die ondersoek en gebruik informasie wat deur homself ingesamel is. Die instrumente soos vraelyste, onderhoudskedules en ander, word deur die navorser self saamgestel.
- Kwalitatiewe navorsers steun op verskillende bronne van informasie soos onderhoude, observasies en gedokumenteerde inligting. Die navorser benut al die data om sin en betekenis daarin te vind en organiseer die inligting kategorieë of temas ten opsigte van al die bronne van informasie.
- Die navorser bou patrone, temas en kategorieë deur die proses van induksie. Dit is dus ‘n interaktiewe proses wat plaasvind tussen die navorser, deelnemers en die informasie.
- Direkte interaksie vind plaas tussen die navorser en deelnemer en vind binne die leef- en werksomgewing van die deelnemer plaas.
- Die betekenis wat die deelnemer aan die probleem of studie-onderwerp gee, is van belang, sowel as dit wat die navorser self of deur literatuurstudie daaraan toeken.
- Die navorsingsplan kan verander na gelang van omstandighede en nuwe informasie of ander praktiese oorwegings. Dit is met ander woorde nie ‘n rigiede en onbuigbare metode nie.
- Kwalitatiewe navorsing word deur ‘n bepaalde teoretiese lens onderneem. Daar is dus ‘n berekende subjektiewe element betrokke.
- In kwalitatiewe navorsing interpreteer die navorser die informasie. Hierdie interpretasie kan nie van die navorser se eie agtergrond, geskiedenis, persoonlike konteks en verstaansraamwerk geskei word nie. Die lesers van die navorsing interpreteer weer op hulle beurt die informasie en bring ‘n meervoudige verstaan van die probleem.
- Kwalitatiewe navorsers probeer om ‘n komplekse en holistiese beeld van die probleem of onderwerp van studie te vorm. Dit gaan dus nie soseer om die enger oorsaak en gevolg van verhoudings tussen verskeie faktore nie, maar om ‘n identifikasie van die komplekse interaksie tussen die faktore in ‘n spesifieke situasie.

Die tweede vraag van Cresswell: Waarom gebruik navorsers 'n kwalitatiewe navorsingsmetode? Hy dui die volgende redes aan vir die gebruik van die kwalitatiewe navorsingsmetode.

- Die kwalitatiewe navorsingsmetode word gebruik wanneer 'n komplekse en gedetailleerde verstaan van 'n spesifieke probleem nodig is.
- Hierdie informasie kan alleen verkry word deur met deelnemers te gesels in 'n natuurlike omgewing.
- Hierdie metode verbeter die magsverhouding tussen navorser en deelnemer omdat dit laasgenoemde in staat stel om 'n eie weergawe te gee van die komplekse aard van die probleem.
- Die literêre styl van die verslaggewing is buigsaam en laat ruimte vir persoonlike mededelings en selfs gevoelens.
- Die kwalitatiewe metode is konteksgetrou.

Indien die antwoorde op die twee vrae van Cresswell in berekening gebring word tot hierdie navorsing sal die volgende gevolgtrekkings gemaak kan word. Die kwalitatiewe werkswyse is die mees geskikte navorsingsmetode vir hierdie studie. Dit dien die studietema naamlik om predikante se persoonlike ervaring van die tughandeling in diepte te ondersoek. Omdat die kwalitatiewe metode induktief van aard is, beteken dit dat empiriese data geanaliseer en geïnterpreteer word en sin en betekenis daarin gevind word.

4.2.4. Gestruktureerde onderhoudsvoering

Kwalitatiewe navorsingsmetodes maak gebruik van onderhoudskedules en in diepte onderhoudvoering as hulpmiddels. Hiermee saam word deelnemende waarneming deur die navorser as aanvullende bron vir die verstaan van die studie-onderwerp beskou. Sapsford & Jupp (2006:97) stel dit duidelik dat die onderhoudskedule een van die geskikte hulpmiddels is om te gebruik wanneer inligting verlang word van respondente. Vraelyste kan ook gebruik word, maar moet deur die respondent self voltooi word.

Holstein en Gubrium (2006:140-161) bespreek onderhoudsvoering in hulle artikel: "The active interview", in Silverman ed. (2006). Hulle keer die standpunt dat onderhoudsvoering 'n neutrale manier is om informasie te bekom, op die kop. Onderhoudvoerders vra nie maar slegs vrae, terwyl respondente maar alleen antwoorde verskaf nie. Die proses van

onderhoudsvoering is nie maar net 'n geleier tussen twee partye nie. Volgens hierdie ou model word die onderhoudsvoerder se bydrae tot 'n minimum beperk. Die onderhoudsvoerder is ook veronderstel om neutraal en onopvallend te wees. Die respondent is slegs maar 'n "houer" wat informasie bevat. Hierteenoor word aktiewe onderhoudsvoering in die artikel beskryf. Daarvolgens is die onderhoud 'n aktiewe ervaring en deelname deur die onderhoudvoerder en die respondent. "...we...highlight the fact that interactional, interpretive activity is a hallmark of all interviews. All interviews are active interviews." (p.140). Vergelyk ook Mason in Lewis-Beck (p.1020).

'n Gestruktureerde onderhoudskedule wat deur die navorser in gesprek met die respondente voltooi is, word gebruik.

4.2.5. Keuse van respondente

Morse in Lewis-Beck ed. (Ongedateer:993) sê oor die keuse van respondente die volgende: (It) is the deliberate selection of the most appropriate participants to be included in the study, according to the way that the theoretical needs of the study may be met by the characteristics of the participants." Dit beteken dat respondente vir die studie gekies is op grond van die volgende kriteria.

- Die respondente moes beantwoord aan die kriteria soos deur die studie gestel. In hierdie studie is die tughandeling as konteks gestel. Die tughandeling is spesifiek deurdat dit predikante is wat daardeur geraak word. Alle predikante wat dus deur enige deel van die drie prosesse van die tughandeling gegaan het, was moontlike kandidate om as respondente gekies te word.
- Verder het ook bereidheid om aan die studie deel te neem, bepaal wie in die studie ingesluit sal word. Nie alle predikante wat geskakel is, was bereid om 'n onderhoud toe te staan nie. Een predikant het uitdruklik gesê dat hy nie meer weet wie om te vertrou nie en daarom nie deel wil wees van die studie nie.
- Bereikbaarheid soos deur koste en tyd begrens, het ook 'n verdere bydrae gelewer tot die keuse van respondente. Slegs respondente wat binne 'n radius van driehonderd kilometer van navorser se woning geleë is, is genader.
- Aangesien dit 'n kwalitatiewe studie is, het ek slegs ses respondente om 'n onderhoud gevra.

Skrywer maak dus gebruik van ‘n teoretiese steekproeftrekking waarvolgens kennis van die situasie van mense wat die tughandeling deurgegaan het, gebruik word.

Reeds in Hoofstuk 1 is daarop gewys dat inligting rondom tugsake en predikante wat daarby betrokke was of is, baie sensitiewe inligting binne die kerk is. Daar is begin om vir predikante met wie skrywer in kontak was, te vra of hulle dalk enige predikante ken wat aan die twee kriteria sou voldoen. Op hierdie wyse is name verkry en is hulle telefonies genader. Predikante wat bereid was om aan die ondersoek deel te neem, is kortliks ingelig oor die beoogde onderhoude. Hierna het ek met ses predikante afsprake verkry en het ek hulle persoonlik by hulle wonings gaan sien. Die onderhoude het gewoonlik negentig minute geduur. Die onderhoude is oor ‘n tydperk van twee maande (Mei–Julie 2011) afgehandel. Sekere respondente is later weer geskakel indien addisionele inligting benodig was of indien gegewe antwoorde onduidelik was.

Die volgende tabel toon die aantal respondente en die provinsies waarin hulle woon.

Respondent	Provinsie woonagtig
Respondent 1	Noordwes
Respondent 2	Gauteng
Respondent 3	Noordwes
Respondent 4	Vrystaat
Respondent 5	Noordwes
Respondent 6	Noordwes

4.2.6. Die proses van kwalitatiewe navorsing

Die kwalitatiewe proses het as volg verloop.

- ‘n Onderhoudskedule is saamgestel deur die inligting van die eerste drie hoofstukke van die studie te benut.
- ‘n Ingeligte toestemmingsbrief tot deelname aan die studie is saamgestel.
- Ses respondente is geïdentifiseer. Tyd en koste implikasies is in aggeneem.
- Respondente is telefonies genader vir ‘n onderhoud.

- Respondente teken ingeligte toestemming tot deelname aan die navorsing voor die aanvang van elke onderhoud.
- Die navorser voer persoonlike onderhoude met elke respondent deur van die gestruktureerde onderhoudskedule gebruik te maak. Aantekeninge is deurlopend gemaak van opmerkings en inligting wat die respondente voorsien het. Die kruis by die vrae wat 'n keuse veronderstel, is deur die navorser getrek en die antwoorde op oop vrae is deur die navorser aangeteken. Respondente is telkens gevra om te bevestig dat die kruis in die korrekte blok getrek is en telefoniese oproepe na die onderhoude het die antwoorde gekontroleer indien enige onsekerhede bestaan het of verdere inligting benodig is.
- Onderhoude het tydens vyf van die afspraak ongeveer een en 'n half uur geduur. Die ander afspraak was 'n marathon sessie omdat die respondent vele vertellings rondom die vrae van die onderhoudskedule gegee het. Die duur van die afspraak was egter op sy inisiatief aangesien hy duidelik nodig gehad het om uiting te gee aan sy gevoelens deur sy belewing van die tughandeling in detail te vertel.
- Die navorser verwerk die inligting wat tydens die onderhoude bekom is deur elke respondent se informasie afsonderlik aan te teken.
- Die inligting is hierna geïnterpreteer en tematies verwoord.
- 'n Voorstelling en visualisering van geanaliseerde data word aangebied.
- Die inligting word in Hoofstuk 5 as 'n voorstel vir die verbetering van praktykteorie aangebied.

4.2.7. Eise aan die kwalitatiewe navorser gestel

Barnard (2009:306) wys op die hoë eis wat deur die kwalitatiewe metode aan 'n navorser gestel word.

- Die eis van direkte betrokkenheid. Die navorser is die “meetinstrument”.
- Die eis van 'n verwysingsraamwerk waarbinne gewerk kan word. 'n Deeglike kennis en verwysing wat opgebou word deur literatuurbronne en selfs persoonlike ervaring.
- Die eis om binnestaander te wees, maar ook buitekant te bly.
- Die eis om nie dominant te wees tydens die proses nie. Die leefwêreld en ervaring van die respondent is altyd die belangrikste.

4.2.8. Samestelling van die onderhoudskedule

Die samestelling van die gestruktureerde onderhoudskedule is bepaal deur die doel- en vraagstellings van die navorsing.

Lavrakas in Lewis-Beck (Ongedateer:902-903) sê dat ‘n navorser se groot uitdaging daarin lê om ‘n onderhoudskedule te “...calibrate...” sodat die data so “...accurate and efficiently...” as moontlik verkry word. Wanneer ‘n onderhoudskedule swak saamgestel is, kan dit die interpretasie van die inligting verwring. Swak bewoording, beplanning en swak vraagformate lei tot swak informasie en die navorsing lei skade.

Navorser het onder andere gebruik gemaak van die Likert skaal waarmee respondente die vrae kon beantwoord met antwoordkategorieë wat “...mutually exclusive and exhaustive” is (Sapsford & Jupp,2006:101). Daar is ook oop tipe vrae gestel waar die respondent sy eie mening en gevoel kon verwoord.

Die onderhoudskedule is in vier afdelings verdeel. Sien die volledige gestruktureerde onderhoudskedule as Bylaag 3.

- **Afdeling A:** Die tughandeling as proses
Vraag 1.
- **Afdeling B:** Die tughandeling en die gevoelsbeleving van skuld en skande
Vraag 2 – 15
- **Afdeling C:** Die tughandeling en pastorale begeleiding
Vraag 16-23
- **Afdeling D:** Die tughandeling en addisionele informasie
Vraag 24-33

4.2.9. Ingeligte toestemming

Alle respondente het ‘n ingeligte toestemmingsbrief ontvang waarin die doel van die onderhoud verduidelik is. Die anonimiteit en professionaliteit van die gesprek en gebruik van die informasie is daarin verduidelik. Deelname aan die ondersoek is geheel vrywillig

en alle dokumentasie is soos vereis volgens die etiese kode van die Universiteit van Pretoria hanteer. Elke respondent het die toestemmingsvorm voltooi voordat deelname aan die ondersoek plaasgevind het. Sien bylaag 1 (p.248-253).

4.3. Kontekstualisering van die gesprekke en informasie wat die onderhoude verder toelig.

Daar is gekies om nie die klagte teen die respondent en die persoonlike detail van die tugverhoor as konteksinformasie te bespreek tydens die onderhoude of hier by die beskrywing daarvan nie. Dit is nie noodsaaklik vir die verstaan van die studiedoel nie.

4.4. Analise van die gestruktureerde onderhoude

Tydens die onderhoude is die inligting bekom soos deur die gestruktureerde onderhoudskedule bepaal word. Die analise daarvan is gegrond op die struktuur van die onderhoudskedule en die verkreeë inligting word vraag vir vraag aangebied.

- In die eerste plek word 'n geheelblik gegee en
- tweedens word respondente se persoonlike informasie bespreek. Wanneer respondente kommentaar gelewer het op die vrae of stellings is dit sover moontlik aangeteken en word dit in aanhalingstekens weergegee.

Die getal wat in die tabelle verskyn is die hoeveelheid respondente wat die bepaalde keuse gemaak het.

AFDELING A: DIE TUGHANDELING AS PROSES

Die eerste vraag fokus op die respondent se ervaring van die kerlike tughandeling as proses. **Die kerklike tughandeling is 'n reeks handelinge (prosesse) wat oor 'n tydperk van jare kan strek.**

Vraag 1: Respondente dui aan watter deel van die tughandeling op hom van toepassing is.

Proses	Inhoudelike van die proses	Aantal respondente
Proses 1	Doel: Stel vas of die predikant skuldig of onskuldig is na aanleiding van die klag, gerug of verslag en tree dienooreenkomstig volgens die bepalings van die Kerkorde op.	
Proses 1A	Aanmelding van 'n klag, gerug of verslag.	6
	Aanvanklike hantering van klag, gerug of verslag.	4
	Moontlike voorlopige ondersoek.	4
	Verwerping van klag, gerug of verslag. Geen verdere ondersoek nie. Kennisgewing aan alle partye.	1
	Stuiting van ampsbediening indien nodig geag word	4
	Opskrifstelling van klag, gerug of verslag as klagstaat.	2
	Besorging van klagstaat aan predikant.	2
Proses 1B	Tugondersoek en bevindings.	5
Proses 1C	Toepassing van die tugmaatreëls	4
Proses 1D	Appèl	1
Proses 2	Doel: Stel vas of die getugde as gevolg van die toepassing van die tugmaatreëls voldoende berou en inkeer toon en tree dienooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde op.	
Proses 2A	Ondersoekliggaam vergewis homself van die nodige berou en inkeer van die getugde.	0
	Sensuur en skorsing as tugmaatreël word opgehef met verslag aan die Algemene Regskommissie.	1
Proses 2B	Verdere tugmaatreëls volg aangesien die ondersoekliggaam nie oortuig is van die berou en inkeer nie.	0

Proses 2C	Ring of kommissie hef sensuur op en Algemene Regskommissie herstel ampsbevoegdheid na die toepassing van die tugmaatreëls van ontslag met opskorting van ampsbevoegdheid.	0
Proses 2D	Na toepassing van die tugmaatreël van ontslag met beëindiging van ampsbevoegdheid, word op aanbeveling van die Ring en Sinodale kommissie 'n colloquium doctum deur die eksamenkommissie afgeneem waarna die Algemene Regskommissie die aansoeker toelaat tot legitimasie.	0
Proses 3	Doel: Predikant word herstel deurdat hy terugkeer tot die bediening binne 'n gemeente na opheffing van die tugmaatreëls dienooreenkomstig die bepalings van die Kerkorde.	
Proses 3A	Herstel in diens van die gemeente na suksesvolle appèl teen die tugmaatreëls.	1
Proses 3B	Herstel van ampsbevoegdheid en tree in diens van 'n gemeente na opheffing van die tugmaatreëls.	1
	Herstel van ampsbevoegdheid maar geen beroep na 'n gemeente nie.	0

Hierdie vraag beoog om die moontlike verband te ondersoek tussen die prosesse van die tughandeling en die emosionele belewing van skuld en skande. Dit sluit ook aan by die respondent se ervaring van pastorale begeleiding deur die kerk tydens die tughandeling.

Die respondente het elkeen 'n unieke ervaring van die proses(se) van die tughandeling beleef. Tydens die onderhoude is tot die besef gekom dat die teoreties-gestroomlynde tugproses dikwels in die praktyk nie presies so tot uitvoering kom nie. Dit beteken nie alleen dat die prosesse nie altyd volgens die Kerkorde uitgevoer is nie, maar soms ook dat die prosesse vanweë die unieke omstandighede anders verloop as wat dit behoort te doen.

Hierdie verskil in die teoretiese begronding en die praktiese uitvoering van die Kerkorde veroorsaak uit die aard van die saak dat sake se finale uitkoms daardeur beïnvloed word.

Hierdie studie fokus egter nie op die kerkordelike en tegniese aspek van die tughandeling nie. Dit bly egter kommerwekkend dat die tughandeling klaarblyklik in sekere gevalle ontspoor vanweë dié diskrepans.

- *Respondent 1* het sekere dele van die eerste proses van die tughandeling ervaar. Hy het ook die derde proses beleef. Hierdie proses het vanaf 2 Desember tot 13 Mei die volgende jaar geduur. Dit is dus 'n tydperk van 4 maande en 13 dae. Hy is tydens sy verloftydperk afgedank en deur vriende per sms daarvan ingelig. Die respondent was tydens die onderhoud steeds nie-amptelik in die gemeente werksaam, maar sonder traktement. Sy pensioenbydrae word steeds maandeliks deur die Kerkraad betaal. Sekere gemeentelede het hul bydrae aan hom en sy gesin gegee. Vanweë die oortreding van arbeidsregtelike prosedures deur die Kommissie, het die respondent hom na die Council for Conciliation, Mediation and Arbitration gewend. Die geskil was in die guns van die respondent beslis. Die Ringskommissie is gelas om sy ampsbevoegdheid te herstel sodat hy weer sy taak in die gemeente kon opneem. Die kerk is alle agterstallige traktement en ander vergoeding aan die respondent verskuldig. Dit beloop meer as R600 000!
- *Respondent 2* het soos respondent 1 die eerste proses van die tughandeling deurgaang. Hierdie proses het vanaf 12 Desember tot 5 Augustus geduur. Dit is dus 'n tydperk van 7 maande en 24 dae. Respondent 2 het self die probleem waarmee hy geworstel het aan die Ringsvoorsitter bekend gemaak. Dit was egter nie volgens die Voorsitter die korrekte optrede nie. 'n Ouderling van een van die Ringsgemeentes het toe later 'n klag geformuleer. Die Ring waarbinne die respondent werksaam was, het daarna besluit om die klag na 'n aangrensende Ring te verwys. Hierdie Ring het dit egter na hulle terugverwys en daarna het die verantwoordelike Ring toe die klag hanteer. Die respondent is nie in die amp gestuit nie en het ook self nie 'n klagstaat ontvang nie. Hy is tydens 'n Broederkring ingelig dat hy skuldig is aan 'n sekere oortreding. Later tydens 'n tugverhoor is hy skuldig bevind en pastoraal vermaan. Daarna kon hy voortgaan met sy bediening. Respondent 2 het nie sy reg tot appèl gebruik nie. Hy sou dit egter gedoen het indien enige ander tugmaatreël teen hom ingestel is, aangesien die Ring nie die korrekte tugprosedures gevolg het nie. Proses 2 en 3 van die tughandeling was nie van toepassing op die respondent nie.

- Respondent 3* het eweneens die eerste proses van die tughandeling beleef. Die duur van die proses was 7 maande en 18 dae (15 Desember tot 2 Augustus). Respondent 3 het self 'n skrywe aan die Voorsitter van die Ring gegee waarin hy sy probleem bekendgemaak het. Na 'n aanvanklike hantering van die brief is die respondent gestuit. Die brief het later as “klagstaat” gedien. Op geen stadium het die Ringskommissie 'n formele klag geformuleer, 'n klagstaat saamgestel of aan die respondent oorhandig nie. Prosedurefoute is deurlopend gemaak. Na 'n ondersoek is bevind dat die respondent skuldig is aan egskeiding. Die aanbeveling van die Ringskommissie was dat die band tussen die respondent en die gemeente losgemaak moet word. Die respondent het sy reg tot appèl benut en die uitslag was in sy guns. Die Ringskommissie het growwe prosedure- en inhoudelike foute gemaak. Die stuiting is opgehef en die respondent kon voortgaan met sy bediening binne die gemeente. Die respondent is steeds ontnugter deur die wyse waarop hy weer sy bediening moes voortsit. Hy het gesê dat geen van die Ringspredikante of lede van die Regskommissie of Sinodale kommissie hul weg kon oopsien om die opheffing van sy stuiting tydens 'n erediens bekend te maak nie. Die Kerkraad het later 'n brief van die Regskommissie ontvang in dien effekte. Sy gevoel was dat dit nou maar aan hom oorgelaat was om weer die brokstukke bymekaar te maak en “neuk nou maar aan”. Proses 2 en 3 was nie van toepassing nie.
- Respondent 4* het 'n gedeelte van die eerste proses van die tughandeling beleef. Dit het van 13 Oktober tot 5 Maart geduur (vier maande en 5 dae). Die respondent het tydens 'n vergadering waar gemeente samesmelting bespreek is, by die een predikant verneem dat daar gerugte die rondte doen dat hy nie “die Woord preek nie”. Daar was ook sprake dat hy nie sy werk behoorlik doen nie, waaronder huisbesoekversuim. Die volgende kombineringsvergadering het toe 'n Ringsvergadering geword waar die respondent toe voor 'n keuse gestel is. Hy kan 'n skeidingspakket aanvaar en die Ring sal demissie verleen waarna hy vry sal wees om weer in 'n ander gemeente te bedien of hy maak gereed vir 'n tugverhoor en kan daarna verwag om nooit weer in enige Nederduitse Gereformeerde gemeente te bedien nie. Die Ring het hom nie-amptelik gestuit deur 50 dae verlof toe te staan. Hy het hierdie tyd ontvang om die saak te oorweeg. Die respondent het met die aanbeveling van 'n regsadviseur besluit om demissie te aanvaar volgens Artikel 12b.2.3. Die respondent kon vir sewe maande na demissie aanbly in die

pastorie. Proses twee en drie is met ander woorde nie van toepassing nie. Hy het later 'n beroep na 'n ander gemeente aanvaar. Na 5 jaar in die nuwe gemeente is daar die eerste keer 'n mediese bydrae van die Kerkraad ontvang en is sy traktament verhoog.

- *Respondent 5* het die eerste proses van die tughandeling beleef. Die proses het van Oktober tot November (die volgende jaar verloop). Die aanloop tot die tughandeling was 'n onverkwiklike konflik tussen 'n lidmaat en die respondent. Die respondent het 'n siviele klag teen die lidmaat by die Suid-Afrikaanse Polisie gelê. Die lidmaat se vrou lê op haar beurt 'n klag teen die predikant en ongeveer twintig ander lidmate onderteken die klag. Die respondent het 'n beroep na 'n gemeente in 'n ander Ring aanvaar gedurende hierdie tyd. Die korrekte kerkordelike prosedures is nie gevolg in die tughandeling nie. 'n Tugondersoek is later gehou en die respondent is gewaarsku. Hy wou appèlleer maar sy vrou het versoek dat hy dit nie doen nie. Sy het hom gewaarsku dat sy hom sou verlaat indien hy sou voortgaan met die proses om appèl. Proses 2 en 3 was nie van toepassing nie.
- *Respondent 6* was in die eerste proses van die tughandeling toe die onderhoud gevoer is. Die aanloop daartoe het nege weke tevore begin en op die dag van die onderhoud was die tugproses twee weke aan die gang. Die respondent het self die probleem by die Voorsitter van die Ring aangemeld. Hy meld dat daar vanaf die aanmelding reeds deur die verantwoordelike persone groot prosedurefoute begaan is en daarom is hy reeds van voorneme om te appèlleer indien die bevindings van die tugondersoek nie na sy verwagtings verloop nie. Die respondent meen dat die Ring moontlik sal besluit om die band tussen hom en die gemeente los te maak. Hy is reeds gestuit en dit is reeds in die gemeente bekendgemaak. Hy beskou die tugondersoek voor die Ringskommissie as 'n "teedrink geleentheid" en het reeds vir die Ring voorgestel dat hulle maar net " 'n coin kan vat en dit flip" om die uitslag te bepaal. Vanweë hulle prosedurefoute met sy saak en met 'n vorige saak wat nog nie afgehandel is nie, sal die Ring ongeag die besluit verkeerd optree. Die respondent het aangedui dat hy hom moontlik tot die CCMA sal wend indien sake negatief verloop. Twee weke na die onderhoud het ek egter verneem dat die Kommissie besluit het dat die respondent kan voortgaan met sy werksaamhede as predikant in die gemeente. Geen tugmaatreëls is teen die predikant ingestel nie. Proses 2 en 3 is nie van toepassing nie.

Gevolgtrekking

Al die respondente het op een of ander wyse beleef dat die kerkordelike weg nie tydens die tughandeling gevolg is nie. Dit het in een geval selfs by die CCMA gedraai en is in die guns van die respondent beslis. Hierdie onordelike werkswyse het 'n negatiewe effek op die respondente gehad. Hulle het dit beleef as onbillik en onregverdig. Alhoewel daar groot gewag gemaak is van die proses deur die Kommissies, het die predikante beleef dat die taakgedrewe werkswyse nog steeds nie reg laat geskied aan die eis van regverdigheid nie.

AFDELING B: DIE TUGHANDELING EN DIE GEVOELSBELEWING VAN SKULD EN SKANDE

Vanuit die literatuurstudie en voorlopige gesprekke met predikante is dit duidelik dat die impak van die tughandeling emosionele ontwigting veroorsaak. Van die warboel van emosies wat beleef word, is slegs twee die fokus van hierdie ondersoek. Respondente is gevra om na aanleiding van hul persoonlike beleving van die gevoelens van skuld en skande op die vrae te antwoord.

'n Werksdefinisie wat tydens die literatuurondersoek vasgestel is vir beide die gevoelens is aan die respondente voorgehou. Die rede daarvoor was om te verseker dat ek as navorser en die respondente aan die anderkant dieselfde betekenis aan die inhoud van die emosies gee.

Die respondente se beleving van skuldgevoelens tydens die tughandeling is eerste ondersoek. Vraag 2 – 6 het ten doel om vas te stel of die respondente skuldemosie beleef het en wat die intensiteit van daardie beleving was. Die mate waarin die respondent die emosie verwerk het, is ook ondersoek.

SKULDGEVOELEN

Skuldgevoelens is 'n pynlike, innerlike gevoel wat veroorsaak word deur die selfbewuswording van konflik tussen eie optrede en die voorafooreengekome morele en sedelike kode. Skuld is 'n fenomenologiese saak en het te make met die oortreding

van waardesisteme. Skuldgevoelens betrek ons gedagtes, gedrag en handeling en word fisies en kognitief ervaar.

Vraag 2: Het u volgens die definisie, tydens die prosesse van die tughandeling, skuldgevoelens beleef? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker ; 3 = Ja

1	2	3
-	-	6

- *Respondent 1* het volgens die skaal gekies om sy belewing van skuldgevoelens as ‘n 3 (definitiewe Ja) aan te dui. Hy het dit gekwalifiseer deur te verwys na die konflik wat vooraf, tydens en tot op hede tussen hom, ander lidmate van die gemeente en onder lidmate van die gemeente onderling voorkom. Sy skuldgevoelens het betrekking op die konflik en die mede-verantwoordelikheid wat hulle as lidmate van die gemeente het om as gelowiges sulke konflik behoorlik te hanteer. Hy (hulle) het misluk om die konflik op te los en dit veroorsaak groot skuldgevoel.
- *Respondent 2* het volgens die skaal sy belewing van skuldgevoelens as ‘n 3 aangedui. Hy kwalifiseer sy belewing van skuldgevoelens, naamlik dat dit veral teenoor sy kinders was. Sy kinders het hom direk gekonfronteer met die gedagte dat hy ‘n predikant is en dat dit nie vir hulle strook met die probleem waarvan hy aangekla word nie. Hy het veral skuldig gevoel omdat hy nie aan sy kinders se verwagtinge voldoen het nie. Daarmee saam het hy ook skuldgevoelens ervaar teenoor die gemeente.
- *Respondent 3* het bevestig dat hy skuldgevoelens beleef het (3).
- *Respondent 4* het definitief skuldgevoelens beleef (3). Hy het gekwalifiseer dat hy teenoor die Here skuldig gevoel het omdat hy nie opweeg teenoor die eise wat aan hom gestel word nie. Hy het ook skuldig gevoel dat hy mense “hoog ag” en ‘n “mense pleaser” was. Hy voel dat dit wat gebeur het ‘n direkte uitvloeisel was van hierdie oortreding teenoor die Here. Sy vraag was daarom ook heeltyd: “Here, hoekom het u dit toegelaat?” Dit was eintlik ‘n retoriese vraag aangesien hy skuldig gevoel het soos reeds gemeld.
- *Respondent 5* het skuldgevoelens beleef (3).
- *Respondent 6* het aangedui dat hy skuldig voel (3).

Gevolgtrekking

Al die respondente het aangedui dat hulle gevoelens van skuld beleef. Omdat situasies en omstandighede verskil, is die skuldgevoelens dan ook persoonlik en spesifiek beleef.

Vraag 3: Indien u op vraag 2 “Ja” geantwoord het, beskryf die intensiteitsvlak van u belewing, van die skuldemosie tydens die tughandeling. Gebruik die volgende skaal: 1 = Min; 2 = Redelik; 3 = Groot; 4 = Oorweldigend

1	2	3	4
-	2	1	3

- *Respondent 1* het volgens die skaal aangedui dat sy belewing van die intensiteitsvlak as ‘n 4 (Oorweldigend) aangedui kan word.
- *Respondent 2* het die skuldgevoelens as ‘n 2 gemerk. Hy het die intensiteitsvlak daarvan dus as redelik ervaar. Respondent 2 verduidelik dit as volg: hy het ‘n groot poging aangewend om alles reg te doen vanaf sy kant en daarom het hy die intensiteitsvlak van sy skuldgevoelens as redelik beleef.
- *Respondent 3* het die intensiteit van sy skuldgevoelens as oorweldigend beskryf (4).
- *Respondent 4* het die intensiteitsvlak as redelik (2) aangedui. Hy sê die rede daarvoor is dat hy vanaf die eerste woorde wat die proses aan die gang gesit het op sy “knieë neergeval en die Here se aangesig gesoek het.”
- *Respondent 5* beskou die skuldgevoelens wat hy beleef het as groot (3).
- *Respondent 6* se skuldgevoelens is oorweldigend (4). Hy het egter bygevoeg dat hy die hele handeling as ‘n “sirkus” beleef.

Die onderhoudskedule het met vraag 4 die kognitiewe en fisiese belewing van skuldemosie ondersoek. Volgens die literatuurondersoek toon mense wat skuldemosie ervaar sekere definitiewe denkpatrone en fisiese ervaring van skuld. Hierdie vraag het dus die eerste vraag ten opsigte van die belewing van skuldemosie tydens die tughandeling bevestig en versterk die inligting van die respondent se belewing daarvan. Die keuse van vrae is gebaseer op die literatuurnavorsing en sluit ook aan by Louw (1999:485-488) se evalueringskale vir die beoordeling van skuld, skuldgevoelens en sondewaan.

Gevolgtrekking

Vier van die respondente het oorweldigende of groot skuldgevoelens beleef. Twee het dit as redelik bestempel omdat hulle soos self geoordeel, dadelik daarvan werk gemaak het.

Merk asseblief die volgende fisiese en kognitiewe uitings van die belewing van skuldgevoelens, soos dit op u van toepassing was tydens die tughandeling. Gebruik die volgende skaal: 1 = Geen belewing; 2 = Min belewing; 3 = Redelike belewing; 4 = Groot belewing; 5 = Oorweldigende belewing

Die fisiese en kognitiewe ervaring van egte skuldgevoelens	1	2	3	4	5
Het u 'n bitter en deurdringende gevoel ervaar, byna asof u die bitterheid kon proe?	-	-	1	-	5
Het u gereeld u hande gewring?	2	-	-	1	3
Het u kop gehang en was dit moeilik om mense in die oë te kyk?	1	-	2	-	3
Het u pyn in die abdomen gevoel wat met angstigtheid gepaard gegaan het?	1	-	-	1	4
Het u die gebeure oor en oor in u gedagtes herhaal?	-	-	2	-	4
Het u indien u die gebeure in u gedagtes herhaal het, sekere elemente van die gebeure verander om ander scenario's te skep?	2	-	2	-	2
Het u dikwels vir u self verwytd en gesê: "As ek dit maar net nie gedoen het nie!"	1	-	2	-	3

- *Respondent 1* het volgens die skaal aangedui dat die skuldgevoel wat hy beleef het 'n 5 (Oorweldigende belewing) van bitterheid was. Hy herinner hom daaraan dat hy 'n 4 (Groot belewing) van gereeld sy hande te wring gehad het en in sy geval het hy met 'n 3 (Redelike belewing) aangedui dat sy kop gehang het tydens die tughandeling en dat hy dit moeilik gevind het om mense in die oë te kyk. Hy het 'n 4 (Groot belewing) gehad van pyn in die abdomen wat met angstigtheid gepaard gegaan het. Ten opsigte van die kognitiewe belewing van skuldgevoelens het hy aangedui dat hy sekere van die gebeure oor en oor in sy gedagtes herhaal het (5 –

Oorweldigende belewing). Dit was ook dieselfde ten opsigte van die verandering van sekere elemente van die herhalende gedagtes en die uiting van selfverwyt, naamlik “As ek dit maar net nie gedoen het nie”. Respondent 1 het veral die feit dat hy op ‘n tydstip gekies het om die beroep na die spesifieke gemeente aanvaar het, betwyfel. Hy het herhaaldelik vir homself gesê: “Ek moes nooit hierheen gekom het nie”.

- *Respondent 2* het aangedui dat sy gevoel van bitterheid oorweldigend was (5). Hy het dit as walglik bitter gestel. Hierdie deurdringende bitterheid was persoonlik beleef teenoor mense wat hy gevoel het hom persoonlik te nagekom. Hy het aangedui (5) dat hy gereeld sy hande gewring het en rusteloos was. Hy het gereeld sy naels gebyt en dit was nie voorheen ‘n gewoonte nie. Respondent 2 het dit baie moeilik gevind om op die kansel te klim en die gemeente in die oë te kyk (3). Hy het geen belewing (1) van pyn in die abdomen beleef nie. Ten opsigte van die herhaling van die gebeure in sy gedagtes het hy dit met ‘n redelike belewing aangedui (3). Respondent 2 het nie sekere elemente in sy gedagtes verander tydens die herhaling daarvan nie (1). Hy het homself wel dikwels verwyt en gevoel dat hy dinge wel anders sou kon hanteer het (3).
- *Respondent 3* het die belewing skuldgevoelens as ‘n bitter deurdringende gevoel as ‘n redelike belewing (3) aangedui. Hy kan nie onthou dat hy gereeld sy hande gewring het nie, maar sê dat sy spanningsvlak oorweldigend (5) was. So ook het hy sy belewing dat dit oorweldigend (5) moeilik was om mense in die oë te kyk aangedui. Die respondent het ook ‘n oorweldigende belewing (5) gehad van pyn in die abdomen wat met angstigtheid gepaard gegaan het. Hy het die gebeure in sy gedagtes herhaal (5). Op die volgende vraag en stelling het die respondent aangedui dat hy ‘n redelike (3) belewing van die verandering van elemente in die herhaling daarvan toegepas het en dat hy ook redelike tekens van selfverwyt getoon het.
- *Respondent 4* het fisiese simptome getoon wat eiesoortig is aan skuldgevoelens. Hy het ‘n oorweldigende (5) bitterheid ervaar (steeds na 5 jaar) teenoor sekere individue wat by die tughandeling betrokke was. Hy het nie (1) sy hande gewring nie. Ek het wel opgemerk dat die respondent tydens die onderhoud die duim van sy regterhand met sy ander vingers in ‘n wrywingsaksie vryf. Hy het dit oorweldigend moeilik (5) gevind om sy kop op te lig en mense in die oë te kyk. Die respondent het nie pyn in die abdomen ervaar nie, maar bygevoeg dat hy eerder daarvoor

kompenseer deur 'n mond wat baie droog is. Hy het die fisiese belewing as “baie erg”, met ander woorde oorweldigend (5) beskryf. Ten opsigte van die kognitiewe belewing van skuldemosie het hy 'n redelik belewing (3) ervaar met die herhaling van die gebeure in sy gedagtes. Tydens 'n seevakansie het hy homself oor en oor gevra (verwyt): “Hoekom het ek dit nie raakgesien nie? Hoe kon ek die aanloop hiervan misgekyk het?” Hy het wel redelike (3) verandering aan sekere elemente van die scenario gemaak tydens die herhalende gedagtes. Die respondent het egter bygevoeg dat hy sy gevoelens onderdruk en dat die skaal eintlik ook ten opsigte hiervan 'n (5) behoort te wees. Hy het homself ook dikwels verwyt dat hy nie anders opgetree het tydens die situasie nie (5). Die respondent ervaar skrikwekkende drome en verwyt homself dat hy ooit na die betrokke gemeente in die spesifieke dorp gegaan het omdat dit uiteindelik vir hom die simbool geword het van “onveiligheid”.

- *Respondent 5* het ten opsigte van al die fisiese en kognitiewe belewing van skuldgevoelens aangedui dat dit oorweldigend (5) was, behalwe dat hy sy hande gewring het en dit as 'n redelike belewing beskryf het (3). Die respondent sê dat daar nie 'n dag verbygaan waarop hy nie aan hierdie gebeure dink nie.
- *Respondent 6* het 'n oorweldigende belewenis (5) van bitterheid. Hy toon nie tekens van die wringing van sy hande nie (1) maar lag tydens die antwoord van elke vraag buitengewoon hard en onnatuurlik. Hy sê dat sy kop nie hang nie omdat hy weet wie hy is wanneer hy voor die gemeente staan. Wanneer hy na hulle kyk, dan weet hy dat hulle ook almal foute het. Hy beleef pyn in die abdomen en angstigheid as 'n oorweldigende gevoel (5). Die respondent herhaal die gebeure oor en oor in sy gedagtes (5). Hy verander sekere elemente van die gebeure (3) en lê nie te veel klem op selfverwyt en spyt nie (2).

Gevolgtrekking

Respondente toon 'n profiel van die ervaring van oorweldigende bitterheid. Hierdie bitterheid teenoor die Kommissie veral, is 'n blywende gevoel. Angstigheid en die ervaring dat dit moeilik is om mense in die oë te kyk het ook sterk vertoon. Selfverwyt en die herhaling van die gebeure het oor en oor in die gedagtewêreld gedraai.

Vraag 5 ondersoek die wyse waarop die respondent sy gevoelens van skuld verwerk het. Volgens die literatuurondersoek is die moontlike response op die verwerking van skuldemosie as vrae geformuleer. Wanneer 'n respondent positief op hierdie vrae antwoord, beteken dit egter nie dat hy die skuldgevoelens wat hy beleef het suksesvol verwerk het nie. Dit gee egter 'n aanduiding van die openheid en bereidwilligheid wat in homself bestaan om wel positief met die emosie te werk sodat verwerking kan plaasvind.

Vraag 5: Het u op enige stadium tydens u belewing en verwerking van skuldgevoelens, bewustelik of onbewustelik die volgende vrae aan u self gestel? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja

Positiewe verwerking van skuldemosie	1	2	3
Is ek verantwoordelik vir hierdie situasie en indien wel, hoekom is ek verantwoordelik?	2	1	3
Wat het ek oortree sodat ek skuldig voel?	1	2	3
Wat is daar wat ek kan verander?	1	2	3
Hoe kan ek my gedrag in die toekoms rig om soortgelyke skuldgevoelens te voorkom?	2	1	3
Hoe kan ek dit wat ek verkeerd gedoen het, regstel sonder om enige verdere skade te berokken?	2	1	3

- *Respondent 1* het volgens die skaal gekies om sy aandeel aan die ontstaan van die situasie wat tot die tughandeling gelei het as 'n 3 te merk. Hy is egter onseker of hy presies kan aandui wat sy oortreding is. Dit is in sy geval moeilik om spesifiek aan te dui wat sy rol in die saak is. Hy voel ook onseker oor wat hy kan doen om dit te verander. Die ervaring het hom egter oortuig dat hy in die toekoms sy gedrag kan verander om soortgelyke situasies en skuldgevoelens te kan vermy (3) en dat hy eweens dit wat tans verkeerd gedoen is, sal wil regstel sodat daar nie enige verdere skade berokken word nie.
- *Respondent 2* het aangedui dat hy nie verantwoordelik voel (1) vir die situasie wat tot die tughandeling aanleiding gegee het nie. Hy was onseker (2) waarom hy wel skuldig voel tydens die hele tughandeling. Respondent 2 het ook aangedui dat hy onseker is (2) of hy enige iets aan die situasie kon verander. In sy spesifieke

situasie glo hy ook dat hy nie homself weer in 'n soortgelyke situasie sou kon bevind nie en daarom is hy onseker (2) of hy hierdie skuldgevoelens sou kon benut ten opsigte van gedragsmodifikasie. Hy het ook sy onsekerheid aangedui (2) oor die vermoë om sake te kan regstel. Hy het wel aangedui dat hy uit die situasie geleer het om meer na homself om te sien deur sy afdag, afnaweke en verlof op gereelde basis te neem.

- *Respondent 3* was onseker (2) of hy die vraag na verantwoordelikheid vir die situasie aan homself gestel het. Hy het wel aan homself die vraag na die rede vir die gevoel van skuld gevra (3) en ook vrae gestel oor wat hy moontlik daaraan sou kon verander (3). Die volgende twee vrae is negatief beantwoord (1).
- *Respondent 4* het ten opsigte van die eerste twee vrae ontkennend geantwoord (1). Sy woorde (gedagtes) was telkens: “Kyk wat het *hulle* gemaak!” Die respondent voel dat hy sy “goedgelowigheid” teenoor mense moet verander (3) en het ook op die volgende twee vrae positief gereageer (3).
- *Respondent 5* het die vrae positief (3) beantwoord.
- *Respondent 6* het op die eerste twee vrae positief geantwoord (3) en negatief op die laaste drie (1). Hy is van oordeel dat daar werklik niks is wat hy aan die situasie kan verander nie aangesien hy 'n besluit geneem het wat tot die aanmelding van die saak gelei het. Hy is egter tevrede met sy besluit omdat dit die korrekte keuse was.

Gevolgtrekking

Respondente het in 'n redelike mate daarin geslaag om hulle skuldgevoelens te hanteer en grootliks te verwerk. Die antwoorde op vraag 5 toon egter dat daar nog ruimte is om werklik met skuldgevoelens klaar te speel.

Vraag 6 het ten doel om die ervaring van skuldgevoelens tydens die tughandeling met 'n oop vraagstelling te ondersoek en sodoende verdere inligting te bekom wat nie deur die geslote vrae beantwoord is nie.

Vraag 6: Wat was u ervaring van die prosesse van die tughandeling en die effek daarvan op u belewing van die emosie van skuld?

- *Respondent 1* het gesê dat hy 'n geweldige aggressie beleef het en tans nog steeds beleef. Hy beleef dat dit hom die brandstof gee om die gebeure te hanteer en staande te kan bly tydens die ontwrigtende konfliktsituasie. Die aggressie is 'n bron waaruit hy put.
- *Respondent 2* het gesê dat hy die hele tughandeling as liefdeloos ervaar het. Hy het ook 'n intense woede en bitterheid beleef. Hy beweer dat die persone wat die tughandeling moet deurvoer, net aan kerkordelike prosedures aandag gee (selfs al het hulle steeds growwe prosedurefoute begaan) en nie aan die mens wat deur die proses geraak word nie.
- *Respondent 3* het nie addisionele inligting kon gee op die vraag nie.
- *Respondent 4* het gesê dat hy “oorweldig is deur die gebeure” en dat hy “niemand meer kan vertrou nie”. Hy stel dit ook dat “die kerk vol mense is met hul eie agendas”.
- *Respondent 5* maak die stelling dat die ervaring van die prosesse van die tughandeling algaande sy skuldgevoel vergroot omdat dit meer en meer blootstelling beteken.
- *Respondent 6* het sy nek gevryf terwyl hy nagedink het oor die vraag en toe geen verdere informasie gehad om te voorsien nie.

Gevolgtrekking

Aggressie en bitterheid is blywende indrukke van die ervaring van die tughandeling. So ook liefdelose toepassing van die tugproses en die ontdekking dat die geloofsgemeenskap nie altyd is wie hulle voorgee om te wees nie. Die feit dat respondente dit soms moeilik gevind het om hulle eie mening oor die tugproses en die ervaring van skuldgevoelens te verwoord, dui daarop dat daar tog nog 'n groot mate van onverwerkte gevoelens aanwesig is.

Hierna is die respondente se belewing van skandgevoelens tydens die tughandeling ondersoek. Vraag 7 – 11 het ten doel om vas te stel of die respondente skandemosie beleef het en wat die intensiteit van daardie belewing was. Die mate waarin die respondent destruktiewe skandemosie beleef het, is ook ondersoek. So ook is die talle

verdedigingsmeganismes wat mense gebruik om die onhoudbare ongemak van skandgevoelens te oorleef as stellings gegee en getoets.

SKANDGEVOELEN

Skandgevoelens is in die studie gedefinieer as ‘n belewing van inherente tekorte. Dit is die belewing van mislukking. Skande word beleef as ‘n blootlegging van die self as ontoereikend, sleg, onwaardig. Skande is ‘n selfbeoordeling van die eiewaarde. Skande is hoofsaaklik ‘n ontologiese saak. Dit het te doen met ‘n persoon se identiteit en menswees.

Vraag 7: Het u tydens die tughandeling, gevoelens van skande beleef? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja

1	2	3
2	-	4

- *Respondent 1* het met ‘n 1 aangedui dat hy geen skandgevoelens beleef het nie aangesien hy nie ‘n oortreding begaan het in die kerkordelike sin van die woord nie.
- *Respondent 2* het aangedui dat hy definitief baie ernstige skandgevoelens beleef het. Sy gevoelens van skande en skaamte het hom dikwels in wanhoop gelaat aangesien hy groot twyfel in sy gemoed ervaar het. Hy noem dat sy bona fides in twyfel getrek is en dat sy roeping tot die bediening bevraagteken is. Dit het sy skandgevoelens vergroot.
- *Respondent 3* het die emosie van skande en skaamte beleef tydens die tughandeling (3).
- *Respondent 4* het vanaf die begin van die onderhoud gesê dat skandgevoelens groter in sy gemoed beleef is as skuldgevoelens. Hy het positief geantwoord (3) op die vraag na die belewing van skandgevoelens. Aanvanklik was dit nie so erg beleef nie, maar dit het sterker geword en later het hy beleef dat hy “’n fout moet hê”. Hy het later met sy aanvaarding van die beroep na ‘n ander gemeente eers

besef hoe diep sy skandgevoelens ervaar word. Hy het bewus geword van die verskil in die vorige gemeente se houding, naamlik: “hulle wou my nie meer hê nie”, tot die nuwe gemeente se aanvaarding van “ons is so bly jy kom na ons gemeente!”

- *Respondent 5* het die gevoelens van skande beleef (3).
- *Respondent 6* het tot op hede geen (1) gevoel van skande en skaamte beleef nie.

Gevolgtrekking

Die meeste respondente het wel skandgevoelens beleef. Dit was dadelik opmerklik dat hulle nie gemaklik voel om oor die emosie van skande te praat nie.

Vraag 8: Indien u op vraag 7 Ja geantwoord het, beskryf die intensiteitsvlak van u belewing, van die skandemosie tydens die tughandeling.

Gebruik die volgende skaal: 1 = Min; 2 = Redelik; 3 = Groot; 4 = Oorweldigend

1	2	3	4
2	-	2	2

- *Respondent 1* het met ‘n 1 aangedui dat hy geen skandgevoelens beleef het nie.
- *Respondent 2* het die intensiteitsvlak van sy skandgevoelens as ‘n (3) beskryf.
- *Respondent 3* het die intensiteitsvlak van die emosie as groot (3) aangedui.
- *Respondent 4* het die skandgevoelens oorweldigend beleef (4). Hy het gesê dat “die mat onder hom uitgeruk is” en dat hy diep geskok was oor die gebeure. Hy het gaandeweg in sy eie vermoëns begin twyfel.
- *Respondent 5* het oorweldigende (4) skandgevoelens beleef.
- *Respondent 6* – vraag nie van toepassing nie.

Gevolgtrekking

Vier respondente het aangedui dat die intensiteitsvlak van hulle belewing van

skandgevoelens as groot en oorweldigend beleef is.

Vraag 9 kontroleer die eerste vraag oor die belewing van skandgevoelens en gee verdere toeligting oor die respondent se belewing van tipiese skandemosie.

Vraag 9: Het u op enige stadium tydens u belewing en verwerking van skandgevoelens, bewustelik of onbewustelik tot die volgende besef rakende u self gekom? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja

Dinamiek van destruktiewe skandgevoelens	1	2	3
Ek het 'n persoonlike afkeer ontwikkel in myself en was diep teleurgesteld.	4	2	-
Ek besef dat ek vir God, myself en baie ander mense diep teleurgestel het.	-	2	2
Ek het gevoel dat ek deur God en mens verlaat is.	1	1	4
Ek is diep verneder en van my menswaardigheid gestroop.	2	1	3
Ek het 'n belewing van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek ervaar.	3	-	3
Ek het besoedel en besmet gevoel.	2	2	2

- *Respondent 1* het met 'n 1 (nee) aangedui dat hy geen een van die kenmerke van 'n persoon wat skandgevoelens beleef, vertoon het nie.
- *Respondent 2* het aangedui dat sy belewing van die dinamiek van skuldgevoelens gewissel het tussen 'n (1) en 'n (2) wat sy persoonlike gevoelens van afkeer betref en sy teleurstelling in homself. Hy was onseker (2) of hy regtig vir God en mense diep teleurgestel het. Hy het aangedui dat hy onseker (2) gevoel het of mense hom weggestoot het, maar dat die Ringskommissielede dit gedoen het daarvan is hy oortuig (3). Hy sê dat hy nooit die belewing gehad het dat God hom verlaat het nie. Respondent 2 is onseker (2) of hy tydens die tughandeling van sy menswaardigheid gestroop is. Hy het wel 'n definitiewe ervaring (3) van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek ervaar. Hy is onseker (2) of hy gevoel het dat hy besoedel en besmet is.

- *Respondent 3* het nie (1) ‘n persoonlike gevoel van afkeer in homself ervaar nie. Hy het miskien (2) beleef dat hy vir God, homself en ander mense diep teleurgestel het. Die respondent het beslis beleef dat mense hom verlaat het (3), maar het nie gevoel dat God hom verstoot het nie. Hy voel diep verneder (3) en van sy menswaardigheid gestroop. Hy ervaar nie dat hyself gebrekkig, onvolkome of defek is nie (1). Hy het verder aangedui dat hy onseker is of hy besmet en besoedel voel.
- *Respondent 4* het die ontwikkelingsgang van emosies beklemtoon. Hy het reeds as kind ernstige skandgevoelens beleef en die gebeure van die tughandeling het daarop gebou omdat dit ook onverwekte emosies is. Die respondent het gesukkel om sy teleurstelling in homself te aanvaar aangesien hy sê dat “hulle my nooit gewys het wat ek verkeerd gedoen het nie”. Hy het daarom die eerste stelling as onseker (2) aangedui. Hy het ‘n definitiewe gevoel ervaar dat hy homself en God teleurgestel het (3) en dat God en mense hom verlaat het (3). Daar was egter ‘n kerngroep wat hom en sy gesin ondersteun en bygestaan het. Die respondent het op die volgende stellings positief gereageer (3).
- *Respondent 5* het aangedui dat hy nie (1) ‘n persoonlike afkeer in homself ontwikkel het nie. Ten opsigte van die ander aspekte van die dinamiek van skandgevoelens het hy bevestig (3) dat dit deel van sy belewing was. Hy het dikwels gevra: “Hoekom Here?” en so gevoel dat God hom verlaat het. Die respondent het ook ernstige twyfel oor sy eie vermoëns beleef en so ‘n gevoel van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek ervaar.
- *Respondent 6* sê dat hy “vrede” met homself het en die eerste stelling negatief (1) aangedui. Hy het nie vir God en mense teleurgestel nie (1). Hy beleef wel dat mense hom eenkant toe stoot (3), maar kan nie dieselfde van God sê nie. Hy het reeds ‘n preektema geformuleer wanneer hy weer toegelaat word om die Woord te bedien, naamlik: “Al het julle, Hy het nie!”. Hy sê God kom altyd eerste in sy lewe. Hy gee ook groot betekenis aan die teks van Johannes 8:3-11 en pas die Here se gesindheid teenoor die owerspelige vrou direk op homself toe. Die respondent het nie (1) ‘n belewing van gebrekkigheid of onvolkomendheid nie. Hy het egter bygevoeg dat “almal vol foute” is en dat almal eintlik so kan voel. Hy voel nie besoedel en besmet nie.

Gevolgtrekking

Respondente se beantwoording van die vraag na die dinamiek van skandgevoelens het 'n verspreiding oor die tabel getoon. Hulle het meer dikwels die onseker (2) opsie uitgeoefen, maar was veral geraak deur die gevoel dat hulle alleen staan en dat mense hulle eenkant toe gestoot het. Die ervaring van gebrek en onvolkomendheid het duidelik geblyk.

Met die volgende vraag is die verdedigingsmeganismes ondersoek, wat gebruik word om skandgevoelens se effek te versag.

Vraag 10: Merk asseblief al die meganismes wat u gebruik het om die onhoudbare ongemak van skandgevoelens te hanteer. Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja

Verdedigingsmeganismes in die hantering van destruktiewe skandgevoelens	1	2	3
Strewe na perfeksionisme om te kompenseer vir die gevoel van mislukking en defek	3	-	3
Selfregverdiging deur eie optrede goed te praat en te verdedig	1	2	3
Manipulasie van die situasie/mense/feite	4	-	2
Blaamverskuiwing deur skuld op ander te projekteer	5	-	1
Martelaarkompleks wat vra om bejammering	5	-	1
Minagting in die vorm van arrogansie, meerderwaardige houding, veroordelende en vernederende optrede	3	-	3
Ontkenning van skuld	4	-	2
Humor in die vorm van sarkasme en sinisme (kan ook selfvernederende humor wees) en ongeërgde vrolikheid	2	-	4
Onttrekking en isolasie	1	-	5
Woede soos algemene vyandiggesindheid, bitterheid, kroniese haatdraendheid of 'n eksplosiewe manifestasie van woede	-	-	6

- Respondent 1* het met 'n 2 (Onseker) aangedui dat hy wel die meganisme van selfregverdiging gebruik het om sy eie optrede goed te praat en te verdedig. Hy het ook aangedui (3 – Ja) dat hy in sy eie optrede gevind het dat hy die teenparty met arrogansie, meerderwaardige houding, veroordelende en vernederende optrede behandel het. Hy gebruik definitief humor in die vorm van sarkasme en sinisme en is dikwels ongeërg en vrolik ten spyte van die onverkwiklike situasie (3 – Ja). Sy denke en optrede dui hy aan met 'n 3 (Ja) en dit sluit woede, algemene vyandiggesindheid, bitterheid, kroniese haatdraendheid en eksplosiewe woede in. Hy het telkens gestel dat hy 'n “boanerges” – seun van die donder, is. Respondent 1 het met 'n negatief op al die ander stellings reageer. Die leser sal merk dat hierdie respondent aanvanklik aangedui het dat hy geen skandemosie beleef het nie. Hy toon egter drie verdedigingsmeganismes wat direk met skandgevoelens verbind kan word. Die respondent het dikwels gepraat van “face verloor” en daarmee na die teenparty verwys. Hierdie term van hom verwys na niks anders as die destruktiewe ervaring van skande nie. Dit is dalk moontlik dat die gevoel van skande meer vernederend en destruktief funksioneer as skuldemosie en dat die erkenning daarvan verdere verlies van “gesigswaarde” beteken.
- Respondent 2* het ten opsigte van die meganismes wat hy gebruik het om die gevoelens van skande te hanteer as volg aangedui. Hy het moontlik (2) homself soms probeer regverdig deur sy eie optrede goed te praat en te verdedig. Hy herinner hom egter altyd aan 'n preek wat hy gehoor het met die tema: “God ken my hart”. Respondent 2 het homself dikwels onttrek en geïsoleer (3) deur binne die veilige ruimte van die pastorie te bly. Hy het ook dikwels 'n woede in homself gevind (3) wat gepaardgaan met 'n algemene vyandiggesindheid, bitterheid en haatdraendheid teenoor die persone wat hy gevoel het dat hulle hom te nagekom het. Tydens 'n spesiale tyd van die jaar (Kersfees), het hy homself definitief bejammer (3) en was die martelaarskompleks duidelik te sien. Ten opsigte van al die ander verdedigingsmeganismes het hy dit met 'n (1) aangedui. Hy het wel sarkasme benut om teenoor 'n sekere persoon op te tree en het gereeld ervaar dat ander persone hulself meerderwaardig ag ten opsigte van hulle verhouding met hom.
- Respondent 3* het ten opsigte van al die meganismes wat ter versagting van die beleving van skandgevoelens gebruik word, ontkenkend geantwoord (1). Hy het

wel aangedui dat hy homself onttrek en geïsoleer het (3) en nog steeds voortgaan om dit te doen. Hy sê ook dat sy belewing van 'n woede, vyandiggesindheid, bitterheid en kroniese haatdraendheid veral teen die lede van die ondersoekliggaam gerig is (3).

- *Respondent 4* het positief op die gebruik van die eerste twee verdedigingsmeganismes geantwoord (3). Hy antwoord negatief (1) op die gebruik van die volgende meganismes: manipulasie, blaamverskuiwing, selfbejammering en minagting. Die respondent verduidelik sy antwoord deur te sê dat hy “sy verliese en seer onderdruk om sterker te lyk, dat hy geskool is om ordentlik en gaaf en goed te wees”. Hy moet dus eintlik positief antwoord (3). Hy het egter sarkasme en sinisme benut (3), homself en sy gesin onttrek en geïsoleer (3) en 'n woede beleef teenoor sekere persone (3). Die respondent het 'n aantal kere vertel waar sy woede deur drome na vore geroep is. Hy het tydens hierdie drome sy vrou geslaan en selfs die bed se voetstuk stukkend geskop. Die respondent het homself as 'n mens met 'n meer ernstige geaardheid beskryf en iemand wat die Here se blydschap probeer uitleef.
- *Respondent 5* het die gebruik van die genoemde verdedigingsmeganismes almal beaam (3) en in sommige gevalle aangedui hoe dit persoonlik gebruik is in die hantering van die onhoudbare ongemak wat dit veroorsaak het. Hy plaas groot klem op nougesetheid in alles wat hy aanpak en streef so na perfeksionisme sodat niemand enige fout by hom sou kon vind nie. Die respondent het homself dikwels regverdig deur sy eie optrede goed te praat deur te sê dat hy “nie so 'n slegte dominee is nie en dat die gemeente eenparig dieselfde sê”. Hy het homself dikwels bejammer en gevoel dat “niemand omgee” nie. Hy het gevoel om hom te onttrek en te isoleer, maar het homself “doelbewus tog gedwing” om kontak na buite te maak. Ten opsigte van die belewing van woede sê hy dat daar “nie een dag is wat ek nie kwaad is vir die Kerk nie”.
- *Respondent 6* het geoordeel dat hy wel kompenseer vir die gevoel van mislukking deur perfeksionisties te wees (3) ten opsigte van die musiek wat hy komponeer en speel. Hy praat dikwels sy optrede goed (3) en manipuleer soms die feite om homself in 'n beter lig te stel (3). Hy het erken dat hy selfs probeer om die tughandeling te manipuleer. Hy sê dat hy nie (1) die skuld op ander projekteer nie omdat hy vrede met sy eie menswees gemaak het en met baie ander “issues” in sy

lewe. Die respondent voel ook dat hy homself nie (1) bejammer nie. Hy gebruik wel (3) arrogansie as verdedigingsmeganisme omdat hy voel dat hy “niemand nodig het nie”. Sarkasme en sinisme (3) word gesien in die woorde wat regdeur die onderhoud herhaal is, naamlik: “Laat hulle maar die coin flip!”. Die respondent onttrek en isoleer homself van ander mense (3). Hy sê dat hy gevoelens van woede beleef (3), maar dat hy geleer het om dit te hanteer. Hy is ‘n “martial arts” vegter en het geleer om beheer te neem van omstandighede en van gevoelens. Hy sê dat hy die rasionele pad volg om sy woede te hanteer. Hy benut verder die speel van musiekinstrumente, kunshengel en drie vertrouelinge met “wie hy alles deel en deur wie hy nie veroordeel word nie”, om sy gevoelens van woede te verwerk.

Gevolgtrekking

Respondente het ‘n groter strewe na perfeksionisme getoon na aanleiding van die ervaring van skande. Hulle het hulself en hul optrede dikwels probeer regverdig. Minagting as uitvloeisel van die ervaring van skande is beleef en wel as arrogansie en meerderwaardigheid. Sarkasme en sinisme het in menige gemoed ‘n weerspieëling geword van die belewing van skandemosie. Vyf respondente het hulle onttrek en geïsoleer van ander as gevolg van die gevoel van skande en skaamte. ‘n Deurdringende bitterheid wat ‘n kroniese haatdraendheid geword het, en selfs eksplousiewe woede gemanifesteer het, is duidelik tekens van verdedigingsmeganismes in die hantering van skandgevoelens.

Vraag 11: Wat was u ervaring van die prosesse van die tughandeling en die effek daarvan op u belewing van die emosie van skande?

Op die oop vraag na die persoonlike belewing van skandemosie het die respondente as volg gereageer.

- *Respondent 1* het aangedui dat dit slegs die ervaring van blywende woede is wat hom gedurende die tughandeling met skandgevoelens verbind.
- *Respondent 2* het die effek van die tughandeling as ‘n blywende “seer” aangedui. Hy voel grootliks verneder en vra homself dikwels die “Hoekom ek ?” vraag. Hy noem dat die besef dat predikante nie gevrywaar word van skandgevoelens nie ook

vasgesteek het in sy gemoed. Hy noem wel dat hy nou met ander oë kyk na die spesifieke probleem waarmee hy te doen gekry het.

- *Respondent 3* het hierop geantwoord dat “jy moet aangaan, al weet die gemeenskap”.
- *Respondent 4* het die tughandeling ervaar as buitengewoon skokkend en dit as ‘n “geweldige persoonlike verlies” beskryf. Hy erken dat hy stadig is om persoonlike verliese te erken en nog stadiger is om emosie te toon.
- *Respondent 5* het gesê dat die boodskap van die tugproses baie duidelik is: “Jy is ‘n skande en verleentheid vir die Kerk!”.
- *Respondent 6* het gesê dat jy jouself vashardloop teen tradisie. Almal verwag ook van jou om geheel en al foutloos te wees. Hy bid elke dag die Aäronietiese seënbede oor homself en sy doen en late.

Gevolgtrekking

Blywende woede, seer, vernedering en verlies is die gevolg van die ervaring van die tughandeling en die gepaardgaande emosie van skande.

Vraag 12 en 14 wil die positiewe element van die belewing van skuld- en skandgevoelens ondersoek soos dit in die literatuurstudie beskryf is.

Vraag 12: Het u op enige stadium geoordeel dat daar positiewe aspekte aan die belewing van skuldgevoelens is? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja

1	2	3
2	-	4

- *Respondent 1* het aangedui (3) dat hy wel positief kan oordeel oor sy belewing van skuldgevoelens tydens die tughandeling.
- *Respondent 2* het aangedui dat hy ook positiewe betekenis kan heg aan die ervaring van skandgevoelens (3).
- *Respondent 3* het ook aangedui dat hy wel positiewe belewinge het wat deur die skuldgevoelens teweeg gebring is (3).

- *Respondent 4* het bevestig (3) dat hy die positiewe aspekte van die belewing van skuldemosie ervaar het.
- *Respondent 5* het die negatief (1) geantwoord op positiewe aspekte van die belewing van skuldgevoelens.
- *Respondent 6* het negatief (1) geantwoord.

Gevolgtrekking

Vier respondente het wel positiewe ervarings van die belewing van skuldgevoelens, terwyl twee negatief geantwoord het.

Vraag 13: Gee asseblief meer inligting.

- *Respondent 1* het aangedui dat hy definitief daardeur gedwing is om introspektief te werk te gaan. Dit het hom gebring tot erkenning van skuld en skuldbelydenis. Hy besef ook daardeur dat hy as mens deel is van die gebroke werklikheid.
- *Respondent 2* het aangedui dat hy met veel groter begrip en empatie na persone kyk wat in soortgelyke omstandighede verkeer. Die positiewe aspekte van skandgevoelens beskryf hy verder as die wete dat God 'n mens se situasie deeglik verstaan. God se vergifnis en vrypraak is positief beleef. Hy het ook weereens sy afhanklikheid van God deeglik besef.
- *Respondent 3* het gesê dat hy groot geloofsgroei beleef het en dit het gebeur na 'n tyd van diep persoonlike, geestelike worsteling. Hy het in die tyd van sy stuiting baie tyd gehad en het dit benut vir Bybelstudie, gebed en introspeksie.
- *Respondent 4* het beleef dat die Here 'n mens baie leer terwyl dit swaar gaan. Hy het ook baie meer empatie met mense wat hulle werk verloor. Die ervaring van skuldemosie het hom ook gedwing om sekere dinge wat uit die verlede (selfs kinderjare) kom, reg te stel.
- *Respondent 5* maak die stelling dat hy “na 7 jaar nog nie die doel van alles kan verstaan nie”. Die hele proses “maak geen sin nie”. “Ek sien nie die doel van die oefening nie”, het hy bygevoeg.
- *Respondent 6* sê dat die lewe soos 'n klassieke komposisie is. Daar is verskillende instrumente en die keuse van instrumente bepaal die effek van dit wat jy hoor.

Dieselfde musiek kan op verskillende geleenthede gespeel word en elke keer beteken is hê.

Gevolgtrekking

Die positiewe ervaring van skuldemosie is onder andere introspeksie, empatie met ander, die belewing van God se genade en vergifnis en persoonlike geloofsgroei.

Vraag 14: Het u op enige stadium geoordeel dat daar positiewe aspekte aan die belewing van skandgevoelens is? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja

1	2	3
1	-	5

- *Respondent 1* het aangedui (3) dat hy positiewe aspekte ten opsigte van skandemosie beleef het.
- *Respondent 2* het aangedui (3) dat hy positiewe aspekte ten opsigte van skandemosie beleef het.
- *Respondent 3* het eweneens (3) aangedui dat sy skandgevoelens positiewe effek gehad het.
- *Respondent 4* het aangedui (3) dat hy positiewe aspekte ten opsigte van skandemosie beleef het.
- *Respondent 5* het positief (3) geantwoord op die positiewe belewing van skandgevoelens.
- *Respondent 6* het negatief geantwoord (1).

Gevolgtrekking

Vyf van die ses respondente het aangetoon dat die belewing van skandemosie wel ook positiewe aspekte inhou.

Vraag 15: Gee asseblief meer inligting.

- Respondent 1 het aangedui dat hy enige positiewe aspek van moontlike skandemosie benut het deur van sosialisering gebruik te maak en daardeur aan te toon dat die teenparty se missie om hom te verneder, mislukte pogings was.
- Respondent 2 het sy groter begrip as uitvloeisel van die belewing van skandgevoelens beskryf.
- Respondent 3 het aangedui dat dit hom geleer het om “sterk te wees en aan te gaan”.
- Respondent 4 het gesê dat hy na sy ervaring en gedeeltelike hantering van skandemosie reeds in die kerklike situasie ander mense kon help wat soortgelyke probleme ervaar. Hy het ook opnuut besef dat die letsels en indrukke van onafgehandelde emosies ‘n groot bydrae lewer tot sy ervaring van huidige skandgevoelens.
- Respondent 5 het genoem dat hy die “geleenthede raaksien om ander te ondersteun” wat deur soortgelyke gevoelsbelewing geraak word.
- *Respondent 6* oordeel dat hy nie skandgevoelens ervaar nie.

Gevolgtrekking

Die positiewe aspekte wat deur die skandemosie bewerk is, is persoonlike sterkte en groei, empatie en hulpverlening.

Vraag 16 – 23 ondersoek die pastorale begeleiding wat die respondente tydens die tughandeling van kerklike weë ervaar het. Daar is vrae gestel oor die teologie van die pastoraat, die funksie van pastoraat tydens die tughandeling, die funksionering van die onderlinge sorg tydens die tughandeling asook die amptelike sorg. Die eise wat aan pastorale sorggewers gestel word, is ondersoek en die eis aan predikante wat aan die tughandeling onderwerp word, is ook belig.

AFDELING C: DIE TUGHANDELING EN PASTORALE BEGELEIDING

Vraag 16 is ‘n vraag na die teologiese vereistes van pastoraat tydens die tughandeling.

Vraag 16: Hoe belangrik dink u is die volgende vereistes ten opsigte van die pastoraat tydens die tughandeling. Gebruik die volgende skaal: 1 = Onbelangrik; 2 = Redelik belangrik; 3 = Nie baie belangrik, maar ook nie onbelangrik nie; 4 = Belangrik; 5 = Uiters belangrik

Vereistes ten opsigte van pastoraat tydens die tughandeling	1	2	3	4	5
Suiwer teologiese antropologie en realistiese verwagtings	-	-	-	-	6
Die verbond en God se aanvaarding van sondaar mense	-	-	-	-	6
Regverdigmaking deur die geloof	-	-	-	-	6
Die kruis as simbool van die uitwissing van skande en oneer	-	-	-	-	6
Die geloofsgemeenskap as die draer van die boodskap van genade	-	-	-	-	6
Herder vir die herders wat sorg benodig	-	-	-	-	6
Die genade van vergifnis	-	-	-	-	6

- *Respondent 1* het al die teologiese rigtingduiders ten opsigte van die pastoraat met spesifieke verwysing na die tughandeling van predikante met 'n 5 (Uiters belangrik) aangedui.
- *Respondent 2* het ook al die teologiese rigtingduiders as uiters belangrik aangedui (5). Hy beklemtoon dat die geloofsgemeenskap die boodskap van begrip en vrypraak dra en spesifiek aan die persoon in nood.
- *Respondent 3* het alle vereistes ten opsigte van die pastoraat as uiters belangrik aangedui (5). Hy het egter die opmerking gemaak dat die ondersoekliggaam die onmoontlike taak het om die tughandeling uit te voer en dat dit hul taak as draer van die boodskap van genade uiters bemoeilik. Daarom vra hy die vraag "hoe nou?"
- *Respondent 4* het die uiterste belang (5) van die vereistes bevestig. Hierby het hy gevoeg dat die Kerk nie die predikant bystaan in jou gebrokenheid nie en ook nie jou eiesoortigheid verstaan nie.

- *Respondent 5* het die vereistes as uiters belangrik (5) gemerk. Hy het aangedui dat dit juis die probleem is, naamlik dat daar nie 'n suiwer en realistiese verwagting van predikantwees en lidmaatwees in die Kerk aanwesig is nie. Hy sê daarvan: "...maar dit funksioneer nie!". Oor al die ander vereistes maak hy die volgende opmerking: "Dit is net teologie!"
- *Respondent 6* het al die vereistes as uiters belangrik (5) aangedui. Hy het gesê dat woorde skeppingsmagtig is en dat die vereistes vir die pastoraat ten opsigte van die tughandeling beklemtoon behoort te word.

Gevolgtrekking

Respondente het sonder uitsondering aangetoon dat die gestelde eise van tugpastoraat ononderhandelbaar is. Tog het hulle gemeen dit bly maar teologie en vind nie neerslag in die praktyk nie.

Ten opsigte van tugpastoraat is die volgende vraag gestel:

Vraag 17: Hoe belangrik dink u is die volgende funksies van tugpastoraat? Gebruik die volgende skaal: 1 = Onbelangrik; 2 = Redelik belangrik; 3 = Nie baie belangrik, maar ook nie onbelangrik nie; 4 = Belangrik; 5 = Uters belangrik

Funksie van pastoraat tydens die tughandeling	1	2	3	4	5
Emosionele herstel en genesing	-	-	-	-	6
Bystand om emosioneel en geestelik te groei	-	-	-	-	6
Begeleiding om vrye keuses te maak en verantwoordelikheid te aanvaar vir dit wat verby is en dit wat voorlê	-	-	-	-	6
Versoening en die herstel van gebroke verhoudings	-	-	-	-	6
Koestering en sensitiewe omgee	-	-	-	-	6

- *Respondent 1* het met ‘n 5 (Uiters belangrik) aangedui hoe hy voel oor die gestelde funksie van tugpastoraat van predikante.
- *Respondent 2* het soos respondent 1 aangedui dat al die genoemde funksies van die tugpastoraat uiters belangrik is (5). In sy situasie het hy beklemtoon dat die herstel van goeie verhouding met sy kinders van uiterste belang was.
- *Respondent 3* het ook die verskillende funksies van die tugpastoraat as uiters belangrik beskou (5).
- *Respondent 4* het die funksies as uiters belangrik (5) gemerk. Sy opmerking was dat “tug oor die algemeen liefdeloos toegepas word”.
- *Respondent 5* het al die funksies as uiters belangrik (5) aangedui en ten opsigte van die begeleiding om vrye keuses te maak bygevoeg: “Jy staan soos jou vinger alleen!”. Oor die versoening en herstel van gebroke verhoudings sê die respondent dat die Ring dit van hom verwag het en dat hy dit ten koste van homself moes doen.
- *Respondent 6* het die funksies as uiters belangrik (5) aangedui.

Gevolgtrekking

Alle respondente het die funksie van tugpastoraat beklemtoon as uiters belangrik. Hier is weereens die gevoel geuit dat dit in die praktyk nie realiseer nie.

Vraag 18 ondersoek die onderlinge sorg en die tughandeling van predikante.

Vraag 18: In watter mate behoort die onderlinge sorg van die geloofsgemeenskap te funksioneer tydens die tughandeling. Gebruik die volgende skaal: 1 = Glad nie; 2 = Min; 3 = Redelik; 4 = Sterk

Onderlinge sorg tydens die begeleiding van predikante met die tughandeling	1	2	3	4	5
Die gemeente het mekaar waarlik en onvoorwaardelik lief	-	-	-	-	6
Die gemeente dien mekaar	-	-	-	-	6
Die gemeente bid sonder ophou vir mekaar	-	-	-	-	6
Die gemeente gee met 'n sagmoedige gees ag op mekaar deur te verdra en te vergewe	-	-	-	-	6
Die gemeente leef in liefde met mekaar saam al is dit soms moeilik en volhard in die gemeenskap van die eenheid	-	-	-	-	6
Die gemeente hou vrede met mekaar	-	-	-	-	6
Die gemeente bemoedig mekaar	-	-	-	-	6

- *Respondent 1* het met 'n 4 (Sterk) aangedui dat hy ten opsigte van al die gestelde uitinge van onderlinge sorg van die geloofsgemeenskap saamstem.
- *Respondent 2* het wat die onderlinge sorg tydens die begeleiding van predikante tydens die tughandeling al die stellings as sterk (4) aangedui.
- *Respondent 3* het die onderlinge sorg wat van die geloofsgemeenskap verwag word tydens die tughandeling as sterk (4) gemerk.
- *Respondent 4* het die onderlinge sorg tydens die begeleiding van predikante tydens die tughandeling al die stellings as sterk (4) aangedui. Hy het bygevoeg dat die afstand tussen die amp van gelowige en die besondere ampte te groot is. Die gemiddelde gelowige besef nie wat werklik gebeur nie.
- *Respondent 5* het aangedui dat die beginsels van die onderlinge sorg sterk (4) behoort te funksioneer en dat hy dit ten opsigte van die grootste deel van die lidmate van die gemeente so beleef het.
- *Respondent 6* het die beginsels as sterk (4) gemerk.

Gevolgtrekking

Die wyse waarop die onderlinge sorg behoort te funksioneer is deur al die respondente bevestig as uiters belangrik.

Vraag 19: Hoe het u die onderlinge sorg van die geloofsgemeenskap beleef tydens die tughandeling?

- *Respondent 1* het met die onderlinge sorg van 'n selgroep beleef (ongeveer 6 gesinne) dat sekere lidmate wel omgee. Hierdie groep kom gereeld byeen vir 'n weeklikse byeenkoms. Die respondent gaan voort met 'n informele bediening en hou selfs Sondagaande 'n erediens vir 'n groter groep lidmate. Hierdie respondent het gesê dat hy dit beleef dat ongeveer 30 persent van die gemeente direk betrokke is by die onderlinge sorg aan hom en sy gesin. 'n Middelgroep van 50 persent gee oënskynlik nie veel om oor wat gebeur nie en 'n groep van ongeveer 20 persent is hom vyandiggesind.
- *Respondent 2* het met die volgende woorde die onderlinge sorg van die geloofsgemeenskap tydens die tughandeling aangedui: “Daar bestaan nie sulke sorg nie!” Hy sê wel dat hy groot ondersteuning van mense buite sy eie gemeente en die Nederduitse Gereformeerde Kerk gevind het.
- *Respondent 3* het die gesê dat 'n “handvol” lidmate hom in die tyd van die tughandeling ondersteun het. Hy het egter beleef dat die bemoediging nie die patorale ondersteuning gee wat hy nodig gehad het tydens die ondersoek nie.
- *Respondent 4* het gesê dat genoeg mense van die gemeente hom en sy gesin spontaan bygestaan en ondersteun het. Hulle het hom selfs gevra om 'n ander kerk te stig.
- *Respondent 5* noem dat baie lidmate hom ondersteun het. Hy voel egter baie jammer dat “die gemeente so moes ly” en dat hulle ook deur die hele onverkwiklike proses geraak is.
- *Respondent 6* het gesê dat hy nie verwag dat die gemeente enige ondersteuning sal gee tydens die tughandelings nie, omdat hulle “maar net mense is en swig onder groepsdruk”.

Gevolgtrekking

Die respondente het telkens genoem dat 'n klein groepie lidmate aktief betrokke was in aktiewe ondersteuning en hulpverlening. In die geheel is die geloofsgenote as apaties beleef en was daar afstand tussen predikante en die gemeentelede.

Die volgende vraag is ‘n kernvraag in hierdie ondersoek na die pastorale begeleiding van predikante.

Vraag 20: Het iemand tydens die kerklike tughandeling u amptelik, pastoraal in opdrag van die Kerkraad of Ring begelei om die gevoelens van skuld en skande te verwerk?

Ja	Nee
-	6

- *Respondent 1* het met ‘n Nee aangedui dat hy op geen stadium amptelik, pastoraal begelei is tydens die tughandeling nie. Wat sy gevoelens van skuld en skand betref, is daar geen sprake van begeleidng nie. Hy het ‘n brief van die Kerkraad ontvang wat hom verseker van deurlopende hulp en ondersteuning, maar het tot op hede nog niks daarvan beleef nie. Die pastorie se hekke is reeds by geleentheid met nuwe slotte gesluit en die plaaslike munisipaliteit is amptelik opdrag gegee om die elektrisiteitstoevoer na die pastorie te staak. Die Predikante Begeleidingskommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (PBK) het eenmalig telefoniese kontak gemaak, maar geen hulp is aangebied of gegee nie.
- *Respondent 2* het gesê dat niemand hom namens die Kerk besoek, of begelei het tydens die tughandeling nie.
- *Respondent 3* het dit sterk gestel dat hy geen amptelike pastorale ondersteuning van die Kerkraad of Ring ontvang het nie. Die Ring se voorstel was “Gaan soek vir jou ‘n mentor!” Daarom sê hy dan ook dat hy “vere” voel vir die Ringspredikante en dat die kohesie en samehorigheid van die Ring na die tughandeling besig is om “uitmekaar te val”.
- *Respondent 4* het beslis negatief geantwoord. Niemand het hom amptelik, pastoraal bygestaan nie. Hy is by een geleentheid besoek (besoek duur slegs ‘n paar minute) deur die Ringsvoorsitter en ‘n gebed is vir hom gedoen.

- *Respondent 5* het die gesê dat niemand hom amptelik namens die Kerkraad of Ring bygestaan het nie. Hy het beleef dat die Voorsitter van die Ring hom met minagting behandel het. Die voorsitter het persoonlik tydens die tughandeling aan hom gesê dat hy “diep teleurgesteld is” in die respondent. Hy het wel ondersteuning ontvang van ‘n predikant van ‘n ander kerkdenominasie.
- *Respondent 6* het geen amptelike ondersteuning van kerklike weë ontvang nie en meen dat hy nie daardeur onkant betrap sal word nie. Hy sê: “Ek is in beheer. Vertroue word verdien. Ek het geen vertrouwe nie.”.

Gevolgtrekking

Geen respondent is tydens die tughandeling op amptelike wyse ondersteun, met raad bedien, geestelik versorg of op enige wyse begelei nie. Daar was eerder groot afstand tussen die Ringsbroeders en die respondente. Die respondente het eerder ‘n koue skouer ontvang en moes maar self die beste van die saak maak.

Tydens die literatuurstudie is bevind dat die pastorale sorggewers aan spesifieke vereistes behoort te voldoen wanneer hulle deel vorm van die pastorale begeleiding van predikante wat gebuk gaan onder die tughandeling en met onverwerkte gevoelens van skuld en skande worstel.

Vraag 21: Moet die pastorale sorggewers tydens die tughandeling aan die volgende vereistes voldoen? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja

Eise aan die pastorale sorggewers gestel met begeleiding tydens die tughandeling	1	2	3
Liefdevolheid	-	-	6
Empatiese meelewing	-	-	6
Egtheid	-	-	6
Betroubaarheid	-	-	6
Emosionele en geestelike volwassenheid	-	-	6
Toeganklik en beskikbaar	-	-	6
Omgee geaardheid	-	-	6

Onvoorwaardelike aanvaarding	-	-	6
Geduldig	-	-	6
Respek en eerbied vir ander	-	-	6
Professioneel	1	-	5
Toegerus om pastorale verantwoordelikhede te verrig (fokus op tughandeling)	-	-	6

- *Respondent 1* het met 'n 3 (Ja) aangedui dat hy al die vereistes wat aan pastorale sorggewers gestel word, beaam. Hy het egter met 'n 1 (Nee) aangedui dat die persoon (e) noodwendig professionele mense hoef te wees nie.
- *Respondent 2* het al die eise wat aan pastorale sorggewers gestel kan word met 'n (3) aangedui. Ten opsigte van liefdevolheid het hy ook bygevoeg "sensitief soos Jesus" en by betroubaarheid het hy vertroulikheid as eis bygevoeg. Hy beklemtoon dat boekekennis nie 'n vereiste is vir sorggewers nie. Boekekennis het weinig betekenis indien sorggewers nie waarlik betrokke is by die noodlydende nie.
- *Respondent 3* het al die eise wat aan pastorale sorggewers gestel kan word, bevestig (3) en bygevoeg dat dit die heel basiese verwagtings is.
- *Respondent 4* het die vereistes positief beaam (3). Sy aanbeveling is dat die professionaliteit van die pastorale sorggewers ook arbeidsgerigte begeleiding sal inhou.
- *Respondent 5* het positief (3) geantwoord op al die eise.
- *Respondent 6* het positief (3) geantwoord op al die eise.

Gevolgtrekking

Respondente het oorwegend steun verleen aan die verskillende eise wat aan pastorale sorggewers gestel word en dit as die mees basiese verwagting gereken. Akademiese kennis is nie so belangrik nie, maar 'n omgee soos die Here Jesus getoon het wel.

Hierdie navorsing beklemtoon nie alleen die rol van die pastorale sorggewers nie, maar ook die verantwoordelik, gesindheid en samewerking van die predikant. Respondente het die volgende vraag beantwoord:

Vraag 22: Hoe belangrik dink u is die volgende eise wat aan 'n predikant gestel kan word tydens die tughandeling? Gebruik die volgende skaal: 1 = Onbelangrik; 2 = Nie baie belangrik; 3 = Nie minder belangrik, maar ook nie meer belangrik; 4 = Belangrik; 5 = Baie belangrik

Eise aan die predikant gestel met begeleiding tydens die tughandeling	1	2	3	4	5
Beskerm die privaatheid met balans van openheid en eerlikheid	-	-	1	-	5
Erken die skuld en aanvaar die verantwoordelikheid	-	-	-	-	6
Toon egte berou	-	-	-	-	6
Doen volledige belydenis	-	-	-	-	6
Ontvang onvoorwaardelike vergifnis	-	-	-	-	6
Begin 'n nuwe lewe	-	-	-	-	6
Verwerk die gevoelens van skuld en skande	-	-	-	-	6

- *Respondent 1* het die beskerming van die privaatheid van die individu en die balans tussen openheid en eerlikheid met 'n 3 (Nie minder belangrik, maar ook nie meer belangrik nie) geantwoord. Ten opsigte van al die ander eise wat aan predikante gestel kan word, het hy met 'n 5 (Baie belangrik) geantwoord.
- *Respondent 2* het al die eise wat aan predikante gestel kan word, aangedui as (5). Hy het ook genoem dat selfvergifnis 'n voorwaarde is wat aan predikante voorgehou moet word tydens die herstelfase van die proses.
- *Respondent 3* het die eise wat aan predikante gestel kan word, onderstreep (5) en as uiters belangrik beskou.
- *Respondent 4* het die eise as baie belangrik (5) beskou. Hy het ten opsigte van 'n toekomsvisie (begin 'n nuwe lewe) opgemerk dat 'n mens probeer "om jou geloof te behou", maar dat die tughandeling jou van 'n toekomsverwachting beroof en jou in 'n oorlewingsmodus plaas.
- *Respondent 5* het die eise wat aan die predikant gestel word as baie belangrik (5) bestempel. Ten opsigte van openheid en eerlikheid het hy gesê dat "hoe langer die proses duur hoe minder vertrou jy mense". Hy het selfs 'n internettoepassing afgelaai wat hy gebruik om alle telefoniese gesprekke op te neem. Ten opsigte van

die noodsaak om weer voor te kan begin en ‘n nuwe lewe op te neem, het hy gesê dat dit uiterlik deur hom nagekom word, maar “nie innerlik nie”. Hy voeg ook by dat hy “steeds bagasie saamdra”.

- *Respondent 6* stel al die eise wat aan die predikant gestel word as baie belangrik (5) voor.

Gevolgtrekking

Predikante het sonder twyfel ook gereken dat daar spesifieke eise aan die persoon gestel behoort te word wanneer hy die tugproses deurloop.

Vraag 23: Watter ander eise of vereistes kan volgens u aan die predikant gestel word tydens die tughandeling?

- *Respondent 1* het gesê dat sonde nie weggesteek kan word nie. Dit moet nie “under cover” gehou word nie. Hy oordeel dat die meeste predikante nie openlik is oor dit wat regtig verkeerd gegaan het nie, omdat die waarheid wat aan die lig kom die moontlikheid van straf meebring (toepassing van die tugmatreëls). Predikante deins hiervoor terug.
- *Respondent 2* het aangedui dat predikante tyd moet maak om die probleme deeglik te hanteer. Hulle moet ook uitreik na ander in hierdie proses en betroubaar wees.
- *Respondent 3* het aangedui dat predikante van die begin af alle inligting op die tafel moet plaas en niks van die ondersoekkommissie moet weerhou nie.
- *Respondent 4* het gesê dat ‘n predikant wat die tughandeling beleef diepe selfondersoek moet doen.
- *Respondent 5* het genoem dat predikante hulself moet bemagtig met die nodige kennis ten opsigte van hul arbeidsregte.
- *Respondent 6* sê dat hy nie ander mense se lewens vir hulle leef nie. Hy stel geen ander eise nie.

Gevolgtrekking

Respondente het gevoel dat sonde erken en bely moet word, tyd vir die hantering van probleme moet gemaak word, diepe selfondersoek en kennis is noodsaaklik.

In Afdeling D is gepoog om verder informasie te bekom wat moontlik lig kan werp op die tema van die ondersoek soos dit verband hou met die belewing van skuld- en skandgevoelens. Vraag 24 – 28 ondersoek die hulp van professionele persone wat deur die predikant gekonsulteer is tydens die tughandeling. Vraag 29 – 30 ondersoek die doel van die tughandeling en die persoonlike belewing daarvan binne die konteks van terapie en geloofsversterking. Vraag 31 – 32 fokus op leemtes in die huidige tugproses en aanbevelings deur die respondente. Vraag 33 vra na ander temas ten opsigte van die tughandeling wat volgens die respondente verder nagevors behoort te word.

AFDELING D: DIE TUGHANDELING EN ADDISIONELE INFORMASIE

Vraag 24 – 26 ondersoek die predikant se behoefte aan professionele hulp voor, tydens en na die tughandeling.

Vraag 24: Het u op enige stadium voor, tydens of na die tugverhoor 'n dokter besoek?

Ja	Nee
5	1

- *Respondent 1* het met 'n Ja aangedui dat hy voor die tughandeling 'n mediese dokter besoek het. Hy is afgeboek vir 'n tydperk vanweë stres.
- *Respondent 2* het die ook 'n dokter besoek.
- *Respondent 3* het 'n dokter besoek.
- *Respondent 4* het nie 'n dokter besoek nie. Sy vrou het wel.
- *Respondent 5* het wel 'n dokter besoek.
- *Respondent 6* het 'n dokter besoek.

Gevolgtrekking

Mediese hulp is gesoek in vyf gevalle in die tydperk van die tughandeling.

Vraag 25: Was daar 'n verband tussen dié besoek(e) en die tughandeling?

Ja	Nee
3	3

- *Respondent 1* het aangedui dat daar nie tydens die doktersbesoek ‘n direkte verband was tussen die afspraak en die latere tughandeling nie. Dit was al die konflik en spanning wat die tughandeling voorafgegaan het wat hom genoop het om mediese hulp te verkry.
- *Respondent 2* het gesê dat sy besoek nie verband gehou het met die tughandeling nie. Hy is met pampoentjies gediagnoseer.
- *Respondent 3* het gesê dat sy besoek verband gehou het met die tughandeling.
- *Respondent 4* – nie van toepassing.
- *Respondent 5* het erken dat daar ‘n verband was tussen die doktersbesoek en die tughandeling.
- *Respondent 6* sê dat daar wel ‘n verband is tussen sy doktersbesoek en die tughandeling.

Gevolgtrekking

Daar was wel ‘n verband tussen die tughandeling en die mediese besoeke.

Vraag 26: Indien Ja, voorsien meer inligting.

- *Respondent 1* beskou egter hierdie besoek en die rustyd wat dit hom gebring het as een van die faktore wat hom staande gehou het tydens die tughandeling.
- *Respondent 2* het gedurende hierdie tyd meer as 5 kilogram gewigsverlies getoon. Hieroor het ‘n kerkraadslid ‘n grap gemaak. Sy mediese dokter het egter dadelik toe hy hom sien, gevra of hy besig is om te skei.
- *Respondent 3* het tydens ‘n motorfietsrit ‘n “black out” gehad en geval. Hy het vyf dae in die hospitaal nodig gehad om te herstel. Hy sê dat dit gebeur het as gevolg van die ongelooflike spanning wat hy beleef het en wat nie ontlont word nie.
- *Respondent 4* – nie van toepassing.
- *Respondent 5* is deur die lidmaat met wie hy in konflik was, aangerand en geslaan. Die ondersoek was ter staving van die aanranding. Die dokter het kalmeerpille voorgeskryf.

- *Respondent 6* het medikasie ontvang vir depressie.

Gevolgtrekking

Verskillende verbande tussen die mediese besoeke en die tughandeling is aangevoer. Sommige is fisiologiese siekte of gevolg en die ander weer psigiese.

Vraag 27: Het u op enige stadium voor, tydens of na die tugverhoor 'n sielkundige of ander professionele persoon gekonsulteer?

Ja	Nee
4	2

- *Respondent 1* het negatief geantwoord.
- *Respondent 2* het positief geantwoord. Hy het twee keer na 'n sielkundige gegaan. Hy noem egter dat hy nie daarby baat gevind het nie.
- *Respondent 3* het ook 'n pastorale sielkundige besoek.
- *Respondent 4* het 'n dosent besoek wat spesialiseer in innerlike genesing.
- *Respondent 5* het negatief geantwoord.
- *Respondent 6* het positief geantwoord.

Gevolgtrekking

Vier respondente het 'n sielkundige opgesoek tydens die tughandeling.

Vraag 28: Indien Ja, voorsien meer inligting.

- *Respondent 1* – vraag nie van toepassing.
- *Respondent 2* het die afspraak as onproduktief bestempel aangesien die sielkundige nie professionele hulp en leiding gebied het nie. Die persoon het eerder die situasie vererger deur die opmerking “daar is nie salf aan die verhouding te smeer nie”.
- *Respondent 3* het die afspraak met die pastorale sielkundige as positief beskryf. Selfs as noodsaaklik en was op eie inisiatief gemaak.

- *Respondent 4* het die afspraak baie positief beleef. Hy het later onder die dosent se mentorskap 'n PhD in Praktiese Teologie gedoen.
- *Respondent 5* het gesê dat hy eintlik professionele hulp moes verkry, maar dat hy nie na 'n sielkundige is nie “want hoe gaan dit lyk as 'n dominee aan depressie ly?”. Hy was ook op daardie stadium in 'n dorp wat vanweë afstand nie maklike toegang tot sielkundiges verleen het nie.
- *Respondent 6* het 'n sielkundige verslag nodig gehad om die saak waarvoor hy na die Ringsvoorsitter gegaan het, te versterk.

Gevolgtrekking

Hierdie hulp was in sommige gevalle positief beleef en in ander gevalle negatief.

Die volgende twee vrae ondersoek die doel van die tughandeling en die persoonlike beleving van die funksionaliteit daarvan.

Vraag 29: Dink u dat die tughandeling van predikante die doel soos verwoord in Artikel 59, bereik? Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja;

Beantwoord die tughandeling aan die doel volgens Artikel 59	1	2	3
Die tughandeling is tot die eer van God	4	1	1
Die tughandeling is tot die heil van die Kerk	5	-	1
Die tughandeling is tot die behoud van die sondaar	5	-	1

- *Respondent 1* het met 'n definitiewe “nee”, op die doelstelling van die tughandeling gereageer.
- *Respondent 2* het soos die eerste respondent negatief (1) geantwoord. Hy sê dat die huidige tughandeling slegs die “image” van die Kerk bevorder en die predikant soos 'n mislukking laat voel. Hy sê dat sy kollegas hom soos 'n melaatse laat voel het.
- *Respondent 3* het gesê dat hy onseker is (2) of die tughandeling tot eer van God verloop het. Hy was egter baie seker dat die heil van die Kerk en behoud van die

sondaar nie (1) gerealiseer het nie. Hy meen dat die ondersoekliggaam slegs die formele prosesse hanteer het en dat dit “deurgedraf moet word”.

- *Respondent 4* het die gesê dat dit baie hartseer is dat die Kerk ‘n “karikatuur maak van die tughandeling”. Hy het die drieledige doel negatief beskou (1).
- *Respondent 5* het negatief (1) geantwoord op al die stellings. Hy sê dat die tughandeling “ ‘n sirkus is”.
- *Respondent 6* het negatief geantwoord (1).

Gevolgtrekking

Respondente het oorwegend geoordeel dat die tughandeling nie die doel volgens die Artikels van die Kerkorde bereik nie. Die tughandeling is as ‘n karikatuur beskryf.

Vraag 30: Beoordeel die volgende stelling na aanleiding van u eie belewing van die tughandeling. Gebruik die volgende skaal: 1 = Ontoepaslik; 2 = Nie ontoepaslik, maar ook nie toepaslik nie; 3 = Toepaslik

Stellings in verband met die tughandeling	1	2	3
Tug is terapieutes deurdat dit die persoon met Christus wil versoen.	6	-	-
Tug is ‘n konstruktiewe poging/optrede om die kwaad teen te gaan.	6	-	-

- *Respondent 1* het met ‘n 1 (ontoepaslik) op al twee stellings aangedui dat hy geen positiewe ervaring van die funksionaliteit van die tughandeling beleef het nie.
- *Respondent 2* het die stellings in verband met die tughandeling met ‘n (1), ontoepaslik aangedui. Sy belewing van die tughandeling was emosioneel vernederend. Dit het hom verbitterd gelaat. Wat sy kollegiale verhoudings betref, voel hy nie meer in dieselfde “klas” nie.
- *Respondent 3* het die stellings in verband met die tughandeling as ontoepaslik (1) beskou.
- *Respondent 4* het die stellings as ontoepaslik (1) ten opsigte van sy eie situasie beskou.

- *Respondent 5* het die stellings negatief (1) beoordeel.
- *Respondent 6* het die stellings negatief beantwoord.

Gevolgtrekking

Al die respondente oordeel negatief oor die terapeutiese en konstruktiewe fokus van die tughandeling wat hul eie beleving daarvan betref.

Die volgende vraag het moontlike leemtes ten opsigte van die tughandeling van predikante ondersoek.

Vraag 31: Wat is volgens u oordeel, die leemtes ten opsigte van die huidige tughandeling van predikante?

- *Respondent 1* het die volgende leemtes aangedui:
 - ✓ onbevoegde persone (emosioneel en rasioneel) was by die tugprosesse betrokke gewees.
 - ✓ die huidige sisteem waarby die Ring betrokke is by die tugprosesse veroorsaak spanning. Dit is Ringsbroeders wat die saak moet bestuur, beoordeel en die tugmaatreëls moet toepas. Om dan te verwag dat hulle nog boonop pastorale hulp kan verleen, is onmoontlik.
 - ✓ nepotisme en die inmenging van sekere organisasies veroorsaak groot konflik.
- *Respondent 2* het geoordeel dat
 - ✓ die tughandeling te veel fokus op die kerkordelike prosedures (wat in elk geval verkeerd gevolg word).
 - ✓ daar is hopeloos te min broederlikheid tydens die proses.
 - ✓ die hele proses laat 'n wrang smaak in die gemoed.
- *Respondent 3* het gesê dat
 - ✓ die tugverhoor teen alle bestaande arbeidswetgewing plaasvind.
 - ✓ die gemeente verstaan nie die tughandeling nie. Hulle sien dit as 'n vergeldingsmaatreël. Hulle sê: "Get over it, gaan aan met die werk".

- ✓ die Ring het die onmoontlike taak om kerkordelik te handel en pastoraal te begelei.
- *Respondent 4* het gesê dat die leemtes van die tughandeling so groot is dat iemand van 'n ander geloof (heidense) dalk beter sal optree tydens die tughandeling as wat Christengelowiges doen.
- *Respondent 5* het die volgende leemtes aangedui:
 - ✓ die tughandeling is 'n bevooroordeelde proses.
 - ✓ die Ring wil die probleem net laat verdwyn.
 - ✓ die proses is oneerlik.
- *Respondent 6* het gesê:
 - ✓ die plek (Kerk) waar 'n predikant genade verkondig, is nie die plek waar jy genade ontvang nie.
 - ✓ as jy dink dat jy jou saak tydens 'n tughandeling gaan wen, is jy arrogant, want jy gaan verloor.

Gevolgtrekking

Verskeie leemtes in die huidige tughandeling is aangewys. Die leemtes wys op kerkordelike en prosedurefoute tot interpersoonlike verhoudingskwessies.

Vraag 32: Watter aanbevelings kan u maak ten opsigte van die verbetering van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling soos dit spesifiek met die verwerking van gevoelens van skuld en skande verband hou?

- *Respondent 1* het die volgende voorstelle gemaak ter verbetering van die huidige hantering van die tughandeling:
 - ✓ daar moet toegelaat word dat persone wat hulself geroepe voel om sonder aansiens des persoon, die predikant te begelei, toegelaat moet word tydens die tughandeling. 'n Databasis van sulke persone behoort saamgestel te word.
 - ✓ 'n gebedsgroep en gebedsgenoot vir die predikant is onontbeerlik.
 - ✓ professionele kundiges (predikante wat selfs die tughandeling reeds beleef het en verdere studie daarvan gemaak het) moet betrokke wees.

- ✓ spesialiteitsbegeleiding behoort vir die gesin beskikbaar te wees.
- ✓ die tughandeling moet binne 'n holistiese begeleidingsperspektief plaas te vind.
- *Respondent 2* se voorstelle is:
 - ✓ tydens kerkvisitasie moet predikante se persoonlike lewens voldoende aandag kry en op die wyse van voorkomende aandag kan toekomstige probleme dalk betyds opgelos word.
 - ✓ die kerklike opsig realiseer nie in die praktyk nie en behoort aandag te geniet.
 - ✓ mentorskap werk nie as gevolg van amptelike snobisme. Gee betyds hieraan aandag.
- *Respondent 3* het voorgestel
 - ✓ dat daar ten minste een mentor uit 'n ander Ring aan die predikant toegewys moet word. Hierdie persoon moet op amptelike vlak die predikant begelei en ondersteun.
- *Respondent 4* het gesê:
 - ✓ die geloofsgemeenskap moet onvoorwaardelik by die predikant staan.
 - ✓ die Ringsbroeders behoort 'n klankbord te wees.
 - ✓ daar moet onbevooroordeeld geluister te word.
 - ✓ die boodskap moet duidelik aan die predikant gekommunikeer word: “Ons vertrou jou menswees en Christenskap”.
 - ✓ die tughandeling behoort bemagtigend te wees. Dit moet 'n bediening van versoening wees en nie 'n bediening van beoordeling nie.
- *Respondent 5* bied die volgende voorstelle:
 - ✓ 'n onafhanklike persoon (selfs uit 'n ander kerklike denominasie) moet as voorsitter van die tugkommissie optree.
 - ✓ die persone wat betrokke is by die tughandeling moet eerlik wees met die advies wat hulle gee. (Een persoon het hom geadviseer en dadelik daarna gewaarsku dat indien die respondent dit sou bekendmaak, hy die advies sal ontken).
- *Respondent 6* maak die volgende voorstelle:
 - ✓ God kom altyd in alles eerste.
 - ✓ maak seker dat jy iemand het wat jy waarlik kan vertrou. Jy moet jou

gevoelens met hierdie persoon(e) kan deel.

- ✓ moenie toelaat dat jou woede opkrop nie, beheer dit.
- ✓ gebruik ontladingshulpmiddels om jou emosies te hanteer, soos byvoorbeeld musiekbeluistering en selfs hengel.
- ✓ fokus op dit wat voorlê, gister is verby, jy kan daaraan niks verander nie.
- ✓ moenie bang wees om te leef nie, “As jy bang is, hou sommer nou op!”
- ✓ neem beheer van jou lewe en tree proaktief op.

Gevolgtrekking

Verskeie voorstelle is gemaak ter verbetering van die tughandeling. Die voorstelle hou verband met die persoonlike konteks en belewing van die tugproses. Daar is egter ook baie gemeenskaplike sake ter sprake, waaronder die ondersteuning van die geloofsgemeenskap, kundige persone en die onvoorwaardelike aanvaarding as mens.

Vraag 33: Lys enige ander onderwerpe ten opsigte van die tughandeling van predikante wat volgens u mening ook wetenskaplik nagevors behoort te word?

- *Respondent 1* het aangedui dat die volgende onderwerpe verdere wetenskaplike navorsing vereis:
 - ✓ die tughandeling en arbeidswetgewing.
 - ✓ die tughandeling en wedersydse omgee.
 - ✓ die tugondersoek na die wyse waarop Ringskomissielede die tughandeling beleef.
- *Respondent 2* het die volgende aangedui:
 - ✓ die noodsaak van die kerklike tughandeling.
 - ✓ die beheptheid met kerklike prosedures teenoor die mense wat seerkry.
- *Respondent 3* het die impak van die tughandeling op die gemeente genoem.
 - ✓ Hy sê dat die bediening feitlik tot stilstand kom en dat dit negatief impakteer op die gemeente. Lidmate eis dat hulle deurlopend bedien word en indien dit vir 'n lang tyd nie gebeur nie gaan hulle na ander gemeentes. Wanneer die predikant uiteindelik weer toegelaat word om sy bediening

voort te sit, is daar finansiële en ander probleme. “Wie neem verantwoordelikheid vir die gemeente se welsyn? Wie lei hulle?”

- *Respondent 4* het voorgestel dat
 - ✓ innerlike genesingsmetodes wat mense leer om vinniger te kom tot genesing vir die totale Kerk voorgehou (geleer) moet word.
- *Respondent 5* het aangedui dat
 - ✓ die toepassing van die tugmaatreëls ondersoek behoort te word.
 - ✓ die empatie waarmee die tughandeling uitgevoer word, behoort aandag te verdien.
- *Respondent 6* het gesê:
 - ✓ ‘n mens neem nie goeie besluite onder druk nie. Hy stel voor dat dit ondersoek word hoe predikante wat die tughandeling deurgaang, begelei kan word om goeie besluite te neem en nie tydens die tughandeling sake verder te laat versleg nie.

Gevolgtrekking

Respondente het ‘n wye verskeidenheid onderwerpe gelys wat verdere navorsing en studie regverdig. Arbeidswetgewing en die tughandeling, die voortgang van die bediening van die gemeente tydens die tughandeling en sake wat die predikant persoonlik raak, is van die voorstelle wat geopper is vir verdere nabetrating.

4.5. Verdere inligting ingewin tydens onderhoude

Die volgende inligting is bekom tydens die onderhoude en hou regstreeks verband met die ondersoek. Dit is egter nie direk volgens die onderhoudskedule gevra nie, maar is op ‘n stadium tydens die onderhoud deur die respondente verwoord.

- Die emosionele belewing van die tughandeling volg die patroon soos deur Kubler-Ross vasgestel vir die hantering van die verwerking van die trauma van ‘n ongeneeslike siekte.
- ‘n Predikant wat deur die tughandeling geraak word, het ‘n besluit om te neem: Gaan hy die sisteem veg of gaan hy deel word daarvan?
- Gebed is onontbeerlik vir die predikant tydens die hele handeling.

- Bekering is 'n voorvereiste en gepaste reaksie op die tughandeling.
- Siekverlof kan 'n predikant help om afstand te verkry van die probleem en help om beter besluite te neem.
- Hulp met die finansiële verpligting van die gesin van die predikant en gesinsbehoefte behoort prioriteit te wees.
- Die ontwrigting wat met die tughandeling gepaard gaan, is onbeskryflik.
- 'n Predikant moet 'n kerngroep verenig vanaf die eerste dag wat hy 'n gemeente bedien. Hulle sal hom en sy gesin deurma tydens krisisse soos die tughandeling.
- Die geloofsgemeenskap behoort vanweë hulle verbondenheid aan Christus die transformasie te bewerkstellig van die huidige tughandeling.
- Predikante moet ophou om na strooihalms te gryp wanneer dit by die tughandeling kom.
- Predikante moet hulle bekeer van afgodery. Hulle legitimasie, ampsbevoegdheid en statusbeheptheid.
- Predikante moet kontrakte beding met Kerkrade om tydens enige krisis soos die tughandeling in die pastorie te kan aanbly totdat die hele saak afgehandel is.
- Broederlike samewerking tussen Ringspredikante is onontbeerlik. Die huidige broederskap stel teleur in tye van die tughandeling.
- Die vertroue in die tughandeling as proses word verbeur indien 'n predikant dit persoonlik beleef.
- Die Kerk behoort ten minste een predikant opdrag te gee om die pad saam met die predikant wat die tughandeling ondergaan, te stap as mentor en vriend.
- Daar behoort ten minste een persoon (predikant) wat 'n regsgraad besit, gekoöpteer te word op die Ringskommissie.
- Die maak van grappe tydens die tughandeling is taboe. Dit laat predikante voel dat die ander party nie voldoende erns maak met die situasie nie.
- Leiers binne die Kerk is nie toegerus om die tughandeling te fasiliteer nie.

Gevolgtrekking

Verskeie sake is aangeteken soos die respondente dit tydens die onderhoude vrywillig bekendgemaak het. Dit sluit ten nouste aan by die onderhoudskedule en verbreed ons kennis van die probleme en behoeftes soos dit tydens die tughandeling beleef is.

4.6. Tematiese analise van die empiriese navorsingsresultate

Daar is ten opsigte van die vrae soos gestel in die onderhoudskedule, antwoorde verkry, addisionele informasie bekom en deur gefokusde waarneming en beluistering deur die navorser, voldoende informasie bekom om tematiese patrone te identifiseer.

Dit word aangebied deur

- eerstens die geheelbeeld van elke vraag van die onderhoudskedule te bespreek en
- dit daarna te struktureer op die drie hoofnavorsingsvrae
- wat weer in verband gebring word met die sentrale navorsingsvraag.

4.6.1. Geheelbeeld van die informasie soos verkry vanuit die onderhoude

Die geheelbeeld kan ten beste verkry word deur die antwoorde op elke vraag in die onderhoudskedule te verwoord in temas en kernbegrippe. Nie alleen word die antwoorde deur die respondente verwoord nie, maar ook die waarnemings van die navorser, kontekstuele gegewens en addisionele inligting wat vrywillig deur die repondente verskaf is, word geïntegreer.

4.6.1.1. Afdeling A: Die tughandeling as proses

Vraag 1 van die onderhoudskedule ondersoek die verskillende prosesse van die tughandeling met die kleiner prosesse daarin, en die ervaring van die respondente ten opsigte daarvan. Aangesien die tughandeling as 'n drieledige proses beskryf word in hierdie studie, is elke respondent se spesifieke beleving van die tughandeling, prosesmatig ondersoek.

Al die respondente het ten minste die eerste proses, of dan 'n deel van die eerste proses van die tughandeling beleef, terwyl teen sekere dele van die tweede en een sekere dele van die derde proses ervaar het. Dit was opvallend en kommerwekkend dat elke respondent aangedui het dat *die tugliggaam nie die korrekte kerkordelike prosedures ten opsigte van die tughandeling nagekom het nie*. Een van die respondente was die Skriba van die Ringskommissie wat een van die ander respondente se tugverhoor waargeneem het.

Alhoewel hierdie saak vanweë prosedurefoute by die CCMA aangemeld is, het dieselfde Ringskommissie (met 'n nuwe Skriba) weereens prosedurefoute gemaak!

Skok. Dit was een van die begrippe waarmee sommige respondente die beleving van die tughandeling aangedui het. Hulle het aangedui dat dit een van die *grootste traumas* was wat hulle tot dusver beleef het. Hulle was geskok

- *dat die tughandeling plaasgevind het* (nooit gedink dat dit met hulle sal gebeur nie),
- *dat die kerkordelike prosedures nie nagekom is nie,*
- *dat hulle geen hulp, bystand of begeleiding van die Kerk ontvang het nie* (eerder isolasie en verwerping),
- *en dat die ervaring van die tughandeling die van liefdeloosheid was.*

Daar is deur almal aangedui dat die tugproses 'n traumatiese ingreep is en dat hulle vir altyd daardeur geraak en verander is. Hulle het die *proses* as

- *koud,*
- *onpersoonlik,*
- *gestroop van eerlikheid,*
- *onbillik,*
- *onredelik,*
- *met konflik en gebroke verhoudings,*
- *manipulerend*
- *en on-Christelik beleef.*

Die respondente het gemiddeld 6.25 maande gewag vir die eerste of gedeelte van die eerste proses van die tughandeling om afgehandel te word. Hulle beleving was dat die Ringskommissie hierdie *proses doelbewus uitrek* ("hulle rek dit soos bubble gum"). Die redes wat hulle daarvoor aangee was

- *dat die Ringskommissie reeds bewus is dat hulle prosedurefoute begaan het, en probeer daarom die proses uitrek met die verwagting dat die predikant se trauma so sal vergroot dat hy gewilliglik self sal bedank en die hele saak so opgelos kan word.*
- *dat die Ringskommssie nie bevoeg is om die saak kerkordelik korrek te bestuur nie en daarom sloer met die volgende aksie.*

- dat die *Ringskommissie bloot net nie genoeg omgee nie* en daarom nie die gevolge van hierdie uitgerekte proses soos dit die predikant en sy gesin en die gemeente raak, voldoende bestuur nie.

4.6.1.2. Afdeling B: Die tughandeling en die gevoelsbeleving van skuld en skande

Predikante beleef 'n *warboel emosies* wanneer die trauma van die tughandeling beleef word. Ek het slegs op twee emosies gefokus, naamlik die emosie van skuld en die van skande en skaamte. Hierdie twee emosies hang ten nouste saam en is daarom 'n geskikte paar om saam te ondersoek. Die emosies word afsonderlik bespreek. Vraag 2 – 6 van die onderhoudskedule het betrekking op skuldemosie en vraag 7 – 11 op die skandemosie. Vraag 12 – 14 ondersoek moontlike positiewe belewings van die twee gevoelens.

4.6.1.2.1. Skuldgevoelens

Volgens die definisie soos dit aangebied word in hierdie studie, is *skuldgevoelens 'n pynlike, innerlike gevoel wat veroorsaak word deur die selfbewuswording van konflik tussen eie optrede en die voorafooreengekome morele en sedelike kode. Skuld is 'n fenomenologiese saak en het te make met die oortreding van waardesisteme. Skuldgevoelens betrek ons gedagtes, gedrag en handeling en word fisies en kognitief ervaar.*

Al die respondente het aangedui dat hulle skuldgevoelens tydens die tughandeling beleef het of steeds beleef. Die rede vir die gevoel van skuld het van respondent tot respondent verskil. Die verskil is veroorsaak deur die spesifieke onstandighede en die respondent se persoonlike beleving van die verskil tussen die ooreengekome kode en sy eie gedrag. Respondente het onder andere teenoor

- *gemeentelede*
- *hul eie kinders en familie*
- *en die Here skuldig gevoel.*

Die respondente het 'n *redelike tot oorweldigende* beleving van skuldgevoelens gehad. Die intensiteitsgraad van die beleving is getemper deurdat sekere respondente

- *alles in hulle vermoë gedoen het om sake reg te stel,*
- *die Here se vergifnis opgesoek het*
- *of die gebeure as uiters belanglik beskou.*

Die meeste van die respondente het 'n definitiewe fisiese ervaring van 'n *deurdringende bitterheid beleef, asook pyn in die abdomen en 'n gevoel van angstigheid*. Die helfte van die respondente het hulle *hande gewring en die kop het gehang* (dit hou weer verband met gevoelens van skaamte). Meer as die helfte het die *gebeure in die gedagtes herhaal* en die scenario's gedurig verander, terwyl *selfverwyt* ook beduidend groot tot oorweldigend was.

Respondente het aangedui (almal) dat hulle 'n *bitterheid ervaar teenoor die lede van die Ringskommissie*. Hierdie gevoel is veroorsaak deur die Ringslede se

- *liefdelose*
- *en onregverdige optrede*
- *en die belewing dat die respondente persoonlik te nagekom is.*

Respondente het hulle *self verwyt* oor onder andere

- *die aanvaarding van die beroep na die gemeente*
- *dat hulle sake anders kon hanteer het en daardeur die hele proses kon vermy het*
- *en dat die tughandeling hulle lewe tot op hede bepaal en beïnvloed.*

Die respondente het almal te kenne gegee dat hulle die *skuldemosie op hul eie hanteer en verwerk* het.

Skuldemosie word *binne die Kerk* in die algemeen *gefasiliteer* deur die proses van

- *die aanvaarding van verantwoordelikheid*
- *erkenning van skuld*
- *toon van berou*
- *belydenis van skuld*
- *ontvangs van genade en vergifnis*
- *leef vry en in dankbaarheid.*

Predikante ken hierdie proses deeglik aangesien dit byna elke Sondag ook tydens die

liturgiese element van skuldbelydenis en vryspraak hanteer word. Dit is dus te wagte dat die respondente redelik vry van skuldgevoelens kan wees wanneer hulle self ook hierdie proses volg. Omdat slegs die helfte van die respondente positief geantwoord het ten opsigte van die verwerking van skuldemosie, sal die onsekerheid egter bestaan of almal wel voldoende hul skuldemosie verwerk en dit afgehandel het. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die respondente nie almal hulle vinger kan lê op die rede vir die tughandeling teen hulle nie.

Die respondente het *oorwegend negatiewe kommentaar* gelewer ten opsigte van die ervarings van die proses van die tughandeling en die effek daarvan op hul belewing van skuldgevoelens.

Die trefwoorde was telkens

- *geweldige belewing van woede*
- *aggressie*
- *intense bitterheid*
- *oorweldig deur gebeure*
- *vergroting van skuldgevoelens.*

4.6.1.2.2. Skandgevoelens

Skandgevoelens is in die studie gedefinieer as 'n belewing van inherente tekorte. Dit is die belewing van mislukking. Skande word beleef as 'n blootlegging van die self as ontoereikend, sleg, onwaardig. Skande is 'n selfbeoordeling van die eiwaaarde. Skande is hoofsaaklik 'n ontologiese saak. Dit het te doen met 'n persoon se identiteit en menswees.

Vier respondente het aangedui dat hulle *skandgevoelens tydens die tughandeling* ervaar het. Die vrywillige verduideliking van hul keuses tydens die onderhoud het weereens die persoonlike omstandighede beklemtoon.

Skandgevoelens het

- *groot twyfel meegebring in die gemoed*
- *en 'n diepe bevraagtekening van die eie bekwaamheid,*

- *en selfs van die roeping tot bedienaar van die Woord.*

Skandgevoelens is *groot tot oorweldigend* getipeer ten opsigte van die intensiteitsgraad van die belewing daarvan. Dit was duidelik dat respondente met *groter gemak oor skuldgevoelens kon praat as oor skandgevoelens*. Die redes daarvoor is voor die handliggend.

- Skuldgevoelens word gereeld binne die erediens hanteer en aangespreek.
- Alle mense (gelowiges) behoort skuldgevoelens te ervaar en is deel van die sondige werklikheid.
- Die proses van die hantering van skuldgevoelens word dikwels binne die kerk uitgespel en voorgehou.

Skandgevoelens word nie soos skuldgevoelens hanteer nie. Dit blyk dat mense selfs *skaam voel om oor skande en skaamte te praat*. Om skandgevoelens te bespreek en te erken, hoop nog eens skande op skande. Dat die respondente met hierdie emosie worstel, is duidelik wanneer hul aanduidings van woede en aggressie aangehoor word. *Woede is die metgesel van gevoelens van skande en skaamte* (Scholtemeyer, 2011). Alle respondente het intense gevoelens van woede verwoord.

Sekere respondente het wel aangedui dat hul *gevoel oor hulself* verander het na aanleiding van die tughandeling. Daar was die *belewing van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek*. Die sterkste belewing was dat alle respondente behalwe een, aangedui het dat God hulle nie verlaat het in hierdie tyd nie. Hulle het wel *beleef dat mense hulle verwerp en nie meer aanvaar nie*.

‘n Groot aantal respondente het aangedui dat hulle *talle van die verdedigingsmeganismes gebruik het* om die gevoel van skande te hanteer. Die duidelikste effek van die beskerming wat as ‘n persoonlik keuse uitgeoefen is, is *onttrekking en isolasie*. Die ervaring van die proses van die tughandeling en die gevoelsbelewing van skande en skaamte het die volgende kernbegrippe opgelewer:

- *blywende woede.*
- *blywende seer.*
- *blywende vrae in die gemoed.*

- *jy moet aangaan.*
- *geweldige persoonlike verlies.*
- *diepe verleentheid.*
- *verwagting van foutloosheid.*

Tydens die vrae na die positiewe beleving van skuld en skandgevoelens het die volgende temas na vore gekom. Vier respondente het geoordeel dat skuldgevoelens tydens die tughandeling *positiewe effek* gehad het, terwyl vyf dit toegee op die vraag na skandgevoelens. Ten opsigte van skuldgevoelens is die positiewe:

- *dit dwing tot introspeksie.*
- *beseft jou menslikheid en dat jy deel is van die gebroke werklikheid.*
- *groter empatie en begrip vir ander.*
- *God verstaan my.*
- *afhanklikheid van God beseft.*
- *vrysprak en vergifnis beleef.*
- *geloofsgroei ervaar.*
- *leer in tye wanneer dit swaar gaan.*
- *stel dinge uit die verlede reg.*

Wat skandgevoelens betref was die positiewe:

- *dwang tot groter kontak en sosialisering om onskuld te bewys.*
- *groter begrip.*
- *leer mens om voort te gaan ten spyte van gevoelens en omstandighede.*
- *stel in staat om ander beter te kan help.*
- *lei tot groter ondersteuning van ander in nood.*

4.6.1.3. Afdeling C: Pastorale begeleiding tydens die tughandeling

Die ondersoek na die pastorale begeleiding wat predikante tydens die tughandeling ervaar, is ondersoek deur te fokus op verskillende vereistes en eise wat aan die gemeente, Kerkraad, Ringskommissie en die predikant self gestel kan word. Op hierdie vrae en stellings het die respondente eenparig dieselfde keuses gemaak.

Dit blyk dat die vereistes en funksies ten opsigte van die gestelde pastoraat tydens die tughandeling, dieselfde beoordeel word. Almal het die *belang van die gemeente as primêre sorggewer* ondersteun. Alle respondente het van 'n *kleiner groep lidmate* hierdie onvoorwaardelike aanvaarding, versorging en ondersteuning beleef, maar die *afstand tussen die besondere ampte en die van gelowige* word ten tye van die tughandeling verder vergroot. Die redes daarvoor word aangevoer, naamlik:

- dat die lidmate goedgelowig aanvaar dat die Ringskommissie (wat onder andere uit predikante van die Ring saamgestel word), kundig en met liefde sal optree en daarom gelate *die proses in die hande van die Kommissie laat*. Enige besluite (selfs onkerkordelike optrede en blatante foute bly onbekende inligting vir die groter geloofsgemeenskap).
- dat ook die geloofsgemeenskap *onder groepsdruk en selfs intimidasie swig* wanneer negatiewe onderstrominge sterk aanwesig is tydens die tughandeling.
- dat die tughandeling vanweë die skuld, *skande en skaamte wat dit ook kollektief oproep* enige noue band tussen die ampte ophef.

Alle respondente het aangedui dat hulle nie op amptelike wyse begelei en versorg is tydens die tughandeling of daarna nie. Sommige het wel bystand ontvang van predikante *uit ander kerklike denominasies*. Kernbegrippe ten opsigte van die Kerk se *versaking van haar roeping om pastorale begeleiding* het die volgende opgelewer:

- *minimale ondersteuning* deur 'n brief, telefoonoproep of enkele besoek of gebed is nie as hulp en begeleiding vertolk nie.
- *ongevoeligheid en liefdeloosheid* by Ringspredikante vergroot die gevoel van skuld, skande en woede.
- *minagende optrede* van Ringspredikante en *doelbewuste vermyding* van die respondente beklemtoon die versaking van die pastorale roeping.

Die eise wat aan pastorale sorggewers en begeleiers gestel kan word, is deur alle respondente ondersteun en die algemene gevoel was dat dit slegs die *basiese verwagtings* uitmaak. Enkele kernbegrippe hieroor is:

- *liefdevol en sensitief soos Jesus*.
- *omgee eerder as boekekennis*.
- *kundigheid met betrekking tot arbeidswetgewing 'n nie-onderhandelbare vereiste*.

Respondente het oorwegend positief gereageer op die aanname dat daar ook aan die predikant wat die tughandeling ondergaan *sekere vereistes en verwagtings* gestel kan word. Spesifieke kernbegrippe word verwoord as:

- *eerlikheid en openlikheid is 'n voorwaarde.*
- *sonde moet nie weggesteek word nie.*
- *maak tyd om probleme deeglik uit te sorteer*
- *selfondersoek is uiters belangrik*
- *selfbemagtiging in verskillende aspekte is noodsaaklik (byvoorbeeld arbeidswetgewing.)*
- *selfvergifnis is baie belangrik.*
- *waak teen die berowing van 'n toekomsvisie.*
- *moenie bagasie bly saamdra uit die verlede nie.*

4.6.1.4. Afdeling D: Addisionele informasie

Die volgende vrae waarop inligting bekom is, het ten doel gehad om die effek van die tughandeling wat die respondent se fisiese en psigiese gesondheid betref, te ondersoek. Vraag 24 – 28 handel oor professionele persone wat gekonsulteer is en wat direk met die tughandeling verbind word.

Vier respondente het 'n mediese dokter besoek en drie het aangedui dat dit *direk met die proses van die tughandeling te make het*. Vier respondente het 'n sielkundige of ander berader gesien na aanleiding van die tughandeling en hul behoefte om die situasie te hanteer en verwerk. Die behoefte aan professionele hulp beklemtoon weer die belang van die vraag na die pastorale begeleiding en versorging van die predikant tydens die tughandeling.

Vraag 29-30 fokus op die respondent se belewing van die uitkomst van die tughandeling soos gestel in Artikel 59 van die Kerkorde en twee ander stellings oor die terapeutiese waarde van die tug en die teenwerking van kwaad. Op hierdie vrae is oorweldigend sterk *negatief* geantwoord. Respondente erken die moontlike positiewe doel en resultate wat deur die tughandeling bereik kan word, maar kan dit nie in die ervaring wat hulle persoonlik daarvan gehad het, vind nie. Negatiewe kernwoorde wat uitstaan is:

- *die tug bevorder slegs die “image” van die Kerk.*

- *die ondersoekliggaam beskou die tughandeling as 'n reeks take wat afgehandel moet word.*
- *die Kerk maak 'n karikatuur van die tughandeling.*
- *die tughandeling is 'n "sirkus".*
- *die tughandeling is nie funksioneel nie.*
- *die tughandeling is emosioneel vernederend.*
- *die tughandeling is ontoepaslik.*

Vraag 31-33 fokus laastens op verdere leemtes binne die tughandeling, aanbevelings ten opsigte van die verbetering van die tugproses en moontlike studie-onderwerpe wat die respondente sou kon aanbeveel.

Kernwoorde wat die leemtes van die tughandeling betref:

- *die tugkommissie is onbevoeg.*
- *die sisteem veroorsaak spanning – dieselfde persone wat die tughandeling moet uitvoer, is ook verantwoordelik vir die pastorale begeleiding.*
- *die tugkommissie is nie altyd onbevooroordeeld nie.*
- *daar is selfs inmenging van persone en ander instansies tydens die tugproses.*
- *die fokus is te taakgerig met die klem op die kerklike prosedures en te min mensgerig.*
- *daar is 'n tekort aan broederlikheid.*
- *die tugproses en bestaande arbeidswetgewing is in konflik.*
- *die gemeente verstaan nie altyd die tugproses nie.*
- *die gemeente ly en word nie geestelik versorg in die tyd van die tughandeling nie.*
- *die proses is oneerlik.*
- *die proses word hanteer met die hoop dat die probleem net sal verdwyn.*
- *genade ontbreek.*

Wat die aanbevelings betref ten opsigte van die tughandeling is die volgende gedagtes belangrik:

- *die Kerk moet persone wat geroep voel om die proses te fasiliteer deel maak van die tughandeling – die Kerk kan 'n databasis saamstel van sulke vrywillige hulp / professionele en kundige hulp.*

- ‘n *gebedsgroep of gebedsgenoot* vir deurlopende bystand aan die predikant.
- die *gesin* van die predikant om op gespesialiseerde wyse ondersteun te word.
- ontwikkel ‘n *holistiese begeleidingsperspektief* ten opsigte van die tughandeling.
- die *kerklike opsig* behoort sterker te funksioneer.
- *kerkvisitasie* kan beter benut word.
- pastorale begeleiding kan vanuit *ander Ringe* voorsien word.
- *onbevooroordeelde luister* deur die Ring is ‘n vereiste.
- Ringsbroeders om ‘n *klankbord* te wees vir emosies en besluite wat predikant moet hanteer.
- *bemagtig* die predikant tydens die tughandeling.
- *eerlikheid* is ononderhandelbaar vir alle partye.
- ‘n *onafhanklike persoon* om as voorsitter van die tugkommissie op te tree.
- *God moet ook in die tughandeling eerste gestel word.*
- Die predikant om *vertrouelinge* te hê met wie hy alles kan deel.
- *beheer woede en moenie dat dit opkrop nie.*
- *fokus op vandag en die toekoms, en moenie in die verlede leef nie.*
- *neem beheer.*

Die respondente het die volgende *voorstelle* gemaak van onderwerpe wat *nagevors* behoort te word:

- die *tughandeling en arbeidswetgewing.*
- *empatiese tughandeling.*
- die *ervaring van die Ringskommissie* tydens die tughandeling.
- die *noodsaak* van die tughandeling.
- *behepthed met kerklike prosedures* teenoor omgee.
- *pastorale versorging van die gemeente* tydens die tughandeling.
- *innerlike genesing* vir almal betrokke, ook vir die gesinne.
- *toepassing van die tugmaatreëls.*
- *begeleiding om goeie besluite onder druk te neem.*

4.6.2. Tematiese indruk soos gestruktureer op die drie hoofnavorsingsvrae.

Met die bogenoemde informasie as verwysingsraamwerk, kan die proses verder geneem

word, deur die drie hoofvrae daarmee te integreer.

4.6.2.1. Navorsingsvraag 1A

Lewer die tughandeling 'n bydrae tot die gevoelsbeleving van skuld en skande by predikante?

Gevolgtrekking

Ja, hierdie studie bevestig die bydrae wat die tughandeling lewer tot die ontstaan en beleving van skuld en skande.

Binne die konteks van elke respondent se spesifieke en unieke situasie *het die prosesse van die tughandeling 'n ondubbelsinnige bydrae gelewer tot die beleving van skuld- en skandgevoelens*. Dit word bevestig deur die informasie wat tydens die empiriese navorsing ingewin is. Die volgende aspekte dra by tot die gevoelens.

- Die tughandeling is 'n *traumatiese gebeurte*.
- Die tughandeling is 'n *skokkende ervaring*.
- Die *onkerkordelike* hantering van die *proses*.
- Die *onprofessionele* wyse waarop die tughandeling toegepas word.
- Die *liefdeloosheid* van die tughandeling.
- Die *lewensontwrigtende effek* van die tughandeling wat betref die toekomsvisie.
- Die *lang, uitgerekte aard* van die tughandeling.
- Die persoonlike bewuswording van *swakhede*.

Die tughandeling funksioneer dus as 'n *snellermeganisme* vir die ontstaan van skuld- en skandgevoelens. Dat die tughandeling as stimulus of sneller vir dié emosies dien, kan verstaan word teen die agtergrond van die kettingreaksies van emosionele wekking soos in Hoofstuk 2 (101) bespreek.

- Elke emosie het 'n *duidelike en aanwysbare sneller of stimulus*.
- 'n *Persoon, objek of gebeurte dien as stimulus*.

Snellermeganismes tydens die tughandeling is

- die *aanvang van die proses* van die tughandeling.
- die *onkerkordelike hantering* van die prosesse van die tughandeling.
- die *liefdelose en taakgerigte aksie* waarmee die betrokkenes die saak hanteer.
- die *negatiewe en traumatiese wyse* waarop die tughandeling beleef is.
- die *afwesigheid van ondersteuning en bystand*.

4.6.2.2. Navorsingsvraag 1B

Indien predikante tydens die tughandeling gevoelens van skuld en skande beleef, wat is die aard en funksie daarvan?

Gevolgtrekking

Predikante beleef die gevoelens van skuld en skande baie intens tydens die tughandeling. Hulle ervaar die emosies van skuld en skande beide op 'n positiewe en negatiewe wyse.

Respondente wat aan die empiriese navorsing deelgeneem het, het 'n duidelike beleving van skuld- en skandgevoelens ervaar tydens die tughandeling.

Soos in Hoofstuk 2 beskryf, word 'n emosie slegs ervaar wanneer die stimulus *kognitief geïnterpreteer* word en die belang daarvan as groot genoeg geag word. Gelyktydig hiermee word *verskillende fisiologiese ervarings* beleef wat die geïnterpreteerde stimulus tipeer as 'n bepaalde emosie.

- By al die respondente is die interpretasie van die stimulus van die tughandeling as *uiters belangrik beskou en die betekenis wat daaraan geheg is, was baie groot*. In hierdie geval was die betekenis negatief gewees omdat die tughandeling as proses 'n traumatiese en skokkende ervaring was. Hulle beroep, roeping en identiteit was in gedrang.
- Die respondente het dus almal die *emosionele beleving van die gevoelens van skuld en skande baie intens ervaar en dan nie slegs as innerlike ervaring nie, maar ook die gepaardgaande fisiologiese tekens daarvan getoon*.

Die gevoelens is op tweeërlei wyse beleef.

- Eerstens was daar *die uiters negatiewe ervaring* van skuld- en skandgevoelens.
- Sommige het egter ook aangedui dat daar wel *positiewe aspekte* werksaam was in hulle beleving van hierdie emosies.

Die meeste respondente het egter *verslae* gestaan oor die funksionaliteit van hierdie emosies aangesien hulle *oorbluf* was deur die trauma van die hele tughandeling.

Daar is verder ook aangetoon dat emosie 'n *gedragskomponent veronderstel wat funksionele betekenis het* (Hoofstuk 2). Die funksionele aspekte van skuld- en skandemosie is bespreek deur te verwys na die positiewe en negatiewe aspekte ten opsigte van beide emosies. Hieraan het die respondente ook deel gehad. Hulle het gesamentlik en afsonderlik aangedui dat die *ervaring van die verskillende emosies, verskillende resultate gelever het*. Positiewe en negatiewe gedragspatrone het gevolg op die ervaring van skuldgevoelens en skandemosie.

Ten opsigte van *skuldemosie* is bevind dat

- *respondente egte skuldgevoelens ervaar het en in hulself positiewe en regstellende aksies onderneem om dit wat hulle kon regstel en verander, wel te doen.*
- *dit blyk dat die respondente in die grootste mate hul skuldemosie nie as destruktief beleef het nie, maar verantwoordelikheid aanvaar het vir dit waaroor hulle beheer het.*

Ten opsigte van *skandemosie* is dit so dat

- *respondente sekere aspekte van die beleving van skande as positiewe katalisator kon benut om op 'n hoër vlak te funksioneer.*
- *die meeste respondente graag hulle verwerking van die skandemosie as positief wou aandui, maar dat die verdedigingsmeganismes wat gebruik is, daarop wys dat hulle destruktiewe skandgevoelens beleef het (en nog steeds ervaar) en dat hulle dit nie suksesvol hanteer en verwerk het nie.*

4.6.2.3. Navorsingsvraag 1C

Is daar en hoedanig is die pastorale begeleiding vir predikante wat tydens die tughandeling moontlike gevoelens van skuld en skande ervaar en hoe word hulle gehelp om dit te verwerk?

Gevolgtrekking

Nee, daar is geen amptelike begeleiding vir predikante wat die tughandeling ervaar nie. Slegs enkele gemeentede en persone van ander denominasies het enigsins bemoeienis gemaak. Predikante word op geen wyse ondersteun en gehelp om die emosies van skuld en skande te verwerk nie.

Hierdie vraag moet negatief beantwoord word. Daar was *geen pastorale begeleiding* vir die respondente gewees tydens die tughandeling nie. Hulle moes self die gevoelens hanteer en verwerk. Sommige het *ander professionele hulp* verkry om die fisiese en psigiese eise wat gevolg het op die trauma van die tughandeling, te hanteer.

- Die *geloofsgemeenskap* se basiese onderlinge sorg het in 'n *geringe mate* gefunksioneer deurdat enkele lidmate die pastoriepaar ondersteun het.
- Die *Kerkrade* het op geen wyse die *verantwoordelikheid* teenoor die predikant of die gemeente nagekom met betrekking tot hulle taak waaronder gemeentebou en hulpverlening of begeleiding nie.
- Die *breër kerkverband* soos beliggaam in die Ring en Ringskommissie het hul taak *skromelik verwaarloos en geen intensiewe pastorale begeleiding aan die respondente gelever nie*. Die basiese eis van *liefde* is nie eens betoon nie, maar predikante het die grootste mate van *verwerping en die gevoel van kontaminasie beleef* en was soos hulle “vingeralleen”, ja- soos “melaatses”.

4.6.3. Tematiese indrukke soos van toepassing op die sentrale navorsingsvraag.

‘n Volgende vlak van verstaan en toepassing word gemaak deur die sentrale navorsingsvraag en die ingewinde informasie saam te beoordeel.

Die sentrale navorsingsvraag

Op watter wyse begelei die Nederduitse Gereformeerde Kerk, predikante wat die kerklike tughandeling ondergaan, om die gevoelens van skuld en skande wat daarmee gepaard gaan, te verwerk?

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk voorsien geen begeleiding aan predikante wat deur die tughandeling geraak word nie. Geen begeleiding word voorsien in die verwerking van die gevoelens van skuld en skande wat hulle as gevolg van die tughandeling ervaar nie.

4.7. Tematiese indrukke en die teoretiese modelle

Daar is twee teoretiese modelle waarteen die informasie wat tydens die onderhoude ingewin is, geïnterpreteer moet word. Beide hierdie modelle is deeglik verken in die literatuurondersoeke sowel as tydens die onderhoude.

- Die eerste teoretiese model is in Hoofstuk 2 bespreek, naamlik Emosieteorie.
- Die tweede teoretiese model is Hoofstuk 3 se bespreking van Tugpastoraat.

Die emosieteorie is nagevors met die doel om die spesifieke aard en funksie van emosies met verwysing na die gevoelsbeleving van skuld en skande te verken. Die ondersoek na tugpastoraat het beoog om die pastorale begeleiding wat die Kerk aan predikante behoort te voorsien tydens die tughandeling, te verken. Die informasie van beide hierdie teorieë en die geanaliseerde data word nou verder tot 'n geïntegreerde geheel verwerk.

4.7.1. Emosieteorie

Hierdie studie fokus op die gedragseffek van emosies en die funksionele aard daarvan met betrekking tot die ervaring van die tughandeling. Skuld en skande is twee emosies wat tipologies geklassifiseer kan word as onaangename innerlike bewuswordings, en wat positiewe en negatiewe gevoelservarings insluit. Hierdie twee emosies kan baie intens beleef word tydens traumatiese gebeurtenisse soos die tughandeling. Verder word skuld en skande of suksesvol hanteer, of dit word negatiewe en destruktiewe magte wat vir baie jare

skuld op skuld en skande op skande ophoop.

Wanneer emosies as katalisator vir gedragsmodifikasie benut word, is dit 'n geleentheid om bestaande emosie en gedrag te omskep in nuwe houdings en optrede, sodat die hantering van die lewenseise met nuwe emosionele energie en hernude toewyding kan plaasvind. Wanneer emosies binne hierdie raamwerk van funksionaliteit verstaan word, en die belewing daarvan as 'n kettingreaksie beskou word, kan die doelrelevansie van die ervaring van emosies verdiskonteer word. So het skuld- en skandgevoelens 'n eie oorsprong, aard, indeling en funksionaliteit. Skuld fokus op die daad wat tot die gevoel lei, en skande op die persoon wat die daad verrig het.

Dit impliseer dat die hantering en verwerking van skuld- en skandemosie verskil. Die taak in die begeleiding van persone wat hierdie emosies beleef, sal dus wees om die positiewe aspekte daarvan te integreer en die negatiewe en afbrekende effek tot die minimum te beperk. Skuldemosie vereis 'n bereidheid om verantwoordelikheid te aanvaar en daarop kan latere belydenis, vergifnis en vryspraak volg. Skande vereis 'n aanvaarding van die self ten spyte van die verantwoordelikheid ten opsigte van die daad wat daartoe gelei het, en die vermyding van die gebruik van verdedigingsmeganismes om die skandemosie se effek enigszins te verminder.

Predikante beleef die emosie van skuld en skande baie intens tydens die tughandelinge. Die skuldemosie is deur al die respondente op 'n fisiese en kognitiewe vlak ervaar. Respondente het 'n redelike mate van positiewe skuldverwerking self toegepas. Skandemosie is deur die meeste respondente in hulself en hul eie optrede raakgesien. Hulle belewing daarvan was meestal groot tot oorweldigend. Hulle het toegegee dat 'n hele aantal verdedigingsmeganismes in hulle hantering van skande, na vore gekom het. Die skandemosie is in die grootste mate nie suksesvol deur die respondente hanteer en verwerk nie.

Aangesien emosie egter 'n funksionele rol vervul, moet die predikante se ervaring van skuld en skande daarvolgens beoordeel word.

- Wat skuld betref, vervul dit die rol tot introspeksie, erkenning van skuld en die aanvaarding van verantwoordelikheid, die wek van 'n besef dat predikante ook deel is van die gebroke werklikheid, empatie en begrip vir ander, vergifnis en vryspraak,

geloofsgroei, regstelling van negatiewe dinge uit die verlede en 'n integrasie van die positiewe en die negatiewe.

- Wat skande betref, vervul dit ook 'n funksie deurdat respondente onder andere gedwing in tot optrede wat andersins dalk gelaat sou word, groter begrip vir ander, innerlike sterkte, innerlike begrip en dieper insig, groter vermoë om ander te help.

My interpretasie van die respondente se belewing van skuldgevoelens was dat hulle baie gemaklik en meer geredelik daaroor kon praat as oor die ervaring van skandgevoelens. Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat hulle baie meer selftoegerus is om skuldemosie te hanteer as wat hulle in staat is om skandgevoelens te hanteer. Verder ook is dit 'n vergroting van die bestaande en onverwerkte skandemosie wanneer daar selfs maar net daaroor gepraat word. Die vrae ten opsigte van die dinamiek van skandgevoelens en die vrae na die verdedigingsmeganismes kan hierdie gevolgtrekking ondersteun.

Dit het duidelik geblyk dat die oorsprong, aard, indeling en funksie van skuld en skande verskil. Die onderhoudskedule het juis hierdie onderskeid ondersoek en elke emosie afsonderlik bestudeer. Dit beteken konkreet ook dat die hantering en verwerking van die twee emosies verskillende wyses van aanpak en vaardighede vereis. Dat respondente meer toegerus is om die emosie van skuld te verwerk, het duidelik geblyk.

4.7.2. Tugpastoraat

'n Beskrywing van die konteks, teologie en praktyk van tugpastoraat (Hoofstuk 3) het getoon dat dit ten diepste God is wat in die pastoraat handelend bemoeienis maak met die mens in nood. God sluit egter mense in sy handelinge met mense in. In die geval van die tughandeling sou dit konkreet beteken dat God die betrokkenes tegemoet kom deur die aktiewe bemoeienis wat die geloofsgemeenskap met die noodlydende maak. Die Kerk vervul haar roeping juis in tye wanneer die nood van mense deur die sorg van die gemeente opgevang en hanteer word. Hierdie handelinge kommunikeer die bevryding wat God aan die noodlydende wil aanbied omdat Hy aktief ingryp en omstandighede verander.

Die Kerk het die respondente van hierdie ondersoek skromelik in die steek gelaat. Die ervaring van isolasie, liefdeloosheid, onkerkordelike bestuur van die prosesse van die

tughandeling en optredes van kerkleiers het juis die teendeel van die kommunikasie van die liefde van Jesus Christus gekommunikeer.

Die Kerk het agt verskillende modusse van kommunikasie wanneer die evangelie van mens tot mens oorgedra word. Die Kerk benut dit alles in die poging om God teenwoordig te stel in die lewe van die wat swaar kry. In die geval van die predikant wat die tughandeling beleef, is dit eweneens noodsaaklik om al agt gestaltes van Woordoorlog te benut. Hierdeur word nie alleen die predikant nie, maar ook alle ander belanghebbendes, waaronder die gemeente self, bedien en versorg.

Telkens moes predikante ervaar dat die Kerk se spreke oor die groot dade van God tot stilswye gedwing is deur die tughandeling. Nie een van die respondente het enige ondersteuning of kommunikasie van God se bemoeienis verneem nie. Intendeel – die persone moes dit deurlopend aanvaar dat hulle uitgeworpenes is en soos melaatses behandel is.

Vyf doelstellings van geestelike leiding is geïdentifiseer en die taak van die geloofsgemeenskap is om dit te help realiseer in tye van trauma en krisis. Die predikant word begelei tot persoonlike geloofsidentiteit, heiliging, herontdekking van persoonlike roeping en gawes, verdieping van geloofsinsig en die ervaring van nuwe eenheid in die gefragmenteerde lewe veroorsaak deur die tughandeling.

Enige bereiking van bogenoemde doelstellings is deur die predikante se eie toedoen bereik en nie deur enige intervensie van die kant van die geloofsgemeenskap nie. Hulle het dikwels self tot die ontdekking gekom van die nuwe geloofsinsigte, hulself opnuut aan God oorgegee en geheilig, en self van die stukkende emosies iets positief probeer maak. Die Kerk was afwesig. Onbetrokke. Liefdeloos en apaties.

Die tugpastoraat as spesifieke bediening aan predikante wat die tughandeling ondergaan, is bespreek en gedefinieer. Dit is omskryf as die amptelike begeleiding (hulpverlening) tot genesing, bystand, begeleiding, versoening en koestering wat die geloofsgemeenskap aan predikante verskuldig is tydens die tughandeling deur die kommunikasie (in al sy modusse) van die evangelie van Jesus Christus en ten doel het om die betrokkenes se geloofsidentiteit te bevestig, tot persoonlike heiliging aan te spoor, deur die

(her)ontdekking van persoonlike charismata 'n nuwe diensbaarheid te vind, verdieping van persoonlike geloofsinsig te bewerk en herstel van die eenheid van die persoon te verseker.

Hiervan het slegs die ondersteuning van enkele gemeentede tereg gekom tydens die tughandeling. Die uitdaging vir die Kerk in die uitvoering van hierdie taak en verantwoordelikheid is daarom baie groot.

In die begroning van tugpastoraat is aangetoon dat sekere aspekte ononderhandelbaar is wanneer pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling ter sprake is. Die korrekte mensbeskouing, God se verbondsliefde wat onbegrens is, die regverdiging wat slegs deur geloof plaasvind en nie deur goeie werke nie, die kruisdood van Jesus wat verlossing en versoening bewerk, die geloofsgemeenskap wat die draer van die boodskap van genade en vergewing is, en die herderbeeld wat telkens in die Bybel voorkom, is die diepste rede vir die tugpastoraat.

Hierdie sake het nie aan die orde gekom tydens die tughandeling van die respondente wat tydens die ondersoek genader is nie. Hulle het deurgaans aangetoon dat dit die ideaal is, maar dat dit in die praktyk slegs woorde en teologie bly. Daar is nie hande en voete wat die boodskap na die noodlydende dra en aangee nie. Daar is wel beskuldiging, vingerwysing en teregwyding, maar geen onderwysing of rintingwysing na die uitkoms wat God in Jesus Christus deur die Heilige Gees bied nie.

Die gemeente se onderlinge sorg, die Kerkraad se gemeentebouprogramme en die breë kerkverband se amptelike pastorale sorg is deeglik verken en word as minimum verwagting gestel wanneer dit by tugpastoraat ter bespreking kom. Hiervan kom daar egter weinig tot niks tereg in die praktyk nie. Enkele gelowiges se hulpverlening en ondersteuning vervang egter nooit die professionele en kundige begeleiding wat op alle vlakke van die noodlydende se lewe behoort te funksioneer nie. Onvoorwaardelike liefde, diens, gebede, verdraagsaamheid en vergewensgesindheid, gemeenskap en eenheid, vrede en bemoediging behoort deel te wees van elke geloofsgemeenskap se mondering wanneer iemand swaarkry en ly.

Ook aan die predikant word eise gestel tydens die tughandeling. Hiervoor sien die respondente kans en is hulle bereid om die verantwoordelikheid te aanvaar. Hulle gaan

egter hiervoor hulp nodig hê. Die take wat hul moet onderneem, sluit die erkenning van skuld en die aanvaarding van verantwoordelikheid in, berou en belydenis, die aanvaarding van vergifnis (ook selfvergifnis) en die uitreik en strewe na 'n nuwe lewe as getransformeerde mens.

Die funksie van tugpastoraat is omskryf as 'n vyfledige taak naamlik genesing, bystand begeleiding tot groei en ontwikkeling, versoening en koestering. Alle respondente het hierdie funksie onderskryf en ook in dieselfde asem die Kerk aangekla omdat daar geen begeleiding is tot die bereiking van die strewe nie. Die Kerk sal hand in eie boesem moet steek om so te kom tot die aanvaarding van die verantwoordelikheid van die taak tot die bereiking van hierdie doelstellings.

Deurlopende begeleiding wat funksioneel, professioneel en effektief is, word vir die tugpastoraat voorgehou. Hiervan kom weinig tot uitvoering wanneer die huidige tughandelinge plaasvind. Daar is dus 'n behoefte aan beplanning, assessering, monitering, korrigerende, rekorrigerende en verslaggewing om so te kom tot 'n deursigtige, regverdigende en billike tugproses.

4.8. Samevatting

Hoofstuk 4 is 'n beskrywing van die empiriese gedeelte van die navorsing soos verwoord in die doelstelling. Die navorsingsmetodologie is volledig bespreek deur te wys op die doel en voortvloeiende navorsingsvrae wat deur die kwalitatiewe metode ondersoek is. 'n Gestruktureerde onderhoudskedule is saamgestel wat antwoordkategorieë tipe vrae en oop vrae insluit. Ses deelnemers is telefonies genader vir onderhoude wat elk ongeveer 'n uur en 'n half geduur het.

Die verloop van die empiriese navorsingsproses is volledig bespreek, waaronder die onderhoudskedule en ingeligte toestemmingsbrief, identifisering en nadering van respondente vir onderhoude, teken van ingeligte toestemming, voer van persoonlike onderhoude, verwerking van die inligting, en die interpretasie en tematiese verwoording daarvan.

Die onderhoudskedule is saamgestel en in vier afdelings verdeel. Afdeling A: Die tughandeling as proses (Vraag 1), Afdeling B: Die tughandeling en die gevoelsbeleving van skuld en skande (Vraag 2 – 15), Afdeling C: Die tughandeling en pastorale begeleiding (Vraag 16-23), Afdeling D: Die tughandeling en addisionele informasie (Vraag 24-33).

Elke respondent se situasie verskil en die informasie soos wat dit op die onderhoud impakteer is, weergegee. Die informasie wat tydens die onderhoude verkry is, is getabuleer en geanaliseer. 'n Tematiese geheelbeeld is verkry deur die navorsingsvrae en die informasie te interpreteer.

4.9. Sleutelstellings

Na aanleiding van die vrae soos gestel aan die begin van hierdie hoofstuk en die ondersoek daarna, word die volgende sleutelstellings gemaak:

Vraag 4(a) Wat is die spesifieke navorsingsmetodologie wat vir die empiriese deel van die studie gebruik word? Dit sluit die navorsingsdoel, navorsingsvrae, navorsingsmetode, -tegnieke en deelnemers aan die navorsing in.

Sleutelstelling 4(a)

Hierdie studie ondersoek die wyse waarop die N.G. Kerk predikante tydens die tughandeling begelei om die gevoelens van skuld en skande te verwerk. Die navorsingsvrae ondersoek die doelstelling ten opsigte van

- die moontlike bydrae wat die tughandeling as proses tot die ontstaan van die gevoel van skuld en skande lewer
- die aard en funksie van die gevoelens van skuld en skande soos tydens die tughandeling beleef
- die pastorale begeleiding vanuit 'n amptelike en professionele perspektief tot die hantering en verwerking van die skuld en skande emosie.

Hierdie navorsing is 'n kwalitatiewe ondersoek, wat deur middel van 'n gestruktureerde onderhoudskedule, persoonlike onderhoude met 6 respondente wat die tughandeling ervaar

het, gevoer het.

Vraag 4(b) Wat is die proses wat die empiriese navorsing vir hierdie studie kenmerk?

Sleutelstelling 4(b)

Die verloop van die empiriese navorsingsproses was:

- 'n onderhoudskedule en ingeligte toestemmingsbrief tot deelname is saamgestel
- ses respondente is geïdentifiseer en telefonies genader vir onderhoud
- respondente teken ingeligte toestemming tydens onderhoud
- die navorser voer persoonlike onderhoud met elke respondent deur van die gestruktureerde onderhoudskedule gebruik te maak
- die navorser verwerk die inligting wat tydens die onderhoud bekom is
- die inligting is geïnterpreteer en tematies verwoord.

Vraag 4(c) Hoe word die onderhoudskedule gestruktureer en saamgestel?

Sleutelstelling 4(c)

Die onderhoudskedule is in vier afdelings verdeel met vrae wat deur antwoordkategorieë bepaal word en ook oop tipe vrae waar die respondent sy eie mening en gevoel kon verwoord.

- Afdeling A: Die tughandeling as proses (Vraag 1)
- Afdeling B: Die tughandeling en die gevoelsbeleving van skuld en skande (Vraag 2 – 15)
- Afdeling C: Die tughandeling en pastorale begeleiding (Vraag 16-23)
- Afdeling D: Die tughandeling en addisionele informasie (Vraag 24-33)

Vraag 4(d) Wat is die kontekstuele faktore van elke onderhoud?

Sleutelstelling 4(d)

Elke respondent se kontekstuele situasie verskil en die dinamika hiervan soos wat dit op die onderhoud impakteer, is saaklik aangedui onder die noemers van toestemming, plek, voorkoms, kommunikasie, behandeling van navorser en afloop van die onderhoud.

Vraag 4(e) Watter inligting is tydens die onderhoude verkry?

Sleutelstelling 4(e)

Die informasie wat tydens die onderhoude verkry is, is getabuleer en geanaliseer volgens die afdelings en vrae wat gestel is. Elke respondente se antwoorde is afsonderlik en daarna gesamentlik gedokumenteer.

Vraag 4(f) Wat is die temas wat na vore kom wanneer die inligting van die onderhoude geanaliseer word?

Sleutelstelling 4(f)

‘n Tematiese geheelbeeld is verkry deur die navorsingsvrae en die informasie te interpreteer. Die navorsingsvrae word as volg beantwoord:

- **Gevolgtrekking 1A:** Ja, hierdie studie bevestig die bydrae wat die tughandeling lewer tot die ontstaan en beleving van skuld en skande wanneer predikante die tughandeling ervaar.
- **Gevolgtrekking 1B:** Predikante beleef die gevoelens van skuld en skande baie intens tydens die tughandeling. Hulle ervaar die emosies van skuld en skande beide op ‘n positiewe en negatiewe wyse.
- **Gevolgtrekking 1C:** Nee, daar is geen amptelike begeleiding vir predikante wat die tughandeling ervaar nie. Slegs enkele gemeentelide en persone van ander denominasies het enigsins bemoeienis gemaak. Predikante word op geen wyse ondersteun en gehelp om die emosies van skuld en skande te verwerk nie.

Wounded oysters build out of gory wounds
a pearl. And create within the gap of pain
a jewel.

May we be so wise.

Richard Shannon
The Peacock and the Phoenix

(Campbell, 1981:37)

HOOFSTUK 5

PRAKTYKTEORIE

Strategiese voorstel vir ‘n verbeterde praktykteorie in die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die tughandeling.

5.1. Inleiding

‘n Verbeterde praktykteorie word hier in Hoofstuk 5 aangebied as ‘n oorspronklike bydrae tot die saak wat in hierdie studie ondersoek is. Dit volg op die hermeneutiese interaksie tussen die resultate van die empiriese ondersoek en die beskrywing van die literatuurnavorsing. Die insigte wat so bekom is, lei tot nuwe konsepte en dra by tot die herstel of aanpassing van die bestaande praktyk van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling in die verwerking van skuld- en skandgevoelens.

My basiese uitgangspunt is dat dit die Kerk en al die gelowiges tot groter voordeel sal wees, indien die Kerk tydens die tughandeling alles binne sy vermoë sal doen om die predikant te behou vir die Kerk, eerder as om van die persoon ontslae te raak deur permanente verlies van ampsbevoegdheid.

God tree in verhouding met mense deur Sy Gestuurdes – Sy Seun en die Heilige Gees – om Sy Woord van hoop, genade en ‘n nuwe lewe onder Sy koningskap te realiseer. Sy begenadigdes – die Kerk – word nou geroep om soos Hy te wees, en om in Sy plek en namens Hom, Sy Woord van hoop en genade te bemiddel aan die wêreld, maar ook aan mekaar.

Die vertrekpunt is dus nie die breekbare kleipotte nie, maar die genade van God wat Sy dienaars transformeer tot heiliges en regverdiges, wat met die paradoks moet saamleef dat hulle nog steeds sonde doen. Teen wil en dank sonde doen. Sonde tot oneer van God en onheil van die Kerk en tot skade van die gelowige self.

Met hierdie gelowige sondaar moet en wil God handel. Met hierdie gelowige sondaar moet en sal die Kerk handel. Selfs wanneer hierdie mens die amptelike, geestelike leier van die

gemeente is. Maar hoe? Volgens God se voorbeeld en volgens Sy Woord. In dié voorbeeld en met die Woord van Sy Seun Jesus Christus, die Hoof van die Kerk. Teologie en praktyk ontmoet, om die moeisame pad van gebroke menswees en geheiligde menswees saam te loop. Ook wanneer die pad deur die noutes van die tughandeling gevind moet word. Suiwer Gereformeerde Skrifwoord vereis suiwer Gereformeerde Skrifhandeling. Wanneer daar 'n diskrepans ontstaan moet dit onverwyld reggestel word. Skrifwoord en Skrifhandeling kontroleer mekaar en die formele handeling wat hieruit voortvloei, is opbouend, herstellend, vergewensgesind, berouvol, transformerend en fokus op 'n diensbaarheid binne en buite die Kerk.

Ontslag en verlies van ampsbevoegdheid moet die allerlaaste uitweg wees met 'n predikant wat deur 'n tugondersoek skuldig bevind word. Hierdie krisistyd moet eerder prosesmatig benut word deur die predikant om hom te bekeer, te transformeer en die roeping van God weer/opnuut te hoor. Die Kerk moet soos God wees en namens Hom optree in dienende, vermanende, leidinggewende hoedanigheid. Die krisis moet 'n katarsis wees vir predikant en gemeente en betrokkenes.

Dit vrywaar nie die predikant om met “moord” weg te kom nie. Hy moet verantwoordelikheid aanvaar, die saak met God en mense uitklaar, met 'n nuwe roepingsbewustheid weer beskikbaar wees vir die bediening – op dieselfde plek of andersins – en die Kerk kan hierdie proses op 'n beter manier assessee, moniteer en begelei. Omdat daar soveel op die spel is vir al die belanghebbende partye, is die kerklike tugproses uit die aard van die saak traumaties.

Hierdie ondersoek gaan van die voorveronderstelling uit dat die prosesse van Artikels 59-66 'n uiterste krisis in die lewe van die mense van die Kerk teweeg bring. Dit is wel te bedink dat die “angel” van die tughandeling, naamlik die destruktiewe negatiewe element daarvan beheer kan word, indien sekere teologiese en praktiese aspekte in aggeneem word. Die tughandeling kan 'n positiewe, versterkende en geloofsopbouende geleentheid wees vir alle betrokke partye. Die evangeliedienaar se belewing van “slagoffer” kan grootliks omkeer in 'n belewing van “versorgde”.

Drie vereistes vir so 'n geloofskatarsis is:

- 'n suiwer teologie van die Bybelse beginsels van die voltrekking van die tughandeling
- 'n praktyk wat deursigtig, objektief en meetbaar is en
- 'n gesamentlike geestelike- en pastorale geloofspad wat alle betrokkenes in die proses verryk en in hul geloof versterk.

Skande en oneer is 'n integrale deel van die belewing van die predikant tydens die tugproses in die N.G. Kerk. Daarmee gepaardgaande en onlosmaaklik verbonde, is die gevoelens van skuld en verlies. Hierdie gevoelens kan veral gedurende die drie prosesse van die tughandeling, maar ook baie lank daarna ervaar word as stigmatiserend, traumatiserend en marginaliserend.

Die predikant beleef hierdie gevoelens eerstens op amptelike, maar ook op persoonlike vlak. Die gevoelens word verder in die dimensie van die teologiese, intellektuele, spirituele en emosionele aspekte van sy persoon. Dit omsluit die predikant se hele menswees en identiteit. Die effek hiervan vir die predikant is 'n afbrekende, bindende en immobiliserende negatiewe mag.

Dit is die hoë roeping van die Kerk om medeverantwoordelikheid te neem vir die proses van die tughandeling en vir die pastorale versorging van die evangeliedienaar. Die Kerk en verantwoordelike kommissies en vergaderings moet hierdie taak met die grootste nougesetheid en empatie beoefen, sodat Christus se liefde, vergifnis, genade en toekomsvisie vir die persoon(e) en Kerk daardeur realiseer. In die hede moet die negatiewe van die verlede afgehandel word en die deure na die toekoms moet ontsluit word.

Die sleutelmag van die Kerk moet ook aangewend word om met die verlede klaar te speel en dit te bind sodat die gelowiges saam 'n nuwe heerliker toekoms kan binnegaan. Die geloofsgemeenskap het nie alleen die verantwoordelikheid om tugmatig teenoor die predikant wat in sonde geval het op te tree nie, maar ook en veral om die proses van herstel te inisieer, te beplan, te begelei, te monitor en af te sluit. Dit is die taak van die geloofsgemeenskap om die destruktiewe krisis af te takel en om die basis van vergifnis, hoop en verwagting te skep.

Die volgende vrae sal die struktuur en inhoud van die hoofstuk bepaal.

- Vraag 5(a) Hoe kan tugpastoraat 'n groter bydrae lewer tot die bereiking van die doelstellings van die tughandeling?
- Vraag 5(b) Wat is die bydrae van die verskillende ampte binne die Kerk in die verbetering van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling?
- Vraag 5(c) Hoe kan die funksionele aspekte van die tugpastoraat tot sy reg kom binne die gebeure van die tughandeling?
- Vraag 5(d) Op watter wyse kan die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling in 'n groter mate die kerklike karakter daarvan weerspieël?
- Vraag 5(e) Hoe kan 'n holistiese pastorale begeleidingsmodel groter stukrag verleen tot 'n verbeterde praktyk ten opsigte van die tughandeling van predikante?
- Vraag 5(f) Op watter wyse kan die tugpastoraat 'n rol speel in verantwoordbare optrede tydens die tughandeling?
- Vraag 5(g) Hoe kan deurlopende pastorale begeleiding die huidige praktyk tydens die tughandeling van predikante verryk?
- Vraag 5(h) Op watter wyse kan die Kerk in die begeleiding van predikante tydens die tughandeling die intensiteit van negatiewe skuld- en skandgevoelens beperk en die suksesvolle verwerking daarvan vergroot?

Hierdie hoofstuk word dus gestruktureer rondom die begrip begeleiding. Die fokus is op pastorale begeleiding wat aan sekere vereistes voldoen. Die indeling van die hoofstuk weerspieël hierdie fokus. Hierdie bespreking is dan die voorstel tot 'n verbeterde praktykteorie.

- **Doelgerigte begeleiding.** Eerstens word die pastorale begeleiding van predikante ten nouste verbind aan die doelstellings van die tughandeling.
- **Amptelike begeleiding.** Tweedens word die amptelike karakter van begeleiding bespreek soos wat dit onderskeidelik in onderlinge sorg, amptelike prosedures deur gemeentebou en professionele pastorale intervensie, onderskei kan word.
- **Funksionele begeleiding.** Die funksie van pastorale begeleiding tydens die tugproses kom vervolgens aan die beurt. Hieronder word die uitkomst van genesing, bystand, begeleiding, versoening en koestering bespreek.
- **Kerklike begeleiding.** Vierdens word begeleiding bespreek as 'n weerspieëling van die kerklike aard en karakter daarvan. Dit sluit die eis van begeleiding volgens

die Woord en Belydenisskrifte in.

- **Holistiese begeleiding.** In die vyfde plek word die holistiese aard van die begeleiding van predikante tydens die tugproses onder oë geneem. Hiermee word die fisiese, psigiese, emosionele en geestelike eise verwoord.
- **Verantwoordbare begeleiding.** In die sesde plek word verwys na die toepassing van die kerkordelike prosedures en die billikheid en regverdigheid wat die begeleidingsproses sal kenmerk.
- **Prosesmatige begeleiding.** In die sewende plek word die eis van deurlopende begeleiding bespreek aangesien die begin en voltooiing van die tughandeling nie die begin en afsluiting van die pastorale begeleiding veronderstel nie. Die prosesmatige aard van die tughandeling en die tugpastoraat is van toepassing.
- **Beperkende- en verruimende begeleiding.** Laastens word die beperking van die negatiewe aspekte van skuld- en skandgevoelens bespreek deur te let op die beperking van die negatiewe aspekte daarvan en die vergroting van die suksesvolle hantering daarvan.

Ek vind aansluiting by Lyall (1995:95) wat 'n eensydige siening van die pastoraat as onvoldoende beskou en ook dat daar slegs een praktiese benadering sal wees. Hierdie studie wil 'n breër platform skep vir die pastoraat tydens die tughandeling.

5.2. Doelgerigte begeleiding

Vraag 5(a) is van toepassing. Hoe kan tugpastoraat 'n groter bydrae lewer tot die bereiking van die doelstellings van die tughandeling?

Die tughandeling en die pastorale begeleiding soos wat dit van toepassing is op predikante, kan nie sonder deeglike verdiskontering van die doel van die optrede verstaan word nie. Indien die doel voor oë gehou word tydens die hantering van die proses van die tughandeling sal die ervaring sinvol wees en die verwerking positief verloop. Die empiriese navorsing het getoon dat respondente oorwegend negatief geoordeel het oor die bereiking van die doel van die tughandeling. Begeleiding sal dus moet fokus op twee aspekte ten opsigte van die doel van die tughandeling.

- Eerstens sal die doel deurentyd as die mikpunt en uitkoms van die proses gereken

word.

- In die tweede plek sal die begeleiding klem plaas op die bereiking van die doel as hoogste ideaal en strewe.

Dit beteken konkreet dat die volgende sake deurentyd op die agenda sal wees tydens toepassing van die tugproses en begeleiding.

5.2.1. Die eer van God.

‘n Doel ten opsigte van God: dit is noodsaaklik en ononderhandelbaar dat diegene wat wel die tughandeling beleef, en al die betrokkenens, die beleving sal hê dat dit tot God se eer plaasvind. Soos met alle ander sake in die Kerk en geloofsgemeenskap staan die eer van God voorop. Die tughandeling kan nie beleef word as ‘n “sirkus”, of ‘n proses wat maar “deurgedraf word”, of ‘n “karikatuur” wat ver verwyderd is van die eer van God nie.

5.2.2. Die heil van die Kerk.

‘n Doel ten opsigte van die gemeente: die gemeente het die onvervreembare reg om nie slegs tydens die normale gang van sake bedien te word met ‘n volle program waartydens die geestelike geloofsopbou voorrang geniet nie, maar ook en veral ook tydens traumatiese momente in die lewe van ‘n predikant en die gemeente soos tydens die tughandeling.

Die geestelike en emosionele ontwrigting van die gemeente moet volledig verstaan en hanteer word. Die gemeentebediening moet voortgaan sodat die gemeente opgebou en toegerus sal wees vir hulle dienswerk en sodat die Here van die Kerk daardeur verheerlik sal word.

Net so behoort die welwese van die geloofsgemeenskap uiters belangrik geag te word tydens die tugproses. In alle gevalle het dit geblyk dat die gemeentes in die tyd van die tughandeling geestelik onversorgd gelaat is en dat daar letterlik maande verloop het sonder beplande en deurlopende bediening. Dit het ‘n negatiewe uitwerking op die persoonlike geloofslewe van gemeentelede en ook op die algehele geestelike peil van die gemeente. Dit beïnvloed verhoudings negatief en dwing lidmate om na ander gemeentes te gaan waar die bediening ongestoord beleef kan word. Die finansiële posisie van gemeentes word ook

hierdeur geaffekteer en maak die voorsetting van die bediening na afloop van die tughandeling baie moeilik. Wanneer dit alles in aggeneem word, is dit duidelik dat die toepassing van die tughandeling en die begeleiding daar tydens, hoogste prioriteit sal geniet. Gemeentes funksioneer en groei omdat predikante geestelike werk verrig en die take vervul soos in Die Kerkorde (2007) aan hom opgedra. Wanneer hierdie persoon vanweë die tughandeling verhinder word om vir etlike maande nie sy ampspligte te vervul nie, veroorsaak dit grootskaalse probleme. Die Kerk sal nie 'n dowe oor kan draai vir die roep van iemand om in hierdie tyd in die bres te tree en die werk voort te sit nie. Die bediening van brugpredikante kan grootliks voorkom dat die “heil van die Kerk”, as tugdoel, versaak word. Dit sal ook die toekomstige bediening van die herstelde ampsbevoegdheid en voortgesette bediening vergemaklik.

Volledig ingeligte gemeentelêde sal beter in staat wees om met die uitdagings van die tughandeling te handel as mense wat uitgesluit en ongingelig is. Hulle sal in staat wees om perspektief te behou en om hul taak as onderlinge sorggewers na te kom.

‘n Toegespitste program van herstel en opbou sal in die tyd van die tughandeling en daarna die deurslag gee vir die suksesvolle voortgang van die gemeentelêde en die gemeentebediëning. Dit veronderstel natuurlik dat die gemeente deurlopend met verrykende programme ook vooraf toegerus word om die uitdagings wat die effek van sonde bring, te kan hanteer.

5.2.3. Die behoud van die sondaar.

‘n Doel ten opsigte van die sondaar: wat die predikant self betref, is die fokus op die behoud van die sondaar as tugdoel, krities belangrik. Skrywer se betoog is die beskerming van ampsbevoegdheid. Vanaf die eerste gerug of klag, behoort dit die verantwoordelike persone se fokus te wees om die ampsbevoegdheid van predikante te beskerm. Skrywer stel dit weereens baie duidelik. Dit beteken nie dat predikante *carte blanche* ontvang, om in leer en lewe te doen net soos dit hulle behaag nie. Nie eens naastenby nie! Maar indien die gevolge van die ontneming van ampsbevoegdheid deeglik verreken word, is die koste werklik baie hoog. Geestelik, emosioneel, persoonlik en ook gesamentlik dra almal later die littekens van die krisis van die tughandeling. Ek pleit dus vir ‘n dieper motivering om

die ampsbevoegtheid van predikante te beskerm eerder as om dit sonder 'n oogknip op te hef.

Die Kerk is verantwoordelik om kreatiewe maniere te ontwikkel waardeur 'n geroepe persoon wat geval het, weer kan opstaan en die wedloop met volharding, enduit kan voltooi. Wat baat dit die kerk indien die kerk nie die genade kan vind om selfs hulle leiers nie te spaar nie, maar oor te lewer aan 'n bestaan waarvoor hulle nie geroep is nie!

Begeleiding en die hantering van die tugproses sal dus die behoud van die predikant in alle opsigte vergestalt. Sy geestelike, emosionele, psigiese en amptelike welwese word in gedagte geroep. Die terapeutiese dimensie van die tughandeling sal deur verantwoordbare pastorale sorg bereik word, en die proses sal bestuur word as 'n konstruktiewe poging om op te tree teenoor dit wat verkeerd is en verkeerd gedoen is. Dit kan egter nie die gevoel laat van negatiewitiet en verbittering nie.

Visser (1982:122-125) voeg 'n vierde doel van die tughandeling by naamlik 'n doel ten opsigte van die bediening. Dit gaan oor die reinheid van die bediening. Die bediening en ampsuitoefening staan in direkte verband met die heilige God en daarom moet dit rein en suiwer bewaar word. Om hierdie rede is daar dus geen "versagtende omstandighede" wanneer 'n predikant oortree nie, want die bediening word daardeur geraak en ten seerste God self (2 Korinthiërs 6:3). Daarom moet die bediening heilig geag word, heilig beoefen word en heilig bewaar word. Begeleiding sal elke tree van die weg hierdie bedoeling realiseer.

5.3. Amptelike begeleiding

Die volgende vraag is van toepassing. Vraag 5(b) Wat is die bydrae van die verskillende ampte binne die kerk, in die verbetering van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling?

Die kerk en geloofsgemeenskap sal in persoon, in amptelike hoedanigheid en breër kerklike verband, afsonderlik en gesamentlik, verantwoordelikheid moet aanvaar vir die proses van die tughandeling, sowel as die begeleiding van die predikant.

5.3.1. Begeleiding as onderlinge sorg – eerste vlak

Die betrokkenheid van die gemeente word bevraagteken by die huidige proses. Behoort die geloofsgemeenskap nie juis direk betrokke te wees by die traumatiese gebeure nie? Nee, dit is nie goed genoeg om dit deur die ampte alleen te doen nie en ja, dit is verstaanbaar dat die ampte die proses moet fasiliteer, maar die gemeente behoort self deel te wees van die hele proses omdat hulle direk daarby betrokke is. Hulle word ook in alle opsigte deur die negatiewe van die tughandeling geraak. Dit is hulle predikant wat in die moeilikheid is. Dit is hulle wat ook verantwoordelikheid vir die situasie moet aanvaar. Nee, die gedagte is definitief nie om die intieme detail van die saak aan die groot klok te hang nie, maar om wel die liefdes- en geloofsgemeenskap te aktiveer tot aktiewe betrokkenheid. Sê die Woord dan nie “As een lid swaarkry, kry al die lede saam swaar,...” nie? (1 Korintheërs 12:26a, Nuwe Afrikaanse Vertaling).

Daar sou met reg gevra kon word: Hoe funksioneer die Kerk as ‘n geloofs- en liefdesgemeenskap wanneer die opsig gehou en tug uitgeoefen word? Kom die ware aard en karakter van die geloofsgemeenskap na vore in die tugproses? Is die geloofsgemeenskap werklik aktief betrokke om in geloof en liefde die trauma van die tug te fasiliteer vir die predikant en self? Hoe verstaan ons die begrip geloofsgemeenskap wanneer dit gaan oor die trauma van tug? Is daar gedeelde lyding of is die betrokkenes individuele partye wat elkeen maar die trauma op sy eie deurleef? Beteken die “gemeenskap”, kritiese geloofsolidariteit met mekaar tydens die tughandeling?

Begeleiding as onderlinge sorg, is die eerste vlak van pastorale omgee tydens die tughandeling. Dit sluit die volgende in.

- **Begeleiding as die toon van ware en onvoorwaardelike liefde**

Die mens in nood kan alleen bereik word deur ‘n uitreik in ware en onvoorwaardelike liefde. Hierdie behoefte is ondubbelsinnig uitgewys deur die empiriese navorsing. Predikante het nodig om te beleef dat die gemeente en ander belanghebbendes hulle liefhet met ‘n onvervalste Christusliefde. Hy is deel van die gemeente en behoort met die nodige liefdesagting behandel te word. Hierdie liefde word nie slegs van enkele lidmate gevra nie, maar is die eis aan almal.

- **Begeleiding as diensgestalte van die evangelie**

Jesus is die voorbeeld van ware diensgerigtheid. Hy was ingestel op die behoeftes

en nood van die mense met wie Hy in aanraking was. Hy het geen steen onaangeraak gelaat om Sy hulp aan te bied nie. Hy het telkens 'n reuse verskil in die lewens van noodlydendes gemaak. So is dit die taak van die geloofsgemeenskap om tydens die tughandeling die predikant prakties by te staan en te ondersteun. Gelowiges moet mekaar en die betrokkenes dien in nederige aanwending van die gawes wat aan elkeen gegee is. Die nood van predikante en hul gesinne is baie groot en kompleks tydens die tughandeling en geloofsgenote moet die hand uitsteek en hulp betoon.

- **Begeleiding deur volgehoue voorbidding**

Predikante het nodig om te weet dat mense vir hulle bid en dat mense saam met hulle bid. Jesus se gebede het Sy dissipels so geïnspireer dat hulle Hom versoek het om hulle in die wonderwêreld van gebed in te lei. Geloofsgenote moet in die Naam van Jesus volhardend bid vir die noodlydendes tydens die tughandeling. Die gebed bring hoop en gee troos.

- **Begeleiding as die gee van vergifnis**

Die tugproses is soos 'n dief. Dit stroop predikante van hulle menswaardigheid. Dit ontnem hulle van hulle eer. Hulle voel verstoot en verlaat. Selfveragting rig verwoesting aan in hulle innerlike wese. Defektiwiteit en die gevoel van verguising groei soos 'n geestelike kanker. Dit is dan nodig dat almal wat by hierdie proses betrokke is deur die genade van God oorrompel sal word. Getransformeer sal word. Meer as oorwinnaars sal wees. 'n Getuienis sal wees van die genade van God en die krag van die geloofstekens van die verbond! Vergifnis sal die botoon voer. Haatdraendheid en onvergewensgesindheid sal wortel en tak uitgeroei moet word. Mense sal mekaar vergewe ten spyte van die gebeure en verskille, konflik en geskille, as medegelowiges wat deur God vergewe is.

- **Begeleiding as saamleef in liefdeseenheid en geloofsgemeenskap**

Die predikant en geloofsgemeenskap is afsonderlik en gesamentlik verantwoordelik vir die uitkoms van die tugproses. Die predikant moet toerekeningsvatbaar wees vir die oortreding, verantwoordelikheid aanvaar vir die gevolge en met 'n nuwe roepingsbewustheid die toekoms betree. Die geloofsgemeenskap moet die Here teenwoordig stel tydens die tugproses en deur die geloofsmiddele van genade, geduld, geloof, liefde, gemeenskap, vrede, vergifnis en vreugde, die proses fasiliteer tot eer van die Here en tot heil van die Kerk met die behoud van die

sondaar as resultaat. Die band wat die gelowiges bind, behoort tot sy volle reg te kom en liefde behoort die botoon te voer.

Dit beteken konkreet dat almal saam sal ly indien een ly. Wanneer dit die predikant is wat die tughandeling deurgaen, sal die lede van die liggaam ook sy laste dra en sorg teenoor hom uitoefen. Die ondersoek toon dat predikante reeds met die eerste gerug of klagstaat in isolasie geplaas word. Dit is geheel en al in botsing met die wese van die Kerk en haar bestaan as liggaam van Christus. Dit wil voorkom dat die bekendmaking van die probleem, onmiddellik 'n wig indryf tussen predikant en gemeente. Hierdie skeiding word vergroot indien die predikant tydelik gestuit word, hangende die uitslag van die tugverhoor. Die empiriese navorsing het hierdie behoefte belig.

Navorser betoog dat die kerklike opsig as begeleidende en ondersteunende instrument gebruik sal word tydens die tughandeling. Is dit nie juis hier waar predikante en ander geïmpliseerdes besonderlik die gemeenskap van die gelowiges sal beleef nie? Is dit nie reeds die geleentheid om met alle bewoëndheid by mekaar betrokke te wees nie? Die voorbeeld hieronder sal die saak verhelder.

Stuïting in die amp veroorsaak onmiddellike skeiding tussen die predikant en die gemeente en die Kerkraad onderling. Stuïting verwyder die predikant van die liefdesgemeenskap op 'n besondere "hardhandige" wyse. Hiermee word die beginsel van stuïting nie betwis nie, maar die wyse waarop dit verdere nadelige gevolge vir al die betrokke partye inhou, word bereken. Skuld- en skandgevoelens se negatiewe effek kan blywend van aard wees indien elke deel van die tughandeling nie deeglik deurspoel is met Gods genade nie.

- **Begeleiding deur die handhawing van vrede en die fasilitering van konflik**

Die tughandeling is 'n tyd van konflik en onvrede. Die predikant is midde in hierdie situasie. Soms is hy ook die oorsaak van verdere konflik en ongelukkigheid. Nietemin bly dit die dure verantwoordelikheid van alle betrokkenes om met 'n sagmoedige gees op mekaar ag te gee en mekaar te verdra en te vergewe. Hierdie eis is basies en die vertrekpunt vir herstelde verhoudings tydens die tughandeling. Dit kom weereens daarop neer dat geloofsgenote aan mekaar hulp en ondersteuning

verskuldig is, en dit spesifiek wat betref die onenigheid en ongelukkigheid in verhoudings wat skeefgeloop het.

- **Begeleiding as bemoediging en ondersteuning**

Predikante is dikwels moedeloos, en in die put van negatiewe tydens die prosesse van die tughandeling. In hierdie tye is die gelowige die draer van goeie nuus en die aankondiger van hoop. Geloofsgenote se aanmoediging, bemoediging en aktiewe betrokkenheid kan die groot verskil teweeg bring in die wyse waarop die tughandeling beleef en verwerk kan word.

5.3.2. Begeleiding as gemeentebou – tweede vlak

Op watter wyse vul die amptelike kerkvergaderinge en hulle gevolmagtigdes die roeping van die gelowiges aan en hoe kan die gelowiges self betrokke wees by die taak aan hulle opgedra? Is hier 'n teologiese en praktiese karakter van die opsig en tughandeling wat sterker behoort te funksioneer as wat dit huidiglik gebeur?

Ook hier by die tughandeling het die ampte groot verantwoordelikheid teenoor veral die predikant, maar ook teenoor al die ander betrokkenes. Die verwagting is dat daar deur beplande huisbesoek en ander besoeke op gereelde basis bemoeienis met die noodlydendes gemaak sal word deur veral die ouderlinge. Hierdie minimum verwagting sal 'n groot verandering teweeg bring in die ervaring van omgee en koestering wat die predikant in hierdie tyd ervaar. Dit sal ook die nodige solidariteit en ondersteuning bied. Verder sal dit 'n bewys wees dat die Kerk haar opdrag ernstig neem en dat die ampte hierin die voorbeeld stel. Die diakonie sou ook 'n rol speel in die bestaansnood wat dikwels in hierdie tyd beleef word met die opskorting van traktament en ander voordele.

5.3.3. Begeleiding wat intensioneel en professioneel pastoraal van aard is – derde vlak

Op die professionele vlak van pastorale begeleiding is dit egter die Ringspredikante wat die voortou moet neem in die pastorale begeleiding van die predikant. Die Ringsbroeders kan op grond van hulle verantwoordelikheid teenoor mekaar nie die geleentheid om te begelei, te ondersteun, te bemoedig maar ook meer as dit naamlik om die pad enduit saam te stap, negeer nie. Die huidige stelsel laat soos aangetoon min ruimte om as regter en

begeleier op te tree. Die een aspek kry prioriteit en dit is dikwels die kerkordelike tugproses wat seëvier.

Die hulp wat die Ringspredikante lewer, sou nie net individuele en spontane hulp veronderstel nie. Daar is ook die dure plig om op beplande en georganiseerde wyse die geskikste persone aan te wys om as begeleiers vir die predikant op te tree. 'n Interdisiplinêre span is ook hierby inbegrepe. Aangesien die tughandeling en die effek daarvan kompleks en meer fasette het, kan die kundigheid en kennis van 'n span nie buite rekening gelaat word nie. Aangesien dit ook betoog word dat die hele proses van die tughandeling gefasiliteer moet word deur die begeleiding van die predikant, kan 'n professionele spanbenadering ook meer stukrag verleen oor 'n langer tyd.

Dit beteken egter nie dat die kerk die predikant slegs maar sou verwys na ander professionele persone nie. In die heel eerste plek is die predikant deel van die geloofsgemeenskap en moet die kerk self hierdie begeleidingswerk inisieer en onderneem. Slegs indien ander kundigheid benodig word na aanleiding van die spesifieke konteks, kan buite-kerklike begeleiding ingespan word.

- **Begeleiding vanuit 'n verhouding van integriteit**

Predikante wat die tughandeling beleef, het nodig om verseker te word van die onkreukbare integriteit van die persone wat by die proses betrokke is. Die tughandeling laat baie onsekerheid en alles en almal betrokke word bevraagteken. In hierdie situasie moet die begeleiers dan bo verdenking staan en met volledige eerlikheid hulself en hulle begeleiding aanbied. LaHaye (1990:170) voeg by dat die taak van die begeleier(s) hoë eise stel, onder andere die van “high integrity, people who pledge to keep every discussion and all facts confidential”.

- **Begeleiding as medelydende – priesterlike vereenselwiging**

Om alleen te staan in tyd van trauma vergroot die negatiewe beleving daarvan eksponensiëel. Wanneer die professionele begeleiers hulself volledig met die predikant se krisis kan identifiseer en hul vereenselwig op die wyse van priesterlike bewoëndheid, sal die kanse op suksesvolle verwerking en hantering van die krisis vergroot word.

- **Begeleiding as konfrontasie – profetiese verkondiging**

Dit alles beteken nie dat die predikant sonder meer verskoon sal word vir die

oortreding nie. Hy sal verantwoordelik gehou word vir elke daad en woord. Met hierdie taak op die skouers van die professionele begeleiers sal hulle ook die profetiese roeping nakom om te konfronteer en uit te daag om die saak in die reïne te bring. Adams (1973:137) sê: “Man in misery needs hope.” Hierdie hoop is reeds vanaf die begin aan mense beloof. Ook die predikant behoort te weet dat God se bemoeienis hoop bring. Hierdie boodskap mag nie agterweë gelaat word met die begeleiding van die predikant tydens die tughandeling nie.

Die amptelike begeleiding wat deur die tugpastoraat veronderstel word en deur die geloofsgemeenskap opgeneem moet word, lê verder klem daarop dat dit nie die predikant se verantwoordelikheid wat hy as herder en leier van die gemeente aanvaar het, wat hom spesiaal en anders maak, wat sy waarde aanbetref nie. Akademiese kwalifikasies en suksesvolle praktyk binne die gemeente verhoog nie sy intrinsieke waarde nie. So ook is dit nie sy weerhouding van die sonde en ‘n goeie sedelike lewe wat sy betekenis vergroot nie. God gee waarde aan elke mens en daarom ook aan predikante wat in sonde val.

Daarom behoort predikante wat deur die tugproses gegaan en uit diens gestel is nie hul waarde te meet aan die proses of die gevolge daarvan nie. Makliker gesê as gedaan! Dat dit die teologiese visie behoort te wees – daaraan word nie getwyfel nie. Om dit waar te maak, gaan harde werk wees.

Hierdie gedagte is soveel meer van toepassing op die verwagting van die geloofsgemeenskap ten opsigte van hulle predikant. Hyself laat dan ook toe dat hierdie onmoontlike eis van sedelike en morele perfeksionisme in hom groei. Verskeie redes is seker hiervoor aan te wys soos byvoorbeeld die “geestelike prestige” om so geïdentifiseer te word, of dat dit nou maar die kruis is wat gedra moet word – die prys wat betaal word om die predikant te wees. Soms kan die teologiese siening met gelatenheid aanvaar word en ander kere weer met weersin, maar die uiteinde is dat die predikant en die gemeenskap dit in stand hou.

Wanneer sal ons eerlik, realistiese verwagtinge koester oor menswees en kerkwees? Die menslikheid van predikante wat aanvaar word as ‘n gegewene en nie as die grootste skande wanneer hy dit deur sy verkeerde besluite en gedrag openbaar nie? Ons betoog hiermee

nie die goedpraat van sonde nie. Hoegenaamd nie! Alleen maar die realistiese beperking wat ook in die lewe van predikante aanwesig is.

In hierdie lig gesien kan daar sekerlik met veel meer “menslikheid” en empatie na die hele tugproses gekyk word. Wanneer ‘n mens ‘n fout maak – selfs ‘n growwe fout – behoort dit nie sonder meer te lei tot die uitdiensstelling van die predikant nie. Dít is ‘n fout, maar kom laat hy (ons as Kerk hom help) om die fout reg te maak of te herstel.

Predikante moet saam met die gemeente erken dat hy (en hulle) net soos Petrus nie op water kan loop nie. Die onmoontlike mag tog nie van mekaar verwag word nie. God alleen is die Onfeilbare. Hy alleen is die Perfekte. In Hom alleen is alles wat goed en reg is. Hy alleen is volmaak. Ons weet dat Sy kinders soos Hy moet wees en tog is dit die ideaal waarna gestreef word, en nie die volle werklikheid, aan hierdie kant van die graf nie.

Daarom pleit hierdie studie vir groter verstaan van en geduld met predikante, wat op ‘n dag geweeg en te lig bevind word. Sonde is mos nie die laaste woord wat gespreek word nie. Genade is. God se genade wat genoeg is vir predikante wat in sonde val, maar weer deur Sy genade herstel word.

Predikante hoef nie in vrees te lewe dat die openbaarmaking van hulle menslikheid sal lei tot totale verbanning uit die geloofsgemeenskap en uit die bediening nie. Dit is geheel en al onaanvaarbaar dat sy oortreding moet lei tot verwerping deur die geloofsgemeenskap. Dit strook nie met die boodskap van genade nie. Dit strook nie met Jesus se handeling teenoor diegene wat met opregte berou hulle tot Hom toegekeer het na ‘n openbaring van hulle menslikheid nie. Indien die Kerk deur die tughandeling so sou optree, is dit nie teologies korrek nie.

Predikante is predikante. Hulle is amptelik in diens van die gemeente, namens God. Hulle is nie die God wat hulle verteenwoordig nie. Die Gemeente is die gemeente. Hulle word nie die vlekkelose God wat hulle verteenwoordig nie. Indien albei partye op gelyke voet voor God staan as mense wat deur menslike swakheid en sonde hulself as oortreders van die morele, sedelike en etiese gedragskode bewys, behoort daar verdraagsaamheid teenoor mekaar te wees. Hope en hope daarvan. Veel meer as die regterlike tugverhoor wat die oortreder volgens ‘n orde skuldig bevind, straf en uit die geloofsgemeenskap verwyder.

Tugpastoraat sal daarna streef om die predikant daaraan te herinner wie hy ten diepste as persoon is, wie hy altyd was en wie hy in die toekoms meer en meer kan wees. Sy menslike waardigheid is eintlik 'n ontdekkingsproses van wie hy reeds in Christus is en ook 'n groeiproses om daaglik al meer soos Hy te word.

5.4. Funksionele begeleiding

Die volgende vraag is van toepassing. Vraag 5(c) Hoe kan die funksionele aspekte van die tugpastoraat tot sy reg kom binne die gebeure van die tughandeling?

5.4.1. Genesing

Die algemene welsyn van die predikant word voor oë geroep. Begeleiding fokus op die mens in sy totaliteit. Dit sluit onder andere ook die emosionele gesondheid van die predikant in. Hieronder word die gevoelens van skuld en skande ingereken. Dit is egter nie slegs 'n genesingsproses nie, maar veral ook 'n verwagting dat daar groei en ontwikkeling sal plaasvind.

5.4.2. Bystand

Bystand moet aan die predikant betoon word deur nie slegs simpatiek of selfs empaties te ondersteun en te bemoedig nie, maar om God se nabyheid tasbaar te maak. Die doel hiervan is om die predikant te verseker dat hy nie alleen staan in die krisis nie, en dat die medegelowiges en God hom nie verwerp het nie. Predikante beleef wel 'n gevoel van verwerping en isolasie tydens die tughandeling. Met egte bystand sal hy weereens besef dat alles nie verlore is nie en dat hy deur die pyn emosioneel en geestelik kan groei.

5.4.3. Begeleiding

Tydens die tughandeling kan die predikant juis deur die trauma daarvan oorweldig voel en sukkel om goeie besluite te neem. Hy het dus iemand nodig om hom te lei en te begelei om verantwoordelike keuses te maak wat nie die saak verder sal vertroebel nie, maar nuwe geleenthede om gepaste keuses te maak in die onsekere tye. Die begeleiers sal die predikant help om alternatiewe te ondersoek en weereens die vryheid wat in Christus te

vind is, ontdek. Begeleiding word gegee tot die aanvaarding van verantwoordelikheid, toeëiening van 'n verwagting van 'n hoopvolle toekoms en persoonlike geestelike groei. Dit is gepas om Vos in Vos et al (2007:11) hier aan te haal. "There can be hope in a hopeless situation." En "Hope carries people during their journey." Vos in Vos et al (2007:25).

5.4.4. Versoening

Gebroke verhoudings en konflik is eie aan die tugproses. Begeleiding tot versoening van alle partye betrokke by die tughandeling staan voorop. Veral ook wat die predikant en al die verhoudings waarin hy staan en wat deur die tugproses versteur is. Dit sluit die verhouding met God en medegelowiges in. Terselfertyd moet daar nie vergeet word dat die predikant ook met homself moet saamleef nie. Dalk een van die moeilikste verhoudings in hierdie tyd! Alle vlakke van amptelike begeleiding sal in die aanpak, deurvoer en voltooiing sensitief ingestel wees op die fasilitering van versoening.

5.4.5. Koestering

Begeleiding sal die gees van koestering adem indien dit suksesvol wil bydra tot die predikant se hantering van die tugproses. Koestering sal tot uiting kom in klein en byna onbelangrike handeling soos telefoonoproepe, hulpverlening, gebede, besoeke en alledaagse sorg en omgee. Dit sal egter ook in die gesindheid en optrede gesien kan word, die gesprekke en hantering van die sake op die tafel. Alles wat in die gees van koestering gedoen word, sal die predikant verseker van die integriteit van die proses en die persone wat daarmee gemoeid is.

Tugpastoraat is dan ten diepste herstelgerigte pastoraat. Deur die herstellende aspekte van die pastoraat word nuwe toekomsperspektiewe ontwikkel en oopgesluit. Van Iersel et al (2009:214-217) ondersoek die noodsaak om te fokus op herstel tydens die pastoraat. Veel kan geleer word by die Kerk se betrokkenheid in justisiepastoraat. Die volgende aspekte word gebruik en toegepas op die situasie van predikante wat die tughandeling beleef het.

- **‘n Relasionele benadering**

Predikante beleef nie, soos reeds voorheen in hierdie studie aangedui, die krisis en trauma van die tughandeling, geïsoleerd nie. Daar is 'n netwerk van verhoudings en

assosiasies wat ter sprake kom en wat in die slag bly. Selfs die breër samelewing word dikwels by hierdie konflik betrek. Herstellende pastoraat sal daarom 'n breër perspektief en visie moet ontwikkel om effektief te wees tydens die tughandeling van 'n enkele predikant.

- **Verantwoordelikheid en dialoog**

Pastoraat het 'n restoratiewe fokus en sal daarom nie gefikseerd fokus op die gedane kwaad nie, maar op die verpligting en verantwoordelikheid wat rus op die predikant en al die ander rolspelers om die skuld te hanteer en te verwerk. Dit beteken dat die skuldige die insig sal ontwikkel met begeleiding van die Kerk om konkrete stappe te neem om dit wat verkeerd geloop het, reg te stel. Restorasie is dan veel meer as vergelding of straf, maar eerder transformasie van die persoon(e) en die verhoudings wat daardeur geraak word.

- **Prosesgerigte ingreep**

Die opneem van verantwoordelikheid beteken nie dat alles reggestel kan word soos wat dit voor die situasie ontspoor het, beleef is nie. Dit is met ander woorde nie sonder meer maar kompensasie deur onder andere verskonings aan te bied en berou te toon oor die handeling nie. In die praktyk verg dit eerder 'n verkenning deur dialoog van verskillende opsies om prosesmatig tot die eindpunt te kom.

- **Meersydige partydigheid as sentrale voorwaarde**

Herstelgerigte pastoraat vereis dat alle partye wat betrokke is dieselfde agting en respek verdien. Die menswaardigheid van die predikant, moontlike benadeeldes, Ringskommissielede en ander behoort gehandhaaf te word. Billikheid ten opsigte van alle partye word vereis.

5.5. **Kerklike begeleiding**

Die volgende vraag is van toepassing. Vraag 5(d) Op watter wyse kan die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling in 'n groter mate die kerklike karakter daarvan weerspieël?

Die tughandeling eis 'n werkswyse en houding wat strook met die wesenise van die Kerk en die geloofsgemeenskap.

- Die prosesse behoort deurgaans 'n geestelike karakter te toon.

- Die tughandeling behoort 'n geloofs- en liefdesgemeenskap se ware karakter te vergestalt.
- Die prosesse moet op kerklike wyse uitgevoer te word.
- Die prosesse moet met geestelike middele uitgeoefen word.

5.5.1. Begeleiding met 'n geestelike karakter

Wat is die aard van die geestelike karakter van die kerklike opsig en tug? Die Kerkorde beklemtoon ten regte hierdie aspek van die tughandeling en hierdie studie het onder meer beoog om dit te ondersoek en die diep betekenis daarvan vir die huidige tughandeling te onderstreep. Watter waarborge het ons dat die tughandeling werklik op kerklike wyse uitgeoefen word? Wat beteken “kerklike wyse” in die uitoefening van die tughandeling wanneer die predikant gebuk gaan onder die destruktiewe gevoelsbelewering van skuld en skande?

- **Begeleiding na persoonlike geloofsidentiteit**

Ten opsigte van die begeleiding na persoonlike geloofsidentiteit, is dit veral die roeping van die predikant wat hier ter sprake sal kom omdat dit die saak is wat in gedrang is. Die tughandeling vervreem die predikant van sy roeping deur die proses van stuiting en die toepassing van sekere van die tugmaatreëls. Ongeag baie argumente dat 'n mens se beroep en identiteit nie volledig behoort ooreen te stem nie, is dit waar dat 'n predikant homself volledig met sy roeping assosieer en dat hy 'n massiewe identiteitskrisis kan beleef indien hy nie meer toegelaat word (of tydelik nie toegelaat word) om sy roeping (beroep) te beoefen nie.

Predikante se geloofsidentiteit as geroepene van die Woord hou eweneens direk verband met sy beroepsidentiteit. Pastorale begeleiding sal hierdie identiteitskrisis aanspreek en die predikant begelei om ten spyte van die uitslag van die tughandeling steeds (weereens) nuwe rigting te ervaar. Begeleiding sal dalk juis ook kan fokus op die onderskeid tussen geloofsidentiteit, beroepsidentiteit en die predikant se self of eie menswees.

- **Begeleiding tot persoonlike heiliging**

Begeleiding tot persoonlike heiliging sal die predikant in staat stel om dieper te soek na die blywende positiewe in die gebeure van die tughandeling. Persoonlike

heiliging as 'n roeping vir die predikant sal hom in staat stel om nuwe weë te vind om Christus na te volg. Dit kan impliseer dat hy ook begelei moet word om nuwe weë te eksploreer soos die aanvaarding van sekulêre werk en dit dan nog steeds as 'n roeping te kan beskou. Dat dit stapsgewys en toenemend moet plaasvind is 'n vereiste van die geestelike leiding. Omdat hierdie leiding veral vir mense is wat hulle lewe van nuuts af aan moet (her)ontwerp sal dit veel bydra tot die effektiewe hulp wat aan predikante gegee kan word.

Na die tughandeling is dit 'n absolute vereiste dat predikante hulle lewe van nuuts af aan in oënskou moet neem. Die trauma en die krisis van die tughandeling keer die lewe van die predikant en sy gesin op die kop. Die kerk het 'n taak en verantwoordelikheid om nie alleen voornemende predikante oor 'n tydperk van ses jaar voor te berei vir die bediening nie, maar ook om predikante wat die krisis van die tughandeling beleef, te begelei om weereens rigting en sin te vind in die nuwe omstandighede. Selfs al is die tugmaatreël binne drie maande opgehef en gaan die predikant voort met sy bediening in dieselfde gemeente, is begeleiding steeds noodsaaklik.

- **Begeleiding in die ontdekking van die werk van die Heilige Gees**

Die begeleiding van mense om hulle in staat te stel om die leiding van die Heilige Gees te ontdek, is ook ten opsigte van die predikant toepaslik. Alhoewel hy die herder was en ander na Christus en die inwerking van die Heilige Gees gelei het, het die rolle nou omgekeer tydens die tughandeling. Die herder het ook behoefte om geestelik begelei te word om die inwonende Gees van God baie intiem te ervaar as die kragbron van waaruit hy leef en werk. Dit hou ook in die (her)ontdekking van sy persoonlike charismata (die tughandeling hef dit nie op nie, maar kan dit uitlig of selfs ander gawes belig), die persoonlike roeping en lewenstaak (indien die taak in die toekoms buite die kerk sou wees is die leiding hierin van onskatbare waarde) en die besondere bydra wat die predikant kan lewer tot die kerk en samelewing (ten spyte van die tughandeling).

- **Begeleiding in die verdieping van geloofsinsig**

Die begeleiding wat gemik is op die verdieping van geloofsinsig in die trou (getrouheid) van God is 'n taak wat die kerk in die geval van die tughandeling nie ligtelik behoort op te neem nie. Begeleiding sluit in die volle leiding tot kennis van

Christus en Sy boodskap van verlossing. Predikante het net so veel nodig om te weet dat Christus nie opgegee het op hom en die hoë roeping waartoe hy aanvanklik geroep is nie. Die doop en verbond sal sterk funksioneer in die begeleiding tot die beligting en die toegang wat die predikant as gevolg daarvan het tot bronne van versterking van sy geloof.

- **Begeleiding tot heelheid en eenheid**

Die geestelike leiding behoort ingestem te wees om nuwe eenheid te bring in die gefragmenteerde lewe van die predikant as gevolg van die tughandeling. Persoonlike verhoudings, sy verhouding met die gemeente, met die Ringspredikante en selfs met die breër gemeenskap ly skade met die tughandeling. Begeleiding sal ingestem wees op die herstel daarvan soverre dit moontlik en wenslik is. Die begeleiding sal fokus op die ontwikkeling van 'n nuwe vriendskap met Christus. Hierdeur sal die predikant ontdek dat God getrou bly selfs in krisissituasies. Hy kan op God reken selfs al voel dit vir hom of alle mense hom in die tyd verlaat. Hierdie ontdekking kan tot 'n persoonlike geloofsverdieping lei en die predikant bemagtig om met nuwe ywer en entoesiasme voort te gaan.

5.5.2. Begeleiding wat pas by 'n geloofs- en liefdesgemeenskap

Die voorskrifte vir die toepassing van die kerklike opsig en tug is eerstens volgens “die Woord van God”. Hierdie studie vra opnuut na die teologie en praxis volgens die Woord van God tydens die toepassing van die kerklike tughandeling. Die volgende vraag word herhaaldelik gevra: Is die huidige teologie en formele handelinge van die tugartikels werklik in lyn met God se Woord?

Wat sê die Belydenisskrifte oor die kerklike opsig en tug, en hoe funksioneer dit huidiglik in ons teologiese verstaan en praktiese uitoefening van kerklike opsig en tug? Hoe funksioneer die Belydenisskrifte in die kerklike prediking, huisbesoek en pastoraat? Indien hierdie vraag negatief beantwoord sou word, is die rol daarvan soos in ons huidige tughandeling verwoord, grootliks onder verdenking.

Dit is belangrik dat almal die sekerheid sou hê dat die tughandeling werklik sou ooreenstem met die Woord van God en die Belydenisskrifte. Watter moontlike afwykings bestaan en hoe kan ons steeds Reformerend al nader aan die vereiste beweeg?

Daar moet onthou word dat die predikant en die liefdesgemeenskap in hierdie tyd van die toepassing van die tughandeling hipersensitief is. Daarom moet elke woord en handeling van alle partye ten alle tye onder die soeklig van God se Woord staan en onder die leiding van die Heilige Gees. Daar behoort met diepe ootmoed en in alle afhanklikheid van God met die take van die tughandeling omgegaan te word. So ook die besorging van die klag. Alles moet die geestelike karakter van die tughandeling adem. Word daar genoegsame aandag verleen aan hierdie aspek omdat ook dit 'n negatiewe effek het op die gevoelsbeleving van die predikant?

5.5.3. Begeleiding deur die kerklike modi

- **Kerugma en leitourgia**

Verkondiging en erediens. Tydens die tughandeling word die verkondiging van die Woord direk geraak wanneer die predikant gestuit word of van sy ampsbevoegdheid ontnem word. Die gemeente maak gebruik van ander predikers. Die Woordritme van die gemeente is versteur. Daarom vind ons in die praktyk dat 'n gemeente diep hierdeur geraak word en na ander meer stabiele gemeente skuif. Uiteindelik affekteer dit die voortgang van die gemeente en die bediening nadat die tugproses voltooi is.

Die belang van die voortsetting van die begeleiding wat deur die prediking behoort plaas te vind, kan nie genoegsaam beklemtoon word nie. Dit is juis wanneer die gemeente op 'n Sondag byeen is noodsaaklik dat daar 'n Godswoord sal weerklink in die krisis en trauma wat al die belanghebbendes beleef. 'n Woord van hoop, troos, bemoediging, waarskuwing.

- **Paraklese**

Die pastoraat verbeeld en verwoord die blye boodskap dat God met ons is. In alle tye en in alle omstandighede. Maar meer as dit ook, dat God ons bevry en verlos en vergewe, vryspreek en bemagtig! Begeleiding van betrokkenes en predikante tydens die tughandeling, sal in die stukkende en gepynigde, persoonlike wêreld nuwe horisonne van oorwinning oopmaak.

- **Didaché en marturia**

Onderrig en getuienis. Onderrig van die geloofsgemeenskap en getuienis teenoor mekaar en die breër gemeenskap. Selfs die predikant het weer nodig om sekere basiese geloofswaarhede te hoor. Opnuut te hoor. Asof vir die eerste keer. Onderrig in God se genade, liefde en koestering vir sondears. Onderrig in aanvaarding van die genade en selfvergifnis. Terselfertyd is dit die geleentheid om na buite te getuig oor die reddende genade van God. Om in W(w)oord en daad te spreek oor die lewende God van die gemeente. Om sonde en verlossing in perspektief te plaas sodat die wat buite die gemeente staan, sal sien en glo.

- **Diakonia en koinonia**

Sorg en gemeenskap. Begeleiding sal fokus op diens aan die noodlydendes. Hulpverlening in die vorm van geldelike bystand, huisvesting, kos en kleding en basiese behoeftes. In die gemeensaamheid vind die predikant Christus. Medemenslikheid gaan bewys lewer van die verbondenheid aan die Here van die kerk.

- **Kubernetiek**

Al die oudste beelde van begeleiding op kerklike wyse en met kerklike middele kom voor die gees wanneer die administrasie van die Kerk en die tughandeling versoen word. Sorgsame begeleiding in die Naam van die Here, troos, bemoediging en inspanning ten behoeve van die ander, besorgdheid en ook vermaning en waarskuwing. Geestelike begeleiding tot geloofsverheldering, persoonlike heiliging, herontdekking van die charismata en persoonlike roeping, verdieping van geloofsinsig en nuwe eenheid in 'n gefragmenteerde lewe word die fokus.

5.5.4. Begeleiding met geestelike middele uitgeoefen

Die predikant se ervaring van destruktiewe oneer, skuld en skande moet deur berou, bekering en toewyding vervang word. Die geloofsgemeenskap se kritiek, veroordeling en verwerping moet plek maak vir vergifnis, aanvaarding en herstel.

Die predikant beleef gevoelens van skaamte en oneer. Hy voel waardeloos, hulpeloos en hopeloos. Hy beoordeel homself as van geen waarde, doel, verdienstelikheid of betekenis nie. Hy is nie meer die gerespekteerde predikant van die gemeente nie en sy rol as

geestelike leier het verval. Hy is nou eerder die “geestelike skurk”. Hy beleef homself baie negatief en sy hele beeld is negatief gekleur. Self beoordeel hy hom vanuit ‘n skaamteperspektief. Hierdie perspektief se gevolge is tragies. Dit sneeubal en affekteer sy hele persoon.

Fisies is dit ‘n uitmergelende proses en die predikant kan verskeie liggaamsongesteldhede ontwikkel. Emosioneel is daar onstabiliteit en verwarrende, konflikterende denke en gevoelens. Sy emosies ry wipplank. Soms is daar die hoop dat dit alles sal verbygaan en dat hy weer voor kan begin. Maar meesal is dit die besef dat alles onherroeplik nadelig verander het wat swart wolke van depressie meebring. Sosiaal voel die predikant soos ‘n uitgeworpene. Hy beleef grootskaalse marginalisering.

Die Kerkraad, gemeente, vriende, familie, soms sy eie gesin en die breë gemeenskap staan krities afwysend teenoor die predikant. Hy het sy posisie van respek en eer verloor en dit deur sy sondige optrede. Geestelik voel hy alleen en afgesny van die medegelowiges. Hy weet dat hy in die heel eerste plek sy Hemelse Vader diep bedroef het vanweë sy optrede. Die predikant se eie spirituele lewe verkeer onder groot druk.

Dit oefen alles enorme destruktiewe kragte uit en die predikant staan op die randjie van die grootste lewenskrisis van sy hele bestaan. Hierdie tydperk kan of die grootste, langdurige nagmerrie in sy lewe gaan wees en bly of dat dit deur ‘n katarsis heen die wonderlikste (alhoewel pynlike) geboorte kan wees van ‘n nuwe mens wat nuwe hoop op die toekoms het en opnuut deur sy Verlosser in vrugbare diens gebruik sal word. Hierdie studie betoog vir hoop. Selfs die mense wat op een of ander wyse aan die predikant verbind is, het behoefte aan hulp en hoop.

Is dit daarom enigsins vreemd dat predikante wat deur die gevoelens van skande en oneer vasgevang is met vrees en bewing sal poog om weg te kruip vir die oë en tonge van die gemeenskap. Hoe erg is dit dat hy nie eens binne die geloofsgemeenskap waar hy gedien het, gemaklik kan beweeg sonder die moontlikheid dat ernstige gevoelens van skaamte hom sal oorval nie. Hy vrees kontak met mense. Hy vrees die veroordeling van die lidmate. Hy is angstig en onseker. Hy moet sy skande en skaamte probeer wegsteek vir die gemeenskap waarbinne hy met vrees leef. Dit neem ontsaglik baie geestesenergie om so te

leef. Later kan alles te veel raak. In so 'n mate dat destruktiewe denkwyses soos moord en selfmoord die daaglikse denkvennoot van die predikant word.

Die tugproses kan nie anders as om skuld en skuldgevoelens by die predikant te veroorsaak nie. Wanneer iemand die morele en sedelike wette van God oortree en daardeur bewus word van sy oortreding van die norm en standaard sal hy skuld daarvoor dra. Dan sal daar skuldgevoelens wees. Dit is normaal. Hierdie studie wil dan ook nie voorstaan dat enige iets van hierdie aspekte van die tugproses genegeer of afgespeel word nie. Inteendeel. Dit is die dure verantwoordelikheid van die predikant om volle verantwoordelikheid vir sy dade en die gevolge daarvan te dra (Adams 1973:112-113).

Maar al te dikwels word hierdie skuld as gevolg van iets wat verkeerd gedoen is, omgekeer in 'n gevoel van skaamte, skande en oneer ten opsigte van die persoon van die predikant. Hierteen wil hierdie studie betoog. Wanneer dit die geval is dan word die mens van die predikant ten diepste aangetas.

Die skuldfaktor kan hanteer word, want daar is 'n manier om van skuld ontslae te raak. Die skandfaktor bly egter vaskleef en beïnvloed die hele toekoms van die predikant. Dit is juis hiervoor dat nuwe weë gevind moet word. Predikante behoort deur hulle geloofsgemeenskaps ondersteun te word sodat hulle hierdie traumatiese situasie suksesvol kan deurwerk en hulle weer in diens van God kan tree. Skuldvry en met die nodige hoop op 'n nuwe toekoms

5.6. Holistiese begeleiding

Die volgende vraag is van toepassing. Vraag 5(e) Hoe kan 'n holistiese pastorale begeleidingsmodel groter stukrag verleen tot 'n verbeterde praktyk ten opsigte van die tughandelinge van predikante? Heitink (1977:84) beklemtoon dat hulpverlening of dan in terme van hierdie studie, begeleiding, nie slegs vanuit een invalshoek benader moet word nie. Die hele mens - liggaam, siel en gees - is betrokke. Die mens (predikant) se lewe word dus nie gekompartementaliseer nie, maar binne 'n antropologiese teologie word die eenheid van die mens in gedagte gehou. Barnard (1994:69) sluit hierby aan. Hy sê die hulp moet omvattend wees. Die beste insigte van die sielkunde, die psigiatrie en die sosiologie moet verenig word met die beste hermeneutiese, teologiese en pastorale insigte. Die

gesigspunt vanuit die evangelie moet alles in 'n nuwe lig stel: “die hele mens, die hele persoon, die hele lewe, die totale heelwording, die hele verband, die hele evangelie – dus persoonsorg, gemeentesorg, totale sorg, lewenshulp en geloofshulp.” Daar word dus gesteun op alle moontlike middele, kennis en metodes. Maar van begin tot einde is dit die metode van God wat deur Sy Heilige Gees in mense tot mense werk.

5.6.1. Fisies

Fisiese probleme wat 'n psigologiese en emosionele oorsprong het, duik telkemale op in die lewe van predikante wanneer hulle die tugproses beleef. Alhoewel die professionele begeleiding deur die Kerk nie die taak van die mediese dokter vervang nie, is dit tog belangrik om daarvan kennis te neem. Die onverwerkte trauma en ander sake kom sit in die liggaam van die predikant en eis aandag. Indien hierdie sorg nie voldoende is nie, sal dit opbou tot groter probleme wat oor die langtermyn 'n verwoestende effek het. Die kerk moet ten minste in die begeleiding van die predikant 'n bewussyn ontwikkel vir die groter effek van die tughandeling.

5.6.2. Psigies-emosioneel

Predikante voel dat hulle deur 'n goeie lewe, die regte optrede en 'n verandering van gedrag weer vir hulself die pad kan oopwerk na die herstel van die amp. Dit is weliswaar reg dat predikante met hernude toewyding hulle heil met vrees en bewing sal bewerk. Maar dit is nie die beginpunt om skuldgevoelens te hanteer nie. God se onvoorwaardelike vergifnis eerste en daarna 'n heilige en aan God welgevallige lewe.

Die predikant wat dan ook boonop met gevoelens van skande en oneer worstel, se verdedigingsmeganismes is 'n aantal strategieë waardeur die pyn van die gevoelens verdedig of verplaas word. Die doel is om te maskeer – weg te kruip – en deur valsheid en wanvoorstelling te probeer om 'n “ander” persoon te wees.

Omdat skuld en skande so naby mekaar lê, en so moeilik skeibaar is, is dit nodig om die onderskeid te handhaaf omdat die suksesvolle verwerking daarvan in twee verskillende prosesse lê. Skuld kan dikwels uitgeken word aan die woorde van die persoon wat sê: “Ek het *dit* gedoen”. Skande en oneer kan op sy beurt gehoor word in die woorde: “*Ek* het dit

gedoen”. Skuld is fenomenologies van aard, terwyl skande en oneer ontologies is. Die een fokus op die verkeerde daad en die ander op die defektiewe persoon wat die daad gepleeg het.

Predikante wat skaam is oor hul eie swakheid sal probeer om dit te ontken, afstand te skep, die gevoelens te deflekter of op ander oor te dra. Dit is maniere om van die pyn van die gevoelens ontslae te raak. Die predikant probeer alleen maar sy innerlike menswees beskerm. Ongelukkig is dit onsuksesvol en nie die oplossing vir die probleem nie.

Predikante wat voel dat hulle vanweë die defek in hulle persoon nie langer aanvaar word en dat ander vir hulle lief is nie, beleef verder ook liefdeloosheid teenoor ander. Hulle keer in tot hulself en daar is nie uitreiking na ander nie. Wanneer daar geen liefde is nie, is daar ook geen gevoel van eiewaarde nie. Hierdie persone moet dan probeer om hulself en hul bestaan te regverdig deur defensiewe en deflekterende strategieë.

Die ware oplossing van hierdie probleem lê in die wete dat God alreeds waarde toegevoeg het tot die lewe, omdat Hy die Skepper, Hersteller en Onderhouer is van die lewe van elke mens. Hierdie waarheid kan alleen deur die geloof aanvaar word. Nie alleen intellektueel nie, maar veral eksistensiële. Dit moet ‘n geloofsvertroue wees dat God genadig, liefdevol, barmhartig is. Dat God saam met mense in hulle pyn deel. Hy is ‘n medelydende God wat hulle pyn op homself neem en daarmee wegdoen.

Die predikant moet dit met sy hele wese beleef dat hy nie langer hoef te soek na maniere om die skande en oneer te verdedig nie. Hy kan alleen maar aanvaar dat God hom reeds verander het en ‘n nuwe lewe gee as gereinigde en geheiligde lieflingskind van God.

“Makliker gesê as gedaan” lui die spreekwoord. Dit is veral waar van die verwerking van skande en oneer. Absolute, onvoorwaardelike liefde is die vereiste vir ‘n persoon om ‘n totale oorgawe aan God te maak. Hulle moet hulle hele lewe - verlede, hede en toekoms - aan God kan toevertrou. Hy alleen maak regverdig. Hy maak nie oor nie, Hy maak hulle nuut. Hy verander nie maar net nie, Hy transformeer hulle.

Die gelowiges besef dat die geloofslawe ‘n lewenslange verbintenis is wat deur groei en ontwikkeling gekenmerk word. Daar is nie vinnige kortpaaie in die geloofslawe nie. Deur harde werk en toewyding kom gelowiges daagliks nader aan die ideaal wat God stel,

naamlik om die voorbeeld van Sy Seun na te volg en om die hele lewe aan Hom toe te vertrou.

Die diepste nood van die mens is sy sondenood. Dit omvat die mens in sy totaliteit. Bevryding vanuit dié nood geskied nie vanuit die mens self nie, maar is moontlik deur die genade van God in Jesus Christus. In Jesus is die sondaar 'n begenadigde sondaar. Al het die mens hoe diep geval, kan die pastoraat die aanbod van genade maak. God wil die mens tot geloof en bekering bring deur die aanbod van genade. Dit het verreikende gevolge vir die mens in sy totaliteit as psigosomatiese eenheid (Dreyer 1981:32).

Van Iersel et al (2009:217-226) lewer 'n bydrae tot die verwerking van skuldemosie wat hier van toepassing is. Herstelgerigte pastoraat is die sentrale ingreep om die verwerking van skuldgevoelens te hanteer en te verwerk. Wat hierdie studie betref, sal die bydrae as volg vertolk kan word.

- Skuldverwerking en innerlike genesing is 'n persoonlike ervaring en is nie afhanklik van ander nie. Dit kan gebeur dat iemand wat te nagekom is nie die ander een kan vergewe nie of dat wanneer iemand in staat is om die ander te vergeef, daardie persoon dalk nie dit kan regkry om homself te vergeef nie. Met dit in gedagte moet skuldverwerking gefasiliteer word deur die pastorale begeleiding wat op herstel fokus.
- Die predikant moet begelei word om in homself die krag te vind om met die proses van skuldverwerking te begin. Dit is nie maar sonder meer 'n natuurlike proses wat van predikante verwag kan word omdat hulle self geestelike begeleiers is nie. Tydens die krisis van die tughandeling is predikante aan die effek van trauma blootgestel en kan hulle nie meer vrye keuses maak nie. Die kerk moet hulle begelei om ook geduldig te wag dat die teenparty gereed is om die proses van skuldvergiftiging te ontvang. Hulle moet begelei word om teleurstellings te oorkom en om staande te bly indien ander partye nie bereid is om met die herstelproses saam te werk nie.
- Predikante moet begelei word om die skuld openlik in die oë te kyk en om daaroor te kan praat. Verantwoordelikheid beteken juis dat mense gelei word om vry te wees deur getrou te bly aan hulle eie self en wese.

- Die ervaring van skuldgevoelens en die beleving van skuldbesef is nie dieselfde nie. 'n Persoon kan presies weet wat verkeerd geloop het, sonder om die besef daarvan op homself van toepassing te maak. Net so kan die aanwesigheid van skuldgevoelens nie altyd herlei word tot ware skuld nie. Hierdie saak is reeds in Hoofstuk 2 behandel. Wat hier van belang is, is dat die uiterlike beleving van skuldgevoelens en skuldbesef nie die enigste aanduiding is van die egtheid daarvan al dan nie. Skuld en skandegevoelens kan ook dikwels dieselfde manifesteer en tog is die pad na herstel nie dieselfde nie.
- Skuld moet nie hanteer word deur daaroor te tob en die self daardeur te kwel nie, maar dit moet handelend opgelos word deur die pad van berou en vergifnis te vind.
- Skuldverwerking is 'n voorwaarde vir singewing en sinbeleving.

Heitink (1998:162) wys op sekere gevaarsones wanneer oor geloof en geestelike gesondheid gepraat word. Skuld is een hiervan. Die hemelhoë skuld las wat gelowiges op hulself en ander plaas, kan soms moeilik suksesvol verwerk word. Die wyse waarop die leer oor die regverdiging hanteer en geïnterpreteer word, is van kardinale belang in die begeleidingsproses.

5.6.3. Geestelik

Die predikant is 'n gelowige, dikwels tydens die tughandeling 'n ontnugterde gelowige. Teleurgesteld in homself en ook in die ander medegelowiges. Gevang tussen die wete dat sy geloof ook maar nie die aanslae van die greep van sonde kon weerstaan nie. Verdwaas dat medegelowiges met so min liefde en geloofsgemeenskap kan optree. Mense van wie dit waar geword het dat hulle geloofsvrae, lewensvrae geword het en dat hulle soekend is na singewing in hulle bestaan (Heitink 1977:229). Vir hierdie mense is die pastoraat 'n begeleiding na vernuwing. Die verhouding tussen die begeleier en die predikant is een van bemoediging (Heitink 1977:233,235). Bemoediging omvat alle vorme van pastoraat. Dit sluit, vergifnis, vermaning en vertroosting in. Die Christelike geloof is in diepste 'n geloof van hoop en is op die vernuwing van die mens gerig, omdat God altyd ten goede werk. Die goeie werk wat Hy begin het, sal Hy voortsit totdat Hy dit voltooi. (Filippense 1:6).

5.7. Verantwoordbare begeleiding

Vraag 5(f) is van toepassing. Op watter wyse kan die tugpastoraat 'n rol speel in verantwoordbare optrede tydens die tughandeling?

5.7.1. Kerkordelik

Hoe kan die “pastoraal-kerkregtelike” aard van die amptelike opsig en tug verstaan word? Wat is die betekenis daarvan vir die Teologie en praktyk van die tughandeling ten opsigte van predikante en hul beleving daarvan? Volgens die Kerkorde (2007) word die kerklike opsig en tug uitgeoefen volgens “voorskrifte”. Kan die voorskrifte anders geïnterpreteer en toegepas word as wat huidiglik die geval is en is die toepassing deursigtig, objektief en meetbaar? Sou die Kerk waarlik deur hierdie voorskrifte 'n gestandaardiseerde en uniforme tughandeling kon verseker wat tot die verhewe tugdoel sou kon bydra? Met elke geval wat so besonders en uniek is vanweë 'n verskeidenheid faktore word ook die voorskrifte daaromheen baie moeilik. Het die toepassing van die “voorskrifte” nie reeds verskeie hofsake teen die Kerk gebring nie? Lê daar nie juis hier 'n groot bron van ongelukkigheid in die tugproses nie?

Visser (1982:588) skryf dat wanneer die tugreg van meerdere vergaderings nie suiwer volgens die Skrif en Kerkorde uitgeoefen word nie, lei dit tot oneer van God, tot nadeel en verskeuring van die Kerk van Christus en tot skade van die beskuldigde ampsdraers. Voorbeelde hiervan is duidelik te sien in die empiriese navorsing wat vir hierdie studie gedoen is. Daar sal dus in die toepassing en die begeleiding van predikante ernstig gewaak word om die ordelike pad te loop.

5.7.2. Begeleiding wat billik en regverdig toegepas word

Hoe kan tug billik en regverdig toegepas word? Wat is die reëls en kriteria? Word tug tans billik en regverdig toegepas? Hoe word dit gemeet en voldoen dit aan die vereistes wat gestel word? Wat is die verhouding tussen die Ring en die plaaslike Kerkraad van die gemeente waarbinne die evangeliedienaar werk wanneer dit by die tughandeling kom? Verkry die Ring prioriteit in sy handelingsbevoegdheid teenoor die Kerkraad? Indien dit so is – waarom? Waarom het die Ring tugbevoegdheid oor evangeliebedienaars? Watter

verband het dit met die N.G. Kerk se kerkregeringstelsel? Het die kerkregeringstelsel 'n voordelige of nadelige effek op die wyse waarop die tugproses voltrek word? Word die geloofs- en liefdesgemeenskap van die kerk nie hierdeur in 'n groot mate gestrem nie? Hierdie en ander vrae noop die kerk om hand in eie boesem te steek oor die regverdigheid en billikheid van die huidige tughandeling.

Die predikant en alle betrokkenes moet vanaf die eerste oomblik vertrouwe hê in die proses. Almal moet die integriteit van die proses waarborg en vertrou. Om dit te verseker, sal verg dat die geestelike kragte van die geloofsgemeenskap in spel gebring word. Die geestelike karakter en aard van die tugproses sal die toon van die proses bepaal en die verhewe doel van die tughandeling sal altyd voorop staan. Het predikante vertrouwe in die tughandeling as proses en die mense daarby betrokke? Dit is 'n blywende eis wat gestel word.

Kan die ondersoekliggaam werklik objektief bly indien hulle nie alleen die gerug moet ondersoek, die klag moet verwoord, die verslag moet voorberei en die klagte ondersoek nie? Is dit Juridies gegrond? Word daar nie die absolute onmoontlike van die ondersoekliggaam verwag nie? Hulle formuleer die klag of *help die klaer om die klag te formuleer(!)*, lewer die klag af aan die aangeklaagde, kla die predikant aan, ondersoek en verhoor die predikant, neem besluite en lewer 'n uitspraak! Die vraag kan gevra word: "Kan al hierdie funksies en verantwoordelikhede in een liggaam gesetel wees?" Ten slotte sou die vraag ontstaan of hierdie liggaam dan werklik nog die spirituele gawes van die liefdes- en geloofsgemeenskap kan vergestalt?

Die kerkregtelike aspekte van die tughandeling soos vereis tydens die proses is hier onder bespreking. Alhoewel die Artikels se bydrae tot 'n billike en regverdige ondersoek nie bevraagteken word nie, is die vraag eerder hoe die spirituele aspek daarvan in hierdie raamwerk funksioneer? Dit blyk steeds die uitdaging van die kerk om albei aspekte van die tughandeling gebalanseerd in spel te bring. Sonder om die klem op die een of die ander te laat val, is dit dringend nodig om nie die pad byster te raak en die tughandeling in 'n wêreldse regsak te laat verval nie.

Skorsing sonder begeleiding maak geen sin nie. Niemand is tog later (wat ookal die tydskorrel sou wees) in staat om oor die aangeleentheid verslag te lewer indien daar nie 'n formele en amptelike begeleidingsplan vir die skorsingstyd is nie. Die predikant en alle

belanghebbendes behoort hierby betrek te word. Die werklikheid weerspieël egter juis die teendeel. Predikante word afgesny van die geloofsgemeenskap en haar gawes soos byvoorbeeld die gebruik van die nagmaal en moet later sonder hulp en ondersteuning “bewys van egte berou” toon. Dit is mos absurd om dit te bedink dat daar verslag van ‘n emosionele beleving gegee moet word sonder dat die kriteria waarteen dit getoets kan word saam bepaal is nie? Kan die kerk met eerlikheid sê dat die tugmaatreëls en die opheffing daarvan deeglik bedink en beplan word met die verhewe doel van die tughandeling in gedagte?

Die gemeente het die onvervreembare reg om nie slegs tydens die normale gang van sake bedien te word met ‘n volledige program waartydens die geestelike geloofsopbou voorrang geniet nie, maar ook en veral ook tydens traumatiese momente in die lewe van ‘n predikant en die gemeente soos tydens die tughandeling.

Die geestelike en emosionele ontwrigting van die gemeente moet volledig verstaan en hanteer word. Die gemeentebediening moet voortgaan sodat die gemeente opgebou en toegerus sal wees vir hulle dienswerk en sodat die Here van die Kerk daardeur verheerlik sal word.

‘n Deurlopende assessering- en moniteringstelsel behoort te funksioneer wanneer ‘n predikant sy egtheid van berou moet kan bevestig en ‘n kommissie dit kan aanvaar en die verdere voortgang van die tughandeling kan verseker. Predikante en kommissies staan dikwels verleë wanneer hierdie tyd tydens die tughandeling aanbreek aangesien daar

- eerstens geen begeleiding plaasgevind het nie en die kommissie of ‘n ander amptelike verteenwoordiger van die kerk nie oor die egtheid van berou kan verslag doen nie
- tweedens geen formele assesseringstegniek of middel beskikbaar is om die pad van berou en verandering wat die tugmaatreëls in die lewe van die predikant teweeggebring het, kan aandui nie
- derdens is daar geen objektiewe standarde waarvolgens hierdie evaluering gemaak kan word nie.

Die begeleidingsproses sal gefokus wees op

- herstel en heroriëntering.
- die beperking van verliese.
- die ontwikkeling van nuwe bedieningsvisie
- en die behoud van die diensbaarheid van die predikant.

5.8. Prosesmatige begeleiding

Vraag 5(g) is van toepassing. Hoe kan deurlopende pastorale begeleiding die huidige praktyk tydens die tughandeling van predikante verryk?

Dit is nie te betwis dat daar baie predikante is met heimlike sondes waarvan niemand weet nie en wat nie in die openbare oog kom nie. Ongeag die redes hiervoor is dit uiters noodsaaklik om dit te besef. Hier het die kerk 'n bedieningsroeping om die kerklike opsig te laat funksioneer. Die taak om deur alle moontlike middele en kanale die spirituele lewe van predikante tot eer van God op te bou en te ontwikkel kan nie oorbeklemtoon word nie. Intendeel – dit is juis in hierdie opsig dat die kerk heel moontlik versuim om 'n voorkomende rol te speel in die noodsaak van die toepassing van die tughandeling. Die onwilligheid van predikante om byvoorbeeld aan die mentorskapprogram van die Kerk deel te neem veroorsaak nie net vir hulself nie, maar vir die hele Kerk meervoudige probleme. Mentorskap behoort nie 'n opsionele ekstra vir die bediening te wees nie, maar 'n deurlopende en verpligte ontwikkelingsprogram. 'n Mens sou graag wou sien dat alle predikante vrywillig hieraan deelneem.

Hierdie opmerking sluit aan by die bogenoemde, naamlik op watter wyse word voorkomend opgetree wat die “hele lewenswandel (leer en lewe) van die predikant betref?” Aan wie is hy verantwoording (buiten die Kerkraad) verskuldig op so 'n wyse ten opsigte van sy lewenswandel en leer dat dit 'n positiewe, sonde-weerhoudende effek sal hê? Dit is dikwels tydens hierdie deel van die proses dat predikante reeds geheel afgsny is van enige amptelike ondersteuning en begeleiding. Alhoewel die ondersoek noodsaaklik is en deeglik gedoen moet word, is dit nie juis nou die tyd om reeds te begin met die mentorskap en begeleidingsprogram nie? Waarom moet daar gewag word vir die amptelike ondersoek en die finale (rampspoedige) uitslag. Daar sal sterk geargumenteer word vir deurlopende

betrokkenheid op alle vlakke van die predikant en sy gesin se lewe reeds in hierdie tyd. Moet ook nie die rol van die gemeente versmaai nie.

Ons kan die tughandeling as 'n reeks prosesse beskryf (vergelyk Hoofstuk 1.2.4:51-66). Dit sal meteens ook impliseer dat ons die begeleiding van die predikant tydens die tughandeling, eweneens as prosesmatig kan voorstel. Die prosesse van die tughandeling sal die prosesse van die begeleiding eintlik voorskryf, in die sin van die begeleiding wat reaksionêr volg op die tughandeling. Aan die ander kant sal die begeleiding van predikante ook proaktief wees deurdat dit die moontlike gevolge van die tughandeling vooruit bereken en met die nodige ingreep, betyds pastoraal toetree. Die laaste woord is nie gespreek wanneer die predikant gelukkig genoeg is om weer in die gemeente of na 'n beroep in 'n ander gemeente sy ampsbevoegdheid kan voortsit nie. LaHaye (1990:169) beklemtoon die prosesmatige aspekte van die herstelproses van predikante. "And we should remember that restoration is a process, not an instantaneous experience"


Die tughandeling het bagasie. Hierdie bagasie word deur gemeentede saamgedra en dit suurdeeg selfs deur na 'n ander gemeente waar die predikant later sy werk verder neem. Pastorale begeleiding is dus 'n langtermynproses. Predikante raak nie sommer oornag ontslae van hule eie bagasie, gevoelens en ervarings soos beleef tydens die tughandeling nie. Eintlik moet dit sterker gestel word. Die tughandeling en die effek daarvan is 'n metgesel van die predikant vir die res van sy bedieningstyd. Ook indien hy nie weer beroep sou word na 'n colloquium doctum of herstel van ampsbevoegtheid nie, dring die gevolge van die tughandeling nog sterker aan tot voortgesette begeleiding.

'n Skematiese uiteensetting van die bedieningsroete wat persone moet volg om toegelaat te word tot legitimasie en die bediening van die Woord in 'n gemeente of breër kerkverband (soos dit huidig in die N.G. Kerk plaasvind), werp meer lig op die begeleidingsleemtes wat bestaan, wanneer 'n predikant se bediening deur die tughandeling geraak word. 'n Persoon wat homself aanmeld vir die proses van toelating tot die bediening doen dit omdat hy daarvoor die innerlike roeping van die Here self ontvang het. Wanneer hy dus deur sy eie toedoen en optrede hierdie roeping oneer aandoen, veroorsaak dit 'n krisis en trauma wat ongeken negatiewe en destruktiewe gevolge het. Daarom sal die toepassers van die tughandeling hulself op 'n terrein van die kerklike verantwoordelikheid bevind wat nie met

regterlike saaklikheid afgehandel behoort te word nie, maar met Christelike bewoëndheid en liefdevolle betrokkenheid.

LaHaye (1990:169) se voorstel vir die herstel en opbou wat benodig word na die tughandeling kan nie verontagsaam word nie. “The restoration process should begin by helping the minister rebuild his spiritual life, his marriage and family, and his fellowship in the body of Christ. Ideally that rebuilding should extend to restoration to ministry”.

Skema 12 Voorstelling van die bedieningsroete wat persone volg om in die N.G. Kerk. Predikant te wees en die effek van die tughandeling ten opsigte van ampsbevoegtheid



Bediening

Hierdie skematiese voorstelling wys duidelik dat die toegang tot die bediening 'n lang voorbereidingstydperk insluit. Monitering en assessering is deel van die begeleidingsroete om toegelaat te word tot die bediening. 'n Kandidaat kan ter enige tyd faal om aan enige aspek van die bedieningsroete te voldoen. 'n Nie-bevredigende akademiese resultaat sal byvoorbeeld die toegang tot die bediening blokkeer. Wanneer 'n kandidaat egter suksesvol is in al die verskillende vlakke van geskiktheid sal hy toegelaat kan word as predikant om binne 'n gemeente te kan dien.

Aan die ander kant is daar die drieledige proses van die tughandeling wat die bedieningsbevoegtheid van 'n persoon direk in gedrang bring. Assessering is ook tydens hierdie handeling ter sprake aangesien predikante bewys moet kan toon van egte berou voordat die tugmaatreëls opgehef kan word.

- Eerstens is daar die moontlikheid van stuiting na 'n voorlopige ondersoek.
- Tweedens is daar die toepassing van die tugmaatreëls soos tydelike sensuur en skorsing.
- Derdens is daar ontslag en die beëindiging van ampsbevoegdheid.
- Vierdens is daar die weerhouding van die vervulling van die bediening van die Woord, omdat 'n beroep nie ontvang word nie.

5.9. Beperkende en verruimende begeleiding

Die volgende vraag is van toepassing. Vraag 5(h) op watter wyse kan die Kerk in die begeleiding van predikante tydens die tughandeling die intensiteit van negatiewe skuld- en skandgevoelens beperk en die suksesvolle verwerking daarvan vergroot?

5.9.1. Beperking van die effek van negatiewe skuld- en skandgevoelens

Predikante en geloofsgemeenskappe se sedelike en morele eise is baie hoog. Eintlik hemelhoog. Hulle moet beide beantwoord aan die hoogste morele en sedelike standarde soos deur die God wat hulle dien en aanbid, bepaal is. Intendeel, dit is 'n standaard wat gelyk is aan die standaard wat God self handhaaf. Enige afwyking hiervan – veral een waar predikante dit goedsmoed oortree het en in die openbaar daarmee gekonfronteer word – veroorsaak baie trauma.

Die Christelike geloofsgemeenskap is ‘n unieke “samelewing” en is vir hulle optrede nie alleen aan mekaar verantwoording verskuldig nie, maar in die eerste plek aan God. Die Bybel is die objektiewe maatstaf vir die lewe van gelowiges. Hierin vind hulle die eise en verantwoordelikhede van ‘n geloofslawe opgeteken. Ons moet hierdie besondere hoë standaard duidelik verdiskonteer in die beleving van skandgevoelens tydens die tughandeling, want dit bepaal die intensiteit van skande en oneer wat beleef word tydens die tugproses.

In die N.G. Kerk is die predikant nog altyd in ‘n groot mate gerespekteer en geëer vir die amptelike roeping wat hy vervul. Hy word beskou as die “dienaar van die Here”, die “gesalfde van God”. Die besondere posisie wat tradisioneel aan predikante toegeken word, is sekerlik deel van die determinante wat die skande en oneer van die tugproses vergroot en soms buite verhouding opblaas.

“Shame reaction” is die prosessering van die gebeure van skande en oneer soos dit ondervind word tydens die krisis. Waar “shame anxiety” verwys na dit wat kan gebeur – is “shame reaction” die beleving van die gebeure self. In die geval van die tughandeling is die predikant se sonde(s) bekendgemaak deurdat ‘n gerug of klagte ondersoek word. Dit sluit ook die hele tugproses in tot en met die toepassing van die tugmaatreëls.

Dit is nou die tyd waarin die predikant eksistensieel die situasie van skande en oneer kan beleef. Die angstevoelens van die verlede word bewaarheid en verder vergroot omdat die predikant weet dat die gevolge van sy optrede nie hier eindig nie, maar die res van sy lewe by hom gaan bly. ‘n Natuurlike reaksie is onmiddellik dat verdedigingsmeganismes in plek kom aangesien elke mens ‘n beperkte hoeveelheid skande en oneer kan beleef voordat hy daardeur oorweldig word. Elkeen het ‘n drempel en die drempel word beskerm deur verdedigingsmeganismes.

Laastens is die “shame attitude”, die geakkumuleerde skande en skaamte ervarings wat oor ‘n leeftyd ontwikkel en opgebou is. Dit lei tot ‘n bepaalde houding van skaamte en skande. Die lewe word deur hierdie bril bekyk en daar word volgens hierdie gevoelens geleef. Die persepsies en interpretasie van alle lewensgebeure word nou deur hierdie ontwikkelende identiteit geraak. Uiteindelik is dit ‘n maalkolk van sentripitale magte wat die lewe van die persoon oorheers en ernstige ontwigting veroorsaak.

Hierdie aspek van skande en oneer word homself sekerlik ook deeglik uit tydens die tugproses en daarna. Die fokus is so op die verdediging dat daar nie by die proses van skuldbelydenis, vergifnis en herstel kan uitkom nie.

Predikante en lidmate maak baie keer sulke sosiale foute en moet dikwels rooigesig die kop in skaamte laat sak oor die optrede. Dit lei tot gevoelens van teleurstelling en verleentheid. 'n Predikant kan so maklik 'n baie bekende Bybelvers se plek in die Bybel vergeet en dan soos 'n gek voel omdat hy dit nie eers kan onthou nie. Hoeveel keer het 'n diaken nie al 'n bordjie met die dankoffer in die Kerk laat val nie? By geleentheid het 'n predikant bloedrooi van skaamte sy kop laat sak nadat hy die nagmaalsbeker op die tafel omgestamp het. Omdat dit dalk alles verhoed kon gewees het, blameer die persone hulself en dit vergroot die vernedering en voel hulle in hul eie oë en in die van die gemeente soos gekke.

Wanneer ons egter oor die skande en oneer van die tugverhoor praat, kan ons dadelik aanvoel dat dit nie in dieselfde kategorie val as bogenoemde Bybelse en alledaagse voorbeelde nie. Bogenoemde situasies kon met 'n bietjie humor en die afmaking daarvan as menslike swakheid van die tafel gegee word. Niemand het nodig gehad om weer daarvoor te dink nie. Die tugproses is egter 'n perd van 'n ander kleur. Daar is 'n morele en sedelike komponent in die tugsituasie ter sprake. Hier is 'n moedswillige oortreding van God en die geloofsgemeenskap se morele en sedelike kodes op die spel. Dit maak die erns van die situasie baie anders as die waarin dit bloot gaan oor die beeld van die ideale self wat verskil van die werklik self in die alledaagse situasies.

Baie meer is hier op die spel. Alles is op die spel. God se eise en Sy verwagtings is teleurgestel. Die geloofsgemeenskap is teleurgestel. Die predikant het homself en sy gesin teleurgestel. In sy eie oë en in die van ander is daar verleentheid. Skande en oneer volg so noodwendig as die lig die opkoms van die son volg. Almal praat daarvoor en die predikant voel nie alleen maar 'n teleurstelling in homself nie, maar 'n diepe afkeer ontwikkel. Ontnugterd oor die swakheid van sy geloofslawe en sy onvermoë om enduit die pad te loop, voel hy 'n skaamte wat insny tot in die diepste van sy innerlike self. Om hierdie intense gevoelens te hanteer, val die predikant soms terug op ontkenningstegnieke.

Wanneer 'n predikant per ongeluk die koordlose mikrofoon aan vergeet en dan 'n “verkeerde” opmerking maak wat tot sy verleentheid strek, lei dit daartoe dat die gemeente dalk daaroor lag of maar net hulle koppe skud. Met die tugverhoor is hulle reaksie drasties anders. Ook die mense se optrede hou verband met die erns van die situasie. Dikwels lei dit tot die gevoel van veragting vir nie alleen die optrede nie, maar ook vir die persoon van die predikant. Dit plaas druk op albei partye om dan in hierdie situasie nog steeds Christus vir mekaar te modelleer. Hier lê die uitdaging tot ware geloofsgehoorsaamheid en Christelike optrede ten tye van ernstige krisis en trauma in die gemeente.

Predikante leef met baie hoë verwagtings van hulself. Dit word begin deur die gedagte dat hulle deur God geroep is as Bedienaars van Sy Goddelike Woord. Hulle is die draers van die Evangelieboodskap. Aan hulle is die eeue ou Woord van waarheid toevertrou en dit moet hulle aan die mense bemiddel. Saam met hierdie roeping gaan al die take en verantwoordelikhede van predikantwees. Daar is al die Bybelse verwagtings en dan ook die Kerkorde (Artikel 9) wat die taak van die predikant uitspel. By dit alles is die predikant self 'n gelowige en dit bring vanuit die Bybel sekere verwagtinge en eise mee.

Voeg hierby nou die “status” wat in die oë van die geloofsgemeenskap aan die amp van predikant kleef. Verder al die verwagtings van wie en wat 'n predikant nou eintlik behoort te wees en wat hy behoort te doen. Saam met dit alles ook die druk van die samelewing dat geestelike leiers soos die predikant dikwels leiding moet neem in baie situasies. Daar is dus 'n vertroue in die predikant en hy word gevra om op die beheerliggaam van skole te dien (dikwels as voorsitter), gemeenskapsforums te lei en velerlei ander take te verrig.

Die predikant staan dus vanweë sy eie en ander se verwagtings voor die uitdaging om foutloos en vlekloos en blaamloos deur die lewe te gaan. Helaas is dit die heel laaste moontlikheid. Die statistiek toon dit maar al te duidelik. Predikante faal en val. Sonder aansien van die persoon en met geen voorbehoud nie. Dit is inteendeel 'n wêreldwye tendens onder geestelike leiers.

Die skande en skaamte van die tugproses en die oneer wat daarmee gepaard gaan om uit die amp afgesit te word, is nie die gevolg van 'n klein of selfs ernstige “minderwaardigheidskompleks” nie. Dit is nie maar 'n geringe defek of vae gevoel van persoonlike ontoereikendheid nie. Ten diepste is dit die ontdekking voor God dat jy nie in

staat is om soos Hy te wees nie. Dit is die erkenning dat jy die verwagtings van die mense teleurgestel het. Dit is die wete dat jou ideale beeld en begeerte van predikantwees nie opmeet teenoor die werklikheid van jou sondige aard en optrede nie.

Die skaamte en oneer wat beleef word, is nie 'n oppervlakkige en verbygaande gevoel nie. Dit kom steek vas met die doel om lewenslank te bly. Elke gedagte aan die tugproses, elke gesprek, elke navraag, elke verwysing daarna bring die intense pyn van skaamte, skande en oneer. Predikante, gemeentes, gesinne en die samelewing ly intens hieronder.

Ons het met ander woorde 'n baie stereotype beeld oor die rol en persoon van die predikant en dit veroorsaak dat die gevolge van die verbreking van hierdie beelde groot trauma bring in die kerk. Predikante voel dat hulle misluk nie alleen in die bediening nie, maar veral in hulle menswees. Hulle voel klein en nietig. Hulle voel dat hulle deur hierdie defek geëtiketteer en gestigmatiseer word. Uiteindelik kan predikante selfs die tugproses beleef as om tot die rand van die geloofsgemeenskap gemarginaliseer te word. Predikante se oortreding van die morele en sedelike kode van die geloofsgemeenskap lei tot innerlike verwonding en uiterlike verwerping.

Lindhardt in Vos et al (2007:126) skryf: "To handle shame, you have to establish an alternative viewpoint, where acceptance is presupposed and Christ as alternative image of man is presented."

Die grootste vrees wat 'n predikant kan beleef, is dat hy vir God teleurgestel het as gevolg van sy sonde en dat God hom hieroor straf. Die straf behels dat God Homself onttrek uit die lewe van die predikant en dat die liefdesverhouding verbreek is. Soos met God so ook met die mense. Die vrees wat hieraan gelykstaan, is die verwerping en verlating deur mense. Deur die naaste. Dit lei onafkeerbaar tot selfverwerping.

Gelowiges sal alles doen wat hulle moontlik kan om te verhoed dat hulle deur God en mens verlaat word, want die skande en pyn van verwerping is ondraaglik. Die verwerping bevestig aan die mens dat hy nie goed genoeg is nie en dat daar definitiewe foute is wat hom onaanvaarbaar maak. Predikante wat hierdie verwerping beleef se selfbeoordeling is gevolglik negatief en word verder bevestig deur die feit dat mense hom begin vermy. Soms verlaat selfs sy gesin hom.

5.9.2. Verruiming van die suksesvolle hantering van skuld- en skandgevoelens

Suksesvolle begeleiding in die hantering van skuld- en skandgevoelens is in die

- eerste plek afhanklik van 'n kennis van die eiesoortige aard, oorsprong, en funksie van beide gevoelens. Hiervoor is 'n geïntegreerde kennis soos vanuit die psigologie en teologie verkry, baie belangrik.
- tweede plek afhanklik van die perspektief op die funksie van die verskillende emosies. Indien die funksie as gedragsmodifikasie beskou word, open dit nuwe weë tot die begeleiding van 'n nuwe lewenshouding en die positiewe benutting van die emosie.
- derde plek 'n uitdaging om die kettingreaksie van emosie soos in die psigologie verwoord, te benut om tot doelrelevansie en doelkongruensie te vorder.
- vierde plek 'n geleentheid om emosie as 'n katalisator te benut om nuwe geleenthede te benut en 'n hoopvolle toekoms te verwag.

Begeleiding van predikante sal uit en uit fokus op die verwerking van die emosionele trauma van die tughandeling en die suksesvolle afhandeling van take wat onderneem word. Die klem is op begeleiding. Dit is duidelik dat predikante nie vanweë hulle eie opleiding, kennis of vaardigheid, in staat is om self ook hulle eie pastor te wees nie. 'n Pastor vir die pastor is uiteindelik ononderhandelbaar.

Tydens die tughandeling is daar egter ook meer ter sprake as net die emosionele. Daarom kan tereg in die woorde van Vos (2008:104-105) gestel word dat die verwonding van die predikant nie die eindpunt is nie, maar die begin van 'n nuwe lewe. Die Here is ten nouste hierby betrokke. “Sy heilvolle handeling is net so seker as die dag na die nag.”

5.10. Samevatting

Hierdie hoofstuk bied 'n raamwerk vir 'n verbeterde praktykteorie vir die begeleiding van predikante van die N.G. Kerk tydens die tughandeling. Die hoofstuk fokus op die begeleidende aspek van tugpastoraat. Bemoediging is die hoop wat bemiddel word. Hoop wat sentraal is aan die Chritelike geloof.

Begeleiding is op vele wyses geformuleer. Elkeen van die aspekte verwoord 'n besondere invalshoek tot die begeleiding van predikante tydens die tughandeling.

- Doelgerigte begeleiding.
- Amptelike begeleiding.
- Funksionele begeleiding.
- Kerklike begeleiding.
- Holistiese begeleiding.
- Verantwoordbare begeleiding.
- Prosesmatige begeleiding.
- Beperkende- en verruimende begeleiding.

5.11. Sleutelstellings

Vraag 5(a) Hoe kan tugpastoraat 'n groter bydrae lewer tot die bereiking van die doelstellings van die tughandeling?

Sleutelstelling 5(a)

Die tugpastoraat sal die doelstellings van die tughandeling in oog hou en alle prosesse, handeling en denke rig op die eer van God, die heil van die Kerk en die behoud van die sondaar.

Vraag 5(b) Wat is die bydrae van die verskillende ampte binne die Kerk in die verbetering van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling?

Sleutelstelling 5(b)

Amptelike begeleiding beteken dat die onderlinge sorg, die funksionering van gemeentebou as amptelike sorg en die professionele en kundige pastors, saam die goeie nuus van die evangelie en die Christelike hoop sal uitleef en uitdra.

Vraag 5(c) Hoe kan die funksionele aspekte van die tugpastoraat tot sy reg kom binne die gebeure van die tughandeling?

Sleutelstelling 5(c)

Die tugpastoraat fokus op die

- genesing
- bystand
- begeleiding
- versoening
- en koestering as funksie van die begeleiding.

Vraag 5(d) Op watter wyse kan die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling in 'n groter mate die kerklike karakter daarvan weerspieël?

Sleutelstelling 5(d)

Die kerklike karakter van die tughandeling en begeleiding daar tydens word weerspieël in die volgende aspekte.

- Die prosesse behoort deurgaans 'n geestelike karakter te toon.
- Die tughandeling behoort 'n geloofs- en liefdesgemeenskap se ware karakter te vergestalt.
- Die prosesse moet op kerklike wyse uitgevoer word.
- Die prosesse moet met geestelike middele uitgeoefen word.

Vraag 5(f) Hoe kan 'n holistiese pastorale begeleidingsmodel groter stukrag verleen tot 'n verbeterde praktyk ten opsigte van die tughandeling van predikante?

Sleutelstelling 5(e)

Die begeleiding moet op fisiese, psigies-emosionele en geestelike gebied plaasvind. Die eenheid van die mens word vooropgestel.

Vraag 5(g) Op watter wyse kan die tugpastoraat 'n rol speel in verantwoordbare optrede tydens die tughandeling?

Sleutelstelling 5(f)

Die pastoraat en die tughandeling moet onderwerp word

- aan die noukeurige uitoefening van die kerkordelike prosedures,
- billik en regverdig toegepas word.

Vraag 5(h) Hoe kan deurlopende pastorale begeleiding die huidige praktyk tydens die tughandeling van predikante verryk?

Sleutelstelling 5(g)

Die tughandeling is 'n reeks prosesse wat mekaar opvolg en wat verband hou. Tydens hierdie proses sal die begeleiding van die predikant plaasvind om daardeur voortgang en afsluiting te bewerkstellig.

Vraag 5(h) op watter wyse kan die Kerk in die begeleiding van predikante tydens die tughandeling die intensiteit van negatiewe skuld- en skandgevoelens beperk en die suksesvolle verwerking daarvan vergroot?

Sleutelstelling 5(h)

Die pastoraat beperk die negatiewe invloed en uitwerking van skuld- en skandgevoelens deur die emosies in perspektief te plaas en bou aan die positiewe deur te fokus op die aspek van gedragsmodifikasie.

HOOFTUK 6

SAMEVATTING

Bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling.

6.1. Inleiding

Hierdie hoofstuk is die afsluiting van die studie. Die oogmerk is om die bevindings van die literatuurondersoek en die empiriese navorsing op samevattende wyse aan te bied en sekere aanbevelings te maak.

Die volgende vrae word in die loop van Hoofstuk 6 beantwoord.

- **Vraag 6(a)** Wat is die hoofbevindings van elke hoofstuk van die studie?
- **Vraag 6(b)** Hoe vergelyk die resultate van die navorsing met die navorsingsmetodologie wat gebruik is?
- **Vraag 6(c)** Watter nuwe navorsingsgeleenthede is deur die studie blootgelê?
- **Vraag 6(d)** Wat is die bydrae van die studie?
- **Vraag 6(e)** Watter aanbevelings kan gemaak word?

6.2. Bevinding van die navorsing soos beskryf in die studie

Vraag 6(a) is van toepassing. Wat is die hoofbevindings van elke hoofstuk van die studie?

6.2.1. Hoofstuk 1 Navorsingsbehoefte en -ontwerp

Hoofstuk 1 is 'n beskrywing van die navorsingsbehoefte en -ontwerp van die studie soos dit fokus op die navorsingstema met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande. Die behoefte aan wetenskaplike besinning van die onderwerp, is verken deur 'n beskrywing van die toepaslike inligting soos gevind in Die Kerkorde (2007), bestaande literatuur, die omvang van die behoefte en die kerklike

tughandelings as proses. Hierna is die navorsingsontwerp deur doel- en vraagstellings, afbakening, navorsingsmetodologie en proses, beskryf.

6.2.2. Hoofstuk 2 Emosieteorie

Hoofstuk 2 is 'n literatuurverkenning van gevoelsbeleving met spesifieke verwysing na die aard en funksie van skuld en skande. 'n Psigologiese en teologiese verkenning en beskrywing van skuld, skande en die gevoelsbeleving wat daarmee gepaard gaan, is bespreek. In die eerste plek is die begrip gevoelsbeleving of emosie beskryf, waarna die basiese kenmerke en funksies ondersoek is. Die gevoelsbeleving van skuld en skande is deeglik verken wat betref hul oorsprong, aard, indeling en funksie, asook hul verband en samehang. Verwerkingsmeganismes is ook verken.

6.2.3. Hoofstuk 3 Tugpastoraat: 'n Pastorale perspektief

Hoofstuk 3 is 'n beskrywing van die konteks, teologie en praktyk van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandelings. Tugpastoraat is teologies begrens en begrond. Verder is die subjek, objek en vereistes van die tugpastoraat beskryf, asook die doel, taak, parameters en maatstawwe vir funksionaliteit, professionaliteit en effektiwiteit.

6.2.4. Hoofstuk 4 Empiriese navorsing

Hoofstuk 4 bevat die beskrywing van die empiriese navorsing. Die navorsingsmetodologie, gestruktureerde onderhoud en analise, tematiese analise en die vergelyking van die tematiese informasie en die teoretiese modelle is deeglik bespreek.

6.2.5. Hoofstuk 5 Praktykteorie

'n Verbeterde praktykteorie is in Hoofstuk 5 beskryf. Dit volg op die hermeneutiese interaksie tussen die resultate van die empiriese ondersoek en die beskrywing van die literatuurondersoeke. Die insigte wat so bekom is, lei tot nuwe konsepte en dra by tot die herstel of aanpassing van die bestaande praktyk van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandelings in die verwerking van skuld en skande.

6.3. Evaluering van navorsing met betrekking tot die navorsingsmetodologie

Die volgende vraag is van toepassing. Hoe vergelyk die resultate van die navorsing met die navorsingsmetodologie wat gebruik is?

Ek volg Cresswell (2007:50) se struktuur deur nege argumente aan te bied om die navorsingsmetodologie te evalueer teenoor die resultate wat deur die navorsing verkry is.

Argument 1. Ons het nodig om die volgende saak beter te verstaan: die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling met spesifieke verwysing na die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande.

Argument 2. Ons weet baie min van die pastorale begeleiding en emosionele beleving van predikante soos tydens die tughandeling ervaar.

Argument 3. Die volgende sake is onder die soeklig geplaas:

- die moontlike bydrae wat die tughandeling lewer tot die gevoelsbeleving van skuld en skande by predikante.
- die aard en funksie van die gevoelsbeleving van skuld en skande tydens die tughandeling.
- die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling.

Argument 4. Die deelnemers aan die studie voldoen aan die volgende vereistes:

- Hulle het almal die tughandeling binne die N.G. Kerk ervaar.
- Hulle was bereid om tydens 'n gestruktureerde onderhoud, 'n gesprek met die navorser te voer oor hulle beleving van die tughandeling.

Argument 5. Die metodes wat vir die navorsing gebruik is, het voldoen aan die verwagtings om die antwoorde op die navorsingsvrae te verkry. Hierdie is 'n fenomenologiese studie wat op kwalitatiewe wyse, deur middel van 'n gestruktureerde onderhoudskedule, soos gebruik tydens persoonlike onderhoude, informasie oor die studie-onderwerp te ontgin en beskryf het.

Argument 6. Die analise van die informasie wat versamel is, het antwoorde gebied op die navorsingsvrae.

Argument 7. Die bevindings van die studie is betroubaar, omdat dit beantwoord aan die wetenskaplike eise van kwalitatiewe navorsing.

Argument 8. Die studie was eties en deelnemers is nie benadeel nie.

Argument 9. Die studie was praktiese uitvoerbaar en is waardevol in terme van die geïnterpreteerde en geïntegreerde analise.

6.4. Nuwe navorsingsgeleenthede

Vraag 6(c) is van toepassing. Watter nuwe navorsingsgeleenthede is deur die studie blootgelê?

Die navorsing het verskeie verdere navorsingsgeleenthede blootgelê. Die volgende onderwerpe is deur die respondente geïdentifiseer.

- Die tughandeling en arbeidswetgewing.
- Empatie en die tughandeling.
- Die Ringskommissie / gesinsbeleving van die tughandeling.
- Die noodsaak van die tughandeling.
- Kerklike prosedures teenoor omgee en versorging.
- Pastoraal versorging van die gemeente tydens die tughandeling.
- Innerlike genesing van die betrokkenes tydens die tughandeling.
- Toepassing van die tugmaatreëls.
- Begeleiding om goeie besluite onder druk te neem tydens die tughandeling.

Daarmee saam ook die volgende.

- Die impak van die media op die predikant en geloofsgemeenskap soos van toepassing op die tughandeling.

6.5. Evaluering van die bydrae van die navorsing

Vraag 6(d) word bespreek. Wat is die bydrae van die studie?

Hierdie navorsing lewer 'n gefokusde bydrae ten opsigte van die tughandeling van predikante. Die ondersoek is afgestem op die belewing en die hantering van die emosies van skuld en skande. Die Kerk se begeleidingstaak hierin is deur teoretiese en empiriese navorsing onderneem. Die volgende bydrae word daardeur gelewer.

- 'n Bewuswording van die trauma van die tughandeling.
- Kennis oor die tipiese aard van die gevoelens van skuld en skande soos wat dit betrekking het op die prosesse van die tughandeling.
- Inligting oor die suksesvolle en ontoereikende maniere van die hantering en die verwerking van die emosies skuld en skande.
- Klem op die effek van die prosesse van die uitgebreide tughandeling.
- Die ontoereikende aard van die Kerk se begeleiding tydens die tughandeling word bekend.
- 'n Teologiese model vir tugpastoraat is ontwerp.
- Die empiriese navorsing het inligting oor die effek van die tughandeling beskikbaar gestel.
- 'n Verbeterde praktykmodel is voorgehou.

6.6. Aanbevelings

Vraag 6(e) word beantwoord. Watter aanbevelings kan gemaak word?

Die volgende aanbevelings kan gemaak word.

- Die prosesse van die tughandeling moet deurentyd gemoniteer word met betrekking tot die impak wat dit op die gevoelsbelewing van skuld en skande het.
- Pastorale sorg word op alle vlakke van die geloofsgemeenskap se bestaan vereis wanneer die tughandeling van predikante ter sprake kom.
- Professionele pastorale begeleiding is onontbeerlik in die suksesvolle hantering van die trauma van die tughandeling en die hantering en verwerking van gevoelens van skuld en skande.

- Die behoud van ampsbevoegdheid en die herstel tot diensbaarheid behoort prioriteit te geniet tydens die toepassing van en begeleiding tydens die tughandeling.

6.7. Samevatting

Hoofstuk 6 is die finale bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek ten opsigte van die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling. Hoofstuk 6 is 'n algehele samevatting met bevindings en aanbevelings na aanleiding van die ondersoek. In die eerste plek is die bevindings van die verskillende hoofstukke beskryf en tweedens is die navorsing geëvalueer met betrekking tot die navorsingsmetodologie. Derdens is nuwe navorsingsgeleenthede aangetoon en in die vierde plek is die bydrae van die studie verken. In die vyfde plek is tien stellings geformuleer ten opsigte van die studie en ten slotte word daar sekere aanbevelings gemaak.

6.8. Sleutelstellings

Na aanleiding van die vrae soos gestel aan die begin van die hoofstuk en die ondersoek daarna, word die volgende sleutelstellings gemaak.

Vraag 6(a) Wat is die hoofbevindings van elke hoofstuk van die studie?

Sleutelstelling 6(a)

Hoofstuk 1 toon die behoefte van die ondersoek en die navorsingsontwerp.

Hoofstuk 2 verken die emosies van skuld en skande.

Hoofstuk 3 is 'n Teologiese beskrywing van tugpastoraat.

Hoofstuk 4 is 'n verslag van die empiriese navorsing.

Hoofstuk 5 is die ontwerp van 'n verbeterde praktykmodel.

Vraag 6(b) Hoe vergelyk die resultate van die navorsing met die navorsingsmetodologie wat gebruik is?

Sleutelstelling 6(b)

Die navorsingsresultate is geldig en betroubaar aangesien die navorsingsmetodologie gebaseer is op erkende metodes.

Vraag 6(c) Watter nuwe navorsingsgeleenthede is deur die studie blootgelê?

Sleutelstelling 6(c)

Verskeie nuwe navorsingsgeleenthede is blootgelê. Die belangrikste is sekerlik die meervoudige en komplekse aard van die tughandeling.

Vraag 6(d) Wat is die bydrae van die studie?

Sleutelstelling 6(d)

Die studie verskaf inligting en praktiese aanbevelings wat aangewend kan word in die begeleiding van predikante tydens die tughandeling.

Vraag 6(e) Watter aanbevelings kan gemaak word?

Sleutelstelling 6(e)

Die volgende aanbevelings kan gemaak word.

- Die prosesse van die tughandeling moet deurentyd gemoniteer word met betrekking tot die impak wat dit op die gevoelsbeleving van skuld en skande het.
- Pastorale sorg word op alle vlakke van die geloofsgemeenskap se bestaan vereis wanneer die tughandeling van predikante ter sprake kom.

- Professionele pastorale begeleiding is onontbeerlik in die suksesvolle hantering van die trauma van die tughandeling en die hantering en verwerking van gevoelens van skuld en skande.
- Die behoud van ampsbevoegdheid en die herstel tot diensbaarheid behoort prioriteit te geniet tydens die toepassing van en begeleiding tydens die tughandeling.

Tot eer van God.

Tot heil van die Kerk.

Tot behoud van die sondaar.

“Aan Hom wat magtig is om julle van val te bewaar, en julle sonder vlek met groot vreugde voor sy heerlike teenwoordigheid stelling te laat inneem, aan die ewige God, ons Verlosser op grond van wat Jesus Christus vir ons gedoen het, behoort die heerlikheid, die grootheid, die krag en die mag van altyd af, ook nou en vir altyd.

Amen.”

Judas 22,23

Nuwe Lewende Vertaling

BIBLIOGRAFIE

ADAMS, J.E. 1973 *Competent to Council*. V.S.A. Presbyterian and Reformed Publishing Company.

Ad Hebraeos. Essays on the Epistle to the Hebrews. Neotestamentica 5 (1971). Pretoria.

ALBERS, R.H. 1995 *Shame. A Faith Perspective*. New York. The Haworth Press.

ANDERSON, R.S. 1990 *Christians who Counsel: The Vocation of Holistic Therapy*. GrandRapids: Zondervan.

ANDERSON, R.S. 1995 *Self Care. A Theology of Personal Empowerment & Spiritual Healing*. Illinois. A Bridgepoint Book.

ARICHEA, D.C. & NIDA, E.A. 1976 *A Translators Handbook on Paul's Letter to the Galatians*. New York. United Bible Societies.

ARNOLD, M.B. 1960 *Emotion and Personality*. New York. Columbia University Press.

BARNARD, A.C. 1988 *Handboek vir die Erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk*. Kaapstad. N.G.Kerk-Uitgewers.

BARNARD, A.C. 1994 *In die Kragveld van die Woord en die Gees*. Etoile.

BARNARD, P.H. 2009 *Relevante Prediking in 'n Veranderende Wêreld van Relatiewiteit: 'n Ondersoek na Deelname aan die Erediens en die Houding teenoor Kerk en Prediking Onder Gelowiges in die Konteks van die Paarl*. PhD. Studie. Universiteit van Pretoria.

BARRETT, C.K. 1978 *The Gospel According to St. John. An Introduction with Commentary and Notes on The Greek Text. Second Edition*. London. SPCK.

BARTH, K. 1964 *Kirchliche Dogmatik IV/2*. Zürich. EVZ/-Verlag.

BAVINCK, H. 1930 *Gereformeerde Dogmatiek. Vierde Deel. Vierde Onveranderde Druk*. Kampe. J.H. Kok. N.V. Uitgevers Mij.

BEN-ZE'EV, A. 2000 *The Subtlety of Emotions*. Massachusetts. The MIT Press.

BERKHOF, H. 1973 *Christelike Geloof*. Nijkerk. Callenbach.

BEST, E. 1979 *A Commentary on The First and Second Epistles to the Thessalonians*. Black's New Testament Commentaries. London. Adam & Charles Black.

BLAZER, D. Et al 1987 *Stressful live events and the onset of generalized anxiety syndrome*. American Journal of Psychiatry, 144:1178-1183.

BONS-STORM, R. 1989 *Hoe gaat het met jou? Pastoraat als komen tot verstaan*. Kampen. J.H.Kok.

- BORN, A. & W. GROSSOUW & J. VAN DER PLOEG. (Reds) 1963 *Die Boeken van Het Oude Testament*. (Plek en uitgewers kort!)
- BOROD, J.C. (ed) 2000 *The Neuropsychology of Emotion*. Oxford. Oxford University Press.
- BOSMAN, D.B. et al. 1984 *Tweetalige Woordeboek*. Kaapstad. Tafelberg.
- BOOYENS, M.J. 1979 *'n Vaste Vertroue Op Dit Wat Ons Hoop*. Kaapstad. N.G. Kerkboekhandel.
- BRETHERTON, I. Et al. 1986 *Learning to talk about emotions. A functionalist perspective*. Child Development, 57:529-548.
- BRIDGER, F & D. ATKINSON. 1998 *Counselling in Context. Developing a Theological Framework*. London. Harper Collins Publishers.
- BRIDGES, 1932 K.M.B. *Emotional development in infancy*. Child development. P.324-334.
- BRITZ, R.M. 1991 *In tug moet dit méér om Christus se Heerskap gaan, minder om reëls*. Die Kerkbode. Deel 148;11, p.4.
- BROWN, E.R. 1984 *The Gospel According to John. Volume 2 (xiii-xxi)*. London. Geoffrey Chapman.
- BROUCEK, F.J. 1991 *Shame and the Self*. New York. The Guilford Press.
- BUCER, M. 1991 *Over de ware zielzorg*. Vertaling H.J. Selderhuis. Kampen. De Groot Goudriaan.
- BURGER, C. 1991 *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. Pretoria. Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing.
- BYBEE, J. (Red.) 1988 *Guilt and Children*. San Diego. Academic Press.
- CALHOUN, C & R.C. SOLOMON (Red.) 1984 *What is an Emotion? Classical Readings in Philosophical Psychology*. Oxford. Oxford University.
- CAMPBELL, A.V. 1981 *Rediscovering Pastoral Care*. London. Darton, Longman and Todd Ltd.
- CAPPS, D. 1979 *Pastoral Care. A Thematic Approach*. Philadelphia. The Westminster Press.
- CARTER, L. & F. MINIRTH. 1993 *The Anger Workbook*. Nashville. Thomas Nelson Inc.
- CHAPMAN, G & J. THOMAS 2006 *The Five Languages of Apology*. Chicago. Northfield Publishing.

- COERTZEN, P. *Regering, opsig en tug in die kerk*. Ned.Geref. Teologiese Tydskrif. 1988:183-186.
- COLEMAN, D. 1995 *Emotional Intelligence*. New York. Bantam.
- COLLINS, G.R. 2005 *Die A tot Z van Berading. Bybelse Perspektiewe op Probleemoplossing*. Kaapstad. Struik Christelike Boeke.
- COOKE, F.T. 2007 *Die gebruik van die pastor pastorum in die pastorale versorging van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Proefskrif in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria*.
- COPE, M. 2004 *The Seven C's of Coaching. The Definitive Guide to Collaborative Coaching*. Great Britain. Pearson Education Limited.
- CRANFIELD, C.E.B. 1985 *Romans. A Shorter Commentary*. Michigan. William Eerdmans Publishing Company.
- CRESWELL, J.W. 2007 *Qualitative Inquiry & research Design. Choosing Among Five Approaches*. California. Sage Publications.
- CRITELLI, J.W. 1987 *Personal Growth and Effective Behaviour*. New York. CBS College Publishing.
- CSIKSZENTMIHALYI, M & CSIKSZENTMIHALYI, I.S. 1992 *Optimum Experience. Psychological Studies of Flow in Consciousness*. New York. Cambridge University Press.
- DAVITS, H.J. 1969 *The Language of Emotion*. London. Academic Press.
- DAWES, R.M. 1972 *Fundamentals of Attitude Measurement*. New York. John Wiley & Sons, Inc.
- DE BONO, E. 2004 *How to have a beautiful mind*. London. Vermilion.
- DE HAAN, E. 2008 *Relational Coaching. Journeys Towards Mastering One-To-One Learning*. West Sussex. John Wiley & Sons Ltd.
- DE KLERK, J.J. 1978 *Herderkunde*. Kaapstad. N.G. Kerkboekhandel.
- DE KLERK, P.J.S. 1951 *Die Brief aan die Hebreërs*. Pretoria. J.L. Van Schail, Bpk.
- DE KLERK, W.J. 1985 *Rousmart. Die pastorale Sorg oor Bedroedes na die Oorlye van 'n Dierbare*. Johannesburg. Boekhandel De Jong (EDMS) Beperk.
- DE WET, F.J. 2009 *Die Implikasies van 'n Pneumatologiese-bepaalde Teoretiese Raamwerk vir Navorsingsmetodologie in prakties-teologiese Wetenskapsbeoefening*. In die Skriflig, 43(2),227-250.
- DENTON, D.K. 1999 *The Toolbox for the Mind. Finding and Implementing Creative solutions in the Workplace*. Milwaukee, Wisconsin. ASQ Quality Press.

DIE BYBEL 1983 *Die Bybel in Afrikaans. Nuwe Vertaling. Goue Jubileum-Uitgawe 1933-1983*

DIE BYBEL 2008 *Nuwe Lewende Vertaling*. Vereniging. Christelike Uitgewersmaatskappy.

DREYER, T.F.J. 1981 *Poimeniek. 'n Pastorale oriëntasie*. Pretoria. HAUM Uitgewery.

DRYER, M.G. 1987 *Emotions and their Computations: Three Computer Models*. Cognition and Emotion, 1:323-347.

DU PLESSIS, I.J. 1978 *Die Brief aan die Kolossense*. Kaapstad. N.G. Kerk-Uitgewers.

DU PLESSIS, P.J. 1978 *Die Briewe van Johannes*. Kaapstad. N.G. Kerk-Uitgewers.

DU PLOOY, A le R. *Die Heilige Nagmaal en Kerklike Tug*. Koers 55 (1990) : 143-161.

DU PONT, A.D. *Opsig en tug en die probleem van die kerklos of onbetrokke lidmaat*. Die Hervormer. Januarie 1988:16.

DU PREEZ, J. 1981 *Die Briewe aan die Tessalonisense*. Kaapstad. N.G. Kerk-Uitgewers.

DURAND, J.J.F. 1976 *Die Lewende God. Wegwysers in die Dogmatiek*. Pretoria. N.G.Kerkboekhandel.

DURAND, J.J.F. 1978 *Die Sonde. Wegwysers in die Dogmatiek*. Pretoria. N.G.Kerkboekhandel.

DU TOIT, A.P. & M. ORR. 1987 *Achiever's handbook. A Workbook*. Johannesburg. Southern Book Publishers (Pty) Ltd.

DU TOIT, S.I. (Red) 1986 *Perspektiewe op Menswees*. Pretoria. Academica.

DUNLOP, F. 1984 *The Education of Feeling and Emotion*. London. George Allen & Unwin.

EALLES, M.J. 1992 *Shame and Guilt: instincts and their vicissitudes in human evolution*. Ongepubliseerde Verhandelings

ENGELBRECHT, J.J. *Kerklike tug volgens 1 Korintiërs 5 en 6*. HTS 45/2 (1989). P.387-400.

ENGLER, B. 1985 *Personality Theories. An Introduction. Second Edition*. Boston. Houghton Mifflin Company.

EKMAN, P & R.J. DAVIDSON. 1995 *The nature of Emotions. Fundamental Questions*. New York. Oxford University Press.

EPSTEIN, S. 1998 *Constructive Thinking. The Key to Emotional Intelligence*. Westport. Praeger Publishers.

- FABER, H. & E. VAN DER SCHOOT MCMLXII *Het Pastorale gesprek. Een Pastoraal-Psychologische Studie*. Utrecht. Erven J. Bijleveld.
- FARMER, W.R. 1988 *The International Bible Commentary. A Catholic and Ecumenical Commentary for The Twenty-First Century*. Collegeville, Minnesita. The Liturgical Press.
- FEENSTRA, J.G. 1975 *De Dortse Leerregels*. Kampen. Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.
- FENSHAM, F.C. 1981 *Die Brief aan die Hebreërs*. Kaapstad. N.G. Kerk-Uitgewers.
- FERGUSON, T.J. et al 1991 *Childrens understanding of Guilt and Shame*. Child Development, 62;827-839.
- FIEDLER, K. & G.L. GORE. 1988 *Affect, cognitiona and social behaviour*. Toronto. Hogrefe.
- FIRET, J. 1977 *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kampen. Kok.
- FISHER, M. 2005 *Beating ANGER*. London. Rider (Ebury Press).
- FOURIE, D. 1990 *Die tug en geskeide predikante*. Die Kerkbode. Deel 145;5 no.5, p.6.
- FRANK, R.H. 1988 *Passions within Reason: The Strategic role of the Emotions*. Cambridge. MIT Press.
- FREEMAN, L. & H.S. STREAN. 1986 *Guilt. Letting Go*. New York. John Wiley & Sons.
- FRIJDA, N.H. 1987 *The Emotions. Studies in Emotion & Social Interaction*. Cambridge. Cambridge University Press.
- FRIJDA, N.H. (Red.) 1993 *Appraisal and beyond: The issue of cognitive determinants of emotion*. Cognition and Emotion, 7:225-387.
- GEERTZ, H. 1959 *The Vocabulary of Emotion*. Psychiatry, 22: 225-237.
- GELHORN,E. & N.E. MILLER 1961 *Futher Investigations on the recovery of inhibited condition reactions. Proceedings of the Society for Experimental Biological Medicine*. P.59, 155-161.
- GERKIN, C.V. 1984 *The Living Human Document. Re-Visioning Pastoral Counseling in a Hermeneutical Mode*. Nashville. Abingdon Press.
- GIRARD, R. 1986 *De Zondebok*. Kampen. Kok.
- GNILKA, J. 1983 *Die Neue Echter Bibel. Kommentar Zum Neuen Testamentum Mit der Einheitsüberetzung Johannesevangelium*. Würzburg. Echter Verlag.
- GOLDBERG, A. (ed) 1992 *New Therapeutic Visions. Progress in Self Psychology. Volume 8*. New York. The Analytic Press.

GOODSTEIN, L.D. & E.P. PRIEN 2006 *Using Individual Assessment in the workplace. A Practical Guide for HR Professionals, Trainers and Managers*. San Francisco. Pfeiffer.

GRASHA, A.F. & D.S. KIRSCHENBAUM. 1980 *Psychology of Adjustment and Competence. An Applied Approach*. Massachusetts. Winthrop Publishers, INC.

GREEN, DP. Et al. 1993 *Measurement error masks bipolarity in affect ratings*. Journal of Personality and social Psychology, 64:1029-1041.

GREYVENSTEYN, J. 1973 Die Kerklike Tug. 'n Prinsipiële beskouing en praktiese ondersoek daarna in die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Noord-Transvaal. Pretoria. Fakulteit Teologie (Afdeling B).

GROSHEIDE, F.W. 1955 *De Brief Aan De Hebreëen en De Brief Van Jakobus. Tweede Hersiene en Vermeerderde Druk*. Kampen. N.V. Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

HANDBOEK VIR DIE EREDIENS 1988 Kaapstad. N.G. Kerk-Uitgewers.

HAAS, C. et al 1972 *A Translator's Handbook on The Letters of John*. London. United Bibel Societies.

HANN, Y.L. 2000 *Emotions in Sport. Human Kinetics*.

HARRE, R. 1986 *The Social Construction of Emotions*. New York. Blackwell.

HEITINK, G. 1977 *Pastoraat Als Hulpverlening. Inleiding in die Pastorale Theologie en Psychologie*. Kampen. Uitgeversmaatschappij J.H.Kok.

HEITINK, G. 1985 *Ontginningswerk. Klinische Pastorale Vorming – een overzicht*. Kampen. Uitgeversmaatschappij J.H.Kok.

HEITINK, G. 1993 *Praktische Theologie. Geschiedenis. Theorie. Handelingsvelde*. Kampen. Kok.

HEITINK, G. 1998 *Pastorale Zorg. Theologie – Differentiatie – Praktijk*. Kampen. Uitgeverij Kok.

HEITINK, G. 2011 *Golfslag van de tijd*. Kampen. Kok.

HENDRIKSEN, W. 1981 *New Testament Commentary. Galatians & Ephesians. Reprinted*. Edinburgh. The Banner of Truth Trust.

HENDRIKSEN, W. 1983 *New Testament Commentary. 1&2Thessalonians. 1&2Timothy and Titus. Reprinted in combined volume with Timothy & Titus*. Edinburgh. The Banner of Truth Trust.

HEYNS, J.A. 1977 *Die Kerk*. Pretoria. N.G. Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1981 *Dogmatiek*. Pretoria. N.G.Kerkboekhandel.

HILGARD, E.R. 1980 *The trilogy of mind: Cognition, affection and conation*. Journal of the History of the Behavioral Sciences, 16: 107-117.

HOLLOWAY, R. 2002 *On Forgiveness. How can we forgive the unforgivable?* Edinburgh. Canongate Books Ltd.

HOSSFELD, F.-L. & E. ZENGER. (Hgs) 1993 *Die Psalmen I. Psalmen 1-51*. Würzburg. Echter Verlag.

HOSSFELD, F.-L. & E. ZENGER. 2000 *Psalmen 51-100*. Freiburg. Basel. Wien. HThKAT Herder Verlag.

HOSSFELD, F.-L. & E. ZENGER. 2008 *Psalmen 101-150*. Freiburg. Basel. Wien. HThKAT Herder Verlag.

HOWE, L.T. 1995 *The Image of God. A Theology for Pastoral Care and Counselling*. Nashville. Abingdon Press.

http://jv.news24.com/Rapport/Suid-Afrika/0,,752-2460_2533895,0...

<http://www.ngkerk.org.za/abid/default.asp>

<http://www.rapport.co.za?Content/Suid-Afrika/Nuus/2315/5ee0e9...>

HUGHES, M. & H.L. THOMPSON & J.B. TERRELL (eds) 2009 *Handbook for developing Emotional and Social Intelligence. Best Practices, Case Studies, and Strategies*. San Francisco. A Wiley Imprint.

HUMAN, D.J. & C.J.A. VOS. (Eds) 2004 *Psalms and Liturgy*. London. T & T Clark International. A Continuum imprint.

IZARD, C.E. 1992 *Basic emotons, relations among emotions and emotion-cognition relations*. Psychological Review, 99:561-565.

IZARD, CE (Red) 1971 *Emotions in Personality and Psycopathology*. New York. Plenum. 1971.

JACOBSEN, M.H. (Red) 2009 *Encountering the Everyday. An Introduction to the Sociologies of the Unnoticed*. New York. Palgrave Macmillan.

JACOBY, M. 1996 *Shame and the Origins of Self Esteem*. London. Routledge.

JONKER, W.D. 1983 *Die Gees van Christus. Wegwysers in die Dogmatiek*. Pretoria. N.G.Kerkboekhandel.

JONKER, W.D. 1983 *Die Brief aan die Romeine*. Kaapstad. N.G. Kerk-Uitgewers.
JOOSTEN, J. "I have sinned against heaven and before you." Theology Digest 51:1 (Spring 2004). P.29-33.

JORDAAN, W. et al. 2008 *Die Genesing van Herinneringe*. Pretoria. Protea Boekhuis.

- JOUBERT, S. 2004 *Vrygespreek*. Vereeniging. Christelike Uitgewersmaatskappy.
- KäSEMANN, E. 1974 *An die Römer. Handbuch Zum Neuen Testament 3, überarbeitete Auflage*. Tübingen. J.C.B. Mohr (Paul Sieck).
- KäSEMANN, E. 1982 *Commentary on Romans*. Suffolk. SCM Press Ltd.
- KATZ, J. 1999 *How Emotions Work*. Chicago. The University of Chicago Press.
- KAUFMAN, G. 1993 *The Psychology of Shame. Theory and Treatment of Shame-Based Syndromes*. London. Routledge.
- KAUFMAN, G. & L. RAPHAEL. 1991 *Dynamics of Power. Fighting Shame and Building Self-Esteem. Revised Second Edition*. Vermont. Schenkman Books, INC.
- KELLY, J.N.D. 1982 *A Commentary on The Epistle of Peter and of Jude*. Black's New Testament Commentaries. London. Adam & Charles Black. *Embarrassment, amusement and shame*. Journal of Personality and Social Psychology, 68: 441-454.
- KEMPTER, T.D. 1978 *A Social-interactional theory of emotions*. New York. Wiley.
- KEMPTER, T.D. (Red.) 1990 *Research agendas in the Sociology of Emotions*. Albany. New York University Press.
- KLEYNHANS, E.P.J. 1982 *Gereformeerde Kerkreg. Deel 1: Inleiding*. Pretoria. N.G.Kerkboekhandel Transvaal.
- KLEYNHANS, E.P.J. 1984 *Gereformeerde Kerkreg. Deel 2: Kerk en Amp*. Pretoria. N.G.Kerkboekhandel Transvaal.
- KLEYNHANS, E.P.J. 1985 *Gereformeerde Kerkreg. Deel 3: Kerkverband en Kerkvergaderinge*. Pretoria. N.G.Kerkboekhandel Transvaal.
- KNAPP, M.L. & J.A. HALL 1992 *Nonverbal Communication In Human Interaction. Third Edition*. Fort Worth. Harcourt Brace College Publishers.
- KOWALSKI, R. 1993 *Discovering Your Self. Breaking Walls – Building Bridges*. London. Routledge.
- KÜNG, H. 1981 *The Church*. Kent. Search Press Limited.
- LA HAYE, T. 1990 *If Ministers Fall, Can They Be Restored?* Grand Rapids, Michigan. Zondervan Publishing House.
- LANSER, A. et al (red.) 2003 *De kunst van ontfermen. Studies voor Gerben Heitink*. Kampen. Uitgeverij Kok.
- LATEGAN, L.O.K. 1992 *Gehoorsaamheidskompromie*. Tydskrif vir Christelike Wetenskap (1992:3) P. 58-80.

LATEGAN, L.O.K. Aard, *Subjek en Objek van Tug: Kantaantekeninge op weg na 'n teologiese fundering van Tug*. Tydskrif vir Christelike Wetenskappe (1992:3) P.46-57.

LAZARUS, R.S. 1968 *Emotions and Adaption: Conceptual and Empirical Relations*. Nebraska Symposium on Motivation. Lincoln. University of Nebraska Press. W.J. Arnold (Red.)

LAZARUS, R.S. & B.N. LAZARUS. 1994 *Passion and Reason*. Making sense of Emotions. New York. Oxford University Press.

LEDOUX, J. 1998 *The Emotional Brain. The Mysterious Underpinnings of Emotional Life*. New York. Simon & Schuster Inc.

LE ROUX, P.D. 1988 *Die Wet van die Vryspraak*. Silverton. Promedia Publikasies.

LEWIS, M. 1992 *Shame. The Exposed Self*. New York. Free Press.

LEWIS, M. 1995 *Self-conscious Emotions*. American Scientist (Jan-Feb.), 83:68-78.

LEWIS, M & J.M. HAVILAND 1993 *Handbook of Emotions*. New York. Guilford.

LEWIS-BECK, M.S. et al (Red.) *The Sage Encyclopedia of Social Science Research Methods. Volume 3*. California. Sage Publications.

LOH, I-JIN & E.A. NIDA 1977 *A Translators Handbook on Paul's Letter to the Phillippians*. New York. United Bible Societies.

LOUW, D.A.(Red.)1982 *Inleiding tot die Psigologie*. Johannesburg.. McGraw-Hill Boekmaatskappy.

LOUW, D.J. 1983 *Versoening in die Huwelik. Riglyne in die Pastorale bediening*. Pretoria. Butterworth.

LOUW, J.L. 1999 *Pastoraat as Vertolking en Ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n Basisteorie, Antropologie, Metode en Terapie. Nuwe Hersiene Uitgawe*. Kaapstad. Lux Verbi.

LYALL, D. 1995 *Counselling in the Pastoral and Spiritual Context*. Buckingham. Open University Press.

MacDONALD, G. 1988 *'n Tyd vir Opbou. Herbou jou Gebroke Wêreld*. Kaapstad. Struik Christelike Boeke.

MAGAI, C. & S.H. McFADDEN. (eds) 1996 *Handbook of Emotion, Adult Development, and Ageing*. San Diego. Academic Press.

MAISTER, D.H. & C.H. GREEN & R.M. GALFORD. 2002 *The Trusted Advisor*. The Free Press. Simon & Schuster.

- MALHERBE, A.J. 2000 *The Letters to the Tesselonians. A New Translation with Introduction and Commentary. Volume 32B.* New York. The Anchor Bible. Doubleday.
- MALOUFF, J. & N.S. SCHUTTE. 1998 *Games to Enhance Social and Emotional Skills.* Illinois. Charles C. Thomas Publishers, LTD.
- MANS, C.C. 2003 *Emotional Discipline. The Power to Choose How You Feel.* San Francisco. Berrett-Koehler Publishers, Inc.
- McGHEE, P.E. & J.H. GOLDSTEIN. (eds) 1983 *Handbook of Humor Research. Volume II.* New York. Springer-Verlag.
- McKAY, M. & P. FANNING. 1992 *Self-Esteem. Second Edition.* Oakland. New Harbinger Publications, INC.
- McKEATING, H. 1986 *Living with Guilt.* London. SCM Press Ltd.
- MERKLEIN, H. 1999. *Stuttgarter Neues Testament. Einheitsübersetzung mit Kommentar und Erklärungen.* Stuttgart. Katholische Bibelanstalt.
- MIJNHARDT, F.A. 1978 *Afrikaanse Bybelkonkordansie.* Pretoria. J.L. van Schaik Bpk.
- MILLER, P.D. 1986 *Interpreting the Psalms.* Philadelphia. Fortress Press.
- MOLLON, P. 2003 *Shame and Jealousy. The Hidden Turmoils.* London. Karnac Books.
- MORRIS, C.G. 1979 *Psychology. An Introduction.* New Yersey. Prentice-Hall, INC.
- MORRIS, H. ed 1971 *Guilt and Shame.* California. Wadsworth Publishing Company, Inc..
- MOUTON, J. 2009 *How to succeed in your Master's and Doctoral Studies. A South African Guide and Resource Book. Thirteenth Impression.* Pretoria. Van Schaik Publishers.
- MÜLLER, J.J. 1977 *Die Brief aan die Fillipense. Die Brief aan Filemon.* Kaapstad. N.G. Kerk-Uitgewers.
- NEL, M. 1994 *Gemeentebou.* Halfway House. Orion.
- NEL, M. 2001 *Jeugbediening. 'n Inklusiewe gemeentelike bediening.* Bloemfontein. Barnabas.
- NEL, P.J. *Arme Jona tussen teks en werklikheid.* Skrif en Kerk. Jrg. 20(1). 1999:173-186.
- NELSON-JONES, R. 1991 *Lifeskills. A Handbook.* London. Cassell Educational Limited.
- NEWMAN & NIDA. 1973 *A Translator's Handbook on Paul's Letter to the Romans.* London. United Bible Societies.
- NESSE, R.M. 1991 *What good is feeling bad? The evolutionary benefits of psychic pain.* The Sciences (Nov-Des), 30-37.

- NESTLE-ALAND 1981 *Novum Testamentum Graece*. Stuttgart. Deutsche Bibelstiftung.
- NEYREY, J.H. 1998 *Honor and Shame in the Gospel of Matthew*. Kentucky. Westminster John Knox Press.
- NIEMANDT, N. (Samesteller) 2007 *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met Reglemente, Kerkordelike Riglyne en Funksionele Besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Oktober 2007*. Kaapstad. Lux Verbi.BM.
- NOUWEN, J.M. 1995 *The Return of the Prodigal Son. A Story of Homecoming*. New York. The Continuum Publishing Company.
- OATLEY, K. 1992 *Human Emotions: Function and dysfunction*. Annual Review of Psychology, 43: 55-85.
- OATLEY, K. & J.M. JENKINS 1996 *Understanding Emotions*. Massachusetts. Blackwell Publishers.
- ODEN, T. 1987 *The Living God. Systematic Theology. Vol.1*. New York, Harper and Row.
- ODENDAL, F.H. & R.H. GOUWS. (Red.)2005 *HAT. Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Vyfde Uitgawe. Kaapstad. Pearson Education South Africa.
- ORTONY, A. & T.J. TURNER. 1990 *What's basic about emotions?* Psychological Review, 74:431-461.
- OVERDUIN, J. 1964 *Het avontuur van een deserteur*. Kampen. J.H.Kok N.V.
- PANNENBERG, W. 1985 *Anthropology in Theological Perspective*. Philadelphia. Westminster.
- PAPANICOLAOU, A.C. 1989 *Emotion. A Reconsideration of the Somatic Theory*. New York. Gordon and Breach Science Publishers.
- PATTISON, S. 1988 *A Critique of Pastoral Care*. London. SCM Press.
- PAUW, D.A. 1998 *Jesus: Sy beleving en verwerking van sy emosies*. SKRIF EN KERK. Jaargang 19(1).
- PESCH, R. 1983 *Römerbrief. Die Neue Echter Bibel. Kommentar zum Neue Testament mit der Einheitsübersetzung*. Würzburg. Echter Verlag.
- PHYSIOTHERAPY DEPARTMENT 2009 *Emotions. Stress management and Wellness Workshop*. Pretoria Academic Hospital.
- PIETERSE, H.J.C. 1991 *Die wetenskapsteoretiese grondslag van die praktiese teologie. Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 6(1):38-51.
- PIETERSE, H.J.C. 1993 *Praktiese Teologie as Kommunikatiewe Handelingssteorie*. Pretoria. RGN-Uitgewers.

- PIETERSE, H.J.C. 2001 *Prediking in 'n konteks van armoede*. Pretoria. Unisa Uitgewers.
- PIETERSE, H.J.C. 2011 *Research project for the training of pastors in the churches. Vraelys*. Universiteit van Pretoria.
- PETERSON, G 1982 *Conscience and caring*. Philadelphia. Fortress.
- PLUTCHIK, R. 1980 *Emotion. A Psychoevolutionary Synthesis*. New York. Harper & Row.
- PLUTCHIK, R. & H. KELLERMAN. 1981 *Theories of Emotion*. New York. Academic Press.
- POTGIETER, P. 1992 *Geroep tot sy diens, maar daar kom g'n beroep nie*. Die Kerkbode. Deel 149;9, p.4.
- PURVES, A. 1989 *The Search for Compassion. Spirituality and Ministry*. Kentucky. John Knox Press.
- RATHUS, S.A. & J.S. NEVID. 1980 *Adjustment and Growth. The Challenge of Life*. New York. Holt, Rinehart and Winston.
- REGISTER VIR TOELATING VAN PERSONE TOT DIE BEDIENING VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK TE PRETORIA.
- REYMERT, M.L. (Red.) 1950 *Feelings and Emotions. The Mooseheart Symposium*. First Edition. New York. McGraw-Hill Book Company, Inc.
- RIDDERBOS, H. 1978 *Paulus. Ontwerp van zijn Theologie. Vijfde Druk*. Kampen. Uitgeversmaatschappij J.H. Kok N.V.
- RORTY, A.O. (Red.) 1980 *Explaining Emotions*. Berkeley. University of California Press.
- ROSEMAN, I.J. 1991 *Appraisal determinants of discrete emotions*. Cognition and Emotion, 5:161-200.
- ROSENTHAL, R. 1977 *Body Talk and Tone of Voice. The language without words*. Psychology Today, p.64-88.
- ROSSOUW, P.J. (Red) 1988 *Gereformeerde Ampsbediening*. Pretoria. N.G.Kerkboekhandel.
- RUEF, J. 1977 *Paul's First Letter to Corinth*. SCM Pelican Commentaries. London. SCM PRESS LTD.
- SADLER, T.H.N. 1979 *Die Kerklike Tughandel*. Pretoria. N.G. Kerkboekhandel Transvaal.
- SAPSFORD, R. & V. JUPP. 2006 *Data Collection and Analysis. Second Edition*. London. SAGE Publications.

- SCHACHTER, S. 1974 *Emotion, Obesity and Crime*. New York. Academic Press.
- SCHACHTER, S & J.E. SINGER. 1962 *Cognitive, Social and Physiological Determinants of emotional State*. Psychological Review, 69 p.379-399.
- SCHERER, K.R. 1993 *Studying the emotion-antecedent appraisal process: An expert system approach*. Cognition and Emotion, 7:325-355.
- SCHERER, K.R. (Red) 1986 *Experiencing Emotion. A Cross-Cultural Study*. Cambridge. Cambridge University Press.
- SCHERER, K.R. (Red) 1984 *Approaches to emotion*. New York. Erlbaum.
- SCHNEIDER, C.D. 1977 *Shame, Exposure and Privacy*. Boston. Beacon Press.
- SCHOLTEMEYER, T. 2011 Navorsers se persoonlike gesprekke met Me.T.Scholtemeyer (Sielkundige, praktyknommer 864 5116) na aanleiding van die navorsingstema en persoonlike berading.
- SNACKENBURG, R. 1982 *The Gospel According to St. John. Volume Three. Commentaries on Chapters 13-21*. Kent. Burns & Oates.
- SEAL,C (Red.) 2004 *Qualitative Research Practice. Quality in qualitative research*. London. SAGE Publications.
- SEGAL, J. 1997 *Raising Your Emotional Intelligence. A Practical Guide*. New York. Henry Holt and Company, Inc.
- SEYBOLD, K. 2003 *Poetik der Psalmen. Poetologische Studien zum Alten Testament. Band 1*. Stuttgart. Verlag W. Kohlhammer GmbH.
- SIEVERNICH, M. *Schuld und Sünde in der Theologie der Gegenwart*. Frankfurt am Main. Carolusdruckerei.
- SILVERMAN, D. (Red.) 2006 *Qualitative research. Theory, Method and Practice. Second Edition*. London. Sage Publications.
- SMUTS, A.J. 1962 *Die Kerklike Tug. In Wese en Praktyk*. Randfontein. Eie Publikasie.
- SMUTS, A.J. (Red.) 1986 *Praktiese teologie in Suid-Afrika. Deel 1. Die Predikant as Ampsdraer en Mens*. Pretoria. Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie in Suid-Afrika.
- SOCARIDES, C.W. (Red.) 1977 *The World of Emotions. Clinical Studies of Affects and Their Expression*. New York. International Universities Press Inc.
- STEIN. E.V. 1969 *Guilt. Theory and Therapy*. London. George Allen & Unwin Ltd.
- STEIN, N.L. & K. OATLEY.(Red.) 1992 *Basic Emotions*. Hove. Erlbaum.
- STEPHANIE, H.M (Red.) et al. 1994 *Emotions. Essays on Emotion Theory*.

Hillsdale. Lawrence Erlbaum Associates, Publishers.

STIEBERT, J. 2002 *The Construction of Shame in the Hebrew Bible. The Prophetic Contribution*. London. Sheffield Academic Press Ltd.

STONE, B.P. 1996 *Compassionate Ministry. Theological Foundations*. Maryknoll. Orbis Books.

STONE, M.F. 1999 *Coaching, Counselling & Mentoring. How to Choose & Use the Right Technique to Boost Employee Performance*. New York. AMACOM.

STONE, H.W. 1994 *Brief Pastoral Counseling. Short-term Approaches and Strategies*. Minneapolis. Fortress Press.

STOTT, J.R.W. 1981 *Epistles of John. An Introduction and Commentary by John R.W. Stott*. Tyndale New Testament Commentaries. London. Billing & Sons Limited.

STRONGMAN, K.T. 1974 *Decent Exposure. Living with Your Emotions*. London. David & Charles.

STRONGMAN, K.T. 1978 *The Psychology of Emotion. Second Edition*. Chichester. John Wiley & Sons.

STRYDOM, W.A. 2011 *Pastoraat aan Getraumatiseerde Kinders in die intensiewesorgeenheid: 'n Gestalt Benadering*. DD Studie. Universiteit van Suid-Afrika.

SYKES, J.B. 1987 *The Concise Oxford Dictionary of Current English*. Oxford. Clarendon Press.

TILLICH, P. 1963 *Systematic Theology Vol.III*. Chicago. University of Chicago Press.

THOMPSON, R. (Ed.). 1990 *Socioemotional development. Nebraska Symposium on Motivation*. Lincoln. University of Nebraska Press.

THOMPSON, D.F. & L. MELTZER 1964 *Communication of emotional intent by facial expression*. Journal of Abnormal and Social Psychology.

THORPE, L.P. & A.M. SCHMULLER 1958 *Personality. An Interdisciplinary Approach*. New York. D. Van Nostrand Company, INC.

VAN DEUSEN HUNSINGER, D. 1995 *Theology & Pastoral Counselling. A New Interdisciplinary Approach*. Grand Rapids, Michigan. William B. Eerdmans Publishing Company.

VAN DER WATT, J.G. 2000 *Family of the King. Metaphor in the Gospel according to John*. Leiden. Brill.

VAN DER WATT, J.G. (ed) 2005 *Salvation in the New Testament. Perspectives on Soteriology. Supplement to Novum Testamentum 121*. Leiden. Brill.

VAN DEVENTER, P.W. 2000 *Skuldbesef by die Nederduitse Gereformeerde Kerklidmaat in die Gevangenis*. 'n Teologiese Perspektief. Proefskrif. UOVS.

VAN IERSEL, A.H.M. & J.D.W. EERBEEK. (Red.) 2009 *HANDBOEK. Justitiepastoraat. Context, Theologie en Praktijk van het Protestants en Rooms-Katholiek Justitiepastoraat*. Publicatiereeks van het Centrum voor Justitiepastorat. 's-Gravenhage. Uitgeverij DAMON Budel.

VAN NIEKERK, E.A. 1984 *Nie Soos Mense Sonder Hoop Nie. Hoe om sterwendes treurendes by te staan*. Kaapstad Lux Verbi.

VAN ROOYEN, J.H.P. 1970 *Kerklike Tug. 'n Heilige Saak*. Johannesburg. Prompt Druipers (Edms.) Bpk.

VAN SELMS, A. 1967 *Genesis deel I. Die Prediking van het Oude Testament*. Nijkerk. Uitgeverij G.F. Callenbach N.V.

VAN STADEN, F.A.H. 1996 *Beknopte Handleiding vir Kerklike Tug*. Hatfield. Lig in Duisternis Uitgewers.

VAN ZYL, F.J. 1993 *Die Mens as Sondaar. Karl Barth se Beskouing*. Pretoria. Kital.

VERSTEEG, J.P. 1979 *Oog voor elkaar. Het gebruik van het woord "elkaar" in het Nieuwe Testament met betrekking tot de onderlinge verhoudingen binne de gemeente*. Kampen. Kok.

VISSER, J. 1982 *Die Tug oor Ampsdraers. 'n Kerkregtelike en Kubernetiese studie*. Proefskrif in die Fakulteit Teologie aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Potchefstroom.

VORSTER, J.M. *Die kerklike tug as sleutel van die koninkryk van die hemele*. Studia Historiae Ecclesiasticae. V.23. 1997. P.149-168.

VOS, C.J.A. 1984 *Die Heilige gees as kosmies-Eskatologiese gawe – 'n Eksegeties-Dogmatiese Studie*. Proefskrif in die Fakulteit Teologie, Afdeling B (Nederduitse Gereformeerde Kerk), Universiteit van Pretoria.

VOS, C.J.A. 1996 *Die volheid daarvan I*. Pretoria. RGN-Uitgewers.

VOS, C.J.A. & H.J.C. PIETERSE 1997 *Hoe Lieflik is u Woning*. Pretoria. Die RGN Uitgewery.

VOS, C.J.A. 2005 *Theopoetry of the Psalms. First South-African edition, first impression*. Hatfield. Protea Book House.

VOS, C. 2008 *Hoe kan Ek jou laat los? God se liefde vir wegloopmense. Hosea*. Wellington. Lux Verbi.BM.

VOS, C.J.A. & D.H. HUMAN. (Red) 2011 *Vaste Rots op wie ek bou*. Kaapstad. Lux Verbi. BM.

WESTERMANN, C. 1984 *GENESIS. A Commentary. Translated by John, J. Scullian S.J.* Mineapolis. Augsburg Publishing House.

WIESENTHAL, S. 1998 *The Sunflower. On the Possibilities and Limits of Forgiveness.* New York. Schocken Books.

WIGRAM 1980 *Analytical Greek Lexicon.* Indiana. Associated Publishers & Authors. Inc.

WILCKENS, U. 1980 *Der Brief an die Römer (Röm 6-11). Evangelisch-Kathologischer Kommentar Zum Neue Testament. VI/2.* Zürich. Benziger Verlag.

WILKS, F. 1998 *Intelligent Emotion. How to succeed Through Transforming Your Feelings.* London. William Heinemann.

WURMSER, 1981 *The Mask of Shame.* Baltimore. John Hopkins University Press.

WRIGHT, W.C. 2006 *Mentoring. The Promise of Relational Leadership.* Great Britain. Paternoster.

YOUNG, P.T. 1975 *Understanding your Feelings and Emotions.* New Jersey. Prentice-Hall, Inc.

ZENGER, E. 1980 *Stuttgarter Altes Testament. Ein hertsübersetzung mit kommentar und Lexikon. Herausgegeben von Erich Zenger.* Stuttgart. Katholische Bibelanstalt GmbH.

ZENGER, E. (Hsg) 2008 *Einleitung in das Alte Testament. Siebte, durchescheue und erweiterte Auflage mit einem Grundriss der Geschichte Isreals von Christian Frevdl. Band 1,1.* Stuttgart. Verlag W. Kohlhammer.

ZIMMERMANN, R. (Hsg) 2007 *Kompendium der Gleichnisse Jesu. Herausgegeben von Ruben Zimmermann.* Munchen. Gutersloher Verlagshaus.

BYLAAG

BYLAAG 1

UITNODIGING TOT DEELNAME AAN ONDERHOUD

‘n Inligtingsbrief is aan respondente geskryf om hulle uit te nooi om aan die ondersoek deel te neem. ‘n Voorbeeld van hierdie brief word op die volgende bladsye gevind.

6 April 2011

Geagte Broeder

Uitnodiging tot deelname aan gestruktureerde navorsingsonderhoud

Hiermee word u vriendelik uitgenooi om deel te neem aan 'n unieke studie oor die tughandeling.

TITEL VAN NAVORSINGSPROJEK

Pastorale Begeleiding van Predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die Kerklike Tughandeling met Spesifieke Verwysing na die Gevoelsbeleving van Skuld en Skande

Naam van student **C.T.Kleynhans**

Studentenommer **81199105**

Graad **PhD Praktiese Teologie**

Departement **Praktiese Teologie**

Studieleiers **Prof. C.J.A. Vos (Promotor) en Prof. H.J.C. Pieterse (Medepromotor)**

NAVORSINGSDOEL en DOELWITTE

Navorsingsdoel: Om die pastorale begeleiding van predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die kerklike tughandeling te ondersoek met spesifieke verwysing van die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande.

Doelstelling 1: Om die (prosesse van die) tughandeling en die gevoelsbeleving van skuld en skande by predikante te ondersoek en te beskryf.

Doelstelling 2: Om die funksionering van die gevoelsbeleving van skuld en skande by predikante tydens die tughandeling teoreties en empiries te ondersoek en te beskryf.

Doelstelling 3: Om die rol van die Kerk in die pastorale begeleiding van predikante en die verwerking van die gevoelsbeleving van skuld en skande tydens die tughandeling te ondersoek en te beskryf.

Om bogenoemde doel te verwesenlik, is dit uiters noodsaaklik om met predikante gesprek te voer wat self hierdie proses of dele van die tughandeling beleef het. U persoonlike ervaring en die inligting wat u sou kon voorsien, kan 'n waardevolle bydrae lewer tot die verstaan van die trauma wat die tughandeling meebring. Indien u bereid sou wees om toestemming te verleen tot 'n gestruktureerde onderhoud met die navorser, sou dit opreg waardeur word.

Verder moet u asseblief daarop let dat hierdie onderhoud streng professioneel en met die nodige omsigtigheid hanteer sal word. U anonimiteit word gewaarborg en alle dokumentasie sal volgens die etiese kode soos deur die Universiteit van Pretoria vereis word, en deur die navorser onderteken is, plaasvind. U identiteit sal onder geen omstandighede geopenbaar word nie, daarom kan u verseker wees dat hierdie onderhoud u op geen wyse sal en kan benadeel nie. Inteendeel – die verwagting is daar dat die gesprek oor die tughandeling nuwe insigte kan openbaar en u sal bevoordeel.

Deelname is vrywillig en deelnemers kan ter enige tyd sonder benadeling uit die studie onttrek. Die onderhoud sal ongeveer 90-120 minute duur en respondente behou die reg voor om slegs die inligting wat hulle vrywillig wil deel aan die ondersoeker bekend te maak.

Dit sal waardeur word indien u die ingeligte toestemmingsvorm sal voltooi.

By voorbaat dankie.

Theo Kleynhans

BYLAAG 2

INGELIGTE TOESTEMMINGSVORM

Elke respondent het 'n ingeligte toestemmingsvorm onderteken voor hulle deelname as respondent aan die ondersoek. Sien 'n voorbeeld van hierdie toestemming op die volgende bladsy.

INGELIGTE TOESTEMMING TOT DEELNAME AS RESPONDENT AAN PRAKTIES -TEOLOGIESE ONDERSOEK

Hierdie toestemming voldoen aan die vereistes van die Universiteit van Pretoria soos gestel met betrekking tot empiriese studie.

Volle Naam en Van: _____

Hiermee stem ek in tot 'n gestruktureerde onderhoud met die navorser oor die onderwerp soos ooreengekom, naamlik Pastorale Begeleiding van Predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die Kerklike Tughandeling met Spesifieke Verwysing na die Verwerking van die Gevoelsbeleving van Skuld en Skande.

Plek: _____

Datum: _____

Handtekening Respondent _____

Handtekening Navorser _____

BYLAAG 3

GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDSKEDULE

Elke respondent het 'n gestruktureerde onderhoudskedule ontvang wat voltooi is tydens 'n onderhoud deur die navorser. Die voorbeeld wat op die volgende bladsye volg, dien as verheldering vir die lesers van die navorsing.

GESTRUKTUREERDE **ONDERHOUDSKEDULE**

TITEL VAN NAVORSINGSPROJEK

Pastorale Begeleiding van Predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk tydens die Kerklike Tughandeling met Spesifieke Verwysing na die Gevoelsbeleving van Skuld en Skande

Naam van student **C.T.Kleynhans**

Studentenommer **81199105**

Graad **PhD Praktiese Teologie**

Departement **Praktiese Teologie**

Studieleiers **Prof. C.J.A. Vos (Promotor) en Prof. H.J.C. Pieterse (Medepromotor)**

AFDELING A: DIE TUGHANDELING AS PROSES

1. **Die kerklike tughandeling is ‘n reeks handeling (prosesse) wat oor ‘n tydperk van jare kan strek. Watter dele van die tughandeling is van toepassing?**

Proses	Inhoudelike van die proses	Respondent
Proses 1	Doel: Stel vas of die predikant skuldig of onskuldig is na aanleiding van die klag, gerug of verslag en tree dienoreenkomstig volgens die bepalings van die Kerkorde op.	
Proses 1A	Aanmelding van ‘n klag, gerug of verslag.	
	Aanvanklike hantering van klag, gerug of verslag.	
	Moontlike voorlopige ondersoek.	
	Verwerping van klag, gerug of verslag. Geen verdere ondersoek nie. Kennisgewing aan alle partye.	
	Stuiting van ampsbediening indien nodig geag word.	
	Opskrifstelling van klag, gerug of verslag as klagstaat.	
	Besorging van klagstaat aan predikant.	
Proses 1B	Tugondersoek en bevindings.	

Proses 1C	Toepassing van die tugmaatreëls	
Proses 1D	Appèl	
Proses 2	Doel: Stel vas of die getugde as gevolg van die toepassing van die tugmaatreëls voldoende berou en inkeer toon en tree dienoreenkomstig die bepalings van die Kerkorde op.	
Proses 2A	Ondersoekliggaam vergewis homself van die nodige berou en inkeer van die getugde.	
	Sensuur en skorsing as tugmaatreël word opgehef met verslag aan die Algemene Regskommissie.	
Proses 2B	Verdere tugmaatreëls volg aangesien die ondersoekliggaam nie oortuig is van die berou en inkeer nie.	
Proses 2C	Ring of kommissie hef sensuur op en Algemene Regskommissie herstel ampsbevoegdheid na die toepassing van die tugmaatreëls van ontslag met opskorting van ampsbevoegdheid.	
Proses 2D	Na toepassing van die tugmaatreël van ontslag met beëindiging van ampsbevoegdheid, word op aanbeveling van die Ring en Sinodale kommissie 'n colloquium doctum deur die eksamenkommissie afgeneem waarna die Algemene Regskommissie die aansoeker toelaat tot legitimasie.	
Proses 3	Doel: Predikant word herstel deurdat hy terugkeer tot die bediening binne 'n gemeente na opheffing van die tugmaatreëls dienoreenkomstig die bepalings van die Kerkorde.	
Proses 3A	Herstel in diens van die gemeente na suksesvolle appèl teen die tugmaatreëls.	
Proses 3B	Herstel van ampsbevoegdheid en tree in diens van 'n gemeente na opheffing van die tugmaatreëls.	
	Herstel van ampsbevoegdheid maar geen beroep na 'n gemeente nie.	

AFDELING B: DIE TUGHANDELING EN DIE GEVOELSBELEWING VAN SKULD EN SKANDE

Vanuit die literatuurstudie en voorlopige gesprekke met predikante is dit duidelik dat die impak van die tughandeling emosionele ontwrigting veroorsaak. Van die warboel van emosies wat u beleef het, is slegs twee die fokus van hierdie ondersoek. Beantwoord asseblief die volgende vrae na aanleiding van u persoonlike belewing van die gevoelens van skuld en skande. 'n Werksdefinisie word vir elk van die emosies gegee.

SKULDGEVOELEN

Skuldgevoelens is in die studie gedefinieer as 'n pynlike, innerlike gevoel wat veroorsaak word deur die selfbewuswording van konflik tussen eie optrede en die voorafooreengekome morele en sedelike kode. Skuld is 'n fenomenologiese saak en het te make met die oortreding van waardesisteme. Skuldgevoelens betrek ons gedagtes, gedrag en handeling en word fisies en kognitief ervaar.

2. Het u volgens die definisie, tydens die prosesse van die tughandeling, skuldgevoelens beleef? *Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker ; 3 = Ja*

1	2	3

3. Indien u op vraag 2 Ja geantwoord het, beskryf die intensiteitsvlak van u belewing, van die skuldemosie tydens die tughandeling. *Gebruik die volgende skaal: 1 = Min; 2 = Redelik; 3 = Groot; 4 = Oorweldigend*

1	2	3	4

4. Merk asseblief die volgende fisiese en kognitiewe uitings van die belewing van skuldgevoelens, soos dit op u van toepassing was tydens die tughandeling. *Gebruik die volgende skaal: 1 = Geen belewing; 2 = Min belewing; 3 = Redelike belewing; 4 = Groot belewing; 5 = Oorweldigende belewing*

Die ervaring van egte skuldgevoelens	1	2	3	4	5
Het u 'n bitter en deurdringende gevoel ervaar, byna asof u die bitterheid kon proe?	1	2	3	4	5
Het u gereeld u hande gewring?	1	2	3	4	5
Het u kop gehang en was dit moeilik om mense in die oë te kyk?	1	2	3	4	5
Het u pyn in die abdomen gevoel wat met angstigtheid gepaard gegaan het?	1	2	3	4	5
Het u die gebeure oor en oor in u gedagtes herhaal?	1	2	3	4	5
Het u indien u die gebeue in u gedagtes herhaal het, sekere elemente van die gebeure verander om ander scenario's te skep?	1	2	3	4	5
Het u dikwels vir u self verwyt en gesê: "As ek dit maar net nie gedoen het nie!"	1	2	3	4	5

5. Het u op enige stadium tydens u belewing en verwerking van skuldgevoelens, bewustelik of onbewustelik die volgende vrae aan uself gestel? *Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

Positiewe verwerking van skuldemosie	1	2	3
Is ek verantwoordelik vir hierdie situasie?	1	2	3
Wat het ek oortree sodat ek skuldig voel?	1	2	3
Wat is daar wat ek kan verander?	1	2	3
Hoe kan ek my gedrag in die toekoms rig om soortgelyke skuldgevoelens te voorkom?	1	2	3
Hoe kan ek dit wat ek verkeerd gedoen het, reg stel sonder om enige verdere skade te berokken?	1	2	3

6. Wat was u ervaring van die prosesse van die tughandeling en die effek daarvan op u belewing van die emosie van skuld?

SKANDGEVOELENS

Skandgevoelens is in die studie gedefinieer as 'n beleving van inherente tekorte. Dit is die beleving van mislukking. Skande word beleef as 'n blootlegging van die self as ontoereikend, sleg, onwaardig. Skande is 'n selfbeoordeling van die eiewaarde. Skande is hoofsaaklik 'n ontologiese saak. Dit het te doen met 'n persoon se identiteit en menswees.

7. Het u tydens die tughandeling, gevoelens van skande beleef? *Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

1	2	3

8. Indien u op vraag 7 Ja geantwoord het, beskryf die intensiteitsvlak van u beleving, van die skandemosie tydens die tughandeling. *Gebruik die volgende skaal: 1 = Min; 2 = Redelik; 3 = Groot; 4 = Oorweldigend*

1	2	3	4

9. Het u op enige stadium tydens u beleving en verwerking van skandgevoelens, bewustelik of onbewustelik tot die volgende besef rakende uself gekom? *Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

Dinamiek van destruktiewe skandgevoelens	1	2	3
Ek het 'n persoonlike afkeer ontwikkel in myself en was diep teleurgesteld.	1	2	3
Ek besef dat ek vir God, myself en baie ander mense diep teleurgestel het.	1	2	3
Ek het gevoel dat ek deur God en mens verlaat is.	1	2	3
Ek is diep verneder en van my menswaardigheid gestroop.	1	2	3
Ek het 'n beleving van gebrekkigheid, onvolkomendheid en defek ervaar.	1	2	3
Ek het besoedel en besmet gevoel.	1	2	3

10. Merk asseblief al die meganismes wat u gebruik het om die onhoudbare ongemak van skandgevoelens te hanteer. *Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

Verdedigingsmeganismes in die hantering van destruktiewe skandgevoelens	1	2	3
Strewe na perfeksionisme om te kompenseer vir die gevoel van mislukking en defek	1	2	3
Selfregverdiging deur eie optrede goed te praat en te verdedig	1	2	3
Manipulasie van die situasie/mense/feite	1	2	3
Blaamverskuiwing deur skuld op ander te projekteer	1	2	3
Martelaarkompleks wat vra om bejammering	1	2	3
Minagting in die vorm van arrogansie, meerderwaardige houding, veroordelende en vernederende optrede	1	2	3
Ontkenning van skuld	1	2	3
Humor in die vorm van sarkasme en sinisme (kan ook selfvernederende humor wees) en ongeërgde vrolikheid	1	2	3
Onttrekking en isolasie	1	2	3
Woede soos algemene vyandiggesindheid, bitterheid, kroniese haatdraendheid of 'n eksplosiewe manifestasie van woede	1	2	3

11. Wat was u ervaring van die prosesse van die tughandeling en die effek daarvan op u belewing van die emosie van skande?

12. Het u op enige stadium geoordeel dat daar positiewe aspekte aan die belewing van skuldgevoelens is? *Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

1	2	3

13. Gee asseblief meer inligting.

14. Het u op enige stadium geoordeel dat daar positiewe aspekte aan die beleving van skandgevoelens is? *Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

1	2	3

15. Gee asseblief meer inligting.

AFDELING C: DIE TUGHANDELING EN PASTORALE BEGELEIDING

16. Hoe belangrik dink u is die volgende vereistes ten opsigte van die pastoraat tydens die tughandeling. *Gebruik die volgende skaal: 1 = Onbelangrik; 2 = Redelik belangrik; 3 = Nie baie belangrik, maar ook nie onbelangrik nie; 4 = Belangrik; 5 = Uitsers belangrik*

Vereistes ten opsigte van pastoraat tydens die tughandeling	1	2	3	4	5
Suiwer teologiese antropologie en realistiese verwagtings	1	2	3	4	5
Die verbond en God se aanvaarding van sondaar mense	1	2	3	4	5
Regverdigmaking deur die geloof	1	2	3	4	5
Die kruis as simbool van die uitwissing van skande en oneer	1	2	3	4	5
Die geloofsgemeenskap as die draer van die boodskap van genade	1	2	3	4	5
Herder vir die herders wat sorg benodig	1	2	3	4	5
Die genade van vergifnis	1	2	3	4	5

17. Hoe belangrik dink u is die volgende funksies van tugpastoraat? *Gebruik die volgende skaal: 1 = Onbelangrik; 2 = Redelik belangrik; 3 = Nie baie belangrik, maar ook nie onbelangrik nie; 4 = Belangrik; 5 = Uiteers belangrik*

Funksie van pastoraat tydens die tughandeling	1	2	3	4	5
Emosionele herstel en genesing					
Bystand om emosioneel en geestelik te groei					
Begeleiding om vrye keuses te maak en verantwoordelikheid te aanvaar vir dit wat verby is en dit wat voorlê					
Versoening en die herstel van gebroke verhoudings					
Koestering en sensitiewe omgee					

18. In watter mate behoort die onderlinge sorg van die geloofsgemeenskap te funksioneer tydens die tughandeling. *Gebruik die volgende skaal: 1 = Glad nie; 2 = Min; 3 = Redelik; 4 = Sterk*

Pastorale beginsels van begeleiding tydens die tughandeling	1	2	3	4
Die gemeente het mekaar waarlik en onvoorwaardelik lief	1	2	3	4
Die gemeente dien mekaar	1	2	3	4
Die gemeente bid sonder ophou vir mekaar	1	2	3	4
Die gemeente gee met 'n sagmoedige gees ag op mekaar deur te verdra en te vergewe	1	2	3	4
Die gemeente leef in liefde met mekaar saam al is dit soms moeilik en volhard in die gemeenskap van die eenheid	1	2	3	4
Die gemeente hou vrede met mekaar	1	2	3	4
Die gemeente bemoedig mekaar	1	2	3	4

19. Hoe het u die onderlinge sorg van die geloofsgemeenskap beleef tydens die tughandeling?

20. Het iemand tydens die kerklike tughandeling u amptelik, pastoraal in opdrag van die Kerkraad of Ring begelei om die gevoelens van skuld en skande te verwerk.

Ja	Nee

21. Moet die pastorale sorggewers tydens die tughandeling aan die volgende vereistes voldoen? *Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja*

Eise aan die pastorale sorggewers gestel met begeleiding tydens die tughandeling	1	2	3
Liefdevolheid	1	2	3
Empatiese meelewing	1	2	3
Egtheid	1	2	3
Betroubaarheid	1	2	3
Emosionele en geestelike volwassenheid	1	2	3
Toeganklik en beskikbaar	1	2	3
Omgee geaardheid	1	2	3
Onvoorwaardelike aanvaarding	1	2	3
Geduldig	1	2	3
Respek en eerbied vir ander	1	2	3
Professioneel	1	2	3
Toegerus om pastorale verantwoordelikhede te verrig (fokus op tughandeling)	1	2	3

22. Hoe belangrik dink u is die volgende eise wat aan 'n predikant gestel kan word tydens die tughandeling? *Gebruik die volgende skaal: 1 = Onbelangrik; 2 = Nie baie belangrik; 3 = Nie minder belangrik, maar ook nie meer belangrik nie; 4 = Belangrik; 5 = Baie belangrik*

Eise aan die predikant gestel met begeleiding tydens die tughandeling	1	2	3	4	5
Beskerm die privaatheid met balans van openheid en eerlikheid	1	2	3	4	5
Erken die skuld en aanvaar die verantwoordelikheid	1	2	3	4	5
Toon egte berou	1	2	3	4	5
Doen volledige belydenis	1	2	3	4	5
Ontvang onvoorwaardelike vergifnis	1	2	3	4	5
Begin 'n nuwe lewe	1	2	3	4	5
Verwerk die gevoelens van skuld en skande	1	2	3	4	5

23. Watter ander eise of vereistes kan volgens u aan die predikant gestel word tydens die tughandeling?

AFDELING D: DIE TUGHANDELING EN ADDISIONELE INFORMASIE

24. Het u in die tydperk van die tugverhoor of in die maande daarna 'n dokter besoek?

Ja	Nee

25. Was daar 'n verband tussen dié besoek(e) en die tughandeling?

Ja	Nee

26. Indien Ja, voorsien meer inligting.

27. Het u in die tydperk van die tughandeling 'n sielkundige of ander professionele persoon gekonsulteer?

Ja	Nee

28. Indien Ja, voorsien meer inligting.

29. Dink u dat die tughandeling van predikante die doel soos verwoord in Artikel 59, bereik? *Gebruik die volgende skaal: 1 = Nee; 2 = Onseker; 3 = Ja;*

Beantwoord die tughandeling aan die doel volgens Artikel 59	1	2	3
Die tughandelig is tot die eer van God	1	2	3
Die tughandeling is tot die heil van die Kerk	1	2	3
Die tughandeling is tot die behoud van die sondaar	1	2	3

30. Beoordeel die volgende stelling na aanleiding van u eie beleving van die tughandeling. *Gebruik die volgende skaal: 1 = Ontoepaslik; 2 = Nie ontoepaslik nie, maar ook nie toepaslik nie; 3 = Toepaslik*

Stellings in verband met die tughandeling	1	2	3
Tug is terapeuties deurdat dit die persoon met Christus wil versoen.	1	2	3
Tug is 'n konstruktiewe poging/optrede om die kwaad teen te gaan.	1	2	3

31. Wat is volgens u oordeel, die leemtes ten opsigte van die huidige tughandeling van predikante?

32. Watter aanbevelings kan u maak ten opsigte van die verbetering van die pastorale begeleiding van predikante tydens die tughandeling soos dit spesifiek met die verwerking van gevoelens van skuld en skande verband hou?

33. Lys enige ander onderwerpe ten opsigte van die tughandeling van predikante wat volgens u mening ook wetenskaplik nagevors behoort te word?
